EVALUERING VAN 'N OPLEIDINGSPROGRAM VIR VRYWILLIGE WERKERS BETROKKE BY 'N GEMEENSKAPSPROJEK

Juanita Bester

Tesis ingelewer ter gedeeltelike vervulling vir die graad

MPhil in Opvoedkunde

aan die

Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof C A Kapp

Desember 2002

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die Departement Arbeidsterapie van die Universiteit van Stellenbosch, is sedert 1994 betrokke by die ontwikkeling van die Volcano gemeenskapsprojek in die Ravensmeadarea.

'n Behoeftebepaling in die area het gelei tot die identifisering van die volgende probleme:

- geen naskoolse dienste is in die area beskikbaar nie;
- beperkte geleenthede vir individuele aandag aan leerders as gevolg van 'n te hoë leerdertoedeling per onderwyser;
- hoë voorkoms van substansmisbruik onder die jeug;
- kinders wat in die middag in die straat rondslenter; en
- 'n kwart van alle graad een leerders in die area herhaal hul basisjaar van skool.

Daar is besluit om bogenoemde probleme aan te spreek deur werklose jeugdiges in die gemeenskap te werf as vrywillige werkers. Die groep vrywillige werkers is dan opgelei om vooraf opgestelde ontwikkelingstimulasielesse aan te bied aan graad een en twee leerders wat probleme ervaar. Die vrywillige werkers deurloop 'n opleidingsprogram om hulle beter toe te rus om die leerders optimaal te kan hanteer. Die program is nog lopend en evaluering is nodig ten einde inligting te verkry wat kan lei tot die verbetering van die program en die bestuur van die projek oor die algemeen.

Die doel van hierdie navorsing was om die impak wat programdeelname op die vrywillige werkers het te ondersoek deur te kyk na:

- wat die sterkpunte van die projek is;
- wat die swakpunte van die projek is; en
- watter voorstelle daar is om die program te verbeter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kwalitatiewe formatiewe evaluasienavorsing is die paradigma wat in hierdie navorsing gebruik is om die data in te samel en te analiseer. Onderhoude is met vrywillige werkers gevoer en die volgende hooftemas het uit die data na vore gekom:

Sterkpunte van die projek:

Ommeswaai in vrywillige werkers se lewens; bevordering van selfkennis; ontwikkeling van vaardighede; werksbevrediging; en leiding deur die studente.

Swakpunte van die projek:

Skole waar die program aangebied word en die fasiliteite beskikbaar by die skole; bestuur van die projek; en die groep vrywillige werkers.

Voorstelle ten opsigte van die projek:

Aansporing; bestuur en ander logistieke.

Die navorser het elk van hierdie hooftemas geneem en met behulp van proses/impakmatrikse is die data geïnterpreteer vir hierdie projek.

Uit hierdie matrikse is faktore geïdentifiseer en aanbevelings gemaak wat mag bydra tot die verbetering van die projek, byvoorbeeld terugvoer na afloop van die uitvoering van take is belangrik en moet spesifiek en individueel gerig wees. Wyer toepassingsmoontlikhede van die bevindinge word ook voorgestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ABSTRACT

The Department of Occupational Therapy of the University of Stellenbosch has been involved in the development of the Volcano Community Project in the Ravensmead area since 1994.

A needs assessment conducted in the area has led to the indentification of the following problems:

- there are no after school care services in the area;
- limited opportunities for individual attention to learners because of a high learner educator ratio;
- high incidence of substance abuse amongst the youth;
- children loitering in the streets in the afternoon; and
- a quarter of all grade one learners in the area repeat their basis year of school.

In order to address the abovementioned problems it was decided to recruit unemployed youth within the community as voluntary workers. This group of volunteers received training in the execution of pre-planned developmental stimulation lessons that they then present to grade one and two learners who have problems. The volunteers undergo a training programme in order to equip them to handle the learners.

This project is still in progress and it needs to be evaluated in order to gain information which would help to improve the programme as well as the management thereof. The aim of the research was to establish the impact of programme participation on the voluntary workers and that was done by looking at the following:

- what the strengths of the project are;
- what the weaknesses of the project are; and
- which suggestions there are to improve the project.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Qualitative formative evaluation research was the paradigm within which the research was executed. Interviews were conducted with the voluntary workers and the following themes/patterns emerged from the data:

Strengths of the project:

Turnabout in the lives of the voluntary workers; improvement of self-knowledge; development of skills; work satisfaction; and guidance by the students.

Weaknesses of the project:

Schools where this project is in progress and facilities available at these schools; management of the project; and the group of voluntary workers.

Suggestions regarding the project:

Encouragement; management; and other logistics.

The researcher took each of these main themes and with the help of process/impact rubrics data was interpreted. From these rubrics factors were identified and recommendations made which may contribute to the improvement of the project for example feedback after completion of the task is very important and should be very specific for an individual. Possibilities for the broader application of findings are also suggested.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BEDANKINGS

Die navorser wil die volgende persone bedank vir hul bydrae tot die voltooiing van die navorsing:

Prof CA Kapp, my studieleier, vir sy leiding en ondersteuning

Die vrywillige werkers vir hul bereidwilligheid om deel te neem

Me B Pretorius vir haar hulp met die data-analise

Mnr H van der Westhuizen vir die taalkundige versorging van die teks

Mev K Schneigansz vir die tegniese versorging van die teks

My ouers en suster vir hulle ondersteuning en belangstelling

Vriende en kollegas vir hul aanmoediging.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
Verklaring		ii
Opsomming		iii
Abstract		v
Bedankings		vii
Lys van tabelle		xii
Lys van figure		xiii
Lys van bylaes		xiv
HOOFSTUK 1:	PROBLEEMSTELLING EN VERLOOP VAN DIE NAVORSING	1
1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling	2
1.3	Doel van die navorsing	4
1.4	Begrensing van die navorsing	4
1.5	Begripsomskrywing	4
1.5.1	Vrywillige werker	4
1.5.2	Opleidingsprogram	5
1.5.3	Programevaluering	5
1.5.4	Gemeenskap	5
1.6	Navorsingsontwerp en Metodologie	5
1.6.1	Data-insameling	6
1.6.2	Data-analise	6
1.6.3	Verwysingstegniek	7
1.7	Verdere verloop van die navorsing	7

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Bladsy
HOOFSTUK 2:	LITERATUUROORSIG	8
2.1	Inleiding	8
2.2	Evaluasienavorsing	9
2.3	Gemeenskap en gemeenskapsdeelname	10
2.3.1	Wat is 'n gemeenskap?	10
2.3.2	Wat beteken gemeenskapsdeelname?	11
2.4	Vrywillige werk	14
2.4.1	Wie doen vrywillige werk en hoekom?	15
2.4.2	Verband tussen vrywillige werk en skoolverlaters	16
2.4.3	Faktore wat bydra tot die behoud van vrywillige werkers in 'n program	17
2.5	Ravensmead: Volcano gemeenskapsprojek	17
2.5.1	Identifiseer, bepaal en analiseer opvoedkundige behoeftes van die teikenpopulasie	18
2.5.2	Beplan en ontwerp onderrig om die geïdentifiseerde behoeftes aan te spreek	20
2.5.3	Implementering van die program	23
2.5.4	Evaluering van die program	27
HOOFSTUK 3:	NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE	31
3.1	Probleemstelling	31
3.2	Metodes	32
3.2.1	Navorsingsparadigma	32
3.2.2	Rasionaal vir die keuse van die paradigma	33
3.3	Begrensing van die navorsing	33

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.1	Steekproef	33
3.3.2	Demografiese inligting van die vrywillige werkers	35
3.3.3	Agtergrond	35
3.4	Data-insameling	35
3.4.1	Metode van data-insameling	35
3.4.2	Etiese aspekte van die navorsing	39
3.4.3	Transkribeer van die data	41
3.4.3.1	Apparaat gebruik tydens die onderhoude	41
3.4.3.2	Metode van transkribering	41
3.5	Strategieë om geloofwaardigheid te bevorder	42
3.6	Data-analise	43
HOOFSTUK 4:	DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE	46
4.1	Inleiding	46
4.2	Analise van data	47
4.2.1	Sterkpunte van die projek	47
4.2.2	Swakpunte van die projek	71
4.2.3	Voorstelle ten opsigte van die projek	84
4.3	Interpretasie van die data	92
4.3.1	Impak van die projek in terme van die sterkpunte	93
4.3.2	Impak van die projek in terme van die swakpunte	100
4.3.3	Voorstelle ter verbetering van die projek	104

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Bladsy
HOOFSTUK 5:	SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	107
5.1	Samevatting	107
5.2	Faktore wat geïdentifiseer is en aanbevelings wat mag bydra tot die verbetering van die projek	110
5.3	Wyer toepassing van die bevindinge	112
5.4	Voorstelle vir verdere navorsing	113
5.5	Tekortkominge van die navorsing	113
5.6	Ten slotte	115
	BIBLIOGRAFIE	116

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN TABELLE

Tabel		Bladsy
2.1	Die verband tussen betrokke persone in die program se take, skedulering van take en evaluering van take	28
4.1	Skematiese voorstelling van die sterkpunte van die projek	71
4.2	Skematiese voorstelling van die swakpunte van die projek	84
4.3	Skematiese voorstelling van die voorstelle ten opsigte van die projek	91
4.4	Skematiese voorstelling van die data-analise	92
4.5	Impak ten opsigte van sterkpunte van die projek	95
4.6	Impak ten opsigte van swakpunte van die projek	101
5.1	Skematiese voorstelling van die hooftemas uit die data verkry	109

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE

Figuur		Bladsy
2.1	Skematiese voorstelling van die verband tussen kennis en vaardighede wat aangeleer word tydens verrykingsgroepe en die take wat vrywillige werkers moet vervul in die program	26
5.1	Skematiese voorstelling van die proses van navorsing toegepas in hierdie navorsing	108

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN BYLAES

Bylae		Bladsy
Bylae A	Voorbeeld van die vrywaringsvorm	120
Bylae B	Rekord van afsprake gemaak vir die onderhoude	121
Bylae C	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 2 van 1995 se groep	125
Bylae D	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 3 van 1996 se groep	130
Bylae E	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 4 van 1995 se groep	135
Bylae F	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 5 van 1994 se groep	144
Bylae G	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 7 van 1998 se groep	155
Bylae H	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 8 van 1999 se groep	162
Bylae I	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 9 van 1995 se groep	168
Bylae J	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 10 van 1996 se groep	173
Bylae K	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 11 van 1998 se groep	180

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylae		Bladsy
Bylae L	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 12 van 1999 se groep	186
Bylae M	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 14 van 1995 se groep	195
Bylae N	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 15 van 1998 se groep	199
Bylae O	Transkripsie van onderhoud met vrywillige werker nommer 16 van 1999 se groep	207

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING EN VERLOOP VAN DIE NAVORSING

1.1 INLEIDING

Die afgelope dekade het verskeie regeringsdepartemente programmonitering- en evaluasie-eenhede ontwikkel (Babbie & Mouton 2001:337). Die oorkoepelende doel van die eenhede is om die impak van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram-projekte, onder andere in gesondheidsorg, te monitor en te evalueer. Hierdie ontwikkeling is bydraend tot die toenemende belangstelling in die veld van evaluasienavorsing. In die literatuur is verskillende definisies vir evaluasienavorsing gevind. In die breedste sin is dit 'n beoordeling van die waarde van 'n program of 'n aspek daarvan (Posovac & Carey 1992:1). Die doel van programevaluering is dus die genereer van inligting wat gebruik kan word om 'n bestaande program te verbeter en weldeurdagte besluite te kan neem (Patton 1990:211); dit is om 'n besluit te neem oor die meriete of waarde, om 'n program te verbeter en om nuwe kennis te genereer (Babbie & Mouton 2001:337).

Evaluasienavorsing poog dus nie om basiese veralgemenings omtrent die aard van menslike gedrag en gemeenskappe te maak nie, maar eerder om inligting te bekom wat gebruik kan word om 'n program te verbeter en wat kan help in die neem van weldeurdagte besluite omtrent die program.

Deelname is die sleutel tot suksesvolle gemeenskapsontwikkelingsprogramme. Ten einde suksesvol te wees moet al die aktiwiteite van 'n program, die prioriteite van die teikengemeenskap weerspieël en lede moet betrek word by die ontwerp, implementering en evaluasie van die aktiwiteite (Peat 1997:25). Enige toetrede tot 'n gemeenskap deur individue of groepe moet saam gaan met 'n goeie begrip en erkenning van die aard van die gemeenskap wat insluit diversiteit, organisasie, grense, interaksies en sosiale en politieke verwysingsraamwerke. Instelling van 'n program sonder inagneming van bogenoemde aspekte kan lei tot die moontlike verwerping van die program.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vrywillige werk is 'n bekende tradisie in alle kulture en gemeenskappe deur die geskiedenis heen (Peat 1997). Een van die sterkste motiveerders vir persone om betrokke te raak by vrywillige werk is die kennis en vaardighede wat hulle kan verwerf deur middel van opleidingsprogramme wat aan hulle gebied word. Aan elke program word eise gestel ten opsigte van programeffektiwiteit, doeltreffendheid en sosiale aanspreeklikheid (Patton 1990:2). Ten einde van hierdie eise wat aan die opleidingsprogram gestel word te beantwoord, is die doel van die navorsing om die volgende probleem te ondersoek.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die navorsing wat hier gerapporteer is, is uitgevoer in die Ravensmead gemeenskap. Wes-Kaap Provinsie, Suid-Afrika. In 1993 het dit uit terugvoere vanuit die gemeenskap geblyk dat daar 'n behoefte bestaan vir die konstruktiewe besteding van vrye tyd onder leerders na afloop van die normale skoolprogram. Me M Griesel, maatskaplike werker en gemeenskapskoördineerder in Ravensmead, het in 1993 'n behoeftebepaling vir naskoolse toesig oor kinders, onder die inwoners van Ravensmead gedoen. Uit die verslag omtrent die resultate van die behoeftebepaling het die volgende na vore gekom:

- ouers is bekommerd oor hulle kinders wat in die middae rondslenter op straat, maar ten spyte van hul bekommernis is daar nie finansies om vir naskoolse toesig te betaal nie;

- onderwysers voel dat daar wel 'n behoefte bestaan vir naskoolse dienste, maar hul werklading maak dit vir hulle onmoontlik om betrokke te raak by so 'n inisiatief;

- volgens die sensusopname van 1990 het 24,8% van alle graad een leerders in die area hul basisjaar van skool herhaal;

- leerder toedeling per onderwyser is hoog, met die gevolg dat leerders met spesifieke leerbehoeftes nie genoegsame individuele aandag van die onderwysers kry nie;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- 'n tendens van negatiewe portuurgroep beïnvloeding bestaan onder die jonger leerders wat kulmineer in aksies soos die misbruik van substanse; en
- 'n steekproef om die ontwikkelingsvlak van leerders te bepaal, het daarop gedui dat die leerders gemiddeld een tot twee jaar onder hul ouderdomsvlak funksioneer.

Daar is besluit om bogenoemde probleme aan te spreek deur werklose jeugdiges in die gemeenskap te werf as vrywillige werkers. Die groep vrywillige werkers is dan opgelei om vooraf opgestelde ontwikkelingstimulasielesse aan te bied aan die graad een en twee leerders wat probleme ervaar. Die ontwikkelingstimulasielesse is op 'n weeklikse basis gedurende die skoolkwartale aangebied. Die vrywillige werkers deurloop 'n opleidingsprogram om hulle beter toe te rus om die leerders optimaal te kan hanteer. Die program is nog lopend en evaluering is nodig ten einde inligting te verkry wat kan lei tot die verbetering van die program en die bestuur van die projek oor die algemeen.

Die navorsingsvraag wat dus in hierdie navorsing gevra word is:

HOE KAN DIE OPLEIDINGSPROGRAM WAT AANGEBIED WORD AAN DIE VRYWILLIGE WERKERS VAN DIE VOLCANOPROJEK IN DIE RAVENSMEAD-AREA, VERBETER WORD?

Om dit meer spesifiek te maak, word die volgende vrae gevra:

- Wat is die sterkpunte van die projek?
- Wat is die swakpunte van die projek?
- Hoe affekteer die opleiding wat die vrywillige werkers ontvang hulle persoonlik?

In die aanspreek van hierdie vrae hoop die navorser om faktore te kan identifiseer wat 'n impak het op die program en om hierdie faktore toepaslik aan te spreek sodat die program se effektiwiteit kan verbeter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.3 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van hierdie navorsing is as volg:

Om die impak wat programdeelname op die vrywillige werkers het te ondersoek deur te kyk na:

- watter verandering hulle ervaar as gevolg van hul betrokkenheid by die program;
- wat hulle sien as sterkpunte van die program;
- wat hulle as swakpunte van die program ervaar; en
- voorstelle om die program te verbeter.

Die doelstelling is nie om basiese veralgemenings omtrent die aard van menslike gedrag en die gemeenskap te maak nie, maar is gefokus op die genereer van inligting wat kan lei tot die verbetering van die program wat aan die vrywillige werkers gebied word. In die volgende afdeling word die begripsomskrywing soos dit in hierdie navorsing geld bespreek.

1.4 BEGRENSING VAN DIE NAVORSING

Die teikenpopulasie is enige vrywillige werker wat tydens die periode van 1995 tot 1999 vir ten minste een kwartaal deel was van die projek (n = 25). Daar is gebruik gemaak van 'n doelgerigte steekproeftrekking (sien 3.3.1).

1.5 BEGRIPSOMSKRYWING

In die konteks van hierdie navorsing geld die volgende begripsomskrywing vir: vrywillige werker, opleidingsprogram, programevaluering en gemeenskap.

1.5.1 Vrywillige werker: volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Labuschagne en Eksteen, 1993) is 'n vrywilliger iemand wat hom/haar uit eie beweging vir 'n bepaalde diens aanbied. Die betekenis wat aan die woord in die navorsing gegee word is dat dit iemand vanuit die gemeenskap is wat hom/haarself uit eie beweging vir diens by die projek aansluit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5.2 Opleidingsprogram: 'n opleidingsprogram volgens Boone (1995), sluit die volgende vier hoofaktiwiteite in:

- Identifiseer, bepaal en analiseer opvoedkundige behoeftes spesifiek vir die teikenpopulasie.
- Beplan en ontwerp onderrig om hierdie behoefte aan te spreek.
- Implementeer die onderrig.
- Evalueer en gee rekenskap van die uitkomste.

Die vier aktiwiteite word ook so toegepas in hierdie navorsing.

1.5.3 Programevaluering: is 'n aaneenlopende en sistematiese proses van bepaling van die waarde of potensiële waarde van 'n program ten einde ingeligte besluite te kan maak oor die voortbestaan van die program (Patton 1990:2).

1.5.4 Gemeenskap: 'n Gemeenskap is 'n groep persone wat saamleef in 'n vorm van sosiale organisasie. Die lede deel in wisselende mate politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele eienskappe sowel as aspirasies en belangstellings (Peat 1997:16).

1.6 NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

Kwalitatiewe formatiewe evaluasienavorsing is die paradigma wat in hierdie navorsing gebruik is om die data in te samel en te analiseer. Die volgende veronderstellings met betrekking tot hierdie navorsing is aanvaar om die gebruik van evaluasienavorsing te regverdig:

- Die enigste waarheid vir die navorser is dit wat deurgegee word deur die individue betrokke by die navorsing.
- Die navorser is die primêre skakel vir data-insameling en analisering.
- Die analiseproses is induktief en patrone/temas ontstaan vanuit die persepsies van die individue wat betrokke is by die navorsing en word nie vooraf bepaal nie.

Die inligting wat dus deur die navorsing gegenereer is kan gebruik word om die program te verbeter. Strategieë om geloofwaardigheid van die navorsing te bevorder

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is verkry deur die toepassing van die vier kwalitatiewe kriteria vir geloofwaardigheid soos voorgestel deur Guba (1981 in Krefting 1991: 214-222). Die vier kwalitatiewe kriteria is (i) erkenning om mate van waarheid te bevorder; (ii) bevestiging om neutraliteit te bevorder; (iii) oordraagbaarheid om toepassingsmoontlikhede te verbeter; en (iv) betroubaarheid om konsekwentheid te verbeter.

1.6.1 Data-insameling

Die data in hierdie navorsing is bekom deurdat onderhoude met die vrywillige werkers gevoer is. Die onderhoude is gevoer aan die hand van 'n algemene onderhoudriglyn ten einde te verseker dat elke vrywillige werker se eie perspektief oor die program na vore kom en sodat die navorser kan aanpas by die taal en opvoedingsvlak van elke individu.

Onderhoude is met 13 vrywillige werkers gevoer. Die onderhoude is op band opgeneem en verbatim getranskribeer. Al die vrywillige werkers het ingeligte toestemming verleen tot deelname aan die navorsing en konfidensialiteit en anonimiteit is verseker deurdat slegs die navorser die name van die vrywillige werkers en die bandopnames en transkripsies met mekaar kan verbind.

1.6.2 Data-analise

Die getranskribeerde data verkry deur die voer van onderhoude, is kwalitatief geanaliseer aan die hand van die stap vir stap metode voorgestel deur Burnard (1991:462-464). Hierdie voorgestelde metode bestaan uit veertien stappe, waarvan twaalf in hierdie navorsing toegepas gaan word onder die volgende ag fases:

Fase een: raak betrokke by die data

Fase twee: oop kodering

Fase drie: eerste ewekniekontrolering

Fase vier: verfyning van temas

Fase vyf: identifisering van temas wat nog na vore kom

Fase ses: nagaan vir konstantheid

Fase sewe: tweede ewekniekontrolering

Fase ag: finale kodering

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6.3 Verwysingstegniek

Die verkorte Harvardmetode soos voorgeskryf deur die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Stellenbosch word gebruik in hierdie navorsing. Alle bronne geraadpleeg in die uitvoering van hierdie navorsing is vervat in die bibliografie.

1.7 VERDERE VERLOOP VAN DIE NAVORSING

In **hoofstuk twee** word 'n oorsig gegee van verwante literatuur in die veld van programevaluering en die gebruik van vrywillige werkers in gemeenskapsprojekte, asook 'n beskrywing van die opleidingsprogram wat aangebied word aan die vrywillige werkers binne hierdie gemeenskapsprojek.

Die navorsingsontwerp en metodologie wat kortliks beskryf is in 1.6 word in meer detail bespreek in **hoofstuk drie**.

Hoofstuk vier fokus op die kwalitatiewe analise van die data en die interpretasie daarvan binne die konteks van die literatuuroorsig ingesluit in hoofstuk twee.

Gevolgtrekkings gebaseer op die interpretasies van die data-analise word in **hoofstuk vyf** gemaak. Beperkinge van hierdie navorsing word bespreek en aanbevelings vir verdere navorsing word ook gemaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

LITERATUUROORSIG

2.1 INLEIDING

Die ontwikkeling van 'n Primêre Gesondheidsorgsisteem vir Suid-Afrika is in werking gestel in 1986. Gesondheidsorg, as een van die sleutelprogramme van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram van die Regering van Nasionale Eenheid in 1994, het gelei tot verdere ondersoek en evaluasie van die sisteem ten einde nie net die behoeftes van gemeenskappe aan te spreek nie, maar om hulle ook te betrek by die hele proses (Graham 1998:39).

Artikel 2.12.5.8 van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram beleidsraamwerk konstateer die volgende: "The whole National Health System must be driven by the Primary Health Care approach. This emphasizes community participation and empowerment, inter-sectoral collaboration and cost-effective care, as well as integration of preventative, promotive, curative and rehabilitation services".

Ten einde hierdie beleid tot uitvoering te bring moet alle wetgewing, organisasies en instellings wat verwant is aan gesondheid, waaronder Arbeidsterapie as Aanvullende Gesondheidswetenskap resorteer, hersien word sodat:

- Omvattende gesondheidsorgpraktyke wat in verhouding tot internasionale norme en standaarde ontwikkel kan word.

- Erkenning gegee word aan die feit dat die belangrikste komponent van die gesondheidsisteem die gemeenskap is, en om te verseker dat meganismes in plek gestel is vir effektiewe gemeenskapsdeelname, betrokkenheid en eienaarskap.

  Regeringsdepartemente het oor die afgelope dekade programmonitering- en evaluasie-eenhede daargestel (Babbie & Mouton 2001:337). Die oorkoepelende doel van die eenhede is om die impak van Heropbou- en Ontwikkelingsprogramprojekte onder andere in gesondheidsorg, te monitor en te evalueer. Hierdie ontwikkeling is bydraend tot die toenemende belangstelling in die veld van evaluasienavorsing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten einde 'n omvattende en geïntegreerde beeld van programevaluering te kry word daar in afdeling 2.2 'n verdere bespreking omtrent die doel en definisie van evaluasienavorsing gedoen. In afdeling 2.3 word die konsep van gemeenskap en gemeenskapsdeelname verder ondersoek.

In hierdie navorsing is gemeenskapsdeelname verkry deur gebruik te maak van vrywillige werkers vanuit die gemeenskap. Dit is dus nodig om in afdeling 2.4 te bespreek wat vrywillige werk is en wat dit mag impliseer vir 'n program waarbinne dit geskied. In afdeling 2.5 sal daar in meer diepte gekyk word na die gemeenskapsprojek wat geïmplementeer is in die Ravensmeadarea, omdat dit die gemeenskap is waarbinne die navorsing uitgevoer is.

2.2 EVALUASIENAVORSING

In die literatuur is verskillende definisies vir evaluasienavorsing gevind. Dit is beskryf as die sistematiese toepassing van sosiale navorsingsprosedures vir die bepaling van, konseptualisering, ontwerp, implementering en die gebruik van sosiale intervensieprogramme (Rossi & Freeman 1993:5); die gebruik van wetenskaplike metodes ten einde die implementering en uitkomste van 'n program te meet vir besluitnemingsdoeleindes (Rutman 1984:10). Programevaluering word ook gesien as 'n versameling van metodes en vaardighede wat nodig is om te bepaal of 'n diens nodig is, of dit gebruik word, of dit die behoeftes geïdentifiseer bevredig, of die diens aangebied word soos beplan en of die diens regtig persone help wat in nood is sonder enige ongewensde newe-effekte. Bogenoemde impliseer dat evaluasie-navorsing gedoen kan word gedurende die program of sodra die program beëindig word. Evaluasienavorsing kan dus gesien word as die bepaling van die waarde van 'n program of 'n aspek van die program. In die breedste sin is dit 'n beoordeling van die waarde van 'n program. Inherent in hierdie definisie van programevaluering is 'n beoordeling van die bestuur van die program, die werkers betrokke by die program en hul kennis, vaardighede en kundigheid (Posovac & Carey 1992:1).

Vir die doel van hierdie navorsing is programevaluering soos genoem in 1.3.4 gedefinieer as:

'n Aaneenlopende en sistematiese proses van bepaling van die waarde of potensiële waarde van 'n program ten einde besluite te help maak oor die voortbestaan van die program (Patton 1990:2).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doel van evaluasienavorsing word gesien as om 'n verskil te maak in besluitneming en programaksies (Patton 1990:267); dit is om 'n besluit te neem oor die meriete of waarde, om 'n program te verbeter en om nuwe kennis te genereer (Babbie & Mouton 2001:337); 'n bydrae te lewer tot die verstaan van hoekom sekere intervensies werk en ander minder suksesvol is (Mouton 1999:109).

Uit al die bronne is dit duidelik dat dit in evaluasienavorsing nie gaan om die soeke na basiese veralgemenings omtrent die aard van menslike gedrag en gemeenskappe nie, maar dat die primêre fokus is om inligting te bekom wat gebruik kan word om 'n program te verbeter en wat kan help in die neem van weldeurdagte besluite omtrent die program.

2.3 GEMEENSKAP EN GEMEENSKAPSDEELNAME

2.3.1 Wat is 'n gemeenskap?

Rifkin, Muller en Bichmann (1988:933) noem dat gemeenskap binne die konsep van gesondheid twee betekenisse het. In die eerste plek word gemeenskap gedefinieer in terme van geografiese grense. 'n Gemeenskap is 'n groep persone wat saamleef in dieselfde afgebakende area, wat dieselfde basiese waardes en strukture deel. Die tweede betekenis van 'n gemeenskap stel dit as 'n groep persone wat dieselfde basiese belangstellings deel. Hierdie belangstellings verander van tyd tot tyd met die gevolg dat die lede van die gemeenskap ook verander van tyd tot tyd. 'n Presiese en enkel definisie van die konsep "gemeenskap" is nie altyd moontlik nie. In enige definisie van "gemeenskap" behoort die volgende drie elemente geïnkorporeer te wees. Die elemente is lokaliteit, organisasie en gemeenskaplikheid.

Lokaliteit het te doen met die fisiese ruimte. Dit word gewoonlik gesien as 'n geografiese area wat sosiale strukture bevat wat voldoen aan die fisiese, psigiese en sosiale behoeftes van die meerderheid van sy lede. Die omgewing in die geografiese sin is 'n belangrike faktor wat die behoeftes van 'n bepaalde gemeenskap beïnvloed en hierdie behoeftes hang af van die karaktertrekke van die omgewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Organisasie verwys na 'n interaktiewe populasie wat bestaan uit 'n verskeidenheid van individue wat onderling verwant is aan mekaar. Alle gemeenskappe demonstreer struktuur en bestuur in die sin dat besluitneming van so 'n aard moet wees dat lede voel hulle is betrokke by alle aspekte daarvan. Die konsep van bemagtiging is die mate waartoe lede ten volle betrokke is by die lewe en organisasie van hulle omgewing. Dit kan of baie gestruktureerd wees of informeel. Suksesvolle gemeenskapsontwikkeling kan slegs plaasvind as daar 'n balans is tussen bestaande praktyk en die erkenning van die behoefte vir konstruktiewe verandering.

Gemeenskaplikheid verwys na die feit dat gemeenskappe bestaan uit persone wat in interaksie is met ander persone en gemeenskapsisteme en hulle vorm 'n sosiale netwerk. Die konsep sosiale netwerk omsluit alle verhoudinge van individue tussen hulself, sowel as hulle interaksie met gemeenskapsgroepe en instansies. Baie gemeenskapsinisiatiewe is die resultaat van 'n groep individue wat handel volgens 'n gemeenskaplike doel (Peat 1997:16).

2.3.2 **Wat beteken gemeenskapsdeelname?**

Deelname is die sleutel tot suksesvolle gemeenskapsontwikkelingsprogramme. Die Wêreldgesondheidsorganisasie se verslag oor gemeenskapsbetrokkenheid by gesondheid (1991) stel voor dat deelname as volg gekategoriseer kan word:

- deelname as bydrae: die gemeenskap neem deel deurdat hulle bydraes maak in die vorm van mensekrag, finansieël en/of met materiële produkte;

- deelname as organisasie: die gemeenskap stel toepaslike strukture daar om deelname te fasiliteer; en

- deelname as bemagtiging: groepe, veral die wat arm en gemarginaliseer is, word betrek, sodat hulle die mag kan ontwikkel om keuses te kan maak en vir hulself besluite te kan neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gemeenskapsdeelname is van kardinale belang vir enige program om effektief te funksioneer. Ten einde suksesvol te wees moet al die aktiwiteite die prioriteite van die teikengemeenskap weerspieël en lede moet betrek word by die ontwerp, implementering en evaluasie van die aktiwiteite (Peat 1997:25).

Stone (1992:412) het gevind dat deelname drie algemene eienskappe toon. Eerstens moet deelname aktief wees – dit impliseer dat die blote ontvang van dienste nie deelname beteken nie. Tweedens moet deelname keuses insluit. Dit impliseer die reg en verantwoordelikheid van persone om keuses te kan maak oor besluite wat hulle lewens mag beïnvloed. Derdens moet die keuse die moontlikheid besit om effektief te wees, met ander woorde daar moet meganismes in plek wees sodat die keuse geïmplementeer kan word.

Met bogenoemde in ag geneem kan gemeenskapsdeelname beskryf word as 'n sosiale proses waar 'n spesifieke groep met gedeelde behoeftes saamleef in 'n afgebakende geografiese area en hulle is aktief opsoek na die identifisering van hul behoeftes, hulle neem besluite en ontwikkel en stig meganismes om daardie behoeftes aan te spreek.

Rifkin *et al.* (1988) het verskillende vlakke van deelname onderskei:

Eerste vlak: minimale deelname deur lede van die gemeenskap wat kan baat by die program. 'n Voorbeeld van hierdie vlak van deelname is persone wat gesondheidsdienste ontvang.

Tweede vlak: lede van die gemeenskap mag deelneem aan aktiwiteite van die program deur bv. op te tree as gesondheidswerkers.

Derde vlak: lede van die gemeenskap deel verantwoordelikhede vir die bestuur van die program en kan dus besluit hoe sekere aktiwiteite uitgevoer moet word.

Vierde vlak: lede van die gemeenskap help met programmonitering en -evaluasie.

Vyfde vlak: lede van die gemeenskap help met programbeplanning en hul eie behoeftes en belangstellings word gebruik vir ontwikkeling van die program.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie verskillende vlakke van deelname kan help om die doelstellings van gemeenskapsprogramme duidelik, spesifiek en realisties te stel.

In Rifkin *et al.* (1988) se navorsing beskryf hulle vyf faktore wat gemeenskapsdeelname beïnvloed. Hierdie faktore is: behoeftebepaling, leierskap, organisasie, bronmobilisasie en bestuur. Met hierdie vyf faktore is dit moontlik om 'n basislyn van deelname te beskryf vir enige program. Hierdie basislyn kan gebruik word om dieselfde program te vergelyk op 'n ander tyd, om waarnemings te vergelyk van verskillende evalueerders en/of om persepsies te vergelyk van verskillende deelnemers aan dieselfde program. Die vyf faktore kan elk op 'n kontinuum met wye deelname (gemeenskap beplan, implementeer en evalueer die program en gebruik professionele persone as bronne) op een punt en beperkte deelname (professionele persone neem alle besluite) op die ander punt geplaas word. Prosesindikatore vir deelname aan gesondheidsorgprogramme kan dan gedefinieer word as die wydte van deelname op die kontinuum van elk van die faktore. Hierdie indikatore sê nie dat wyer deelname goed of sleg is nie en korreleer ook nie deelname met verbetering in gesondheidstatus nie. Dit is bedoel om verandering te beskryf en dui die proses van deelname in 'n spesifieke program aan en is ontwerp om deelname te evalueer. Verbetering in die breedte van deelname op die kontinuum beteken verbeterde deelname van die gemeenskap in die program in terme van direkte deelname.

Madan (1987) is van mening dat dit onrealisties is om aan te neem dat persone in ontwikkelende gemeenskappe die bronne, organisasie, kennis of mag het om betrokke te raak by hulle gemeenskap.

Brownlea (1987) ondersteun die siening en stel voor dat deelname ontwikkel moet word, sodat lede van die gemeenskap die mag, kennis en vaardighede kan bekom ten einde sinvol te kan deelneem aan die bestuur van hul eie gemeenskap.

Uit die literatuur is dit duidelik dat enige toetrede tot 'n gemeenskap deur individue of groepe saam moet gaan met 'n goeie begrip en erkenning van die aard van die gemeenskap wat insluit diversiteit, organisasie, grense, interaksies en sosiale en politieke verwysingsraamwerke. Instelling van 'n program sonder inagneming van bogenoemde aspekte kan lei tot die moontlike verwerping van die program.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Eienaarskap van 'n program deur 'n gemeenskap is essensieel vir suksesvolle en volgehoue programme en impliseer begrip, deelname en gelykheid (Peat 1997:20-21).

2.4 VRYWILLIGE WERK

Vrywillige werk was nog altyd 'n gewaardeerde manier om jouself beskikbaar te stel tot diens van ander. Dit is 'n weg tot persoonlike en gemeenskapsontwikkeling (Laithwaite, Burns & White 2000:2).

Vrywillige werk is 'n bekende tradisie in alle kulture en gemeenskappe deur die geskiedenis heen. Programme met 'n groot aantal vrywillige werkers vanuit 'n bepaalde gemeenskap is dié wat die grootste potensiaal het vir gemeenskapskontrole en eienaarskap (Peat 1997:33). Vrywillige werk word in sommige gemeenskappe aanvaar as toepaslik en iets wat 'n positiewe bydrae lewer tot die versterking van sosiale rolle. In ander mag vrywillige werk as negatief gesien word en onbetaalde werk word as ontoepaslik en vernederend gesien. Deelname in gemeenskapsontwikkeling word in 'n groot mate beïnvloed deur die mate waartoe die gemeenskap identifiseer met die onderwerp of doelstellings van die program (Peat 1997:24).

Een van die uitdagings wat gestel word aan voortgesette vrywillige werk is die verskaffing van opleiding en ondersteuning en dit is krities vir die handhawing van 'n program. Soos wat vrywillige werkers meer vaardig raak in dit wat hulle doen, word hul behoeftes vir meer omvattende opleiding ook meer, want hulle wil hul diens effektief kan uitvoer. Opleiding alleen verseker nie die sukses van vrywillige werk nie, dit beklemtoon of versterk egter die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudinge, algemene kennis en praktiese vaardighede. Een van die sterkste motiveerders vir vrywillige werk is die verhoogde kennis en vaardighede wat hulle kry deur deelname aan opleidingsprogramme (Peat 1997:100-101).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.1 **Wie doen vrywillige werk en hoekom?**

Die stereotipiese vrywillige werker is: vroulik, middeljarig, van middel sosio-ekonomiese klas, betrokke by fondsinsameling of by welsynsorganisasie en word gemotiveer deur die behoefte om iets sinvol te doen. Vrywillige werkers kom vanuit elke sektor van die gemeenskap. Daar is verskeie redes hoekom mense vrywillige werk doen en dit kan wissel van altruïsme, behoefte om ander te ontmoet, om mense te help of om nuwe kennis te verwerf. Die persepsie bestaan dat vrywillige werk help met die aanleer van vaardighede wat mag lei tot die verbreding van loopbaan-geleenthede (Laithwaite et al. 2000:2).

Resultate van die 1991 nasionale opname van vrywillige werkers in die Verenigde Koninkryk het die volgende getoon:

- hoe hoër die opvoedingsvlak, hoe groter die kans dat die persoon 'n gereelde vrywillige werker sal wees;
- 'n sterk verband tussen ouderdom en vrywillige werk met 'n toename op tot 40 jaar en dan 'n afname;
- persone met 'n huishouding waar daar geen kinders onder 5 jaar is nie, is meer geneig om gereeld vrywillige werk te doen en onderneem ook meer ure as die vrywillige werkers met jong kinders;
- persone van 'n hoë sosio-ekonomiese groep is meer geneig om vrywillige werk te doen, maar vir sommige informele gemeenskapsorgaktiwiteite sal persone van laer sosio-ekonomiese groepe meer geneig wees om betrokke te raak;
- die wat meestal gereelde vrywillige werk doen, was aanvanklik gemotiveerd om vrywillige werk te doen met die doel om vriende te ontmoet of nuwe vriendskappe te sluit;
- die organisasies wat werkers vergoed vir vervoer, was meer geneig om gereelde vrywillige werkers te behou as die wat dit nie gedoen het nie; en
- persone wat vorige ondervinding van vrywillige werk gehad het, was meer geneig om gereeld vrywillige werk te doen as dié wat dit vir 'n eerste keer gedoen het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die ideale vrywillige werker is 'n persoon wat geletterd is, vroulik is en tussen 15 – 45 jaar oud is. As die persoon uitgebreide familiebande het, dra dit by tot die rede om in die gemeenskap te bly en 'n diens te lewer (Gagnon 1991:127). Persone in die ouderdomsgroep 15 – 45 jaar is in die fase van hul lewe waar hulle of moet toetree tot die arbeidsmark, of besig is met die vestiging van hulle beroep. Betrokkenheid by vrywillige werk kan vir hierdie persone voordele inhou vir hul werk.

2.4.1 **Verband tussen vrywillige werk en skoolverlaters**

Lautenschlager (1994:2-8) het bevind dat vrywillige werk baie voordele kan inhou vir jongmense wat die oorgang moet maak van skool na die werkplek. Vrywillige werk gee hulle die geleentheid tot persoonlike groei, praktiese werksondervinding en die ontwikkeling van vaardighede. Gegrond in die etiek van sosiale verantwoordelikheid, kan vrywillige werk dien as 'n vorm van opvoeding vir burgerskap wat jongmense met hulle saamneem tot in hul volwasse lewe. Die arbeidsmark word nou gekenmerk deur gedurige veranderinge. Die werkplek van die toekoms verwag bedrewe en kreatiewe werkers wat aanpasbaar genoeg is om aan te pas by gedurige veranderinge. Dit word nou aanvaar dat werkers in die toekoms meer as een werk gedurende hulle werkleeftyd sal doen. 'n Kenmerk van die nuwe ekonomiese omgewing is die behoefte tot lewenslange leer. Om by te hou met verandering en om kompeterend te bly sal elke persoon moet aanhou om nuwe kennis en vaardighede te ontwikkel. Sonder relevante vaardighede sal jongmense beperkte werkskeuses hê, hulle mag laer inkomste verdien en selfs gebuk gaan onder kroniese werkloosheid. Die verband tussen vaardighede en geleenthede is meer krities as vantevore. Vaardighede word nou gesien as 'n noodsaaklikheid vir jongmense ten einde 'n suksesvolle oorgang te maak na 'n nuwe werkplek en om 'n werk te behou in 'n onstuimige ekonomie.

Kernvaardighede is die basiese vaardighede wat nodig is om te werk en te leer in die werkplek. Dit vorm die basis wat nodig is om enige werk te kry en te behou. Jongmense wat nog besig is om kernvaardighede te ontwikkel kan meer bedrewe word deur middel van vrywillige werk. Mense wat al 'n redelike vlak van bedrewenheid in hierdie vaardighede ontwikkel het, het die kans om dit te verbeter met vrywillige werk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oordraagbare vaardighede is hoër orde vaardighede as kernvaardighede. Hulle word benodig vir 'n wye verskeidenheid van werke en kan oorgedra word van die een taak, werk en werkplek na 'n ander. Hierdie vaardighede is baie bemarkbaar en sluit in menseverhoudinge, denkvaardighede en praktiese vaardigheid. 'n Vaardigheids-profiel kan ontwikkel word in 'n gegewe situasie en is hoofsaaklik gebaseer op oordraagbare vaardighede.

2.4.3 Faktore wat bydra tot die behoud van vrywillige werkers in 'n program

In die studie van Graham (1998), waar sy die opleidingsprogram van vrywillige werkers evalueer, het sy gevind dat die volgende faktore bygedra het tot die behoud van die vrywillige werkers in die program:

- Erkenning van die vrywillige werker se vermoëns deurdat hulle besluite kon help neem rakende die program. Dit het tot gevolg gehad dat hulle 'n gevoel van eienaarskap vir die program ontwikkel het en gevolglik gevoel het dat hul bydrae nodig is vir die voortsetting van die program.

- 'n Ondersteunende en raadgewende verhouding tussen die bestuur en die vrywillige werkers bied aan hulle die geleentheid om hul behoeftes openlik te bespreek en om terugvoer te ontvang.

- Geleenthede is geskep om te verseker dat verdere leer en ontwikkeling kan plaasvind.

Dieselfde faktore is ook deur Gagnon (1991:137) vasgestel.

2.5 RAVENSMEAD: VOLCANO GEMEENSKAPSPROJEK

Die navorsing wat gerapporteer word in hierdie navorsing is uitgevoer in die Ravensmead gemeenskap in die Wes-Kaap Provinsie van Suid-Afrika. Dit is belangrik om die ontstaan van die projek te beskryf, asook hoe dit inpas by die gemeenskap van Ravensmead. Hierdie inligting is nodig ten einde die situasie waarbinne die opleidingsprogram geëvalueer word te verstaan asook om die interpretasies wat gemaak word vanuit die data te verbind met wat binne die opleidingsprogram aangebied word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die opleidingsprogram, as deel van die Volcano gemeenskapsprojek, word bespreek volgens die vier hoofaktiwiteite soos voorgestel deur (Boone 1995). Die vier hoofaktiwiteite is as volg:

2.5.1 Identifiseer, bepaal en analiseer behoeftes spesifiek vir die teikenpopulasie.

2.5.2 Beplan en ontwerp program om hierdie behoeftes aan te spreek.

2.5.3 Implementeer die program.

2.5.4 Evalueer en gee rekenskap van die uitkomste.

2.5.1 **Identifiseer, bepaal en analiseer opvoedkundige behoeftes van die teikenpopulasie.**

Hierdie afdeling word as volg bespreek:

(i) Profiel van die gemeenskap en 'n historiese oorsig van die ontstaan van Ravensmead.

(ii) Identifisering van die behoefte vir die projek.

(iii) Werwing van die vrywillige werkers.

Die gemeenskap van Ravensmead is ongeveer 25 km suidwes van Kaapstad geleë en dit word begrens deur Cravenby, Uitsig, Parowvallei en Belhar gemeenskappe. Tydens die sestigerjare is ongeveer 3000 bruin mense wat eiendom besit het vanaf Parowvallei hervestig na Tiervlei, nou bekend as Ravensmead. Volgens die 1994 sensus is die totale bevolking 77600 waarvan ongeveer 3500 van die bevolking bestaan uit voorskoolse leerders en 6500 van skoolgaande ouderdom is. In die area is ses laerskole en van die ses het geen pre-primêre fasiliteite of enige naskoolsentrumfasiliteite nie. Ravensmead word omring deur industrieë wat 280 fabrieke insluit. 'n Groot persentasie van die inwoners is dan ook werksaam in die industriële area. Werkloosheid is in die area 'n wesenlike probleem en die effek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarvan word gesien in die groot getal persone wat tydens werkure doelloos ronddwaal of by smokkelhuise kuier. Die area het ± 200 smokkelhuise. Die gemeenskap is van 'n laer sosio-ekonomiese status.

In Maart 1993 is die Departement Arbeidsterapie van die Universiteit van Stellenbosch genader, deur 'n maatskaplike werker van die gemeenskap, om haar behulpsaam te wees met die daarstel van 'n loodsprogram vir 'n naskoolsentrum in die gemeenskap. In haar hoedanigheid as gemeenskapskoördineerder het sy die volgende behoeftes geïdentifiseer:

- Daar bestaan gebrekkige geleenthede en fasiliteite vir die jeug om by in te skakel in die middae na skool en oor naweke met die gevolg dat hulle rondslenter in die strate.

- Beperkte geleenthede en fasiliteite bestaan vir die jeug om hulle vrye tyd konstruktief te kan gebruik.

- Bogenoemde mag bydraende faktore wees vir die ontwikkeling van bendebedrywighede, leegleêry en tienerswangerskappe.

- Met die jonger kinders was die probleem soortgelyk, naamlik beperkte fasiliteite en middele om mee te speel.

- Daar bestaan nie gekontroleerde toesig vir kinders in die middae nie, met die gevolg dat hulle in die strate rondspeel.

- Ouers is bekommerd oor die kinders sonder toesig, maar beperkte fasiliteite en die finansiële implikasies, sou 'n diens beskikbaar wees, is nie vir die ouers haalbaar nie.

Uit terugvoer van die laerskole het dit geblyk dat daar tot so hoog as 'n 25% druipsyfer by graad een tot drie leerders aanwesig was en dat die leerders gebuk gaan onder negatiewe portuurgroepbeïnvloeding soos onder meer substansmisbruik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die aanname is gemaak dat deur die leerders bloot te stel aan ouderdomverwante stimulasie-aktiwiteite en konstruktiewe vryetydsbesteding die negatiewe aspekte teëgewerk kan word.

Ten einde die probleem van gebrekkige fondse aan te spreek is daar besluit om van werklose jeugdiges vanuit die gemeenskap gebruik te maak deurdat hulle opgelei sal word om as vrywillige werkers 'n program aan die kleiner kinders aan te bied. Die vrywillige werkers stel hulself vir 'n periode van 'n jaar beskikbaar om 'n bekostigbare diens aan die gemeenskap te bied. Die diens fokus hoofsaaklik daarop om ontwikkelingsagterstande by graad een en twee leerders op te hef. In ruil vir die diens ontvang die vrywillige werkers indiensopleiding wat daarop gemik is om hulle met vaardighede te bemagtig wat hulle kan gebruik in enige werk.

Dit het aanleiding gegee tot die stigting van Volcano, wat 'n akroniem is vir "volunteers of love, care and neverending objectives".

2.5.2 Beplan en ontwerp onderrig om die geïdentifiseerde behoeftes aan te spreek.

In hierdie afdeling word daar spesifiek gekyk na die visie en missie van Volcano asook na die oorkoepelende doelstellings van die projek.

Volcano se visie is soos volg:

Getrou aan die eienskappe van 'n vulkaan strewe ons daarna om liefde en sorg op 'n nimmereindigende wyse te laat oorspoel oor die gemeenskap van Ravensmead.

In die missie van Volcano sien hulle hulself as eerstens lede van die Ravensmeadgemeenskap en ten tweede as lede van Volcano. Hulle strewe daarna om:

- alle betrokkenes aan mekaar bekend te stel, sodat gesonde interaksie plaasvind deurdat lede vanuit eie geledere mekaar positief met vaardighede bemagtig;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- 'n bekostigbare, maklik bereikbare en toeganklike diens vir die leerders daar te stel; en

- vaardighede wat verwerf is deur middel van die blootstelling aan die projek terug te ploeg in die breë gemeenskap van Ravensmead.

Die doel van die Volcano projek is om:

- Werklose jeugdiges vanuit die gemeenskap met vaardighede te bemagtig ten einde selfontwikkeling te bevorder. Deurdat hulle meer selfontwikkeling kry, lei dit tot 'n beter bedingingsvermoë om 'n werk te bekom.

- Werkgeleenthede daar te stel teen 'n bekostigbare tarief vir die verbruiker.

- Die ontwikkelingsbehoefte van die jonger kind aan te spreek.

Die loodsprogram is in 1994 uitgevoer tydens die vier skoolkwartale, van Maandag tot Donderdag tussen 14:00 en 16:30 by die Burgersentrum in Ravensmead. Die fokus van die loodsprogram was om :

- die behoefte aan konstruktiewe vrye tyd van graad een tot drie leerders aan te spreek;

- te fokus op leerders woonagtig in die lae sosio-ekonomiese woonstelblokke waar geen fasiliteite vir ontspanning beskikbaar is nie;

- 'n program wat gefokus is op die behoeftes van die leerders op te stel en aan te bied aan die vrywillige werkers wat dit weer op hulle beurt aan die graad een tot drie leerders gaan oordra;

- die opleidingspakkette wat aan die vrywillige werkers gebied word, vervul dus die doel gestel deur die Universiteit van Stellenbosch om nie-formele aanbiedings op die terrein van gemeenskapsonderrig te onderneem waaronder algemene verrykingsonderwys aan die breë gemeenskap resorteer; en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- die projek skep ook die geleentheid aan Arbeidsterapiestudente om praktiese ervaring in gemeenskapsdiensaktiwiteite op te doen.

Aan die einde van 1994 is die loodsprogram geëvalueer en die volgende is gevind:

- Die gemeenskap voel dat nie net die kinders woonagtig in die woonstelle behoort te baat by die projek nie.

- Alle kinders vanuit die Ravensmeadgemeenskap die aktiwiteite van Volcano moet kan bywoon.

- Slegs 30 leerders op 'n keer hanteer kan word, omdat die fasiliteite dan maksimaal benut is.

- Kontrole oor die deelnemers aan die projek moeilik is, groepe wissel in ouderdom, want ouer kinders moet oor jonger broers en susters toesig hou, wat dit moeilik maak om 'n program op te stel wat ouderdomspesifiek is.

- Met 'n ontwikkelingstoets wat op 'n steekproef van die leerders uitgevoer is, het dit geblyk dat die kinders een tot twee jaar onder ouderdomsverwagting toets wat die vermoede bevestig dat die kinders beperkte blootstelling aan stimulasie-aktiwiteite het.

Op grond van die resultate van die loodsprogram is daar besluit om die projek in 1995 te verskuif na die skole, omrede:

- Dit meer geleenthede skep vir alle leerders wat ontwikkelingsagterstande toon om deel te word van die projek.

- Leerders in ouderdomsgroepe gesien kan word.

- Daar meer kontrole is oor wie die program bywoon en dus kan vordering gemonitor word.

- Meer fasiliteite beskikbaar is, wat meer leerders die geleentheid gee om deel te wees van die program.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die program eerder moet fokus op basies perseptueel-motoriese vaardighede van die leerders wat kan dien as 'n basis vir verdere ontwikkeling van vaardighede in lees, skryf en wiskunde.

Sedert 1995 word die program dus aangebied by die skole na afloop van die normale skooldag. Vrywillige werkers word jaarliks vanuit die gemeenskap gewerf om te help met die aanbieding van die program aan die leerders. Die teikengroep vir moontlike vrywillige werkers is die vorige jaar se matrikulante, maar enige persoon wat in besit is van ten minste 'n standerd agt sertifikaat word ook aanvaar. 'n Gemiddeld van 120 leerders in graad een en twee word twee maal per week vir 'n uur blootgestel aan stimulasie aktiwiteite in 'n kleiner groep. Die stimulasie van die leerders is gefokus op perseptueel-motoriese ontwikkeling en is ondersteunend tot die skoolkurrikulum.

2.5.3 **Implementering van die program**

Die Volcano program bestaan uit twee hoofaspekte naamlik:

- die ontwikkelingstimulasieprogram wat aan die graad een en twee leerders by die skole aangebied word deur die vrywillige werkers; en

- die opleidingsprogram wat aan die vrywillige werkers gebied word om hulle te bemagtig met vaardighede, sodat hulle die program met die leerders kan gaan uitvoer.

Elkeen van die twee hoofaspekte word kortliks bespreek aan die hand van die doelstellings gestel en die aksieplanne wat in werking gestel is om die doelstellings te kan bereik.

Ontwikkelingstimulasieprogram:

Die doel van hierdie program is om stimulering te bied aan graad een en twee leerders wat ontwikkelingsagterstande toon, sodat hulle na 'n jaar van betrokkenheid vordering toon soos vergestalt in 'n verhoging in die algemene slaagsyfer van die leerders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten einde die doelstelling te kan bereik is die volgende aksieplan in werking gestel:

- Implementering van 'n siftingsprosedure ten einde 'n beeld te kry van die areas waar probleme voorkom by die leerders. Hierdie prosedure word uitgevoer deur die vrywillige werkers, onder leiding van die Arbeidsterapiestudente wat 'n kliniese plasing in die gemeenskap doen. Die siftingsprosedure fokus veral op kleur-, vorm- en nommerkonsep van die leerders en hierdie konsepte vorm die basis vir verdere ontwikkeling van skoolvaardighede.

- Opstel van doelstellings vir die weeklikse stimulasieprogram, met inagneming van bogenoemde probleemareas wat geïdentifiseer is.

- Die Arbeidsterapiestudent beplan die program ten opsigte van die tipe aktiwiteite ten einde die doelstelling te kan bereik.

- Opleiding van die vrywillige werkers in die aanbieding van die stimulasieprogram vind op 'n daaglikse basis plaas.

- Daaglikse evaluering van die program aangebied deur die vrywillige werkers vind plaas direk na die aanbieding van die program by die skole. Vrywillige werkers gee terugvoer omtrent die program en daar word gepoog om hulle voorstelle en idees in te sluit by die beplanning van die volgende week se stimulasielesse.

- Die siftingsprosedure word weer aan die einde van elke jaar herhaal ten einde die kind se vordering te monitor en terugvoere te kan gee aan die skool en die leerder se ouers. Vrywillige werkers is verantwoordelik vir die herbepaling en die Arbeidsterapiestudent stel dan die individuele verslae van elke leerder saam op grond van die terugvoer verkry.

Opleidingsprogram:

Die doel van die opleidingsprogram wat aan die vrywillige werkers gebied word, is: om die vrywillige werkers met kennis en vaardighede te bemagtig, sodat hulle effektief in 'n groep kan saamwerk en onafhanklik op 'n kontrolevlak die stimulasieprogram aan die leerders kan gaan aanbied en evalueer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten einde die doelstelling te kan bereik word die vrywillige werkers weekliks blootgestel aan opleidingsessies waar hulle kennis en vaardighede ontvang ten opsigte van groephantering, ontwikkelingstadium van die leerders, vergadering-prosedures, beplanning en tydgebruik, konflikhantering, selfgeldingsvaardighede en effektiewe kommunikasie.

Elk van hierdie onderwerpe is geselekteer, omdat dit direk verband hou met die take wat die vrywillige werkers moet uitvoer as lede van die Volcanoprojek en dus bied dit die geleentheid aan die vrywillige werkers om die kennis wat verkry is in die groepe te kan toepas tydens die uitvoering van hul daaglikse take.

Die verband tussen die kennis en vaardighede verkry in die groepe en die take wat die vrywillige werkers moet vervul as deel van die projek, word vervolgens skematies voorgestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 2.1

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE VERBAND TUSSEN KENNIS EN VAARDIGHEDE WAT AANGELEER WORD TYDENS VERRYKINGSGROEPE EN DIE TAKE WAT VRYWILLIGE WERKERS MOET VERVUL IN DIE PROGRAM

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.4 **Evaluering van die program**

Kontrole oor die projek kom voor op alle vlakke en op verskillende maniere deur die onderskeie rolspelers betrokke by die projek. Die wyse waarop kontrole en evaluering van al die aspekte van die projek hanteer word, word aangebied in Tabel 2.1 deurdat die persoon betrokke genoem word, asook wat die persoon se take behels, wanneer die take uitgevoer behoort te word en die frekwensie daarvan en laastens hoe evaluering van die taakuitvoering plaasvind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 2.1

DIE VERBAND TUSSEN BETROKKE PERSONE IN DIE PROGRAM SE TAKE, SKEDULERING VAN TAKE EN EVALUERING VAN TAKE

Persone betrokke en hul take		Tydsduur, wanneer en hoe van take	Evaluering van take
Dosent Arbeidsterapie, Universiteit van Stellenbosch	• Koördineer stimulasieprogram vir Graad een en twee leerders, asook opleidingsprogram van vrywillige werkers om dit in lyn te hou met oorkoepelende doelstelling van die projek.	Deurlopende skakeling.	Jaarlikse verslag ten einde aan Dekaan gemeenskapsbetrokkenheid te rapporteer.
	• Toesighouding en konsultasie met Arbeidsterapiestudente vir die bestuur van die projek.	Tydens kliniese plasing van studente in die area.	
B.Arbeidsterapie IV studente	• Werwing van vrywillige werkers vir die program.	Aan begin van die jaar.	Student word per plasing beoordeel ten opsigte van vermoë om diens te behartig.
	• Opleiding aan vrywillige werkers vir die aanbied en beplan van groepe met leerders.	Deurlopend	Evaluasie geskied volgens riglyne gestel deur die Departement Arbeidsterapie.
	• Toepassing van siftingsprosedure op gekose leerders.	Deurlopend	
	• Reël van oueraande.	Een maal per kwartaal.	
	• Aanbied en beplan van stimulasiegroepe vir Graad een en twee leerders.	Deurlopend	
	• Opstel en aanbied van opleidingsprogram ten einde vrywillige werkers met vaardighede te bemagtig.	Deurlopend	
	• Kwartaallikse vergadering met skole	Een maal per kwartaal.	
	• Bywoon van weeklikse administratiewe vergadering	Weekliks	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 2.1 (vervolg)

DIE VERBAND TUSSEN BETROKKE PERSONE IN DIE PROGRAM SE TAKE, SKEDULERING VAN TAKE EN EVALUERING VAN TAKE

Persone betrokke en hul take		Tydsduur, wanneer en hoe van take	Evaluering van take
Vrywillige werkers	• Aanbied van stimulasiepogram vir leerders by die skole. • Aanbied en beplan van kwartaallikse oueraande. • Kontakpersoon tussen skool en ander betrokkenes. • Lei van administratiewe vergaderinge. • Evalueer van programme aangebied by skool. • Beplan en aanbied van funksies vir fonds-insameling. • Aktief betrokke en verantwoordelik vir die groei en oefen van vaardighede.	Maandae - Donderdae. Kwartaalliks Maandae - Donderdae Weekliks Daagliks na afloop van sessies by die skole. Deurlopend en gedurende skoolvakansie. Deurlopend, op 'n rotasiebasis word hulle blootgestel aan sekere pligte, bv. moet optree as voorsitter van administratiewe vergadering.	Arbeidsterapiestudent woon stimulasieprogram op rotasiebasis by en gee terugvoer aan die betrokkenes. Vrywillige werkers evalueer mekaar daagliks volgens voorafbepaalde kriteria. Kwartaallikse terugvoer van skool aangaande vrywillige werkers se optrede en hantering van kinders. Elke vrywillige werker word geëvalueer ten opsigte van pligte uitgevoer. Dit word deur mede vrywillige werkers en die Arbeidsterapie-student gedoen.
Skole	• Gee kwartaalliks terugvoer aangaande die sukses van program. • Help met reëlings bv. identifiseer van leerders vir projek, verskaf lokaal en materiale. • Bywoon van vergadering met studente en vrywillige werkers.	Vergadering met student en vrywillige werkers een maal per kwartaal.	Hou rekord van skoolbywoning van leerders. Skooluitslae/Leerderverslae.
Leerders	• Bywoon van die stimulasieprogram. • Ouers aan te moedig om oueraande by te woon.	Twee maal per week. Een maal per kwartaal.	Probleemareas ten opsigte van ontwikkeling word vasgestel deur middel van siftings-prosedure. Prosedure word einde van die jaar weer herhaal om vordering te bepaal.
Ouers van leerders betrokke by projek	• Moedig leerder aan om projek by te woon. • Bywoon van oueraand. • Toepasing van kennis verkry tydens oueraande ten einde leerders by die huis te stimuleer.	Deurlopend Een maal per kwartaal.	Register word gehou van ouers wat vergadering bywoon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Volcano projek is huidiglik in 2002 nog in werking en alhoewel daar meganismes in plek gestel is om die daaglikse take van almal betrokke te monitor, is daar geen inligting beskikbaar om te kan staaf dat die projek meriete het vir verdere voortsetting nie. Die subjektiewe gevoel is dat die projek 'n bydrae lewer tot die gemeenskap, maar wetenskaplike navorsing is nodig om bewyse te genereer wat gebruik kan word as bedingingsmag om fondse te genereer vir voortsetting en uitbreiding van die projek. In hierdie navorsing is daar besluit om by die vrywillige werkers te begin en ondersoek in te stel na die impak van deelname aan Volcano op hul lewens en hierdie navorsing vorm 'n klein deel van die totale programevaluering wat uitgevoer behoort te word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE

3.1 PROBLEEMSTELLING

Vrywillige werk is 'n bekende tradisie in alle kulture en gemeenskappe deur die geskiedenis heen. Dit is bewys dat projekte met 'n groot aantal vrywillige werkers van 'n bepaalde gemeenskap, dié projekte is met die beste potensiaal om deur die gemeenskap erken en aanvaar te word. Die gemeenskap is dan ook bereid om verantwoordelikheid te neem vir die projek (Peat 1997).

Voortgesette onderrig van betrokkenes is krities vir enige projek se voortbestaan. Sterk motiveerders vir vrywillige werkers is die verhoogde kennis en vaardighede wat hulle verkry deur middel van deelname aan 'n opleidingsprogram (Peat 1997).

Programevaluering is die bepaling van die waarde van 'n program of 'n aspek van die program. Dit is in sy breedste sin 'n beoordeling van die waarde van 'n program. Ten einde 'n beoordeling te kan maak moet die evalueerder die volgende vrae kan antwoord:

- Wat is die sterkpunte van die program?
- Wat is die swakpunte van die program?
- Wat kan ons anders of beter gedoen het?

Aan enige projek word eise gestel ten opsigte van die effektiwiteit, doeltreffendheid en publieke aanspreeklikheid. Hierdie eise kan op verskillende wyses hanteer word, onder andere deur programimpakevaluering te doen.

Die navorsingsvraag wat in hierdie navorsing gevra word is:

HOE KAN DIE OPLEIDINGSPROGRAM WAT AANGEBIED WORD AAN DIE VRYWILLIGE WERKERS VAN DIE VOLCANOPROJEK IN DIE RAVENSMEAD-AREA VERBETER WORD?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om dit meer spesifiek te maak, is die volgende vrae gestel:

- Wat is die sterkpunte van die program vir die vrywillige werkers?
- Wat is die swakpunte van die program vir die vrywillige werkers?
- Hoe affekteer die opleiding wat hulle ontvang die vrywillige werkers persoonlik?

In die aanspreek van hierdie vrae hoop die navorser om faktore te kan identifiseer wat 'n impak het op die program en om dít toepaslik aan te spreek sodat die program se effektiwiteit kan verbeter.

3.2 METODES

"Evaluation in extension used to focus primarily on judging a program's merit or worth. Additionally, the methodology associated with earlier forms of evaluation was portrayed as basically a quantitative activity. In today's increasingly complex and demanding world, evaluation must deal with issues of accountability, good management, knowledge building and sharing, organizational learning and development, problem identification and policy formation. As the scope of evaluation expands, qualitative approaches and multiple methods are becoming increasingly necessary." (Suvedi, Heinze & Ruanavaara, [http://www.canr.msu.edu/evaluate/AllTextMaterial/evaluation%20manual%202000.html])

Ten einde 'n bydrae te lewer tot die verbetering van 'n spesifieke program is dit nodig om binne die kwalitatiewe metodologie te gaan kyk. Creswell (1994) noem dat kwalitatiewe metodologie gebruik maak van induktiewe logika en dat dit lei tot sterk konteksgebonde inligting, wat weer lei tot patrone of teorieë om 'n spesifieke verskynsel te verklaar.

3.2.1 Navorsingsparadigma

Kwalitatiewe evaluasienavorsing is die paradigma wat gebruik is om die data in te samel en te analiseer. Die kwalitatiewe paradigma volgens Creswell (1994) word gedefinieer as die konstruktiewe benadering of die naturalistiese, interpreterende of postmoderne perspektief. Dit impliseer dus dat temas/kategorieë ontstaan vanuit die data wat verkry is van die deelnemers en is dus nie vooraf bepaalbaar nie. Hierdie tipe evaluasie is in hierdie navorsing gebruik om die volgende redes:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die navorsing is beperk tot 'n fokus binne 'n spesifieke konteks.
- Bevindinge sal nie wyer geneem word as die konteks waarbinne gewerk is nie.
- Die doel is om intervensie binne 'n bepaalde stel aktiwiteite op 'n spesifieke tyd vir 'n spesifieke groep persone te bevorder.
- Die navorsing poog nie om basiese veralgemenings omtrent die aard van menslike gedrag en gemeenskap te maak nie, maar is eerder gesteld op die generering van inligting wat gebruik kan word om die program te verbeter.

3.2.2 Rasionaal vir die keuse van die paradigma

Die volgende veronderstellings met betrekking tot hierdie navorsing is aanvaar om die gebruik van evaluasienavorsing te regverdig:

- Die enigste waarheid vir die navorser is dit wat deurgegee word deur die individue betrokke by die navorsing.
- Die navorser is die primêre skakel vir data-insameling en analisering.
- Die analiseproses is induktief en patrone/temas ontstaan vanuit die individue betrokke by die navorsing se perspektiewe en word nie vooraf bepaal nie.
- Die data-insameling en analise handel oor betekenis en is sterk konteksgebonde.

3.3 BEGRENSING VAN DIE NAVORSING

3.3.1 Steekproef

'n Doelgerigte steekproeftrekking wat al die vrywillige werkers betrokke by die projek insluit, is gedoen met die volgende insluitingskriteria:

- Vrywillige werkers moes tussen 1995 en 1999 deel van die program gewees het.
- Vrywillige werkers moes minstens een skoolkwartaal by die program betrokke gewees het.
- Vrywillige werkers wat aan bogenoemde twee kriteria voldoen, is drie maal gekontak en as hulle dan nie opgespoor kon word nie, is hulle uitgelaat uit die steekproef.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar is besluit op hierdie kriteria om die volgende redes:

- 1995 was die eerste jaar dat die vrywillige werkers opgelei is om vooraf opgestelde lesse met die leerders by die skole aan te bied. Die periode van 5 jaar is ingesluit om die steekproef so groot moontlik te kry, sodat nie net een of twee vrywillige werkers se perspektiewe oor die program verkry word nie.

- Die vrywillige werkers moes ten minste een kwartaal deel van die program gewees het ten einde te verseker dat hulle wel onafhanklik 'n groep graad een en twee leerders kan hanteer en die basiese opleidingsweek en oriëntasie voltooi het.

- As daar drie maal uitgereik is om die vrywillige werker te kontak en geen respons is verkry nie, is die vrywillige werker uitgelaat uit die navorsing. Van die oorspronklike vyf en twintig vrywillige werkers wat voldoen aan die kriteria is daar met veertien 'n onderhoud gevoer. Slegs dertien transkripsies is egter gebruik omdat een band tydens die proses van transkribering gebreek het en nie herstel kon word nie. Die dertien onderhoude is as volg versprei oor die vyf jaar periode:

  - 1995 – vyf vrywillige werkers

  - 1996 – twee vrywillige werkers

  - 1997 – geen nuwe vrywillige werkers is ingeneem nie en van die vrywillige werkers van 1995 en 1996 het voortgegaan met die program

  - 1998 – drie vrywillige werkers

  - 1999 – drie vrywillige werkers

Die redes hoekom daar geen onderhoude met die ander nege vrywillige werkers gevoer is nie, is soos volg:

- Vyf van die vrywillige werkers het weggetrek uit die area en geen kontaknommers is vir hulle beskikbaar nie.

- Twee van die vrywillige werkers is in permanente werke, wat net saans die geleentheid geskep het vir die voer van die onderhoude, maar daar was nie in die omgewing 'n geskikte lokaal om vir die doel te gebruik nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Daar is met twee vrywillige werkers afsprake gemaak, maar op die geskeduleerde tye het een 'n tydelike werk gekry en die ander vrywillige werker is weggeneem deur sy werk om elders 'n rekreasieprogram te gaan aanbied.

3.3.2 Demografiese inligting van die vrywillige werkers

Die relevante demografiese inligting van die vrywillige werkers is as volg:

Ras: Bruin

Geslag: mans (3) vroue (10)

Huwelikstaat : getroud (3) ongetroud (9) geskei (1)

Afhanklikes: voorskools (2) skoolgaande (3)

Ouderdom" 18, 2 x 19, 20, 2 x 21, 22, 23, 26, 33, 38, 43 en 46

3.3.3 Agtergrond

Ten einde toegelaat te word as vrywillige werker, moes persone aan die volgende kriteria voldoen:

- Graad 10-opleiding voltooi het, tensy daar bewyse bestaan dat die persone oor die intellektuele vermoë beskik, maar as gevolg van omstandighede nie graad 10 kon voltooi nie.

- Persone moes bereid wees om met kinders te werk vir vier dae van die week sonder enige betaling.

(Verwys na 2.5.1 vir 'n volledige bespreking van die werwingsproses van vrywillige werkers en hul vorige ervaring.)

3.4 DATA-INSAMELING

3.4.1 Metode van data-insameling

In hierdie navorsing is gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude as metode om data te bekom. Onderhoudvoering in kwalitatiewe navorsing berus op die veronderstelling dat die perspektief van ander persone:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- betekenisvol is;
- die moeite werd is om te weet; en
- moontlik is om duidelik gemaak te word.

Die doel van die onderhoud is dus om uit te vind wat in die persoon se gedagtes aangaan. Met ander woorde nie om iets in sy gedagtes te plaas nie, maar om die persoon met wie die onderhoud gevoer word se perspektief te kry op 'n saak. Die navorser moet dit vir die persoon moontlik maak om hom in sy wêreld in te neem.

Tipe perspektiewe waarna gekyk word, is onder andere:

- Wat is hul ervaring van die program.
- Wat weet hulle van die program.
- Watter veranderinge sien hulle in hulself as gevolg van deelname aan die program.

In hierdie navorsing is 'n algemene onderhoudriglyn gebruik om inligting in te samel. Die hoofmotivering vir die keuse is:

- Die vrywillige werkers het verskillende vlakke van opvoeding en die navorser kan dus aanpas by die taal en manier van beantwoording van die betrokke vrywillige werker.
- Die navorser kan vry voel om onduidelikhede uit te klaar, sodat die vrywillige werker se perspektief duidelik navore kom.

Voor aanvang van die onderhoude is daar besluit watter aspekte met elke vrywillige werker gedek sou word en hoekom dit ingesluit sal word in die onderhoud. Die volgende kategorieë vrae is ingesluit:

- Demografiese inligting – hierdie inligting identifiseer die vrywillige werker.

  Hoe oud was jy toe jy by die program aangesluit het?

  Het jy enige vorige werk gedoen voordat jy by die program aangesluit het?

  Hoogste standerd behaal op skool?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Kennis vrae – hierdie inligting identifiseer die feitelike inligting waaroor die vrywillige werker beskik.

  Hoe het jy van die program te hore gekom?

  Wat het jou na die program toe aangetrek?

  Wat was jou rol in die program of wat het jy elke dag gedoen?

  Wat onthou jy van die program, byvoorbeeld wie was betrokke, vir wie is dit aangebied?

- Opinie vrae – hierdie inligting vertel van die vrywillige werker se behoeftes, doelstellings en wat hy/sy dink oor 'n bepaalde onderwerp.

  Hoe effektief dink jy is die program?

  Wat het jy geleer by die program of wat doen jy nou wat jy nie voor jou deelname aan die program gedoen het nie?

  Dink jy die program moet voortgaan?

- Gevoelsvrae – hierdie inligting identifiseer die vrywillige werker se emosionele respons tot sy/haar ervaring en gedagte.

  Laat ek jou vra omtrent jou gevoelens omtrent die program. Wat is van die aspekte wat jy regtig geniet het omtrent die program?

  Wat is van die aspekte wat jy regtig nie van gehou het in die program nie?

  As jy die mag sou hê om iets te kan verander aan die program, wat sal jy anders doen?

- Ervaringsvrae – hierdie inligting identifiseer wat die vrywillige werker gedoen het en beskryf die ervaring, gedrag, aksies en aktiwiteite wat betrokke was.

  Gebaseer op jou ervaring, wat sal jy sê is die sterkpunte van die program?

  Gebaseer op jou ervaring, wat sal jy sê is die swakpunte van die program?

  Wat dink jy van die opleiding wat jy ontvang het?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat die kategorieë van vrae vasgestel is, is daar gaan kyk na die volgorde van die vrae. Die onderhoud is begin met meer algemene vrae oor huidige werk en aktiwiteite. Die vrae wat fokus op die vrywillige werkers se opinie of gevoel is eers gevra nadat hulle 'n beskrywing moes gee van die program soos wat hulle dit herroep. Dit was nodig, want vir 'n persoon om sy/haar opinie te kan gee moet hy/sy eers weer die ervaring kan herleef. Die demografiese inligting is versprei deur die onderhoud en is tot 'n minimum beperk. Verwys na bylae B tot N vir die volgorde waarin die vrae aan die vrywillige werkers gestel is.

Hierdie basiese riglyn van kategorieë vrae het as oorsiglys gedien, sodat die navorser kon verseker dat sy alle relevante onderwerpe gedek het. Deur hierdie metode te kies, kon daar ‘n tydskatting geplaas word op die duurte van die onderhoud. Omdat dertien persone vir die onderhoude gebruik is, kon die metode verseker dat die inligting sistematies en omvattend volgens die relevante onderwerpe ingesamel word.

In hierdie proses mag dit egter gebeur dat daar nie omvattend genoeg gekyk is na die oorspronklike onderwerpe nie en dus kan daar baie belangrike aspekte uitgelaat word. Dit mag ook gebeur dat die navorser buigsaam raak tydens die onderhoude wat dit moeilik maak om response van vrywillige werkers met mekaar te vergelyk.

Die onderhoude is op band geneem en genommer. Daar is van elke onderhoud ‘n rekord gehou van die volgende:

- wanneer die afspraak met die vrywillige werker gemaak is;
- wanneer die onderhoud plaasgevind het;
- indien dit nie plaasgevind het nie, wat die rede daarvoor was en wanneer dit geherskeduleer is;
- waar die onderhoud plaasgevind het; en
- 'n kort nota oor die vrywillige werkers se reaksie op die onderhoud.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die onderhoude is gevoer binne die raamwerk van Patton (1990) se vyf primêre dimensies van observasies sodat die konteks waarbinne die onderhoude gevoer is, duidelik gemaak kan word. Die vyf dimensies is:

- Rol van evalueerder/observeerder – in hierdie navorsing is die evalueerder-observeerder 'n volle deelnemer deurdat die navorser bekend is met die program en self die onderhoude gevoer het.
- Uitbeeld van rol van evalueerder aan ander – die navorser se rol is bekend aan al die vrywillige werkers en hulle weet wie en wat die navorser is.
- Uitbeeld van die doel van evaluering aan ander – die vrywillige werkers is ingelig oor die werklike rede vir die onderhoud.
- Duurte van die evaluasie – die onderhoude is beperk tot een uur en dit het eenmalig plaasgevind.
- Fokus van die observasie – die fokus is op die perspektief van die vrywillige werker rakende die program.

3.4.2 Etiese aspekte van die navorsing

Die etiese aspekte van toepassing in hierdie navorsing word bespreek volgens:

(i) ingeligte toestemming;

(ii) konfidensialiteit en anonimiteit; en

(iii) toegang tot data en eienaarskap.

(i) Ingeligte toestemming

Al die vrywillige werkers betrokke by die navorsing is telefonies gekontak deur die navorser waartydens hul deelname tot die navorsing versoek is. Die doel van die navorsing is aan hulle verduidelik en 'n afspraak vir die onderhoud is gemaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op die dag van die onderhoud is die vrywillige werker vooraf weer ingelig omtrent die volgende:

- doel van die navorsing;
- wat met die inligting wat verskaf word, gaan gebeur;
- hoekom daar van bandopnames gebruik gemaak gaan word;
- aan wie die inligting beskikbaar gestel gaan word;
- dat die vrywillige werkers aangehaal mag word, maar dat geen name genoem sal word nie en dat slegs die navorser die bandopnames en transkripsies kan verbind met 'n betrokke vrywillige werker;
- hulle geen vrae hoef te antwoord as hulle nie so voel nie; en
- hulle enige tyd vry is om hulself van die navorsing te onttrek.
- 'n tydbeperking van 'n uur per onderhoud is gestel.

Nadat bogenoemde punte duidelik aan die vrywillige werkers verduidelik is, is hulle gevra of hulle nog bereid is om voort te gaan en indien wel, is hulle dan versoek om 'n vrywaringsvorm te teken (sien bylaag A). Deurdat die vrywillige werkers onafhanklik 'n ingeligte keuse kon maak, is verseker dat respek vir hul outonomie in ag geneem is.

(ii) Konfidensialiteit en anonimiteit

Slegs die navorser kan die name van die vrywillige werker en die bandopname en transkripsie met mekaar verbind.

Vrywillige werkers is genommer van een tot dertien en daar word na die nommer verwys in alle transkripsies. Die transkripsies is ingesluit in die navorsingsverslag, maar slegs met nommers en waar vrywillige werkers in die onderhoud na ander persone verwys, is die persoon se naam vervang met 'n *, ten einde die ander persoon se identiteit te beskerm.

(iii) Toegang tot data en eienaarskap

Die lys met name en die bandopnames en transkripsies word nie naby mekaar geliasseer nie. Die bandopnames word tans vir 'n jaar gestoor in die Departement Arbeidsterapie, Universiteit van Stellenbosch, waarna dit vernietig sal word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4.3 Transkribeer van die data

Al die onderhoude wat met die vrywillige werkers gevoer is, is deur die navorser getranskribeer. Die apparaat gebruik tydens die onderhoude en die metode van transkribering word vervolgens bespreek.

3.4.3.1 Apparaat gebruik tydens die onderhoude

'n Bandopnemer wat met elektrisiteit werk, is gebruik om te verseker dat batterye nie deur die loop van die onderhoud afloop nie. Batterye was wel beskikbaar met elke onderhoud in geval daar 'n onderbreking in die elektrisiteittoevoer sou wees. 'n Bandopnemer met 'n ingeboude mikrofoon is gebruik en voor elke opname is dit eers getoets en die volume gestel volgens elke vrywillige werker se stem. Ekstra bande is saamgeneem indien 'n onderhoud dalk langer duur as beplan of as die band dalk defek is.

Al die onderhoude is in 'n vertrek opgeneem waar dit privaat kon geskied en die bandopnemer is tussen die vrywillige werker en die navorser geplaas op 'n stabiele oppervlakte. Voor die onderhoud is die sisteem eers getoets. Vrywillige werkers is versoek om so duidelik as moontlik te praat en 'n toetsopname is gedoen om enige probleme met die klank uit te skakel. Geen aantekeninge is gemaak tydens die onderhoud nie en agtergrond geraas is beperk, sodat 'n duidelike opname verkry kon word. Die opnames wat by die skool gedoen is, is geskeduleer dat dit nie saamval met pouses nie om ekstra geraas te beperk. Aan die einde van die onderhoud is die vrywillige werker bedank vir sy/haar deelname. Na die onderhoud is die band terug gespeel om seker te maak dat die opname duidelik is. Die band is dadelik genommer en 'n kort nota is gemaak rakende die plek, tyd en enige informasie wat die navorser as relevant beskou het.

3.4.3.2 Metode van transkribering

Elke band is deur die navorser self getranskribeer en die tyd per transkripsie was ongeveer vyftien minute opname = een uur van transkripsie. Die transkripsie is begin met 'n aanduiding van die nommer van die vrywillige werker en van watter jaargroep hy/sy was. Die navorser se spreekbeurte is in hoofletters getik en die verbatim respons van die vrywillige werker is in klein letters getik. In al die transkripsies is alle pouses en paralinguistieke (bv. hmmm, uhm) getranskribeer. Geen nie-linguistieke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eienskappe soos sug of lag is getranskribeer nie, aangesien dit nie bygedra het tot die konteks op enige manier nie.

3.5 STRATEGIEË OM GELOOFWAARDIGHEID TE BEVORDER

Met verwysing na die vier kwalitatiewe kriteria vir geloofwaardigheid voorgestel deur Guba (1981 in Krefting, 1991: 214-222), die volgende:

- Erkenning ("credibilty") strategie om mate van waarheid te bevorder:

  Die metodes van data-insameling en analise in hierdie navorsing toegepas (sien 3.4 en 3.6), laat genoegsame geleentheid vir herhalende patrone om geïdentifiseer en geverifieer te word. Hierdie identifisering en verifiëring van patrone is bereik deurdat daar by twee geleenthede ewekniekontrolering plaasgevind het tydens die fase van data-analise (sien 3.6). Triangulasie deur middel van twee analiste is dus verkry.

- Bevestiging ("confirmability") strategie om neutraliteit te bevorder:

  Die kontrolering van die patrone wat uit die data voortkom en die teoretiese perspektiewe is bydraend tot die bevestigingstrategie deurdat ondersteuning vir die analise en interpretasie van resultate gegee kan word.

- Oordraagbaarheid ("transferability") strategie om toepassingsmoontlikhede te verbeter:

  Toepassing van die navorsing is verkry deur die steekproeftrekking. Deelnemers was almal vrywillige werkers wat langer as 'n skoolkwartaal betrokke was by die projek en is dus verteenwoordigend van die groep vrywillige werkers vir hierdie spesifieke program.

- Betroubaarheid ("dependability") strategie om konsekwentheid te bevorder:

  Die kodeer-herkodeer prosedure gebruik in die analise (sien 3.6) dra by tot die betroubaarheid van die navorsing in die sin dat gekodeerde transkripsies weer geherkodeer is. Die resultate van die twee koderings is dan vergelyk om die konsekwentheid van die bevindinge te bepaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.6 DATA-ANALISE

In hierdie navorsing is gebruik gemaak van induktiewe analise ten einde afleidings van die algemene uit die besondere te kan maak. Die navorser het konsepte na die data gebring, en die oorsprong van hierdie konsepte is gefinaliseer aan die begin van die studie, deurdat daar besluit is watter aspekte dit is waarna gekyk gaan word. Hierdie tipe van analise is gekies omrede dit vir die navorser 'n algemene basis skep waarna daar terugverwys kan word asook vir die feit dat dit help om die rigting te kry waarvolgens daar na die data gekyk moet word. Die toepassing van die induktiewe analise is dus om te bepaal hoe die konsepte manifesteer in die spesifieke opset van hierdie groep vrywillige werkers.

In hierdie manier van analise, is dit van kardinale belang dat die werklike data waarop die analise gebaseer word, aan die leser bekend gemaak word sodat hulself kan besluit of dit die beste sin maak van die data. Die analiseerder se raamwerk moet nie die analise domineer nie, maar het ten doel om die leser se verstaan van die wêreld wat bestudeer word te fasiliteer.

Die hoofdoel van die analise was om die vrywillige werkers se response te organiseer op so 'n wyse dat die algemene patrone/temas duidelik na vore kom.

Die induktiewe analise in hierdie navorsing is gedoen aan die hand van die stap vir stap metode van analise van kwalitatiewe data soos voorgestel deur Burnard (1991:462-464):

Fase een: raak betrokke by die data

Al die transkripsies van die vrywillige werkers is deurgelees om 'n algemene gevoel van die data te kry.

Die data is aangeteken onder die volgende hoofde:

Sterkpunte van die projek

Voorstelle

Swakpunte van die projek

Wat het jy persoonlik gebaat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rede vir aansluiting

Wat het julle gedoen in die projek

Demografiese inligting

Werwing

Die data is getik op die rekenaar onder hierdie hoofde en in die data is verwys na die nommer van die vrywillige werkers sodat dit vir latere kruisverwysing gebruik kan word.

Fase II: oop kodering

Daar is verwys na die oorspronklike transkripsies en die verskillende onderafdelings van 1 tot 8 is as volg met 'n kleurpen aangedui:

1. pienk
2. geel
3. blou
4. pers
5. rooi
6. groen
7. oranje
8. swart

Fase III: eerste ewekniekontrolering

Op hierdie stadium is al die transkripsies aan 'n kollega gegee sonder enige aanduiding van die onderafdelings en temas. 'n Bespreking van haar observasies is gedoen en vergelyk met dié van die navorser.

Fase IV: verfyning van temas

Elke onderafdeling is geneem en weer deurgelees om te kyk of daar enige nuwe temas navore kom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die data is volgens temas saam gegroepeer met verwysing na die spesifieke vrywillige werkers sodat die leser na die data kan terugverwys.

Daar is na die groeperings volgens temas gekyk om te bepaal watter onderafdelings oorvleuel ten opsigte van temas en/of is verbind met mekaar.

Fase V: identifisering van temas wat nog na vore kom

Daar is gekyk of uit hierdie samevoeging nie dalk nuwe temas na vore kom nie.

Fase VI: nagaan vir konstantheid

Daar is weer deur die data gegaan om seker te maak of dieselfde temas weer na vore kom.

Fase VII: tweede ewekniekontrolering

Die onderafdelings en temas geïdentifiseer is met dieselfde kollega wat die oop kodering gedoen het, bespreek en sy is gevra om haar eie indelings te doen. Haar ontleding is met dié van die navorser vergelyk en bespreek.

Fase VIII: finale kodering

Alle transkripsies is nou finaal gekodeer volgens kleur vir latere insluiting in die teks.

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp en metodologie soos van toepassing op hierdie navorsing bespreek. Die bespreking is gedoen binne die raamwerk van die kwalitatiewe evaluasie navorsingsparadigma wat in hierdie navorsing toegepas is.

In hoofstuk 4 word die data-analise en interpretasie, soos bespreek in hierdie hoofstuk, toegepas.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE

4.1 INLEIDING

Blootstelling en/of ervaring beïnvloed mense op verskillende maniere. Hierdie ou bekende waarheid beteken dat die individuele uitkomste, impak en veranderinge wat volg op deelname aan enige aktiwiteit selde voor die tyd bepaalbaar is. Die betekenis van sulke veranderinge as hulle voorkom, is hoofsaaklik spesifiek vir 'n bepaalde groep en of persoon in 'n bepaalde omstandigheid. Die individuele aard van veranderinge wat plaasgevind het, is belangrik, maar dit is net so belangrik om te kyk na die patrone van verandering wat voorgekom het by die vrywillige werkers as 'n groep (Patton 1990).

Die doel van die navorsing was om na die perspektiewe van die vrywillige werkers te kyk en te soek vir patrone wat mag help om die impak van deelname aan die projek te bepaal. Ten einde die navorsing te kon doen is daar gebruik gemaak van onderhoude as metode van data-insameling. Induktiewe analise van die data is in hierdie navorsing gedoen ten einde afleidings van die algemene uit die besondere te kan maak.

- In hierdie manier van analise, is dit van absolute belang dat die werklike data waarop die analise gebaseer word, aan die leser bekend gemaak word sodat hulle self kan besluit of die beste sin gemaak is van die data. Die navorser se raamwerk moet nie die analise domineer nie, maar het ten doel om die leser se verstaan van die wêreld wat bestudeer word te fasiliteer.

- Die verstaan van die mense wat bestudeer word, is belangrik. Die navorser gebruik temas om te help om sin te maak en data aan te bied, maar nooit tot die punt waar analise geforseer word nie.

In die bladsye wat volg, is die deelnemers se response tot die vrae, soos gestel tydens die onderhoude, aangehaal en geanaliseer. Die hoofdoel van die analise was om die deelnemers se respons te organiseer op so 'n wyse dat die algemene patrone duidelik na vore kom. Die klem is deurgaans gestel op die deelnemers se perspektiewe.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2 ANALISE VAN DATA

4.2.1 Sterkpunte van die projek

Die sterkpunte van die projek is geïdentifiseer deur die respons van die vrywillige werkers op die vraag: "Wat was in jou opinie die sterkpunte van die projek". Die vrae omtrent die sterkpunte van die projek het gelei tot die volgende tema/patrone:

1. **Ommeswaai**: deur die onderhoude het dit duidelik geword (herhaaldelik gesê) dat die vrywillige werkers anders voel omtrent hulself as voor hul toetrede tot die projek.

2. **Selfkennis** deurdat deelnemers meer omtrent hulself en eie vermoëns geleer het.

3. Ontwikkel van **vaardighede** wat hulle nou toepas in hul alledaagse lewe en werk.

4. **Werksbevrediging** ervaar.

5. **Leiding** wat vrywillige werkers gekry het van **arbeidsterapiestudente** wat hulle kliniese werkplasing in die area gedoen het.

Elkeen van die vyf temas/patrone word vervolgens bespreek:

1. **Ommeswaai** in hul lewens beteken dat daar 'n ingrypende verandering in sienswyse was van 'n persoon of dat die sienswyse verander het. Die beskrywing gaan as volg gedoen word:

   <u>was</u> - verwys na hoe die vrywillige werker hom/haarself gesien het voor toetrede tot die projek.

   <u>nou</u> - verwys na hoe die vrywillige werker hom/haarself sien na toetrede tot die projek.

   Nadat bogenoemde aangedui is, volg die direkte aanhaling van die vrywillige werker in kursief. Aan die begin van die aanhaling verskyn, in hakies, die nommer van die onderhoud en die reëlnommers van die transkripsie waaruit die aanhaling aangehaal is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Was** lid van bendegroep **nou** sê ek nee vir bende-aktiwiteite en breek met hulle. (vw nr 4, 128-143) *Toe ek begin het by Volcano het ek begin basically onttrek daarvan, omdat ek het gesien ek het meer iets konstruktiefs gehad om te doen, maar van my vrinne wat nog in die bende was, het vir my gesê daai wat jy doen, is gemors man, jy word nie eers betaal daarvoor nie, kom ons gaan rob iemand vir geld of so, dan sê ek naai man julle ouens julle weet nou ek het nou baie meer responsibility en as ek in die pad loop dan vind, dan sien die mense my as 'n rolmodel en nie as 'n roadmodel nie, want as ek in die pad in loop die mense sien nou net jy is daai ou, maar van ek by Volcano betrokke geraak het, het dan sien mense my dan sê die kinders: "mammie daar's (*), (*) gee vir my daai klas en hy leer my dit. Dan kom die ouers self na my toe, maar as die ouers self dan sien, nee, maar kyk hoe lyk die ou dan, hy lyk nie vir my reg nie, dan sê ek nee, dit was ek, maar ek wil graag nou wegkom van daai af en ek wil graag hê die gemeenskap moet my help om daar te kom.*

- **Was** ek wou nie hê vriende moet so naby kom nie, **nou** het ek vriende wat by my huis kom en ek het gesien dit is ok. (vw 16 , 364-367) *ek het nou vriende wat na my huis toe kom en dit is iets wat ek nooit toegelaat het nie, ek wou nooit hê dat vriende te na aan my kom nie en ek het uitgevind ek kan dit toelaat en ek het vriende en dit is iets baie positiefs.*

- **Was** nie geweet om kind te hanteer/wat om met hom aan te vang nie, **nou** ek het nie geweet ek sal so saam met 'n kind kan praat nie/weet hoe om my seun te hanteer – geduld geleer. (vrywillige werker 2, 97-99) *Ek myself het nie geweet hoe om 'n kind te hanteer nie hmm, so nou vandag weet ek hoe is dit om my eie seuntjie te hanteer.* (vrywillige werker 2, 141-142) *ek het nooit geweet ek sal so saam met kinders kan praat nie.* (vw 2, 143-144) *ek het nooit geweet ek sal 'n kind so kan hanteer nie.*

- **Was** bang om te praat, senuagtig **nou** selfvertroue om mense te konfronteer. (vw 2, 103-105) *Ek was altyd bang hoe sal 'n mens sê, bang om te praat, senuagtig nou het mens daai selfvertroue om mense te kan konfronteer.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Was** in my dop gekruip **nou** myself opgebou, ek praat baie. (vw 2, 121-126) *Ek was die enigste kind, omdat ek nou nie maatjies gehad het nie, was ek baie by die huis gewees en hoe kan ek sê … ek het eintlik in my dop gekruip, maar toe ek nou die projek doen, het ek nou meer van my, ek was baie stil gewees, nou praat ek baie. Ja, ek sal sê die projek het my baie gehelp om myself op te bou.*

- **Was** het kwaad gebly vir dae, nie probleem aangespreek nie **nou,** gaan klaar nou probleme met vrou uit, sê ek is jammer. (vw 2, 160-168) *Konflikhantering speel 'n baie groot rol by jou werk self, want as ek nie daai geduld kon gehad het nie, miskien daai drie of vier mense wat saam met , dan sou ek seker al lankal na 'n laer pos, na 'n gewone wag toe gegaan het. EN IN JOU HUWELIK? Hmm… somtyds raak ek sommer kwaad vir enige dingetjie maar dan redeneer ek myself, dan gaan ek na vroutjie toe en sê, nee man, ek is jammer – wat ek nooit kon gedoen het nie. As ek kwaad is nou vir iemand, dan sou ek twee dae, drie dae kwaad bly.*

- **Was** het nooit dagboek gebruik nie **nou**, beplan ek my daaglikse werk. (vw 2, 190-192) *Ek beplan so my daaglikse werk nou, want ek het nooit eers 'n dagboek gebruik nie.*

- **Was** sou op kinders skel **nou** kan ek kind op mooi manier help. (vw 7, 153-159) *Ek het baie toegepas, even in my persoonlike lewe by jou kinders, kan jy ook, dat jy nie sommer net 'n kind klap gaan gee of somtyds het jy mos daai aggressiewe houding en nou dit het ek regtig afgeleer. Ek kan mooi met my kinders gaan praat of ek kan hom net vat aan die hand, net styf hou en vir hom net kyk in die oë en net vir hom sê, gaan jy luister, streng optree en klaar en nie aggressief nie – die tipe van ding.*

- **Was** altyd probleem vir myself gehou **nou** praat ek daaroor. (vw 10, 131-137) *In die begin, was ek 'n baie stil persoon gewees, ek het nie sommer gepraat nie en so aan nie, maar toe ek by Volcano kom aansluit het, het dit nou net van my 'n sterker mens gemaak en ek kon ook as ek*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontevrede gewees het oor iets, kon ek ook gepraat het en so aan en dit het van my hoe kan ek nou sê, meer, wat ek nou nie geweet het wat in my skuil nie het vorendag gekom.

- **Was** sien myself as 'n dropout, het nie skool voltooi nie, wou opmaak vir die feit dat ek nie op dieselfde vlak is nie, deur te wou oorneem en dit pootjie die projek **nou** begin verantwoordelikheid neem vir my mistake en dit nie meer op ander geprojekteer nie. (vw 5, 109-132) *Ek was 'n dropout gewees, ek het ook geweet dit is iets wat teen my tel. HOEKOM HET JY GEDINK JY IS DROPOUT? Hmm. omdat ek nie my skoolloopbaan voltooi het nie en ek geweet het dit is iets wat altyd vir my 'n struikelblok gaan wees in die lewe. Soos meestal al die mense wat saam met my gewees het, was matrikulante en ek het maar, so by the way, het ek ingekom en ek weet nie, maar daar was iets wat dit vir my baie meer ek sou miskien sê moeiliker gemaak het, maar in 'n mate ook was dit miskien ook die challenge gewees, ek gaan my nie laat klop deur enige iemand nie en ek dink dit was my sterkpunt, ek het bly glo in myself. Sekere tye het dit gevoel ok, ek het alweer dit nie gemaak nie, ek kan baie mooi onthou ek was altyd, ek wou altyd die een in charge gewees het en ek dink die dag het ek hmm dinges was nog by ons gewees, (*) en toe sien ek - (*) jy stap nie eers in (*) se skoene nie en toe het ek amper beginne rebels raak, want daar was so stadium toe van ons boys so beginne rebels raak het en ek het geweet, aan die einde van die dag maak jy nie (*) seer nie, jy maak nie soos in vir (*) seer nie, aan die einde van die dag gaan dit meer oor die projek en ek dink ons het meer beginne, omdat ons die projek baie meer beginne respekteer het, was dit baie meer makliker om te beginne sien het ok, die projek ly hieronder en ons sal ons sokkies moet optrek en ek dink na dit het ek meer en meer begin glo.* (vw 5, 135-136) *toe het ek gesien die (*) wat ek hier sien op die oomblik is 'n smokescreen.* (vw 5, 142-146) *baie van leiereienskappe beginne baie meer ontwikkel toe en ek het baie sterker geraak in so 'n mate dink ek toe ek beginne besef dat (*) daai mense het matriek en hulle het gegaan vir dit, jy het nie gegaan vir dit nie, dit was jou mistake gewees, daar is baie maniere om op te maak daarvoor.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Was** het myself as 'n flop gesien, gee myself nie 'n kans nie, my pa verwerp my **nou** begin besef ek as mens is nie so sleg nie, student gee aanmoediging, ek moet my eie lewe bou, ek moet aangaan, ek kan nie my ouers blameer nie, ek moet myself beter maak. (vw 4, 246-253) *Ek dink die meisie wat hier was wat vir ons dit aangebied het, het my baie meer daai indruk gegee ek is nie so sleg soos ek myself dink nie, ek is die persoon wat regtig die difference kan maak daar buite, dit is net ek moet myself 'n kans gee, omdat ek nie myself 'n kans gee nie, ek het gesê man (*) jy is flop en klaar man, almal gaan jou sien as 'n flop, maar as ek myself so kyk vandag dan sal ek nie sê ek so 'n flop nie.* (vw 4, 331-340) *So daar was 'n paar family problems wat ek vandag nog het soos my pa het vir my weggegooi, hy het nie geworry oor my nie, nou nog hy worry nie oor my nie hmm.. ek was nou drie jaar was ek in Johannesburg toe het hy weer 'n probleem gehad met my en so ek neem hom nie kwalik nie hy is nou wel my ouer, maar omdat ek nou vandag my eie grootman is, dink ek vir myself, ek moet vir myself 'n lewe bou, het ek vir myself gesê, jy moet aangaan ek kan nie my ouer blameer vir die mens wat ek was nie, ek moet dit vir myself beter maak, want ek het dit vir myself geskep.*

- **Was** stil, nie gemaklik gepraat voor ander nie **nou** tree ek op as master of ceremonies/hanteer 800 kinders by rekreasieprogram. (vw 5, 163-172) *Hoe langer ek in Volcano was kon ek die personal growth beginne sien en beginne voel en baie ander mense kon dit ook sien, want waar ek was, want ek kon bv. sit vir my voor twee, drie mense om te praat – ek kon nie, dit was net 'n onmoontlike saak en soos ek sê sit my voor 700 of 800 kinders of hoeveel mense ek glo as sulks ek het miskien nie die skill gaan aanleer of so nie maar ek vat 'n bet niemand sal my beat met public speaking nie. As die mense soek hmm.. master of ceremonies hulle weet waarnatoe om te gaan.*

2. **Selfkennis** het uitgebrei deurdat deelnemers meer omtrent hulself en hul eie vermoëns geleer het. Selfkennis verwys na die kennis wat 'n persoon het van die eie ek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **Ken meer omtrent myself** – ek moet nie so vinnig wees nie en ek kan selfgeldend wees. (vw 16, 355-359) *Ek het omtrent myself geleer dat ek hmm.. moet nie altyd so vinnig wees en so haastig wees nie, ek het geleer dat ek selfgeldend kan optree by die huis, ek hoef nie altyd 'n antwoord te hê op alles nie, ek het altyd 'n antwoord gehad op alles en dat ek ander mense beter verstaan.*

- **Selfversekerd** – ek is positief. (vw 8, 239-256) *ek het nou meer selfversekerdheid, ek is nou meer positief hoe kan 'n mens nou sê meer positief hmm.. ek sien nou baie meer goed in 'n positiewe lig en Volcano het eintlik vir my, was eintlik vir my like 'n, hoe kan 'n mens nou sê 'n soort van 'n toevlug. Nie toevlug in die sin dat ek sou wegkruip en so nie, maar Volcano het eintlik vir my baie beteken, want in die tyd van lewe waar dit so donker was, het ek altyd hier gekom dan het ek gehuil, dan kom ek hier sommer met 'n positiewe uitkyk, ek altyd vir myself gesê hier's nog iets wat vir my belangrik is, hier's nog kinders wat ek nog kan iets voor beteken en hmm.. dit was eintlik wat my vasgehou het, nie die feit dat ek my geloof 'n bietjie moes laat wankel of so nie, maar ek het meer begin te glo dat enige iets is moontlik, want as ons kyk die Here spesialiseer uitsluitlik op die onmoontlike en dit is wat ek geleer het by Volcano en kyk ons het nou al baie goeters wat nou al in die vooruitaangaan is of wat nou nog op ons wag en dit is nou iets wat ek nou kan sê, ek sal altyd met die gedagte sit, al vra hulle ook nou vir my by die huis wat doen jy nou eintlik? Dan sê ek, nee, daai is my bietjie, hoe kan ek sê, my plekkie in die son.*

- **Raak emosioneel betrokke** by kinders se probleme – dit lei tot probleme in projek. (vw 5, 152-162) *die ander probleem wat ek gehad het, toe ek begin het met die projek was ek baie emotional binne in enige situasie in, as ek gesien het nee maar dit is die probleem met die kind het dan het ek die misstake partykeer gemaak om daai kind eerste te stel en dan het ek vergeet dat daar nog ander kinders in die groep en ek dink daai het begin probleme maak en ek dink iemand het dit begin raaksien, een van die studente en gesê, ok, jy kan emotional raak in so 'n situasie, maar gaan kry jou limits en ek dink in elke proses en in elke wat gebeur het, het ek beginne leer ok nie so nie, probeer dit so.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Besef ek het 'n **probleem met admin**. (vw 5, 242-245) *Ok ek was nog nie 100% up to standards dat ek admin orientated sal wees nie, maar die belangrikste is ek het beginne besef dit is my probleem, dit is 'n leemte by my*

- **Ek besef as ek weggaan, gaan ek ledig sit en daar is nie werk nie.** (vw 5, 211-220) . *En daai iets wat hulle gekry het, al was dit miskien net iets wat hulle op hulle CV kon geplaas het, maar dit wat hulle gekry het, was vir hulle dan genoeg en dan kon mens altyd agterkom nou wie is die mense wat nog nie satisfied is met wat hulle gekry het nie en kon 'n mens sê mense soos ekke, (*), (*), (*), was ook nog deel van die, kon jy sien daai's die mense wat ok ons is nog nie satisfied nie miskien, omdat die werkloosheidsyfer daai tyd ook miskien 'n probleem was, en dat ons geweet het as ons hier weg gaan, gaan ons huis toe en wat gaan ons dan doen?*

- **Sien in ander vrywillige werkers positiewe aspekte raak, wat hy wil nastreef.** (vw 4, 236-250) *party dae sit en kyk ek so dan kyk ek die klas so deur en dan wonder ek so by self, is ek op die regte plek, want almal die mense om elke een het iets different in homself soos kyk soos byvoorbeeld (*), sy was altyd op haar eie en daai laat nou weer vir my inspire, want ek wil soos sy wees, dan is daar iemand anders weer dan voel jy weer hoekom kan ek nie soos daai een wees nie en soos die ene, ek wil graag soos hy wees, maar elkeen is iemand different op sy eie en ek het myself gevat. Ok ek is nou klaar daai persoon ek is iemand different, maar ek sal graag wil streef om soos elkeen individually te wees en ek dink die meisie wat hier was wat vir ons dit aangebied het, het my baie meer daai indruk gegee ek is nie so sleg soos ek myself dink nie, ek is die persoon wat regtig die difference kan maak daar buite, dit is net ek moet myself 'n kans gee,*

- Besef ek kom uit 'n familie van bendes, maar **ek is nou rolmodel vir broers as oudste**. (vw 4, 344-350) *My pa het ook die way gehad van bendes en vroue, maar ek praat elke dag saam met my broers en daai laat my nou soos 'n ouer voel ek is nou die pa in die huis, want my oupa is*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nou nie meer daar nie, nou almal in die huis kyk op na my toe as ek iets verkeerds doen, hulle gaan nie na my broers toe nie hulle gaan na my toe so ek is nou die ouerfiguur in die huis, ek moet nou kyk dat alles reg loop.

- **Ek verstaan nou sekere optredes van my man en kind.** (vw 12, 356-359) *ek verstaan eintlik nou mekaar beter soos sekere optredes van miskien my kind se kant af, of van die man se kant af, nee ek dink nogal jy kan dit in jou eie lewe toepas.*

- **Ek hou nie van praat voor ander in 'n groep nie, maar dit is nodig om te kan groei.** (vw 7, 184-194) *As 'n mens begin dan en jy is nie gewoond aan die tipe van goed nie, kyk baie mens dan, dan pla dit vir jou. Kyk jy is mos nou nie gewoond om miskien nou sommer so voor almal te praat nie en dit nie en (*) ondervind dit ook nou dat sy nou hou nie van daai nie of hou nie van daai nie en tog omdat daar nou die vorige, ek sal nou sê omdat 2 of 3 is wat aangaan met dit, nou word jy gemotiveer om ook maar net aan te gaan – you know – en dit, die enigste somtyds ek weet nie is dat jy miskien nie goed gou genoeg kan dink wat nou nie of so nou nie, maar ek meen dit gebeur maar oral en ek dink dit is goed want dit help jou om te groei.*

- **Ek kan mense raad gee.** (vw 8, 116-129) *As persoon sal ek sê dit gee my meer positiwiteit, hoe kan ek sê positief hmm.. benadering tot die saak dat so in die geval waar iemand hmm… miskien buitekant die publiek miskien, vir my moet raadpleeg en vir my vra maar hoe is die situasie daar dan kan ek miskien meer inligting vir die persoon verskaf en hmm.. in die geval waar die persoon miskien kom met 'n probleem as sulks wat die kind betref hmm… dink ek, ek is in staat om dan vir hierdie persoon dan te kan help of om vir hom meer inligting te kan gee hoe om die saak te benader wat die kind natuurlik aan betref. So as hy byvoorbeeld sê goed ek ondervind dit by my kind, dit is eintlik 'n probleem dan dink ek enige een sal dan bevoeg wees om daardie persoon reg te help en vir hom te kan sê hoe kan hy hmm.. die regte metode wat hy kan gebruik om die kind aan te help.*

  (vw 12, 257-271) *Vir my is dit lekker om ek meen die mense waarmee jy saamwerk en almal is nou bereid om hulle samewerking te gee, ek praat nou spesifiek van die vrywillige werkers, hulle is almal behulpsaam en ek*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nogal agtergekom soos die tyd nou daar was miskien in die begin 'n bietjie waar die een miskien nou kyk wat jou houding is, hoe tree jy op en daai tipe ding, maar soos die tyd aangegaan het, het ek nogal gevoel dat hmm… almal begin nou hulle houding te verander, hulle raak meer spontaan en hulle is vra makliker vrae en so, want kyk ek het op 'n stadium self vir hulle gesê, kyk dit is nie 'n probleem, kyk soos (*) en die wat nou laaste bygekom het toe sê, kyk soos ons het nou al die ondervinding en so en dit is nie 'n probleem nie en sy sal vir my enige tyd kom vra hoe doen 'n mens dit, het ek dit reg gedoen of wat die geval ook al is? Maar ek vind dit nogal lekker net die samewerking, ja.

- **Sien myself as rolmodel vir kinders.** (vw 2, 172-174) *As ek sien daai kind presteer, dan voel jy amper soos ek het vir jou daar gebring. Jy is miskien 'n rolmodel vir daai kind.*

- **Ek is groepleier, ek probeer kennis toepas.** (vw 2, 156-159) *By die werk probeer ek van daai wat ek geleer het soos die groepehantering, want ek is by die werk 'n groepleier, nou probeer ek daai bietjie kennis toepas in die werk.*

- **Weet jou bydrae word geag.** (vw 16, 96-101) *die feit dat elke oggend wat ons kom, het ons iemand wat saam met ons sit en vir ons vra wat is dit wat ons die vorige dag gedoen het, wat het met die les gebeur – dit is sistematies – ek hou van dit. Ek hou daarvan, dit wys vir jou die werk wat jy gedoen het gaan nie net in die wind in nie.*

3. **Vaardighede** wat ontwikkel is wat hulle nou nog toepas in hul lewens. Die volgende vaardighede is aangedui: kinderhantering, spansamewerking, konflikhantering, selfgelding, beplanning, probleemoplossing en kommunikasie.

- **kinderhantering** (vw 8, 185-182) *nou weet ons dat ons moet ook kyk hoe die kind miskien die potlood hanteer, hoe die kind sy lyne trek, al daai fyn motoriese aktiwiteite wat ons, wat ons nou gedinges het, wat ons nou eintlik opgelet het. Kyk, want vir ons was dit nou maar net ons het aanvaar, nee, maar ons gaan nou net les gee en dit is nou alles waaroor dalk afhaal, maar*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toe het ons nou uitgevind, nee, maar dit gaan nou eintlik in meer in detail die kinders deur op te let hoe hulle skryf en hoe hulle natuurlik vorder.

(vw 16, 347-354) *het vir my meer geleer ook oor hoe om kinders te hanteer en wat om te doen wat ek voorheen net sou geskel het, nou weet ek wat om te doen en wat om te sê, en Volcano beteken ook vir my dat ek meer dinge weet, so as dit so is en ek kan môre 'n ander werk kry, dan weet ek, ek kan dit hanteer, ek is meer vaardigheid daarin en ek voel ken baie meer as wat ek geken het 'n jaar terug. Ek ken meer omtrent myself ook.*

(vw 5, 458-466) *as jy in 'n area kom dan kan jy sien die kinders is up to standard, maar in sekere areas kan jy sien o.. hier's problems, want hulle kleur heeltemal oor lyne in, kan nie eers ordentlik 'n skêr hanteer nie, al die tipe goed en dan is dit goed wat ek weet waarvoor om te kyk. Ek weet wat om dop te hou en dan weet jy ok gee vir hom iets groter om in te kleur dat hy nie voel ek doen dit lelik nie, wat jy eintlik maak, is jy probeer daai van hom toedruk, ok jy het nie eintlik 'n probleem nie man, dit is maar net omdat dit iets klein is, vat iets groter.*

(vw12, 128-147) *Ek self het ondervind, want kyk ek het self met graad twee's gewerk dan was daar van hulle wat probleme gehad het dan het ek baie keer nie geweet wat die oorsaak daarvan is nie en weet ook die kind begin aan die verkeerde kant van die boek te skrywe, jy raas met daai kind, want jy weet self nie. Want self soos ek het nou al soveel jare onderwys gewees, maar daar is ook baie probleme wat ek nou eers ontdek wat die oorsaak eintlik is, dan dink 'n mens jene as jy dit nou daai tyd geweet het dan sou jy nou beter die kind kan benader het, maar ons weet nie hoekom doen die kind dit so of so nie, maar daar is tog ek meen 'n rede daarvoor, wat ons nou nie die opleiding voor gehad het nie, hoekom dit is nie en ek dink nogal dis iets goed, want nou kan ek ook sien hoekom doen die kind dit, hoekom skryf hy so, hoekom draai hy sy blaai as hy skryf en so wat ek nooit geweet het nie. Daar is ook dinge wat ek nou agter gekom het, wat ek eers nou ontdek en as ek moontlik soos by 'n skool kom dan sal ek beter miskien nou daai kinders kan benader, want ek*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal nou of miskien nou vir daai onderwysers miskien raad kan gee en sê probeer dit of dat en so, waar ek dit nou miskien nie die verlede nou kon gedoen het nie.

(vw 12, 297-309) *Seker die feit, daar is baie, soos ek sê 'n mens het nogal baie geleer en selfs daar in jou onmiddelike omgewing daar waar jy woon, dink ek nogal is daar baie keer mense wat kom kla oor hulle kinders of mense wat kom kla oor dit of dat, dink ek behalwe vir die feit dat ons met die kind werk, is daar ook miskien iets wat ek aan 'n groot mens wat 'n probleem het, kan oordra en veral soos ons nou leer gewerk het met konflikhantering en daardie tipe dinge. Soos baie mense wat na jou toe kom, ek praat nou van volwasse mense nou vir hulle van my kant af sê probeer dit of doen dit of moenie dit doen nie of so, so ek dink nogal daar is iets wat 'n mens saam jou huis toe ook neem, behalwe die feit dat jy nou hier met die kind werk.*

(vw 9, 168-177) *Die hele ervaring het vir my 'n sterker mens gemaak en vandag kan ons, ons het destyds gewerk met 'n groepie van vyf tot tien kinders, vandag kan ek met veertig kinders werk en aan die einde van die dag voel ek goed, want ek kan almal hanteer. En wanneer my hart so spring, is wanneer ek vir hulle op die mat het en ek vra hulle nou 'n klomp vrae en ek kan sien wat ek vir jou geleer het, het daar vasgesteek daar is ietsie wat agtergebly het wat jy onthou het. Wat vir my oorweldigend goed laat voel, net om te dink ek kan die kindertjies help.*

- **spansamewerking** (vw 3, 176-179) *soos ek reeds gesê het selfgeldendheid en om konflik te hanteer, om in 'n groep te werk, veral ek wat nou in die hospitaal werk, is dit belangrik nou om met ander mense te werk en met hulle te kommunikeer.*

(vw 9, 136-139) *Soms het dit seer gemaak om dit uit te bring, want soms het dit kras uitgekom, maar dit het ook die span sterker gemaak, want ons het dan vir mekaar gesê hoe ons voel of ons gelukkig is daaroor of nie*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(vw 11, 116-119) *ek het elke dag uitgesien om te kom, ek sal ook nie, ok elke persoon is maar 'n persoon op sy eie en 'n mens kan nie as net deur dit by die huis bly nie, want ek het gevoel dat ek is deel van die groep, so ek sal my deel sal ek moet bydra.*

(vw 4, 229-236) *as ek hier kom, laat sy my altyd lekker voel, omdat ek weet daar is altyd iemand wat na my sal luister, omdat ek toe ek betrokke was by die bende was daar nooit mense regtig wat sal luister na 'n bendelid en so nie en vir my was dit altyd lekker om saam met haar te gesels, want een ding sy is straight forward met my. Sy het vir my gesê wat op haar mind is, en dan sal ek altyd so ge hmm.. ja.. het nou ek weet waar ek staan.*

(vw 8, 170-178) *baie interessant vir myself, want hmm… dit is somtyds moeilik om 'n mens self te… hoe kan 'n mens sê te express né en daar kan jy nou sê wat nou, hoe jou gevoel is en wat, hoe jy wil hê mense moet vir jou aankyk of miskien nou deur die, maar die belangrikste wat ek nou gesien het uit, uit die groep wat ons geleer het, is eintlik die eerlikheid wat 'n mens moet het teenoor die groep self, want dit is alleenlik om eerlik te wees dat die ander kan sien, nee maar hierdie vroutjie is op haar kop of so iets.*

- **konflikhantering** (vw 11, 198-207) *veral die konflik as daar, ek het geleer as iemand vir jou iets sê wat miskien vir jou seer maak en so dan moet jy nie, of jy wil vir 'n persoon iets sê dan kan jy dit either op 'n mooi manier vir daai persoon sê, partykeers is dit so dan sê party mense hulle gee nie eintlik om hulle vir jou sê nie wat al maak die ding jou seer, maar hulle gee nie om nie. Maar hier het ek nou weer geleer as jy vir 'n persoon iets wil sê dan kan jy dit op 'n mooi manier sê, nie so op 'n rowwe manier sê nie, want baie keer dink die persoon nie dat hy jou kan seer maak nie.*

  (vw 14, 65-71) *konflikhantering, daai is basies wat ek die meeste kan onthou. HOEKOM STAAN DIT VIR JOU UIT? Vandat ek en (*) saamwerk in soort van groep in, was daar al baie tye waar daar tussen ons twee so bietjie wrywing was en dan het ek maar net gerewind en gedink wat het ek daai jare gedoen en geleer hoe om dit te hanteer en omdat sy dit ook mos gedoen het, het dit ons baie gehelp.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(vw 15, 220-226) *Wel, as ons soos konflikhantering, dit het ons geleer as ons miskien na skool of voor ons skool toe gaan, dan het ons daaroor gepraat en dan het ons gevoel, dan het ons eerlik gewees en vir mekaar gesê hoe jy voel maar op 'n mooi manier, sodat almal verstaan. Niemand het na daai sessie, was kwaad vir mekaar nie. So, ek sal sê dit was nogal rerig iets wat ons kon gebruik het .*

(vw 2, 160-168) *Konflikhantering speel 'n baie groot rol by jou werk self, want as ek nie daai geduld kon gehad het nie, miskien daai drie of vier mense wat saam met, dan sou ek seker al lankal na 'n laer pos, na 'n gewone wag toe gegaan het. EN IN JOU HUWELIK? Hmm… somtyds raak ek sommer kwaad vir enige dingetjie maar dan redeneer ek myself, dan gaan ek na vroutjie toe en sê nee man, ek is jammer – wat ek nooit kon gedoen het nie. As ek kwaad is vir iemand, dan sou ek twee dae, drie dae kwaad bly.*

- **selfgelding** (vw 9, 129-133) *hulle het vir ons geleer van om selfgeldend te wees, om jou sê te sê as dit moet sê, nie om dinge te aanvaar as mense dit vir jou sê nie, maar om te voel as jy verskil en die verskil uit te bring, jou opinie moet jy op die tafel lê, jy moet nooit toelaat dat mense bo-op jou trap nie*

  (vw 11, 146-149) *maar ek het ook maar hier kom leer om wat dit is om in 'n vergadering jou opinie te lug en ek het nooit daarvan gehou nie maar nou kan ek dit darem al doen*

- **beplanning** (vw 9, 139) *en tydbeplanning.*

  (vw 2, 190-192) *Ek beplan so my daaglikse werk nou, want ek het nooit eers 'n dagboek gebruik nie.*

- **probleemoplossing** (vw 11, 150-158) *Omdat ek het nie ek het gevoel dat ek, ek het altyd so gevoel dit wat ek wil sê. sal ek maar vir myself hou, maar hier het ek baie geleer as jy 'n probleem het miskien in die groep en so. dan moet jy daaroor praat en jy moet dit nie net vir jouself hou nie. WAS JY MAAR VAN NATURE SO 'N MENS GEWEES AS JY BY DIE*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HUIS, JY EN JOU MAN NOU VASGESIT HET DAN HET JY OOK MAAR STIL GEBLY? Baie kere het jy maar gevoel jy moet ook maar jou mond hou, maar nou is ek nie meer so nie, as ek 'n probleempie het. dan praat ek daaroor.

(vw 4, 100-105) *Moenie skaam wees om te praat saam met iemand daaroor nie, as jy iets slegs gedoen het, moet nie skaam wees om daaroor te praat nie of as iemand na jou toe kom en jy sien die persoon het 'n probleem hoe om daai probleem vir daai ou so maklik te maak so dan hoef jy nie uit jou way uit te gaan om hom te help nie, hy is eintlik daar om homself te help.*

- **kommunikasie** (vw 10, 142-146) *Sy sal nie eintlik voor my praat nie, maar soos sy die laaste keer met (*) gepraat het by die oueraand, toe het sy ook genoem vir (*) hmm… soos ek ook nou gesê het dat ek baie stil gewees het en ek sou nie sommer gemeng het met mense nie, maar dit het nou uitgekom van my en ek praat nou baie sê sy.*

  (vw 11, 165-177) *dit het vir my baie beteken, ek het geleer hoe om te kommunikeer, en hoe om, hoe sal ek nou sê, dit het vir my geleer dat ek ook iets vir die gemeenskap beteken, want soos ek voorheen het ek mos nie sulke werk gedoen nie en dit was altyd vir my lekker om te hoor die kinders sê vir my hallo mev. En so toe voel ek so geëerd en ek het baie geleer. PERSOONLIK NOG IETS, WAT IS DIE BAIE? Vir my persoonlik soos ek gesê het ek kon nie gekommunikeer het nie met ander mense nie, nou soos ek nou voel vandag het dit vir my eintlik gehelp om te kommunikeer met mense en as ek 'n probleempie het dan kan ek vrylik praat daaroor want dit word nie na die een na die ander vertel nie. Daai persoon hou dit net vir homself en so aan.*

4. **Werksbevrediging** verwys na die mate waartoe die werk die persoon se behoeftes rakende werk bevredig. Uit die data is daar 4 hoofkategorieë wat na vore kom naamlik: erkenning van die kinders, bydrae tot gemeenskap, impak wat insette maak op probleme van die kind en sosiale verkeer met ander persone.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **erkenning van kinders** (vw 2, 172-174) *As ek sien daai kind presteer, dan voel jy amper soos ek het vir jou daar gebring. Jy is miskien 'n rolmodel vir daai kind.*

  (vw 4, 134-145) *ek het nou baie meer responsibility en as ek in die pad loop dan vind, dan sien die mense my as 'n rolmodel en nie as 'n roadmodel nie, want as ek in die pad in loop die mense sien nou net jy is daai ou, maar van ek by Volcano betrokke geraak het, het dan sien mense my dan sê die kinders: Mammie, daar's (*), (*) gee vir my daai klas en hy leer my dit. Dan kom die ouers self na my toe, maar as die ouers self dan sien, nee, maar kyk hoe lyk die ou dan, hy lyk nie vir my reg nie, dan sê ek nee, dit was ek maar ek wil graag nou wegkom van daai af en ek wil graag hê die gemeenskap moet my help om daar te kom. So ek sal maar sê ja dit is meerder die kinders vandat ek beginne lief raak het vir die kinders toe het ek my dinge beginne stop.*

  (vw 15, 53-55) *dit voel lekker om iets te beteken vir die kinders, vir iemand iets te gaan beteken*

  (vw 14, 111-112) *afgesien van die kinders se groepsessies.*

  (vw 11, 87-89) *die sterkpunte is om die kinders te help, om met kinders te werk en hulle te help en om iets vir die gemeenskap te beteken.*

  (vw 10, 56-60) *net vir die feit dat iets kon gedoen het vir die kind wat hulp nodig gehet het, ek het nou gesien hoe hulle die kind geniet, hom in dit wat hy doen en so aan en dit het vir my baie uitgestaan is, as 'n mens vir iemand iets doen dan moet jy sien daai persoon waardeer dit en dan voel dit vir jou na iets goeds.*

  (vw 12, 109-160) *Ek sal vir eerstens sê is die hulp wat die program aan die minderbevoorregte kinders bring, want ek meen met my ervaring wat ek nou al vir, sê, vir een en twintig jaar in die onderwys, was dit altyd vir ons 'n probleem gewees die kinders wat daardie probleme het, daai agterstand het, daar ek meen baie se ouers kan nie bekostig om vir hulle daai ekstrahulp te kry nie. Ons klasse was so oorvol ons kon self as*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderwysers kon nie vir daai kinders, behalwe as ons bereid is om miskien na middag 'n halfuur of so aan 'n kind te bestee en ek sal nogal sê baie van die kinders gaan swaar deur 'n laerskool, die primêre skool-loopbaan, daar is nie daardie ekstra hulp nie en ek vind nogal die program is nogals iets goed, want ek dink dit gaan die kinders beter voorberei vir hulle, ek meen vir hulle jare vorentoe. Eintlik gaan dit vir hulle, al gaan dit nie op die stadium miskien, want nou al die jaar is nou al blykbaar gaan nou al na driekwart van die jaar toe, miskien nou vir hulle iets, maar miskien volgende jaar of die jaar daarna gaan dit vir hulle definitief iets beteken, want daar is regtig baie probleme, die onderwysers nie tyd het voor om aan te spreek nie. Ek self het ondervind, want kyk ek het self met graad twee's gewerk dan was daar van hulle wat probleme gehad het dan het ek baie keer nie geweet wat die oorsaak daarvan is nie en weet ook die kind begin aan die verkeerde kant van die boek te skrywe, jy raas met daai kind want jy weet self nie. Want self soos ek het nou al soveel jare onderwys gewees, maar daar is ook baie probleme wat ek nou eers ontdek wat die oorsaak eintlik dan dink 'n mens jene as jy dit nou daai tyd geweet het dan sou jy nou beter die kind kan benader het, maar ons weet nie hoekom doen die kind dit so of so nie, maar daar is tog ek meen 'n rede daarvoor, wat ons nou nie die opleiding voor gehad het nie, hoekom dit is nie en ek dink nogal dis iets goed, want nou kan ek ook sien hoekom doen die kind dit, hoekom skryf hy so , hoekom draai hy sy blaai as hy skryf en so wat ek nooit geweet het nie. Daar is ook dinge wat ek nou agter gekom het, wat ek eers nou ontdek en as ek moontlik soos by 'n skool kom dan sal ek beter miskien nou daai kinders kan benader want ek sal nou of miskien nou vir daai onderwysers miskien raad kan gee en sê probeer dit of dat en so, waar ek dit nou miskien nie die verlede nou kon gedoen het nie. NOG ENIGE IETS WAT VIR JOU STERKPUNTE IS? Wat ek nog kan sê is hmm… is sterkpunte, is eintlik waar die kind nou hier is die kind nou eintlik maar in 'n klein groepie, so hy kan nou eintlik meer aandag kry dit is ook iets goeds en dit is mos nou waar 'n mens eintlik praat van die individuele aandag en dan soos die lesse wat aangebied word. Goed daar was vir ons van die student se kant af gevra om insette te gee en so, maar ek dink self soos die lesse wat voorberei word dat dit nogal baie goed is, vir die kind

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 'n groot hulp is die stimulasielesse wat nou voorberei word en self soos die studente sit verskriklik baie in, ek het dit agtergekom wat nogal vir my en hulle luister na raad hulle sal nie net aanvaar dit wat hulle doen is reg of wat hulle sê is reg nie. Hulle neem nogal elkeen se opinie in ag, neem hulle.

(vw 5, 267-271) *ek weet een of ander tyd moet ek vir my kind gaan sê daai's rooi en ek moet dit op 'n baie makliker manier vir hom kan sê of ek moet vir hom 'n vorm kan verduidelik en dit is hoekom ek gevoel het, ek gaan al my goed vir my net so hou.*

(vw 3, 59- 67) *dat ons daar was soos op 'n gereelde basis dat ons skole toe gegaan het en dat ons elke Maandag en Woensdag die kinders kan gesien het en dat ons kon gesien het waarin hulle agter is en so en dan die program wat ons vooraf moes uitgewerk het wat om te doen met hulle, speletjies wat ons met hulle gespeel het. En dat ons oueraande gehad het en ons die ouers betrokke gekry het dat hulle ook geweet het wat om te doen wat gehelp het.*

- **bydrae gemaak tot die gemeenskap** (vw 8, 119-129) *miskien buitekant die publiek miskien, vir my moet raadpleeg en vir my vra maar hoe is die situasie daar dan kan ek miskien meer inligting vir die persoon verskaf en hmm.. in die geval waar die persoon miskien kom met 'n probleem as sulks wat die kind betref hmm… dink ek, ek is in staat om dan vir hierdie persoon dan te kan help of om vir hom meer inligting te kan gee hoe om die saak te benader wat die kind natuurlik aan betref. So as hy byvoorbeeld sê goed ek ondervind dit by my kind, dit is eintlik 'n probleem dan dink ek enige een sal dan bevoeg wees om daardie persoon reg te help en vir hom te kan sê hoe kan hy hmm.. die regte metode wat hy kan gebruik om die kind aan te help.*

(vw 8, 145-152) *Seker maar die kinders se gesig, dit spook by 'n mens en om eerlik waar te sê ek het vanoggend opgestaan toe dink ek, o, ek voel nou so swak, maar dit is net iets wat 'n mens net nie kan af, dit is net daai om iets vir iemand te kan beteken, dit is eintlik die belangrikste wat nou vir my nou aanhelp, want hmm… as ek kyk na my hmm… finansiële situasie dan dink ek:*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ag, wat al moet ek ook nou maar stap om tot hier te kom, of al moet ek nou vroeër stap om nou hier te kom, ek gaan hier kom.

(vw 8, 181-192) *daar was baie goed wat nuut was, want kyk ons het dit nou maar net so gevat dat dit 'n gewone les is wat aangebied word, ons het nie die arbeidsterapie kant, hoe kan 'n mens sê die arbeidsontwikkeling van die… ons het nie daai hmm.. geken nie en nou weet ons dat ons moet ook kyk hoe die kind miskien die potlood hanteer, hoe die kind sy lyne trek, al daai fyn motoriese aktiwiteite wat ons wat ons nou gedinges het wat ons nou eintlik opgelet het. Kyk want vir ons was dit nou maar net ons het aanvaar nee maar ons gaan nou net les gee en dit is nou alles waaroor dalk afhaal, maar toe het ons nou uitgevind, nee, maar dit gaan nou eitlik in meer in detail die kinders deur op te let hoe hulle skryf en hoe hulle natuurlik vorder.*

(vw 5, 197-201) *Ek kan met trots sê ek was een van die mense wat die naam gevestig het. Ja, toe het ons daar deurgegaan die naam is gevestig, ek glo nogal stellig baie van die mense het beginne, omdat ons miskien deel was van die kies van die naam.*

(vw 4, 379-382) *Ek het 'n klomp nuwe gedagte in my en ek wil daai gedagtes nie vir myself hou nie, ek wil dit ook met die gemeenskap gee en ek hoop hulle gee vir my 'n kans.*

- **impak wat insette maak op probleme van die kind** (vw 5, 246-260) *en daai follow-ups wat daar was, want daai was smart, want ek weet vir 'n feit eens op 'n tyd het ons gevoel daars nie eintlik 'n follow-up nie en dus hoekom die mense begin wegsak of daar het iets beginne doodgaan in die projek en toe die follow-ups beginne, kon 'n mens beginne sien ok die persoon weet wat hy gekry het en daarvolgens het ons verder gegaan . AS JY PRAAT VAN DIE FOLLOW-UPS, WAT BEDOEL JY DAARMEE? Follow-ups, kyk soos wat gebeur het, is die een student het altyd sê ons het gedoen kleure, die volgende student het ingekom en vorms gedoen, maar dan het ons geweet gaan hul regtig al daai kleure onthou en dan het die vorms terug gegaan soontoe en dan het jy gekry jou rooi sirkel of jou geel driehoek en dan het die kinders dit onmiddelik geweet en dan voel jy nou beginne maak jy impak, en dan werk dit.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(vw 16, 94-110) *ek hou van die feit dat hulle elke oggend 'n sekere tyd het wat hulle begin. 'n Sterkpunt is ook dat hulle hmm.. die skole kan assisteer met die kinders hmm.. ook die feit dat elke oggend wat ons kom, het ons iemand wat saam met ons sit en vir ons vra wat is dit wat ons die vorige dag gedoen het, wat het met die les gebeur – dit is sistematies – ek hou van dit. Ek hou daarvan, dit wys vir jou die werk wat jy gedoen het gaan nie net in die wind in nie, iemand kom môre oggend en vra, reg wat het met die les gebeur. Ek sal byvoorbeeld sê dit is die kinders wat die probleme het en dan sal die leier van ons nou sal sê ons moet dit doen, of dat doen. En daardie feit is hulle baie georganiseerd en ek hou daarvan. En as ons uitgaan die dag en terugkom en daar's is altyd terugvoer, so as jy nie weet nie, sal die volgende een vir jou sê, maar hoekom probeer jy nie so of so nie, so daar is altyd positiewe terugvoer en ek dink daar is heelwat taamlike dinge wat ek kan sê, maar dit kan nie nou by my opkom nie.*

(vw 5, 235-240) *student wat ons gekry het weer altyd die opportunity gegee ok. Ek wil hê die program moet so gaan, maar gee vir my ideas dan het ons gevoel ok ons eien self die projek as sulks kom ons dit hier in al is dit 'n song wat ons ingesit het of 'n game wat ons ingewerk het daai was vir my in effek smart gewees*

(vw 5, 264-267) *infact, my laai is nou nog vol van vorige lesse en notas, omdat ek voel nie dit gaan vir my iets wees sit dit in 'n file en sit dit weg nie soos ek weet vir 'n feit ek werk nog altyd met kinders, ek het twee van my eie kinders.*

- **sosiale verkeer met ander persone –** Die hooftemas wat uitgekom het, is vriendskap, spansamewerking en sosialisering.

(vw 2, 179-181) *Om 'n span te wees, groepwerk, hulle het meer gekonsentreer op groepwerk.*

(vw 14, 111-120) *afgesien van die kinders se groepsessies. Ek is maar iemand, ek hou van praat, ek hou van kommunikeer en gesels in 'n groep, dit is nou afgesien van die kinders. Ja, dit was baie lekker gewees, daar*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was mos tye wat ons baie uit gegaan het, ek weet nou nie watse sessies dit was nie, maar ons het gegaan, dit is 'n plek in Bellville weet ek en dan is ons in verskillende groepe in gewees en dan is verskillende tipe goed gedoen, hulle stuur jou af, in 'n tonnel, en.. spanbou sessies! Daar's dit, sulke goed was baie lekker gewees.

(vw 11, 122-127) *dit was lekker vir my om met die kinders te werk, lekker vir my om elke oggend te kom en dan met (*) hulle te gesels en te kommunikeer en as ek 'n probleempie of iets wat by die huis gebeur, dan hoef ek nie te kom kwaad sit nie, want hulle het sommer vir my die dag lekker gemaak en as ek dink aan die kinders dan dink ek die probleem is alles vergete.*

(vw 10, 37-44) *alles was vir my lekker gewees, soos in die socials wat ons gedoen het, aangesien dit nou vrywillig wat ons dit gedoen het, maar dit wat ons uit dit uitgekry het, dit was baie lekker gewees, dit wat ons geleer het, maar veral die socials, want ons het niks uitgegee nou, want 'n mens het nie eintlik gevoel dat jy vrywillig werk doen nie, want ons het iets uitgeleer daaruit en ons het vir ons geniet.*

(vw 10, 173-180) *Om nou met die kind te werk, om elke dag die kind se gesig te sien is net, hoe kan ek nou sê, somtyds en dan voel 'n mens nou as jy van die huis af kom jy het 'n probleempie gehad by die huis, maar as jy nou kom of jy kom mos nou eers by Volcano nou aan, nou kom jy by die volunteers en so aan, daai gevoel dat hulle wat daar is, die spanbou is lekker en dan vergeet jy al weer van jou probleem en as jy nou na die skool toe gaan en met die kinders werk, is ook 'n baie lekker gevoel*

(vw 12, 257-271) *Vir my is dit lekker om ek meen die mense waarmee jy saamwerk en almal is nou bereid om hulle samewerking te gee, ek praat nou spesifiek van die vrywillige werkers, hulle is almal behulpsaam en ek nogal agtergekom soos die tyd nou daar was miskien in die begin 'n bietjie waar die een miskien nou kyk wat jou houding is, hoe tree jy op en daai tipe ding, maar soos die tyd aangegaan het, het ek nogal gevoel dat hmm… almal begin nou hulle houding te verander, hulle raak meer*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spontaan en hulle is, vra makliker vrae en so, want kyk ek het op 'n stadium self vir hulle gesê, kyk dit is nie 'n probleem, kyk soos (*) en die wat nou laaste bygekom het toe sê, kyk soos ons het nou al die ondervinding en so en dit is nie 'n probleem nie en sy sal vir my enige tyd kom vra hoe doen 'n mens dit, het ek dit reg gedoen of wat die geval ook al is? Maar ek vind dit nogal lekker net die samewerking, ja.

(vw 5, 281-288) *Dit was toe nie agterna 'n projek vriendskap nie, ons was naweke was ons saam, ons het probeer om elke oomblik van die dag wat ons kon gekry het in 'n naweek was ons saam as ons Sondae na een van die mense se huise toe kon gaan, het ons dit gedoen daai was ook een van die baie belangrike goeters en ek dink dit het ons daai tipe team gemaak wat baie goed saam kon gewerk het,*

(vw 5, 291-303) *ons was baie open met mekaar as een 'n probleem met dit gehad het, kon een altyd gehelp het. EN HET JY NOU NOG KONTAK MET VAN DIE MENSE? Jip, ons het nog baie soos (*) se situasie is nou net 'n bietjie anderste hy werk nog baie keer nag, dan kan ons nie by hom uitkom nie, maar elke oomblik wat ons kry maak ons maar dinges soos daar was 'n tyd wat ons kontak verloor het en ek dink toe (*) getrou het die aand het ons vir sy aanstaande gesê ons gaan vir (*) wegsteel, ons het hom weggevat vir hom 'n bachelors georganize alles. As ons nou mekaar sien by 'n dans of so is dit nog altyd dieselfde van hoe gaan dit met jou, hoe gaan dit met daai, die communications caps is nog altyd oop en daai is nogal vir my belangrik*

(vw 3, 128-131) *dat ons met mekaar moes praat en dat hulle ons betrokke gekry het want ons het almal gepraat, nie net sy het nie alleen gepraat nie ons het almal deel gehet daaraan.*

(vw 8, 106) *ek sou sê spanpoging.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(vw 4, 159-164) *Vandat ek en (*) ook bymekaar gekom het, ok vir my voel dit alles wat ons basies saam gedoen het, was goed omdat toe ek vir hom ontmoet het, het ek my gangstervrinne begin los, want ek het geglo hy is my vrind, want hy was die skouer om op te huil, hy het altyd vir my gesê kyk hier daai wat jy doen is verkeerd, jy moet nie daai doen nie.*

5. **Leiding deur die studente.** Studente is primêr verantwoordelik vir die opleiding van die vrywillige werkers. Die volgende twee temas het uit die onderhoude na vore gekom: studente se hantering van die vrywillige werkers en die metode van onderrig.

- **Studente se hantering van die vrywillige werkers.** Het almal betrek by die projek/kan insette gee vir die program/gebruik vorige kennis (vw 3, 143-145). *Ek onthou hulle het byvoorbeeld goed neergeskryf en dan het hulle daaroor gepraat en dan het ons ook ons insette gelewer, almal het deelgeneem.*

  Maak moeite om elke persoon te leer ken/word as mens hanteer/omgee/ aanvaarding as 'n persoon, eie unieke een (vw 7, 78-88) *want u is die mense wat die program aan die gang hou en ek moet sê die manier waarop u met ons handle nê, en die studente ook – dit is goed, dit doen jou in jouself goed, jy voel jy is 'n mens, jy voel jy sluit iewers in en .. die omgee – dit voel ek. Ek voel ook dat as .. want kyk as 'n mens nou besig is met 'n ding, ek sou sê dat die mense van bo gee nie om nie en jy sien hulle is nou maar net daar jy moet maar net die ding doen en dan kry jy ook later daai gevoel van ag te duiwel met hierdie mense man, jy weet dan sal 'n mens nie so pligsgetrou wees nie, maar as jy sien dat die mense wat agter die storie sit die pligsgetroue mense is, dan steek dit jou eintlik aan.* (vw 9, 191-194) *dit was nie net ek is 'n student en jy is 'n vrywillige werker en jy is onder my nie, hulle het ons so behandel, agterna het ons soos vriende gevoel.* (vw 4, 229-236) *As ek hier kom, laat sy my altyd lekker voel, omdat ek weet daar is altyd iemand wat na my sal luister, omdat ek toe ek betrokke was by die bende was daar nooit mense regtig wat sal luister na 'n bendelid en so nie en vir my was dit altyd lekker om saam met haar te gesels, want een ding sy is straight forward met my. Sy*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het vir my gesê wat op haar mind is en dan sal ek altyd so ge hmm.. ja.. het nou ek weet waar ek staan (vw 4, 261-272) *Die way sy die les aangebied amper sy evalueer nie die hele groep saam nie, elke een word individually ge-evalueer, so sy wil graag elkeen spesifiek op sy eie leer ken as sy praat saam met een dan praat sy saam met almal, maar as sy saam met jou alleen praat, dan praat sy saam sekere goed wat op jou pas, sy sal nie saam met praat as sy weet ek hou nie koffie nie dan sal sy nie vir my vra of ek koffie wil hê nie, sien as sy weet ek hou van tee dan sal sy vir my dit vra, sy sal nie iets saam met jou praat waarvan jy nie hou nie, nou dit is wat vir my op my gemaklikste gevoel, dit is hoekom ek voel ek vir haar wil dankie sê, omdat sy vir my gedra het tot waar ek is.*

Herhaling van inligting (vw 7, 138-143) *eintlik in die jare kry jy nou – kyk nou soos konflikhantering het ek seker nou al 5 keer gedoen, maar elke keer as ek hom doen dan geniet ek dit weer van voor af – you know – dit issie iets wat nie sommer net by jou vassit nie, jy 'n mens vergeet mos maar die dinge, maar somtyds kan jy, kan jy darem terugdink, o ja, dit het ons mos so gemaak daar* (vw 11, 190-197) *die manier hoe hulle dit nou vir ons aangebied het, hulle het dit altyd, hoe kan ek nou sê, op sketse vir ons aangebied en vir ons vrae gevra dan het ons die vrae beantwoord en dit wat ons nou nie geweet het nie, hulle vir ons weer oor verduidelik, so ons het eintlik baie daaruit geleer en jy kon dit in jou huis self gaan toepas dit wat jy daar geleer het of met jou kinders kan jy dit ook doen, so ek het baie daaruit geleer.*

Is opgelei in wat hulle doen/doen moeite met aanbiedinge/is vertroud met wat hulle doen, het kennis (vw 7, 171-176) *eintlik kan 'n mens sien dat hulle opgeleide persone is, dat hulle ook opgelei was of opgelei is om dit te kan doen, dis nie sommer enige een wat dit vir jou kom gee nie, aanbied nie, dit kan 'n mens sien en hulle sit verskriklik baie moeite daarin om dit vir ons te laat, dat ons dit kan goed ontvang en dat ons dit kan verstaan.* (vw 8, 195-200) *hulle het dit goed van hulle taak gekwyt om vir ons oor te dra, want dit is amper ek kry net die gevoel hulle is vertroud met dit wat hulle doen. So dit was nie eintlik iets wat hulle probeer aan.. hoe kan ek nou sê aansit in die sin dat dit is iets wat hulle nie van ken nie,*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle het kennis van dit, want as ek nou kan luister dan is dit seker maar deel van hulle opleiding ook.

Toepassingsgerig (vw 10, 220-223) *Die student het dit baie duidelik, hoe kan ek nou sê gedoen en so aan, sy het dit stap vir stap gedoen en aan die einde van die dag het jy verstaan waaroor dit gaan en mens kan dit dan gaan toepas en so dit was baie duidelik gewees.*

- **Metode van onderrig.** Tuisopdragte en rolspel (vw 5, 399-407) *Ek gaan weer eens sê die roleplay is iets wat vir almal gewerk het en ek glo stellig almal het dit regtig waar geniet. Want ek weet vir 'n feit moenie vir my gaan sit en dan moet ek skryf nie, ek gaan sekere van die goed gaan ek onthou, maar baie moontlik gaan ek die goed wat ek moes geonthou het glad nie onthou nie, so wat die roleplay gemaak het, was, dit het jou so deel gemaak van die hele situasie, want jy kom net by 'n situasie wat naastenby so is dan weet jy dit is wat ek moet doen en daai was goed.*

  Breek moeiliker konsepte op in kleiner dele/gee inligting vir verwysing (vw 10, 227-231) *Sy het dit baie prakties gedoen en dit is wat dit baie lekker gemaak het en bv. daar was altyd sketse en goed wat sy gegee het. Jy hoor dit nie net nie, maar jy kan dit sien ook en agterna kan jy teruggaan om weer daaroor te gaan.* (vw 9, 188-194) *en hulle het vir ons vooraf afgerolde blaaie gegee wat ons huistoe kon geneem het en weer kon deurgelees het so daar was niks negatiefs van hulle kant af nie en dit was nie net ek is 'n student en jy is 'n vrywillige werker en jy is onder my nie, hulle het ons so behandel agterna het ons soos vriende gevoel.*

  Verduidelik stap vir stap (vw 9, 183-188) *Wat positief was, is dat as ons blaaie gekry het dan was daar altyd sulke grootse griekse woorde dan het ons altyd vir mekaar onderlangs dopgehou, want ons verstaan nie, maar die manier hoe hulle dit vir ons aangebied het, hoe hulle dit vir ons kleiner opgebreek het, dan het ons aan die einde van die dag dit altyd verstaan.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die sterkpunte van die projek het vyf temas/patrone na vore laat kom. Hierdie vyf temas/patrone word skematies voorgestel in tabel 4.1.

Tabel 4.1: Skematiese voorstelling van die sterkpunte van die projek

Tema/Patrone
1. Ommeswaai in vrywillige werkers se lewens
2. Bevordering van selfkennis
3. Ontwikkeling van vaardighede • spansamewerking • konflikhantering • selfgelding • beplanning • probleemoplossing • kommunikasie
4. Werksbevrediging • erkenning van kinders • bydrae tot die gemeenskap • impak op probleme van die kind • sosiale verkeer met ander
5. Leiding deur die studente • studente se hantering van vrywillige werkers • metode van onderrig

4.2.2 SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK

Die swakpunte van die projek is geïdentifiseer deur die respons van die vrywillige werkers op die vraag: "Wat was in jou opinie die swakpunte van die projek". Die vrae omtrent die swakpunte van die projek het die volgende tema/patrone na vore laat kom:

1. **Skole** waar die stimulasieprogram aangebied word en die **fasiliteite** by die skole.

2. **Bestuur** van die projek.

3. Die **groep** vrywillige werkers self.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elkeen van die drie temas/patrone word vervolgens bespreek:

1. **Skole waar die stimulasieprogram aangebied word en die fasiliteite by die skole.**

- **ongereelde bywoning van die kinders** (vw 2, 147-149) *ek het baie kwaad geraak as die kinders miskien nie kom nie en jy berei vir jou 'n les voor om vir hulle aan te bied, dan is daar net twee of drietjies.*

- elke dag 'n ander **klaskamer** (vw 3, 70-73) *soos in ons geval waar ons by die skool was, het ons nie 'n klaskamer gehad nie en elke keer moes ons na 'n ander klaskamer geskuif word, dit was nogal vir my nie goed nie.*

  (vw 10, 148-155) *laat ek nou sien, swakpunte, nie wat ek nou aan kan, ok, miskien nou net hoe sal ek nou sê, miskien by die skole swak is, is somtyds die lokale en so wat elke tyd in 'n ander lokaal is en somtyds is dit ook dit wat vir jou sommer van plak af maak en dat jy sommer nou kom by die plek en nou vind jy uit dat jy weer na 'n ander lokaal moet gaan, want jy word nou so gewoond aan iets en dan as dit nou wegval en so dan is dit nou wat vir jou mismoedig maak somtyds.*

- **kan nie omgewing interessant maak nie** (vw 3, 73-76) *so, sê nou jy het jou eie klaskamer, kan jy die omgewing nou interessant maak vir die kind, maar ons het elke dag 'n ander kamer toe en dit was nie altyd skoon nie.*

- **afrolwerk** nie gereed nie (vw 12, 194-240) *is net nou dat ons so 'n probleem gehad het elke keer het daar het ek ook nou gevoel ek nie dat 'n mens op iemand neerkom of wat nie, maar toe het ek ook gesê vir (*) soos ons nou middae huis toe stap, dan sê ek, ai, vandag was daar nou weer 'n probleem van dat die blaaie weer nie afgerol nie, 'n mens voel so jy mors eintlik jou tyd om te kom. En dan sê ons nou vir, ek sal nou maar (*) se naam noem, vir haar (*) die werkblaaie was nou nie, die juffrou was nou so besig vandag dan sê ek (*) ek verstaan, want ek was ook 'n by 'n skool en daai mense het baie werk om te doen, hulle het die skool se admin werk wat hulle moet doen en almal die, nou kom ons die oggend hier dan is hier nie blaaie afgerol nie, dan sê die juffrou, nee, die student of (*) het*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nooit die voorbeelde nou vir haar gebring nie en dan sê sy nou nee, maar sy …. Maar dan lyk dit half of sy onseker is, het ek dit nou gegee of het ek nou nie toe het ek ook nou gesê 'n mens voel so jy mors jou tyd, want ons het ookal twee dae hier gekom dan is hier niks vir ons afgerol nie of so nie dan moet ek nou maar weer terug gaan na die ou blaaie toe dan moet ek nou maar kyk wat daar is wat nou naastenby is vir die, dan moet ek nou maar so vir drie of vier die oefening gee en vir 'n ander groepie 'n ander oefening gee net om vir hulle aan die gang te hou en dan sê ons ook , en dan sê ek altyd vir (*)-hulle nee man hmmm…kyk soos (*) en (*) en (*) wat met ons saamgewerk het, ons kan vir hulle gesê het 'n ding dan maar dit lyk as 'n mens vir haar 'n ding sê dan sê sy ja, maar sy doen net die teenoorgestelde. Toe sê ek vir (*) nee, ek gaan nou niks mee sê nie, ons gaan nou maar stilbly, dan sê (*) ook nee, ek voel ook nie meer om te praat nie, ons los nou maar net so, toe dink ek ag, dan gaan 'n mens huis toe en jy dink nee 'n mens kan dit nie nou weer net so los nie, want dan gaan dinge ook nie regkom nie en toe het dit nou al al 'n paar maal hier so gegaan dan gee sy nou soos ons nou kom na die skool toe, dan gee sy nou vir ons die voorbeeld van die dag se lesse, nou is die juffrou miskien nou besig dan moet die, dan sê ek nou goed, ons sal maar aangaan met die les, dan sal ek nou maar vir haar kans gee om dit nou maar vir ons af te rol, nou dit is alles daai klein dingetjies wat 'n mens somtyds, goed 'n mens verstaan een of twee keer miskien, maar nou nie aanmekaar nie. Dan sê ons nou die sewentiende toe die skole begin het, was ons mos nou nie hier nie met die dat ons nou onder die indruk was ons begin die agtiende, toe het ek nou vir (*) gevra wat het hulle nou die vorige dag gedoen, toe sê sy dit was ook nou weer 'n probleem, want toe is daar nou ook nie goed afgerol nie, toe sê die juffrou hmmm… juffrou (*) nou vreeslik omgekrap gewees, want sy sê toe hulle moet nou sê die student of (*) moet nou die blaaie maar soos voorheen vir haar 'n dag of twee voor die tyd gee om vir haar tyd te gee om dit af te rol .

- **te min lokale** (vw 16, 155-164)) *En ek voel ons is te veel in 'n klas ook, ek voel ons is al drie in 'n klas en omdat ons in een lokaal is, almal skree hard en dit veroorsaak ontwrigting, want (*) skree daar uit haar keel uit vir haar*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders en haar kinders kyk om terwyl ek vir my kinders praat en dit veroorsaak 'n hele ontwrigting, natuurlik kan ons nie drie lokale hê nie, ek verstaan dit, maar omdat ons die klas gedeel het, is dit nou wat dit veroorsaak het, so ek dink die feit dat ons meer mense gaan inneem, dit is nou te sê as ons nie gaan uitbrei nie, gaan ons te veel mense wees.

- **skooltye** (vw 15, 248-270) *Sal sê ons het in die oggende ingekom, vroeër ingekom in elke geval – 10:00 was ons al daar en soos hulle kan nou weer nie, 11:00 is nou weer 'n gepasde tyd vir hulle, want hulle moet van ver af kom en daai tipe van ding en ons het baie dinge gedoen. En as ons gevoel het ons wou in die agtermiddag, as ons terugkom van die skool af weer terugkom dan het ons weer terug gegaan en gaan gesels. SO WAT IS VIR JOU DIE GROOTSTE PROBLEEM MET DIE OORSKUIF SKOOL TOE? Die tyd, die skooltyd, alles moet volgens skooltyd gedoen word voordat hulle die hekke toesluit. Maar daar was mos nou nie so iets nie, as ons miskien plakkate en so moes gemaak het vir die skool miskien vir môre, dan het ons nie die volgende oggend gekom en dit kom doen nie, dan het ons van die skool af gekom en dit gaan doen daar. EN WAT HET JULLE DAARUIT GEKRY? Baie, dan het ons baie lekker met mekaar gesels, dan het jy ook tyd gehad om sosiaal met mekaar te verkeer. SO, JY MIS EINTLIK DAARDIE SOSIALE TYD WAT JULLE GEHAD HET NA SKOOL, WANT DIT IS NIE NOU MOONTLIK NIE. Nie net die socials nie, maar toe het 'n mens baie meer tyd om 'n ding te doen , kyk in 'n oggend is daar nie so baie tyd om jou goed agter mekaar te kry nie en anders moet jy dit huis toe neem en by die huis het jy ook 'n klomp dinge wat jy moet doen en dan kry jy nie tyd nie.*

2. **Bestuur van die projek**

- **oorkontrolering** (vw 5, 376-395) *Volgens my was daar net een keer iets wat net nie vir my moes gebeur het nie of kom laat ons sê (*) het sy was die hele een persoon wat die ding geiniated het in die begin in. Nou wat gebeur het is, toe gaan die projek al so het dit gegaan ek kon sê die mense was al afhanklik van (*) af. Sy het nie meer nodig gehad om te spoonfeed nie, wat toe gebeur het (*) het nog altyd geprobeer force om sy*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wou altyd by wees met alles en baie van die volunteers het gevoel: ek weet wat is my dag se werk ek weet wat ek moet gaan doen, maar (*) het gevoel sy wil up to date wees en partykeer het dit gevoel sy beginne pressure die mense en dan het dit gelyk amper die volunteers gaan na die skole toe en sit agteroor of dis die indruk wat ek toe gekry het. Wat ek daarby wil sê, is die persoon wat die hele ding coordinate, kan insit, no problem, kan feedback kry, no problem, maar nie daai elke dag so wat het julle vandag gedoen, het julle jul goed vir daai in en ek dink baie van die mense hou nie daarvan om so heeltemal gepress te word nie. Die volunteers moet weet ons weet julle kry nie betaling nie, maar ons trust julle met certain responsibilities, jy moet dit vat. Dit was daai en laat ek dink, niks anders.

- **leierskap** (vw 12, 362-374) *wat ek nogal opgelet het nou nie by die student soseer nie, miskien by die laaste, hmm.. soos ek gesê het (*) was vir my 'n baie sterk persoon dan het ek agter gekom, selfs nou met (*) dat daar vir die vrywillige werkers nou goed ek voel ook elke een is individu, hy het sy eie persoonlikheid en so, maar dan voel ek ook 'n mens moet partykeer mense sê of jy moet soos 'n opdrag gee, want ek het nogal agtergekom dat toe ons begin het, kan ek onthou ons het lootjies getrek om te besluit, ek gaan nou na hierdie skool. Moenie vir nuwe mense vra waar hulle wil gaan werk nie sê hulle. Ek voel 'n mens moet eintlik so te sê daardie op jou punt kan staan jy moet vir mense kan sê, goed dit is nou die mense wat by daai skool is of jy doen dit of jy doen dat.*

  (vw 16, 124-155) *En daar is altyd konflik, want hulle is die nuwe mense en ons is nou al natuurlik die oueres en hmm.. hulle soos die persoon wat nou voor ons is, sê nou die leier hmm.. kom hulle en ons is nou daar en nou sal sy nou vra vir hulle dalk, sy sal vir hulle vra, wil jy na die skool toe gaan, wil jy dit doen, wil jy dat doen natuurlik hulle gaan sê nee, dit het gebeur, hulle sê hulle is nou gevra na watter skool toe wil jy gaan, nou sê hulle, hulle wil hier wees en ek voel net ons was nie gevra nie, ons is 'n bakkie gegee en ons moes getrek het en ons moes dit vat. Ek voel aan die einde van die dag was ek gesê kyk hier, jy gaan (*) toe en ek het dit*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanvaar en nou kom hulle en hulle word nou net gevra waar wil hulle wees en hulle sê sommer reguit. Nou dink ek by myself, hoekom word hulle gevra en ek is nie gevra nie en hulle sê net reguit nee, en ek kan nie nee sê nie, as hulle vir my iets vra dan doen ek dit, want ek voel, dit is wat gekom het om te doen en daar is altyd 'n iets en daar's ook die ding van die vervoer. In die oggende vat ek die taxi nou van my huis af tot in Haltweg, dan vat ek die taxi, dan kom ek tot hieronder en dan loop ek verder, ek gee maar R2, 50 uit per dag en in die middag loop ek huis toe, so ek gee omtrent R10,00 uit per week. Ek voel nie dit is 'n probleem dat my dinges nie, maar soms en ek was mos nou by die hospitaal en my niereprobleem, dit veroorsaak dat my voet swel, net die regtervoet en as hy swel dan kan ek nie ver loop nie en dan die lopery tot by (*) elke dag, ek loop van die huis af tot by Haltweg en tot hier en dan loop ek weer op na (*) en weer terug tot hier en van hier tot by die huis, dit is baie loop ek kom oor drie by die huis van hier af. En in die winter dit reën verskriklik en ek voel net daar is die wat die keuse het en ek voel net dit is daar waar die probleem inkom. En ek voel die leier van ons moet eie inisiatief neem, ek voel nie, sy moet vra nie ek voel sy moet sê, reg jy en jy julle gaan daarna toe.

(vw 16, 180-215) *ek sê nie sy moet nie hulle opinie vra nie, ek voel net sy moet meer inisiatief aan die dag lê deur te sê, want aan die einde van die dag as sy vir hulle so gaan behandel en sy behandel vir ons so, dan voel ek net hoekom word hulle dan nou so behandel en ek so, nou ek verstaan sy voel natuurlik sy kan op ons staatmaak en goed sy kan op my staatmaak ek sal wat sy vir my nou vra, dan doen ek dit nou, maar ek weet nie of dit is omdat hulle miskien nuut is dat hulle nou om dalk vir hulle aan te haal nie, miskien is dit die rede, ek weet nie. Maar ek voel net ek moet dieselfde gebehandel word soos hulle, want hulle moet dieselfde behandel word soos ek. Want ek sit soms in die klas en dan kom die een in en dan begin hy sommer sy hare te kam en die ene beginne te lees 'n boek en ek voel dis nie reg nie, ek het eendag sommer vir een van hulle aangespreek, maar jy kan mos sien sy is besig hoe kan jy dan 'n boek lees en dit veroorsaak groot ontwrigting, want ek voel ek moes dit nie gesê*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het nie, sy moes dit gesê het. En ons kom nou al vir 'n week, twee weke in elke oggend en niemand praat 'n woord nie en daar is so 'n tense, so ek weet nie wat dit is nie, daar is so stilte en ek kan voel daar is iets verkeerd, ek kan voel en ek voel nie baie hmm.. ek voel nie meer lekker, ek voel tot op die punt waar ek voel ek lus nie om te kom nie en dit was nooit voorheen so nie, ek het dit geniet om te kom maar nou begin dit voel dis nie vir my nie en dit was nie voorheen so nie. HET JULLE AL PROBEER PRAAT MET HAAR? Ons het, ons het, sy vra soms onse opinie en dan sê ons vir haar, maar ek dink voor sy vir ons vra, is haar mind al opgemaak al, dan het sy al besluit wat sy gaan doen en.. dit is nou al twee of drie kere al. Ons moet nou maar stil bly dit raak al swakker. MAAR DIE UITEINDE VAN STIL BLY, IS DAT JY RAAK AL MEER GEDEMOTIVEER EN OP DIE OU END VERLOOR DIE PROJEK AL DIE PAD. IETS SAL DAAR GEDOEN MOET WORD. Dit is amper, hoe sal ek nou sê of daar 'n faksie van twee kante is, een groep is nou aan die kant en die een groep is aan daai kant en ek hou nie daarvan nie.

(vw 16, 289-342) *Die feit dat die leier nie 'n besluit kan maak nie, as ek haar nou vra sê sy ek weet nie, ek voel sy moet vir my kan sê, nee dit is so of ja, dit is so, ek voel net sy moet nie vir my sê ek weet nie en ek gaan nou iets sê, daai aand toe ons die ouervergadering gehad het, toe die feit dat sy nie wou hmm.. die leiding neem nie dat sy vir my gesê het ek moet die vergadering open, wil ek nie sê wat Volcano oor is nie en ek het nie gehou daarvan nie, want ek het gevoel sy is die arbeidsterapeut en dis wat ek eintlik kon onthou het (*) dit gedoen verlede maand en juf. (*) het dit gedoen, hoekom moet dit nou op ons val om te doen, ok en ek voel sy kan dit ook vir ons gee om te doen maar ek voel dit is haar eerste keer en sy moet haar mos self ook bekendstel en ek voel daar het sy al reeds vir my gewys dat haar leierskap is nie wat dit moet wees nie en toe wys sy al reeds nou al vir ons almal, want aan die einde van die dag het almal dit gesê. Aan die einde van die dag het sy vir my as persoon gewys haar leierskap is nie wat dit moet wees nie, want dit is 'n klomp mense en nou het sy gevoel o.. jene nou, miskien kan sy nie voor mense praat nie, maar om vir ons te wys sy is 'n leier, ek voel moes sy dit gedoen het, daar gaan*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staan het en daar voor gesê het ek is ... en ek is die arbeidsterapeut en dit is waaroor Volcano gaan en so en daardie ding het nommer een al reeds vir my gewys sy gaan nie 'n baie goeie leier wees nie, want daar kan sy dan nie haar besluit maak nie. Ok ek weet sy moet eintlik delegeer ook, verstaan dit, maar somtyds voel jy net hoekom moet ons dit doen en sy doen dit ook nie, miskien sien ons al die tyd die student het dit gedoen of ek onthou die studente, ek praat nou nie van een spesifiek nie, almal van hulle het in die oggende gesit met 'n boek en dan skryf hulle (*) en dan reg (*) het gesê daar is probleme met die vorms en wat gaan ons doen om dit aan te spreek, dit is wat ons gedoen het elke oggend as die student gekom het, dit is van 11:00 tot 12:00 dan het ons iets gedoen, dan het die student gesê, reg agterna gaan ons nou dit doen of dat doen en dit was vir my baie mooi georganiseerd gewees en ons het geweet wat om te doen, maar nou nie in die oggende doen ons niks nie en as kom by die vergaderings een keer 'n week ons se notule van onse vergadering is net so kort, nou ek weet nie of daar nie punte is vir die vergadering nie, maar ons het nog nooit 'n vergadering van tien minute gehou nie nie so ver ek weet nie en ek voel sy kan mos terugkom na die ander en mos kyk waaroor dit gegaan het al die tyd en hmm.. die gedagte van die week was nie meer op gewees nie, daar was nie meer die klas se skoonmaak nie, kyk al daai was mos vir ons uitgesit en verlede week toe ons begin, toe vra sy nou is daar enige iets vir die agenda, toe sê ek die gedagte van die week en die klas skoonmaak en dit was al wat op die agenda was en toe het ek nou gesê van die vrywaringsvorms en dis al.

- **bemarking** (vw 12, 48-52) *ek was al die tyd in die omgewing, maar ek het nog nooit gehoor van Volcano nie, ek meen daar was nooit gesels daaroor alhoewel ons hmm.. met (*) se mense in aanraking was, veral wat die sport betref, maak ek het nooit gehoor van Volcano nie.*

- **beplanning** (vw 2, 130-132) *as daar miskien meer fondse is, want ek meen elke mens sal nie vandag 'n werk verniet doen nie om elke middag vir daai kinders te gaan leer.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(vw 7, 106-116) *in die begin het groei my bietjie gepla, die feit dat ons nie mense kon werf nie en mense kon bly hou nie, die vrywillige werker en so, maar op die huidige oomblik is ek baie gelukkig met hoe die toestand nou is, want die klomp mense wat ons nou het nou moet ons net vertrou dat dit nou so sal gaan en dat ons sal verder groei, want dit is eintlik basies die ding, as daar nie vrywillige werkers is nie, is hierdie projek maar net niks werd nie – so ek dink daar moet definitief gesien word na die vrywillige werker en miskien die rede hoekom hulle miskien nie bly nie of wat 'n mens miskien iets kan doen daaraan om hulle meer pligsgetrou te maak of so.*

(vw 12, 179-193) *want baie oggende dink jy, ag wat, is dit nou die moeite werd om te gaan of ek kan maar net so goed los of laat hulle nou maar aangaan soos hulle nou op hulle manier voorheen, miskien voel hulle om nog altyd op daardie manier aan te gaan en maar soos ek sê, is daar ook nog die punt ek weet nou nie wanneer Volcano miskien nou gaan uitbrei of verder uitbrei na ander gebiede toe nie en miskien is dit die dat ons nou so moet ver reis, want dit is nou onkostes aan en nie net dit nie, dit vat baie van kyk, want, soos ons nou kom, moet ons soggens al vroeg uit die huis uit gaan, jy moet 'n bus vat, jy moet 'n taxi kry en almal die tipe dinge wat 'n mens het dan voel jy ook as dit miskien uitgebrei kan word, miskien na 'n skool na ons waar ons ook miskien een taxi of een bus kan vat tot daar of selfs kan stap tot daar dan sal dit 'n mens miskien ook meer aanspoor of so.*

(vw 15, 141-145) *Wel, Volcano moet eintlik nou al in die jaar 2000 al uitgebrei het al na ander skole toe, na ander gebiede toe, want dit is nog altyd net hier waar dit begin het, dit kom dan nou nie verder nie, so daar moet een groot probleem wees wat ons nou net hier hou.*

(vw 2, 185) *Vrydagoggende se vroeg opstaan.*

(vw 8, 132-143) Op die oomblik is dit nou eintlik omdat ons ook natuurlik finansiële probleme het, is die vervoer eintlik 'n bietjie, dit is eintlik 'n bietjie afbreking, want om van punt A na punt B te gaan is 'n bietjie baie moeilik,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

alhoewel die hmm… hoe kan 'n mens nou sê, soos hulle sê die gees is gewillig, maar die vlees is teenstrydig met dit en dit is eintlik wat dit , wat dit 'n bietjie, nie dat dit 'n negatiwiteit is nie, maar dit is omdat ons graag hier wil wees, sal ons alles probeer al moet ons ook geld gaan leen. Dit is eintlik onse norm of onse… die belangrikheid net om hier te kan wees. JA. JULLE KOM VAN VER AF. Ja, ons kom van baie ver af en dis eintlik twee vervoer, tipe van vervoer wat ons moet gebruik om hier te kom en dan is daar nog 'n stapafstand ook.

(vw 9, 160-164) *My ma verstaan, my oudste broer het gesê ek kan gaan werk soek, hoekom moet ek vrywillig werk, maar dit het my nie gepla nie, omdat ek dit uit my hart gedoen het. Ek het dit gedoen vir die kinders en ek het ook agterna my seëninge so ontvang.*

3. **Die groep vrywillige werkers self**

- **aanpassing** (vw 2, 185-190) *ek sal sê ek sou verkies het dat daar miskien 'n student heeldag saam met ons moes wees. Amper net so jy vergeet net wat het jy geleer, maar as hulle net daar is dan is dit amper so dat hulle re-inforce wat jy geleer het. Hulle bring dit hoe sal 'n mens sê, jy leer vandag iets en dan kom hulle net weer in met verfrissing.*

  (vw 10, 156-169) *miskien sal ek ook sê dat somtyds soos die vrywilligers, 'n mens raak gewoond aan mekaar nou en nou is dit miskien nou daai persoon weggaan en dan hmm.. daar was nou 'n lekker verhouding met julle gewees en nou moet daar weer iemand anders kom of jy lei skade, want daai persoon kan nou nie alleen aangaan nie met die groep en so aan nie, maar as dit nou julle twee saamwerk, is dit oraait. En veral ook self in die geval van die student ook, selfs wat jy kan sê 'n mens raak gewoond aan hulle en nou by die tyd dat jy nou te gewoond is, is dit tyd dat hulle moet weggaan en dan moet jy nou weer 'n nuwe student ontmoet en jy moet nou eers weer haar gewoontes gewoond raak en so aan.*

  (vw 11, 103-112) *die oggende as ons so bymekaar gekom het, dan ek wil nou nie spesifiek name noem nie, dan het party en as ons nou so baie grappies maak en daai dan het party in die groep nou nie daarvan gehou*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie dat ons moet grappies maak nie en ek is 'n persoon ek hou van lag en gesels en grappies maak, maar nou is daar miskien persone in die groep wat nie daarvan hou nie en dan het dit, dan het ek ook nie party dae lekker gevoel nie, want nou sien ek die persoon hou nie van die dinge wat ons miskien nou oor grappies maak en so nie – dis maar al.

(vw 15, 95-112) *Toe ek daar gekom het, was .. het ek ook uit gevoel, want die wat reeds daar gewees het, het so 'n ander attitude gehad, maar … hulle was heeltemal anders amper hulle het alleen gekliek en die geld-storie, toe ons daar kom toe was dit maar 'n geldstorie en.. ek het my nou nie daaraan gesteur nie, want dit is nie hoekom ek gekom het nie, ek het gekom om met die kinders te werk, om iets vir die kinders te beteken en dit gaan mos nou nie om myself nie en as ek nou moet sê, sal ek sê dit is nou weer besig om te gebeur en dit lyk vir my elke jaar gebeur dit dat die mense wat die goed aan die gesit het, val uit, so ek kan nie nou eintlik 'n opinie gee van Volcano nie, want ek was nie die afgelope maande hier nie maar toe ek dit gelos het was dit nog heeltemal reg. Maar ek dink vir die nuwelinge is dit nie so lekker verduidelik waaroor gaan Volcano nie vir ons is dit mos nou baie mooi verduidelik waaroor gaan dit, dit was nie vir ons 'n geldstorie nie, ons het nie 'n klomp dinge kom verwag nie, ons het net gekom om te gee.*

(vw 15, 209-213) *ons het baie kere nie mekaar reg verstaan nie en dan was die een miskien te bang om vir die ander een te sê hoe hy voel. Dit het nogal baie voorgekom, want almal is mos nou verskillende mense, dit is nog altyd so, maar dit is seker maar so by enige werk.*

(vw 12, 163-172) *Is seker maar die manier hoe die mense, miskien het dit nou baie verbeter, maar in die begin soos hulle gekom en gegaan het, so daardie traak-my-nie-agtige houding en soos ek in die verlede ook gesê het, dit het altyd gelyk ek voel nie om my mening te lug nie, of te sê kan ons nie dit doen of daai nie, want soos ek gehoor het, was daar al mense wat gesê het hulle het nie nog lus om soos ekstra apparate te maak nie of hulle het nie nog lus om dit te doen nie nou waar ek nou weer daaraan*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gewoond is en dit het 'n mens nogal 'n bietjie terug gesit in die begin en toe was ek bly

- **groepdruk** (vw 4, 193-208) *daar was 'n paar swakpunte, ek sal nie eintlik sê dit is swakpunte nie, dit is iets partykeer as jy hier aangekom het was jy nie lus om na die skole te gaan nie, omdat die mense wat altyd saam met jou is, party druk jou af en ander lig jou op, omdat kyk, die situasie waar ek was, ek was partykeer baie afgedruk maar partykeer lig hulle jou weer op. HOEKOM DINK JY HET HULLE VIR JOU AFGEDRUK? Ek dink omdat die situasie waarin ek was, want ek het nie geworry om by die huis te slaap nie en ek het dagga gerook. WAS DIT TERWYL JY DEEL VAN DIE PROJEK WAS? Ja, hulle het altyd gesien ek moet 'n skoon mens wees en toe ek besluit om deel te wees van die projek het baie gesê ek moet nie daai ding doen nie, want dit pas nie by my way, want ek moet daar gaan staan voor kinders en sê nou hulle praat miskien nou oor 'n sekere ding dan lyk dit nou amper ek gaan skuldig voel, omdat ek weet ek doen die ding, maar ek praat nou saam jy moet nie die ding doen nie.*

  (vw 4, 275-288) *Daar was ek sal nie sê probleme nie hm.. so ligte konflikkies so tussen groep members wat ontstaan het, daar is 'n paar probleme wat opgeduik het, byvoorbeeld as een laat kom hy voel nie altyd om sy beste te gee nie, hy wil voel nou down omdat hy vat dit so ek is nie op tyd nie, almal gaan nou check hy is laat, hy's laat hy is alewig laat of so, so daar was baie daai druk omtrent almal ek het ook baie keer mense 'n hard time gegee, omdat ek vat dit so as ek my beste gee en die een wat nou vir my wil toelaat om my beste te gee nie ek gaan kwaad raak vir hom, omdat hier staan ek op die drumpel, ek wil my beste gee maar daar die muur en die muur keer dat ek my beste kan gee, nou ek het vir myself gesê (*) loop dwarsdeur die muur en gee jou beste, maar verder aan sal ek nie sê daar was probleme nie*

- **subgroepe** (vw 7, 45-50) *Ek kan nou nie lekker dinges nie, ek wil nou nie van anner mense nou maak. Ek dink die mense wat daar was hulle het hoe sou ek sê nie sommer nuwe mense aanvaar nie. Dit was amper asof*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

iets is waarvoor hulle bang voor is, amper asof jy hulle plek gaan kom oorneem of iets soos dit.

(vw 15, 114-135) *Ek weet nie, die afsonderingheid, die kliekery dit is nou wat van lankal af aankom dit moet 'n gesamentlike groep wees dit moet nie 'n afbakening van sekere goed wees nie kyk ons was 'n klomp daar gewees, ons het daai socials elke Vrydag gehad en dan het almal bymekaar gekom, jonk en oud, dit maak nie saak of dit nou is dat ons moet sê auntie of oom, maar ons het almal lekker met mekaar gekliek en gesels en vergeet van die ouderdomsverskil en dit is wat hier ook is, kyk die jonges, die wat nou jonger as ek is hulle voel weer hulle hoort bymekaar, daai groepie voel weer hulle hoort bymekaar en nou kan 'n mens mos nie lekker saamwerk nie. HOEKOM DINK JY GEBEUR DIT DAT HULLE SULKE GROEPE MAAK? Dit is min of meer hoe sal 'n mens sê hoe hulle na die skole toe gaan, as die drie miskien vandag saam by 'n skool is en dan bly hulle die drie so bymekaar en dan is dit mos dat hulle mekaar mos nou baie beter verstaan as wat die res nou vir hulle verstaan. SO HULLE KEN MEKAAR BETER Ja, toe ek daar gekom het, was dit een jonge moes elke dag ingedeel by 'n verskillende grootmens, sodat ons met mekaar kon gesels. EN DINK JY DIT HET GOED GEWERK? Ja, dit het nogal goed gewerk, op daai manier het ons mekaar verstaan.*

(vw 16, 116-124) *Die swakpunte is dat op die huidige oomblik het ons baie jong mense in Volcano en hmm.. die jongmense vorm hulle groepie en natuurlik ons wat nou ouer is, ons vorm onse groep. Ons sit almal saam in 'n groep, maar ek weet nou nie of hulle sal fluister onder mekaar en dit pla eintlik vir my, want ek weet nie hoekom fluister hulle nie en dit pla vir my en dit veroorsaak, dit ontwrig eintlik vir jou, dit veroorsaak hoekom fluister hulle, hoekom lag hulle, is daar iets verkeerd, ek meen dit is nie mooi nie en ek dink nie dit is goeie maniere nie.*

(vw 15, 145-157) *As ek nou moet sê makeer ons mense wat rêrig vrywillige werk wil doen nie mense wat 'n werk soek en geld wil verdien nie, want as jy 'n werk wil hê moet jy gaan vir 'n gewone werk en as jy kom vir vrywillige diens dan kom jy nie vir geld nie. VERSTAAN EK JOU REG*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AS EK NOU SOU Sê ONS DOEN DIT SONDER ENIGE VERGOEDING, DINK JY DIT SAL WERK? Ja, ek dink so as die regte mense, daar is mense wat so voel kyk (*) voel dieselfde, ek voel die dieselfde, dit gaan nie oor die geld nie, want as ek 'n werk wil hê, ek is nog jonk, as ek 'n werk wil hê, sal ek gaan om vir my 'n werk te gaan soek, maar ek voel nie om te werk nie, daarom dink ek dit is nie so goed om die jongmense te vat nie.

Die swakpunte van die projek het drie temas/patrone na vore laat kom. Hierdie drie temas/patrone word skematies voorgestel in tabel 4.2.

Tabel 4.2: Skematiese voorstelling van die swakpunte van die projek

Tema/Patrone
1. Skole waar die program aangebied word en die fasiliteite beskikbaar • bywoning • lokale • afrolwerk • skooltye
2. Bestuur van die projek • oorkontrolering • leierskap • bemarking • beplanning
3. Die groep vrywillige werkers • aanpassing • groepdruk • subgroepe • vervoer

4.2.3 VOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN DIE PROJEK

"As jy die mag het om iets te verander aan die projek, wat sal dit wees?" Die respons op hierdie vraag het drie temas na vore laat kom naamlik:

1. **Aansporing**

2. **Bestuur**

3. **Ander logistieke**

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elkeen van die drie temas word vervolgens bespreek:

1. **Aansporing**

- **finansiële steun** (vw 2, 197-198) *miskien as ek die mag gehad het sou ek miskien finansiële steun wou hê.*

  (vw 5, 417-429) moeilik vir gesin om te aanvaar jy spandeer baie tyd uit maar bring niks huistoe nie. *Ek het dit wel gesê geld is nie belangrik nie, maar anderste manier van incentive kon gee, daai was miskien nogal iets, ons het miskien ons het baie kere fleck gekry by die huis hoe kom jy, waarnatoe gaan jy, ek bedoel ek is al die oggend 8:00 weg van die huis af, partykeer voor 8:00 dan kom ek die aand watter tyd huis toe so dis altyd by ons ouers hulle het dit nie altyd gesien soos ons dit gesien het nie, hulle het beginne agterna besef wat dit regtig vir ons kan beteken, so vir hulle was dit baie meer belangrik van jy bring niks huis toe nie so al was dit, 'n mens kon dit begin agterna sien, dit is omdat jy niks huis toe bring nie. Veral met die oueraande dan was daar altyd iets voorgesit vir die ouers, maar dan was daar altyd genoeg oor wat dan gebeur het.*

  (vw 7, 198-203) *miskien is dit die finansies ding, aan die finansies sal ek miskien die ding anderste werk. Ek weet nou nie hoeveel geld, watse geld daar is of so nie, maar ek voel nou nie hoeveel geld, watse geld daar is of so nie, maar ek voel dat ek sal wil hê dat met soos ek gesê het as ons miskien elke dag die graad ene kan sien en elke die graad 2 kan sien nê en hmm.. hoe kan ek nou sê meer doen dalk, kan ons meer doen.*

- **werkskepping** (vw 7, 233-244) *ek nou dink, soos aan werkskepping, you know, kyk soos ek sit ook nou hier, maar ons het ook mos elkeen onse behoeftes wat in voorsien moet word en…. Dat daar miskien soos in poste geskep word miskien vir iemand. Ek sal dink miskien as daar 'n administratiewe pos dat ek dalk miskien nou voorkeur kan kry you know. Ek raak mos nou ouer, ek raak mos nou nie jonger nie wat gaan ek nou die heeltyd doen, ek bedoel maar nou, maar soos ek nou vir myself voel, is daar nie ander weg nie, ek voel ek wil hier by Volcano wees, dit gaan ek nou maar doen tot ek nou nie meer iets kan doen of so nie, maar ongelukkig wat ek*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar net kan sê is dit dat 'n mens maar gedurig uitkyk en uitluister, omdat jy mos ook maar jou menslike behoeftes het.

2. **Bestuur**

- **leierskap** (vw 12, 377-388) *kyk ons het mos nou besluit ons gaan elkeen van 11:00 tot 14:00 werk, kyk dit is ook miskien nou iets dat mense nou sommer eers half 12 aangestap kom of voor 12 wat ek nie voel wat reg is, want ek sê gewoonlik ons wat van ver af kom, is gewoonlik elke oggend betyds, ons is vroeg daar, maar somtyds sal 'n mens miskien 'n paar minute na 11 kom, maar nooit so laat dat die dag nou al so ver gevorder is. As 'n mens by 'n ander plek werk en jy begin 8:00 te werk dan moet jy mos 8:00 daar wees. 'n Mens moet besef, jy het 'n plig daar ook, dit is nie net sommer iets wat hmm.. soos ek netnou gesê, jy kan dink jy kom en gaan soos jy wil nie. As jy dit gaan toelaat dan kom al meer mense laat.*

  (vw 16, 395-403) *ek sou die mense verander, ek sou die lede verander, ek voel dat miskien sou ek 'n bietjie meer volwasse mense en ek sou as ek die leier was, sou ek nou as ek gesien het hulle groepeer saam en hulle groepeer saam dan sal ek hulle uitskuif, ek sou hulle nie in 'n groepie saam sit nie, want dit is waar die kwaad borrel. Want een groepie sien ek is saam hier en daai is nou daar saam en nou hier borrel die kwaad en nou môreoggend is hulle bymekaar en dis waar die probleem lê.*

- **opvoeding** (vw 12, 400-402) *miskien moet ons meer ouer betrokkenheid kry, want ons sien en hoor maar min van die ouers.*

  (vw 15, 291-297) *ek dink net die student – een iets moet ons nog bysit, sy het dit nou laaste gedoen en dit is om vir ons te vertel waaroor gaan arbeidsterapie rerig, want ons gaan gee daai les, want ons het nou al daai stukkie geleer al, maar om vir ons 'n groter insig te gee in wat ons eintlik doen, want ek het ook nie geweet wat is arbeidsterapi voordat ek hiernatoe gekom het nie.*

  (vw 15, 307-317) *om liewer dat die student dan vir ons 'n les voorberei vir ons en konflikhantering en daai tipe van ding eers 'n bietjie agtertoe te*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skuiwe en vir ons altyd 'n lessie by te gee, hoe kan ek sê, 'n groter verduideliking oor dit wat ons miskien vir die week met die kind gaan doen en waaroor dit eintlik gaan en waarvoor jy eintlik moet kyk net om jou mid so 'n bietjie te verfris. En wat dit nou jou nou eintlik kan vertel as die kind dit nou op daai manier doen.

- **beplanning** (vw 7, 203-233) eie lokaal/minder mannekrag in projek/kleiner groepe kinders/meer gereeld, dalk daagliks die kinders sien. *Soos in soos ek nou sê kyk as ons nou elke kind elke dag kan sien, nê, dan moet ons nou natuurlik meer mense nodig het, of moet langer werk. Of ons kan nou ook nie sê 'n groter lokaal of miskien nou altwee groepe saam kan vat nie, maar ek sal nagals dink – defnitief – ek weer ook nou nie dalk is ek nou laf, maar daai een dag tussenin wat jy nou nie die kind sien nie, ek dink daai dag breek alles weer af, ek is nou jammer, maar ek dink dit breek alles weer af, want volgens soos ek nou by die een kind wat ek nou mee werk, daai kind was hoeka by pre-school, maar hy kan nog nie eers sy naam skryf nie en ek het nou beginne werk om spesifiek net met hom sal ek nou maar sê, die ander kinders gaan nou aan en nou sit ek heeltyd by hom. Dan is die uur om né, dat het ons miskien basies net een blad gedoen waar hy net syfertjies geskryf het van 1 tot 5 en ek meen, kyk waar staan die jaar al en…en… nou voel ek so as ek dalk begin het van die begin van die jaar af, is ek seker ek sou daai kind voel einde van die jaar deurgekom het. Nou voel ek so, nou is dit 'n waste because nou is die kind die jaar is om, die kind het dit nou nie gemaak nie, hy bly nou agter in graad 1, hy kom miskien nou nie weer terug na Volcano toe nie, omdat daar mos nou ander kinders is, nuwe kinders kom met die behoefte wat nou weer moet aankom. So, ek voel amper die enduit storie, kan ek amper voel is ons nie heeltemal… heeltemal achieve wat 'n mens moet achieve nie, amper so maar ek voel dat kinders wat daar is in die klas wat miskien nie daai aandag nodig het nie soveel soos daai kind nie, daai kind gaan miskien mooit agterbly nie, hy is bietjie agter vir die ander, maar nie so ver agter soos hierdie ene nie. Hierdie een se kanse om voort te gaan is baie min, maar die ander een sin is groter, nou ek voel ons moet nou meer doen om hom ook daar te kry.*

  (vw 7, 287-295) *Daar's baie kinders wat in die klas insit, dan wonder ek hoekom het die juffrou dan nou vir hom hier gesit, want ek voel die kind het*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie Volcano nodig nie, want ek weet wat ons nou die kind hier leer, gaan nou nie vir hom help nie, dan het die juffrou miskien die kind daar vir 'n ander rede, want dit is miskien iets waaraan ons kan werk om uit te gaan vinne individueel wat elke kind se swakpunt is. Dalk kan ons iets daaraan doen om hulle in groepe op te verdeel en vir hulle verskillende werke te gee en so.

(vw 15, 157-162) *eerder mense wat alreeds gewerk het, miskien afbetaal is by die hulle werk, wat miskien 'n bietjie ouer is, maar nie te oud nie om dit te doen, want hulle sal dit doen vir sonder geld, hulle sal dit soen sonder om enige iets te verwag, jongmense wil mos nou altyd werk om geld te verdien en om vir hulle klomp klere te koop en al daai, hulle moet nog planne maak vir die toekoms.*

(vw 16, 403-408) *en natuurlik nou in die oggende as ons bymekaar kom weer soos dit voorheen was, ek voel ons moet iets doen van 11:00 tot 13:00 nie stil sit, ek verstaan dat jy 'n koppietjie tee drink, maar ek voel jy kan jou tee drink en besig wees met iets, dit is nie nodig dat jy net rondsit nie.*

- **delegering** (vw 14, 147-152) *ek dink daar is nogals baie wat 'n mens kan verander in Volcano in, baie van die arbeidsterapeute of student het altyd as hulle nou die lessies vir ons uitsit, was daar 'n hele paar keer wat jy nie geweet het wat om te doen nie, al het hulle verduidelik, maar ek dink van hulle moet dit duideliker uitbeeld.*

- **bemarking** (vw 5, 429-436) om ouers in te lig van die projek of oor wat aangaan – waaroor dit gaan (*) *hulle het altyd gesê pak vir julle in dan kon jy huis toe gaan en sodra jy inkom en die mense sien jy bring at least iets in, toe beginne dit te verander. So wat ek miskien kan sê is as 'n mens miskien weer volunteers kry soos wat ons ouderdom was, sal ek sê dit is miskien baie belangrik om die ouers te kry op 'n manier, sodat hulle kan sien ok dis waarmee my kind besig is.al is dit per brief, maar verder is daar niks wat ek wil verander nie.*

(vw 8, 215-221) *die norm wat die mense se indruk dat dit 'n hmm.. aanpassingsklas of dat die kinders kom vir aanpassingsklas dat daar*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eintlik fout is met die kind hmm.. net om daai hmm.. stigma of so uit te skakel. Ek dink nie hulle moet die naam verander nie, maar net om te hoe kan 'n mens sê hmm ... wat ek eintlik wil sê is ons sal moet werk aan die beeld wat uitgedra word.

(vw 12, 402-410) *as 'n mens miskien 'n bietjie meer sê soos publikasie aan die projek kan gee soos ek nou sê ek was in hierdie omgewing en ek self was nie eers bewus van die projek wat aan die gang is nie. En toe ons nou gesluit het die dag gaan ons Parow toe toe loop ek van my oud-kollegas raak en toe het ons nou so bietjie gesels, toe het hulle uitgevra wat doen ek en so en hulle weet ook nie eers van die projek nie. Miskien begin met briewe na die skole stuur.*

3. **Ander logistieke**

- **toerusting** (vw 2, 199-200) *ons het destyds ons eie toerusting gemaak.*

- **uitbreiding** (vw 4, 311-319) *Ek sou graag my eie skole wou gehet het waar ek net Volcano projects kon doen, nie net vir die jongspan nie, maar vir mense soos die wat ongeletterd is, wat van die senior citizens, mense wat nie kan skryf nie, wil ek graag leer skryf, mense wat nie… daar's 'n klomp goed wat ek wil doen, my gedagtes staan oop vir alles, as daar 'n nuwe ding in my kop kom dan try ek om hom op wit en swart te sit dat ek nie kan vergeet van hom nie. As een mens net sê Volcano, die eerste ding wat in my kop kom is die kinders, ek is lief vir kinders.*

  (vw 4, 400-405) *Omdat ek weet ek het skills wat ek geleer het nou wil ek dit terugploeg im my gemeenskap. Ek wil die ou mense leer skryf, want ouma kan nie altyd vir kleinboet saambring vir die pensioen nie, kleinboet gaan vir ouma rob, want het weet ouma kan nie tel nie. Ek wil hê hulle moet self daar staan en hulle moet self kan skryf, sal net baie graag wil hê dat sy moet self kan sê: right my geld is reg.*

  (vw 12, 388-391) *Net die uitbreiding ja, ek voel ons is nou al, die mense wat nou hier is of hulle dalk 'n tydjie saam met volcano sal wees, so ek voel nogal as ons miskien 'n bietjie kan skuif.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(vw 12, 271-275) *Maar ek voel nogal uitbrei, aangesien ons nou so 'n groot groep is, want ons is nou eintlik meer inmekaar se voete, want dit is nou somtyds sommer nou vier by een skool, ja, so ek voel nogal 'n mens moet daaraan dink om miskien 'n bietjie wyer te gaan.*

(vw 15, 282-285) *Ek sal net baie graag wil hê Volcano moet uitbrei, want daar's ander kinders wat dit ook nodig het, want dit bly nou net hier en dit gaan nêrens nie, dit is al wat ek wil hê moet gebeur.*

(vw 16, 408-409) *En dan sal ek as ek aan Volcano verander sal ek maak dat die skole 'n bietjie nader aan my huis is, dis maar al.*

Eie plek (vw 10, 241-257) *My droom vir Volcano sal miskien wees dat Volcano op sy eie in sy eie plekkie is. Ok soos nou is ons by die skool nou maar soos by Amica House was ons nou lekker op onse eie en dit was amper soos 'n huisie en miskien sal dit nou my vir my lekker wees as Volcano nou sy eie plekkie het want daar was nou baie kere dat ons nou miskien nou goed gehet het om te doen dan kom ons nou lekker buite in die sontjie gesit het om dit te doen, maar 'n mens kan dit nie nou eintlik hier doen nie want 'n skool is die kinders is mos daar. Ok soos miskien nou op die oomblik is dit oraait so, maar in die verlede het Volcano mos by die Civic dit sal miskien nou nie uitwerk nie maar soos dit vir my voel, dink ek dat dit ook miskien sou lekker gewees het weer op so manier, nou en nie uitgaan na die skole toe nie, maar die kinders kom Civic toe.*

(vw 11, 218-223) *Dit wat ek sou wou verander, is net dat ons 'n plekkie moet hê van ons eie soos nou hier by die skool, ek kan nou nie sê ons is 'n steuring of so nie, maar ek voel dat ons net op ons eie is, ons eie plekkie hê soos by Amica – daar was ons alleen en ons het lekker saamgewerk en so, maar ek voel nie ons moet by die skool wees nie.*

(vw 15, 287-291) *Ek dink so, die skool dit is ok. nou by die skool, maar dan moet 'n mens jou weer aanpas by die skool, terwyl Volcano mos 'n projek op sy eie is, 'n besigheid op sy eie en 'n mens kan mos nou nie meer die tye buig soos dit jou pas.*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- **vervoer** (vw 8, 221-223) *Ja, vervoer ja, dit is eintlik meer hulp in daai verband ook kan kry, want dit is eintlik nogal 'n probleem op die oomblik.*

  (vw 10, 249-252) *En miskien nou ons loop nou en so aan miskien die kere as dit baie reën en so miskien dat Volcano op 'n latere stadium sy eie vervoer kan hê, sal dit ook lekker wees.*

  (vw 11, 223-227) *Ek sal ook verander die dat ons na die skole toe moet loop, in die somer is dit nog oraait, maar in die winter voel 'n mens nie om so te loop nie en jy reën nat en dit is koud en of hulle nie vir ons 'n vervoertjie kan reël nie.*

Die voorstelle ten opsigte van die projek het drie temas/patrone na vore laat kom. Hierdie drie temas/patrone word skematies voorgestel in tabel 4.3.

Tabel 4.3: Skematiese voorstelling van die voorstelle ten opsigte van die projek

Tema/Patrone
1. Aansporing • finansiële steun • werkskepping
2. Bestuur • leierskap • opvoeding • beplanning • delegering • bemarking
3. Ander logistieke • toerusting • uitbreiding • eie lokaal • vervoer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 INTERPRETASIE VAN DIE DATA

Die voorafgaande analise soos beskryf vanaf 4.2.1 tot 4.2.3 is gedoen volgens drie hoofde en word skematies voorgestel in tabel 4.4.

Tabel 4.4: Skematiese voorstelling van die data-analise

Sterkpunte van die projek	Swakpunte van die projek	Voorstelle ten opsigte van die projek
Tema/Patrone	**Tema/Patrone**	**Tema/Patrone**
1. Ommeswaai in vrywillige werkers se lewens 2. Bevordering van selfkennis 3. Ontwikkeling van vaardighede • spansamewerking • konflikhantering • selfgelding • beplanning • probleemoplossing • kommunikasie 4. Werksbevrediging • erkenning van kinders • bydrae tot die gemeenskap • impak op probleme van die kind • sosiale verkeer met ander 5. Leiding deur die studente • studente se hantering van vrywillige werkers • metode van onderrig	1. Skole waar die program aangebied word en die fasiliteite beskikbaar • bywoning • lokale • afrolwerk • skooltye 4. Bestuur van die projek • oorkontrolering • leierskap • bemarking • beplanning 5. Die groep vrywillige werkers • aanpassing • groepdruk • subgroepe • vervoer	4. Aansporing • finansiële steun • werkskepping 5. Bestuur • leierskap • opvoeding • beplanning • delegering • bemarking 6. Ander logistieke • toerusting • uitbreiding • eie lokaal • vervoer

Elkeen van die temas/patrone onder die drie hoofde moet geïnterpreteer word binne die konteks van die projek. Proses/impakmatrikse is vir dié doel opgestel. Vir die doel van hierdie navorsing word proses gesien as 'n manier om te kommunikeer oor 'n algemene aksie wat sny oor programaktiwiteite, waarnemings, interaksies en programinhoud. Die twee prosesse wat in hierdie navorsing geld, is gebaseer op die twee hoofaspekte waarop die Volcanoprojek gebaseer is, naamlik om die vrywillige werkers as groep te laat funksioneer en die aanbieding van die stimulasieprogram aan die graad een en twee leerders deur die vrywillige werkers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Impak verwys na dit wat uit die data verkry is ten opsigte van sterk en swakpunte van die projek. Die impak kan op drie verskillende vlakke wees: effek op individuele vlak, effek op die groep en effek op die projek. 'n Proses/impakmatriks is opgestel vir beide die data wat die sterkpunte en data wat die swakpunte van die projek aandui. In elke matriks is die vraag gevra: "Hoe het die proses aanleiding gegee tot die impak." Die antwoord op hierdie vraag is in die data opgesluit. Die data is geplot as antwoord op die vraag. Interpretasies oor die aard en kwaliteit van die verband tussen die proses en die impak is gemaak.

4.3.1 IMPAK VAN DIE PROJEK IN TERME VAN STERKPUNTE

Die impak van die projek in terme van die sterkpunte het vyf temas na vore laat kom naamlik:

- ommeswaai in vrywillige werkers se lewens
- ontwikkeling van vaardighede
- bevordering van selfkennis
- werksbevrediging
- leiding deur die studente

Dit wil voorkom asof die impak soos verkry uit die sterkpunte van die projek hoofsaaklik op die individuele vlak plaasgevind het en kan moontlik verklaar word om die volgende redes:

- die doel met die opleidingsprogram was om die vrwyillige werkers met kennis en vaardighede te bemagtig;
- die vaardighede soos konflikhantering, selfgelding, kommunikasie en beplanning is persoongerig; en
- die hele projek is so beplan dat in hul dagtaak die vrywillige werkers daagliks die geleentheid kry tot inoefening van die vaardighede in 'n beskermende omgewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elkeen van die vyf temas/patrone is op die matriks aangedui as 'n blok. Blok 1 – 5 dui die vyf temas/patrone in verhouding tot die programproses, "om vrywillige werkers te leer om in 'n groep saam te werk", aan. Blok 6 – 10 dui die vyf temas/patrone in verhouding tot die programproses, "om vrywillige werkers die aanbied en evaluering van die stimulasieprogram aan graad 1 en 2 leerders te laat ervaar", aan.

Vervolgens word daar gekyk na die matriks van die proses en impak soos verkry uit die data ten opsigte van die sterkpunte van die projek soos voorgestel in tabel 4.5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.5

IMPAK TEN OPSIGTE VAN STERKPUNTE VAN DIE PROJEK

Programproses	BLOK 1 Verandering in hulself	BLOK 2 Ontwikkeling van vaardighede	BLOK 3 Verbeter selfkennis	BLOK 4 Werksbevrediging	BLOK 5 Leiding deur studente
Om vrywillige werker te leer om in 'n groep saam te werk	**Wat is die verandering in die vrywillige werkers wat maak dat hulle in 'n groep kan saamwerk?** • Ervaar meer verantwoordelikheidsin as gevolg van hulle deelname aan die projek. Hulle word nou as rolmodelle gesien. • Mense kom nader aan persoon en leer mekaar op intieme vriendskapsvlak ken. • Om gevoelens uit te druk en dit nie op te krop nie. • Kan negatiewe gevoelens verbaliseer. • Aanmoediging van ander lei daartoe dat hulle ervaar dat hulle 'n mens in eie reg is. • Kan voor mense praat. • Ek is verantwoordelik vir eie lewe en dade. • Vorige foute moet jou nie keer om beter te raak nie. • Kan nie ander blameer vir jou foute nie.	**Wat is die vaardighede wat vrywillige werkers kan leer as gevolg van groepblootstelling?** • Moet selfgeldend kan optree, sê as jy verskil, gee jou opinie. • Konflik kan hanteer. • Met ander vryelik en eerlik kommunikeer. • Moet gevoelens deel, want dit versterk 'n span. • Verantwoordelikheid, want al is jy nie lus nie, laat jy ander in die steek. • Om eerlik te wees met mekaar. • Verbaliseer as jy 'n probleem het, moenie stilbly nie. • Sê as jy verkeerd was.	**Watter aspek van groepdeelname lei tot verhoging in selfkennis?** • Kan gevoelens verbaliseer teenoor ander. • Leer ander se optrede verstaan. • Projek gee struktuur, anders is ek net ledig. • Moenie reageer op emosies nie, dit lei nie noodwendig tot die oplos van 'n probleem nie. • Hoef nie aggressief op te tree en altyd die laaste woord in te kry nie - selfgeldende optrede bring jou verder.	**Watter aspek van groepsamewerking lei tot werksbevrediging?** • Die feit dat almal betrokke is. • Spanbousessies. • Sosiale geleenthede. • Ontwikkel van 'n sosiale netwerk waarop jy kan steun, vriendskappe mee kan sluit. • Betrek by die kies van 'n naam vir die projek.	**Hoe moet leiding van studente (bestuur) wees sodat vrywillige werkers as 'n groep kan werk?** • Betrek alle vrywillige werkers by die groep. • Hanteer vrywillige werkers as gelyke en nie as ondergeskikte nie. • Wees eerlik in kommunikasie. • Wees bereid om te luister. • Rolmodel ten opsigte van pligsgetrouheid, respek vir ander, menswaardige hantering. • Maak moeite om die persoon te leer ken.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.5 (vervolg)

IMPAK TEN OPSIGTE VAN STERKPUNTE VAN DIE PROJEK

Programproses	BLOK 6 Verandering in hulself	BLOK 7 Ontwikkeling van vaardighede	BLOK 8 Verbeter selfkennis	BLOK 9 Werksbevrediging	BLOK 10 Leiding deur studente
Om vrywillige werkers die aanbied en evaluering van die stimulasie-program aan Graad 1 en 2 leerders te laat ervaar.	**Wat in die aanbieding en evaluering van die stimulasielesse lei daartoe dat vrywillige werkers verandering in hulself sien?** • Kinders gee erkenning vir sy rol in gemeenskap en dit motiveer. • Die lesse is iets konstruktiefs in plaas van afbrekende aktiwiteite. • Beplanning van daaglikse werk. • Stel nou grense en is ferm in plaas van fisiese dissiplinering. • Ontwikkel selfvertroue • Selfvertroue om mense te konfronteer.	**Wat is die vaardighede wat kan ontwikkel as gevolg van die aanbied en evaluering van die stimulasieles?** • Fyn motoriese ontwikkeling. • Potloodgreep • Dissiplinering van die kind sonder om te skel. • Skêrhantering • Weet nou wat oorsaak van probleem by kind is. • Kan groot groep kinders hanteer. • Tydbeplanning • Geduld geleer, reageer nie op emosies nie. • Kan probleem by kind identifiseer en aanpas. • Kan vryelik opinie gee vir ander.	**Watter aspekte van les-aanbieding en evaluering kan lei tot verhoging in selfkennis?** • Ek is 'n rolmodel, wat voorbeeld moet stel. • Voel bevoeg om raad aan ouers te gee oor probleme van kind. • Deur werk kry ek agting van ander. • Meer positief ingestel, dit wat swaar lyk, kan verander. • Leer administrasie is 'n probleem.	**Watter aspek van die aanbieding en evaluering van 'n les lei tot werksbevrediging?** • Erkenning van kinders. • Opvolg (gradering en vaslegging wat gedurig plaasvind). • Daaglikse evaluering en uitklaar van probleme. • Kan ook voorstelle gee vir die inhoud van die les vanuit hul verwysing en ervaring.	**Hoe moet die leiding van die student wees, sodat die vrywillige werker die aanbieding kan doen?** • Moet inligting herhaal. • Met sketse/visueel aanbied. • Onduidelikhede uitklaar. • Stap vir stap, taak in kleiner dele opbreek. • Terugvoere vra om leerders te toets. • Metode: prakties doen; inligtingstukke vir verwysing. • Vra vrywillige werkers se mening oor die les.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elke blok in die matriks word bespreek ten einde 'n verklaring en/of moontlike verklaring te gee vir die data.

BLOK 1: Die hoofaspekte wat hier na vore kom is die ondersteuning wat groeplede van mekaar kry en die groepdruk wat maak dat hulle die verantwoordelikhede wat die projek aan hulle stel moet neem, want ander is van hulle afhanklik in die groep om die groeptake te kan uitvoer. Omdat die vrywillige werkers groeptake moet doen leer hulle mekaar daardeur beter ken en dit kan bydra tot die skep van 'n veilige omgewing waarbinne hulle veilig genoeg voel om nuwe vaardighede te oefen. Take is so opgedeel dat elke vrywillige werker 'n aspek moet hanteer wat hom of haar dan dwing om rekenskap te gee aan die ander omtrent die uitvoering daarvan al dan nie.

BLOK 2: Die vaardighede wat uitstaan is die van konflikhantering, selfgelding, effektiewe kommunikasie en probleemoplossing. Die vaardighede waarop daar herhaaldelik klem op gelê word in die program is beplanning en tydgebruik. Elkeen van die take wat die vrywillige werkers moet doen is op hierdie vaardighede gefokus, tog noem die vrywillige werkers dit nie as 'n vaardigheid wat ontwikkel het nie. Die rede mag wees dat hulle dit as onbelangrik sien of dat die vaardigheid al op 'n outomatiese vlak van vaardigheid is en hulle nie meer bewustelik daaraan dink nie. 'n Ander verklaring mag wees dat al die take rondom beplanning en tydgebruik ekstern gekontroleer word en die vrywillige werkers dit as 'n groep moet gebruik om die take uit te voer, waar die ander vaardighede persoon gerig is en dus meer vir hulle uitstaan as 'n persoonlike suksesse. Kommunikasie, selfgelding en konflik-antering is deur almal uitgesonder as vaardighede wat ontwikkel het en/of 'n ommeswaai of selfkennis tot gevolg gehad het en dit word gestel teenoor inperk of opkrop van emosies en aggressiewe optrede wat dalk 'n refleksie mag wees van die persone se lewensomstandighede en rolmodelle in hul lewens. Dit het verskeie kere geblyk dat die gewone manier van konflik oplos is om aggressief op te tree en dit kan of verbaal of fisies wees. Hierdie is ook oordraagbare vaardighede en word dan ook deur vrywillige werkers uitgesonder as die vaardighede waarmee hulle suksesvol was in die toepassing daarvan in hulle werk of tuisomgewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BLOK 3: Die groep bied aan die vrywillige werkers die geleentheid om binne 'n veilige omgewing nuwe vaardighede te oefen en omdat die studente as rolmodelle vir gedrag optree sien die vrywillige werkers die effek van oneffektiewe gedrag. Groeplede leer ook bymekaar en meer leer vind plaas deur middel van mekaar as wanneer dit net deur die groepleier oorgedra word.

BLOK 4: Dit kom in die data uit dat sosiale interaksie 'n belangrike rol speel ten opsigte van werksbevrediging. Dit kan moontlik verklaar word aan die hand van die behoeftes vir vorming van vriendskappe wat uitgespreek is as rede vir toetrede tot die projek. Met die aktiwiteite soos weeklikse sosiale byeenkomste en spanbou-sessies is die behoefte bevredig, want lede leer mekaar en die bestuur van die projek op 'n informele basis ken. Die behoefte om iets te beteken word ook aangespreek deur take soos bv. die kies van 'n naam vir die projek. Lede voel hulle opinie is van waarde en dat die projek hulle eie is en egobehoeftes word aangespreek wat gesien kan word as ware motiveerders.

BLOK 5: Hierdie is dan ook die enigste tema waar die effek van die bestuur duidelik weerpieël word in die leiding deur die studente. Dit maak sin dat hulle juis die groep uitsonder, want dit was die mense met wie hulle elke dag saamgeleef het, wie aan hulle die opleiding verskaf het en wat die projek onder toesig bestuur het.

Die hoofaspekte wat hier na vore gekom het, is:

- Die behoefte om as individue erken, aanvaar en waardeer te word.
- Om eerlike en regverdige optrede teenoor almal te handhaaf.
- 'n Rolmodel te wees ten opsigte van dit wat jy van die vrywillige werkers verwag en vra.

BLOK 6: Die hoofaspek wat hier na vore kom, is die erkenning wat die vrywillige werkers kry van die leerders, wat die behoefte om iets te beteken positief versterk. As gevolg van die erkenning moet hulle nou as rolmodelle optree en dit dwing hulle om op te staan en leiding te neem.

BLOK 7: Die hoofvaardighede is spesifieke vaardighede rakende ontwikkeling van perseptueel/motoriese vaardighede en hantering van die leerder op sy/haar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ouderdomsvlak. Dit wil voorkom asof die vrywillige werkers die probleme waarmee die leerders presenteer, kan herken by die leerders en eenvoudige regstellings kan maak op grond van hul agtergrondkennis van die probleem. Hulle voel dan ook vaardig om hul opinie te lewer en dit word deur die program versterk deur die daaglikse evaluasiesessie na afloop van die stimulasieprogram en die kontak met die onderwysers en die ouers waar hulle terugvoere moet gee omtrent die vordering al dan nie van die leerders aan wie hulle die stimulasieprogram aanbied.

BLOK 8: Die hoofeienskap wat hier na vore kom, is die besef dat as jy jou werk doen, dit lei dat ander mense jou positief ervaar vir dit wat jy doen, wat weer lei tot die besef dat jy as individu sekere verantwoordelikhede het, want ander kyk na jou vir leiding en raad. Terugvoer wat vrywillige werkers kry na afloop van elke taak in die vorm van evaluering van hul uitvoering van die betrokke taak, gee insig oor wat die leemtes is by die vrywillige werker en wat verhinder het dat die taak korrek uitgevoer is, bv. dat administratiewe werk 'n probleem is, want as een persoon nie sy/haar administratiewe take doen nie, beteken dit dat 'n ander persoon ook nie sy/haar werk kan doen nie.

BLOK 9: Werksbevrediging is hier opgesluit in die bevrediging van die vrywillige werkers se behoefte om as individu erkenning te kry. Dit word in die projek aan hulle gegee deur die studente se terugvoere omtrent die aanbieding van die stimulasie-lesse en uitvoering van groeptake en deur die leerders aan wie hulle die stimulasieprogram aanbied. Dit is nogal opmerklik dat al die vrywillige werkers werksbevrediging koppel aan 'n eksterne faktor, geeneen noem dat bloot deur die take uit te voer vir hulle bevrediging gee nie, maar dit kan dalk verklaar word aan die hand daarvan dat selfkennis ten opsigte van hul rol as vrywillige werker nog besig is om te ontwikkel en dus is hulle meer afhanklik van eksterne faktore om hulle te help om daardie waarde te bevestig.

BLOK 10: Die leiding wat die vrywillige werkers as positief ervaar het, kom eintlik neer op die toepassing van volwasse onderrig en leerbeginsels waar veral gefokus word op die behoud van die individu se outonomie, erkenning vir vorige leer en verwysingsraamwerk en die gebruik van multi-onderrigmetodes en -tegnieke om kennis oor te dra.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.2 IMPAK VAN DIE PROJEK IN TERME VAN DIE SWAKPUNTE

Die impak van die projek in terme van die swakpunte het drie temas na vore laat kom, naamlik:

- Die skole waar die stimulasieprogram aangebied word en die fasiliteite by die skole.
- Bestuur van die projek.
- Die groep vrywillige werkers self.

Ten einde die swakpunte van die prokjek te interpreteer moet daar gekyk word na die proses/impakmatriks van die swakpunte soos verkry uit die data. Elkeen van die drie temas/patrone is op die matriks aangedui as 'n blok. Blok 11 – 13 dui die drie temas/patrone in verhouding tot die programproses, "om vrywillige werkers te leer om in 'n groep saam te werk", aan. Blok 14 – 16 dui die drie temas/patrone in verhouding tot die programproses, "om vrywillige werkers te leer om die stimulasielesse aan te bied en te evalueer", aan.

Die matriks word in tabel 4.6 weergegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.6

IMPAK TEN OPSIGTE VAN SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK

Programproses	BLOK 11 Skool en fasiliteite	BLOK 12 Bestuur van die projek	BLOK 13 Die groep vrywillige werkers self
Om vrywillige werker te leer om in 'n groep saam te werk	**Watter aspekte ten opsigte van die skool en fasiliteite het gemaak dat lede nie as 'n groep kon saamwerk nie?** • Beperk in aktiwiteite wat in middae gedoen kon word, moet werk volgens skoolure. • Te min tyd vir sosialisering.	**Watter aspek van bestuur het gemaak dat dit negatief inwerk op die groep?** • Leierskap - wil leier sien as leier, benodig definitiewe struktuur, bewus van hulle behoeftes wees. • Bemarking - ervaar dat mense nie weet nie. • Beplanning ten opsigte van uitbreiding, kontrole oor vrywillige werkers en vergoeding. • Vervoer en gebrek aan finansies. • Opvoeding - familie verstaan nie vry-willige werker nie.	**Wat binne die groep self was negatief vir die groep?** • Gedurige wisseling in leierskap en bestuurstyl. • Aan te pas by ander. • Nie georiënteer tot program en doel nie. • Druk van ander om te konformeer tot groepname. • Probleme met kommunikasie en konflik.
Programproses	**BLOK 14**	**BLOK 15**	**BLOK 16**
Om vrywillige werkers te leer om die stimulasielesse aan te bied en te evalueer	**Watter aspekte ten opsigte van die skool en fasiliteite het gemaak dat vrywillige werkers probleme ervaar in die aanbieding en evaluering van die lesse?** • Ongereelde bywoning van die leerders. • Klaskamer wissel elke dag, kan nie omgewing interessant maak nie, lokaal nie skoon nie. • Afrolwerk nie gereeld nie. • Te veel leerders in een klas.	**Watter aspek van bestuur het gemaak dat dit negatief inwerk op lesaanbieding en evaluering?** • Oorkontrolering, voel hulle word nie vertrou met verantwoordelikheid nie.	**Wat binne die groep self was negatief vir die aanbieding en evaluering van die stimulasieprogram?** • Vorming van subgroepe deur lede wat saamwerk in 'n groep.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elke blok in die matriks word bespreek ten einde 'n verklaring en/of moontlike verklaring te gee vir die data.

BLOK 11: Een van die hoofredes hoekom vrywillige werkers deel geword het van die projek is om sosiale netwerke op te bou. Die feit dat die projek by die skole aangebied word en vanaf een skool bestuur word plaas 'n beperking op die sosiale tyd van die vrywillige werkers aangesien hulle vandat hulle in die oggende aanmeld totdat die skool sluit, besig is. In die beginjare van die projek by die burgersentrum kon hulle bly solank hulle wou en dit is veral lede wat ook toe betrokke was, wat die leemte ervaar. Dit is egter 'n belangrike aspek, want baie het die sosiale verkeer en spanbousessies as sterkpunt ervaar. Die ander aspekte rondom skool en fasiliteite is 'n wesenlike probleem.

BLOK 12: Die swakpunte van bestuur kan verklaar word as gevolg van inkonsekwente hantering van studente. Studente is self in die proses om te leer en te ontwikkel en dit kan nie vooraf bepaal word of die student altyd volgens die regte beginsels gaan optree nie. Kontinuïteit van bestuur is 'n probleem en word ervaar in die sin dat alles nie altyd op dieselfde manier gedoen word nie.

Weens beperkte mannekrag en fondse is die diens beperk in omvang. Vrywillige werkers wat al vaardighede ontwikkel het, het 'n behoefte om meer te weet en te doen en dit veroorsaak ongelukkigheid, want hulle ervaar dat die projek nie vinnig genoeg groei en ontwikkel nie.

Die oorspronklike werwing van vrywillige werkers het geskied vanuit die een gemeenskap. 'n Tekort aan vrywillige werkers het dit egter genoodsaak dat daar eenmalig vrywillige werkers vanuit die Elsiesriviergemeenskap gewerf is. Hierdie drie persone het dit moeilik gevind om aan te pas binne die groep en moontlik om die volgende redes:

- hulle het al drie 'n hoër opvoedkundige kwalifikasie as die res gehad;
- hulle was ouer as die ander lede; en
- hulle was van 'n gemiddelde sosio-ekonomiese status en dus finansieël onafhanklik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle spreek ook herhaaldelik die behoefte uit om eerder nader aan hul eie omgewing te werk. Alhoewel mense weet hulle doen vrywillige werk, is daar maar altyd die verwagting dat hulle erkenning op 'n basiese vlak sal kry en die feit dat dit nie gebeur nie, word negatief ervaar, veral ook deur families wat glo dat as jy werk, jy betaal moet word.

BLOK 13: Die groep vrywillige werkers is elke 6 tot 7 weke blootgestel aan 'n nuwe student wat haar kliniese blok in die gemeenskap moet doen. Dit lei daartoe dat die groep gedurig moet aanpas by 'n nuwe leier en leierskapstyl wat negatief inwerk op groepontwikkeling. Alhoewel daar oorkoepelend gekyk word na die kontinuïteit van die program, verskil studente in hul leierskapstyl en vrywillige werkers moet dus gedurig aanpas wat negatief inwerk op groepontwikkeling. Die groep vrywillige werkers is nie 'n konstante groep vir 'n periode van tyd nie, want indien hulle 'n permanente werk bekom, word hulle aangemoedig om dit te neem, met die gevolg dat daar nuwe lede inkom wat nie altyd op dieselfde vlak van kennis en vaardighede is nie en dit lei tot probleme binne die groep. 'n Verdere probleem is dat vrywillige werkers wissel in ouderdom en dit lei tot botsende behoeftes wat mag bydra tot vorming van subgroepe en konflik binne die groep. Omdat die groepaktiwiteit beperk is, is dit moeilik vir 'n vrywillige werker om as 'n leier na vore te tree, want daar is nog agterdog teenoor motiewe, met die gevolg dat die groep baie afhanklik is van die leier, want dit skep sekuriteit.

BLOK 14: Die skole het nie altyd die fasiliteite om aan te bied nie en as gevolg van inbrake wat gereeld plaasvind, moet lokale dikwels geskuif word en voldag skool verkry voorkeur bo die twee maal per week projek met die gevolg dat lokale nie optimaal ingerig kan word nie, alhoewel die vrywillige werkers die kennis het en dit graag wil toepas. Dit mag ook lei tot 'n gevoel by die vrywillige werkers dat hulle diens nie na waarde geag word deur die skool nie.

BLOK 15: Oorkontrolering, volgens die vrywillige werkers is gedoen deur die persoon wat verantwoordelik was vir die koördinering van jeugprogramme in die Ravensmeadarea. Omrede sommige van die vrywillige werkers by meer as een projek betrokke was, het die persoon van hulle verwag om elke dag rekenskap te gee van wat hulle doen, dit was vir hulle negatief, maar geeneen het probleme

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

genoem met die daaglikse evaluering van die aanbied van die stimulasielesse nie; inteendeel dit was as een van die sterkpunte van die projek genoem.

BLOK 16: Vrywillige werkers is verdeel in groepe om by drie skole in die gemeenskap die stimulasieprogram te gaan aanbied en uit die aard van die saak leer die vrywillige werkers wat saam by 'n skool werk mekaar beter ken en is hulle ook geneig om op 'n sosiale vlak eerder met mekaar te sosialiseer as met van die ander groeplede. Dit maak dit moeilik vir nuwe lede om in te pas en hulle ervaar dit as negatief.

4.3.3 VOORSTELLE TER VERBETERING VAN DIE PROJEK

Die voorstelle ter verbetering van die projek is onderverdeel in drie hooftemas naamlik bestuur, aansporing en logistieke. Wat aansporing betref, stel hulle voor dat die projek gebruik word as 'n werkskeppingsgeleentheid waaraan daar dan finansiële steun gekoppel kan word. Die voorstel steun hul behoefte aan materiële erkenning, maar kan die projek beperk aangesien die doel juis is om persone met vaardighede te bemagtig om 'n beter bedingingsmag te kry vir werk. Die oorsaak van die probleem lê dalk daarin dat daar wegbeweeg is van die oorspronklike program om werklose jeugdiges te teiken as vrywillige werkers en dat ouer persone ingeneem is wat al afhanklikes het. Geld speel dus 'n baie prominente rol in hul lewe.

Wat die logistieke betref, spreek hulle die behoefte uit vir eie lokale, toerusting, kinders wat opgevolg moet word in hoër grade en 'n sentrum weg van die skole. Dit is haalbare voorstelle, want jou omgewing speel tog 'n rol in of jou werk vir jou aangenaam is of nie. Elke skool waar Volcano betrokke is, kan gevra word om ‘n lokaal beskikbaar te stel vir gebruik deur die vrywillige werkers. Dit sal dan vir die vrywillige werkers die geleentheid gee vir die inrig van die lokale en toerusting wat hulle benodig kan ook daar geberg word. Die moontlikheid om klasse aan te bied in skeepsvraghouers moet oorweeg word, want dit verminder die las op die skole om lokale te voorsien en inbrake kan beperk word, want die skeepsvraghouers het nie vensters wat kan toegang verleen nie. Die voorstel om te werk met die ouer leerders mag moontlik spruit uit die behoeftes van die vrywillige werkers om te sien of hul insette op 'n jong ouderdom wel vir die leerders van nut was. Dit skep 'n moontlikheid van verdere navorsing om die leerders wat betrokke was by die projek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op te volg en hulle vordering te monitor. Die voorstel ten opsigte van 'n eie sentrum spruit daaruit dat weens die skoolure daar nie genoegsame tyd is vir sosiale verkeer nie, want die program moet binne sekere ure geskied. 'n Sentrum is dalk nie die oplossing nie, maar eerder gereelde spanbou en sosiale geleenthede wat die behoefte aan kontak sal bevredig.

Die bestuursprobleme kan in terme van leierskap aangespreek word deur die skep van 'n permanente arbeidsterapiepos wat konstantheid sal verseker. Generiese administratiewe prosesse en hulpprosesse en hulpmiddels kan in plek geplaas word om basiese probleme soos werkgewoontes, taakverdeling en toesighouding aan te spreek. Die voorstelle rondom opvoeding is tipies van die behoefte van persone wat al meer ontwikkel het. Voortgesette opleiding gegrond op behoeftes behoort hier aandag te geniet. Die voorstelle ten opsigte van die aanbied van die stimulasielesse is interessant en dui op 'n goeie begrip van waaroor dit in die projek gaan. Vrywillige werkers ervaar self ook die tekortkoming indien elke leerder nie volledig bepaal en probleme geïdentifiseer is nie. Die siftingsprosedure is 'n growwe sifting en kan nie al die probleemareas dek nie. Dit is sinvolle voorstelle in terme van kleiner groepe op dieselfde vlak.

Die vrywillige werkers se besorgdheid oor die beeld na buite kan geïnterpreteer word dat hulle die projek as waardevol sien en dit graag positief wil uitdra. Mediadekking en kommunikasie met betrokkenes mag bydra tot die verhoogde beeld van die projek.

Die voorstelle wat mag bydra tot die verbetering van die projek is gefokus op die bestuur van die projek en dit is dus nodig om na die werkomgewing in sy totaliteit te gaan kyk, want binne die raamwerk van die administratiewe model is al die aandag gefokus op die funksionele werkprosesse, met ander woorde op die aard van die werk wat eie is aan die take om die doelstelling te bereik. Die generiese administratiewe prosesse wat die administratiewe strukture skep waarbinne die bestuur hul bestuursfunksies en vaardighede kan uitvoer, benodig aandag. Die hulpprosesse en hulpmiddels wat gebruik moet word wanneer die funksionele hulpprosesse of generiese administratiewe prosesse toegepas word, moet nog in plek geplaas word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie hoofstuk is die data geanaliseer volgens die sterkpunte van die projek, swakpunte van die projek en voorstelle ten opsigte van die projek. Die interpretasie van die data is gedoen aan die hand van proses/impakmatrikse. In **hoofstuk 5** word die faktore wat geïdentifiseer is deur die navorser vanuit die interpretasie van die data bespreek en aanbevelings gegrond op die voorstelle van die vrywillige werkers gemaak. Beperkinge van die navorsing en voorstelle vir verdere moontlike navorsing word bespreek nadat hierdie navorsing in 'n breë konteks geplaas is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 SAMEVATTING

Die Volcano gemeenskapsprojek in die Ravensmeadarea word sedert 1994 by drie primêre skole in die area aangebied. Die projek behels die aanbied van 'n stimulasieprogram, deur vrywillige werkers vanuit die gemeenskap, aan graad een en twee leerders wat agterstande toon as gevolg van gebrekkige stimulasie. Omrede die program nog steeds aangebied word, het die behoefte ontstaan om die opleidingsprogram wat aan die vrywillige werkers gebied word te evalueer. Die doel van die evaluasie is om vas te stel wat die opinie is van die vrywillige werkers omtrent die projek se sterk- en swakpunte en watter voorstelle hulle het om die projek te verbeter. Terugvoere verkry vanuit die vrywillige werkers se perspektief word dan gebruik om die projek te verbeter.

Die skematiese voorstelling in figuur 5.1 dui die proses aan wat gevolg is om hierdie navorsing uit te voer:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 5.1

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE PROSES VAN NAVORSING TOEGEPAS IN HIERDIE NAVORSING

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die proses het soos volg verloop:

- Onderhoude is gevoer met dertien vrywillige werkers betrokke by die Volcanoprojek ten einde hulle opinie te kry ten opsigte van die volgende drie vrae:

  (i) wat, volgens hulle is die sterkpunte van die projek;

  (ii) wat is die swakpunte van die projek; en

  (iii) watter voorstelle het hulle om die projek te verbeter.

  Die dertien vrywillige werkers was almal betrokke by die projek tussen 1995 en 2000 en het almal ten minste vir een kwartaal ingeskakel by die projek.

- Uit die drie vrae wat aan die vrywillige werkers gestel is, het die volgende hooftemas na vore gekom:

Tabel 5.1: Skematiese voorstelling van die hooftemas uit die data verkry

Sterkpunte van die projek	Swakpunte van die projek	Voorstelle ten opsigte van die projek
Tema/Patrone	**Tema/Patrone**	**Tema/Patrone**
1. Ommeswaai in vrywillige werkers se lewens 2. Bevordering van selfkennis 3. Ontwikkeling van vaardighede 4. Werksbevrediging 5. Leiding deur die studente	1. Skole waar die program aangebied word en die fasiliteite beskikbaar by die skole 2. Bestuur van die projek 3. Die groep vrywillige werkers	1. Aansporing 2. Bestuur 3. Ander logistieke

Die navorser het elk van hierdie hooftemas geneem en met behulp van proses/impakmatrikse is die data geïnterpreteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2 FAKTORE WAT GEÏDENTIFISEER IS EN AANBEVELINGS WAT MAG BYDRA TOT DIE VERBETERING VAN DIE PROJEK

Uit die interpretasies van die data is die volgende faktore geïdentifiseer wat moontlik bydraend kan wees tot die verbetering van die projek:

- Vrywillige werkers as 'n groep, dien as ondersteuning vir mekaar.
- Erkenning deur die leerders, maar ook deur bestuur vir die vrywillige werkers se bydrae en opinie dra by tot die feit dat hulle verbonde voel tot die projek. Dit stem ooreen met Rifkin *et al.* (1988) se vlak II en III deelname. Vrywillige werkers is nie net betrokke by die aktiwiteite nie, hulle kan ook hul opinie lug omtrent die aktiwiteite.
- Bestuur of die leier van die projek moet daarop let om elke vrywillige werker as individu te erken, aanvaar en waardeer, altyd regverdig op te tree en moet 'n rolmodel wees vir die gedrag en optrede wat hulle verwag van die vrywillige werkers.
- Voortgesette opleiding van vrywillige werkers, soos wat hulle behoeftes verander en hulle ontwikkel en groei, moet deurlopend aandag geniet.

Die bogenoemde faktore is dieselfde faktore wat Graham (1998) en Gagnon (1991) vasgestel het in hul onderskeie navorsing.

- Groepdruk deur die ander vrywillige werkers maak dat individue verantwoordelikheid neem vir sy/haar deel van die taak, hulle is dus interafhanklik van mekaar en dit is een van die kernaspekte wat nodig is vir die ontwikkeling van samewerking binne 'n groep. Hierdie ontwikkeling van gemeenskaplikheid is een van die drie elemente wat Peat (1997) as essensieel sien vir gemeenskapsdeelname.
- Die groep bied aan die vrywillige werkers 'n veilige omgewing waarbinne hulle die nuwe kennis en vaardighede wat verkry is kan oefen. Vrywillige werkers word dus met vaardighede bemagtig wat een van die kategorieë vir deelname is, soos voorgestel deur die WGO (1991).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Oordraagbare vaardighede soos bv. selfgelding, konflikhantering en effektiewe kommunikasie word deur die vrywillige werkers as positief ervaar.

- Die leier is 'n aktiewe lid van die groep en dien as rolmodel en vrywillige werkers leer van mekaar en van die optrede van die leier.

- Sosiale interaksie en spanbousessies word as 'n hoë prioriteit aangeslaan.

- Begrip en insig omtrent die inhoud van die stimulasieprogram stel die vrywillige werkers instaat om die inligting met ander betrokkenes soos die onderwysers en die ouers te deel. Dit is dus belangrik om tydens die opleiding ook te verduidelik wat die probleem is wat aangespreek word deur die stimulasieprogram en nie net wat hulle moet doen om die probleem op te los nie.

- Terugvoer na afloop van die uitvoering van take is belangrik en moet spesifiek en individueel gerig wees.

- Konsekwente toepassing van onderrig-en leerbeginsels deur die leier.

- Konsekwentheid in die optrede van die bestuur en die leier, sowel as die leierskapstyl is belangrik vir die groep se ontwikkeling.

- Vrywillige werkers moet beperk word tot die Ravensmead gemeenskap, want die persone deel dieselfde waardes en die omgewing en sy fasiliteite is aan hulle bekend. Die drie persone in die navorsing wat vanuit 'n ander gemeenskap gekom het, het 'n subgroep gevorm en het moeilik ingepas by die groot groep. Dit onderstreep wat Rifkin *et al.* (1988) gevind het naamlik dat 'n gemeenskap 'n groep persone is wat saamleef in dieselfde afgebakende area, en wat dieselfde waardes en belangstellings deel.

- In die werwing van vrywillige werkers moet daar verkieslik gefokus word op een ouderdomsgroep. 'n Groep met persone van verskillende ouderdomme lei tot verskillende behoeftes wat aangespreek moet word binne 'n program. Dit was ook die navorser se ervaring dat ouer persone in die groep gesien word as die leiers en dat jonger persone nie 'n ouer persoon sal teengaan al stem hulle nie noodwendig saam nie. Dit mag moontlik wees as gevolg van waardes wat geld in die spesifieke gemeenskap, maar die stelling is nie bevestig nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Kommunikasie met ouers en familie van veral die jonger vrywillige werkers is nodig sodat hulle kan verstaan wat die persoon kan baat deur betrokke te raak as vrywillige werker, alhoewel dit nie finansiële gewin is nie.

- Nuwe vrywillige werkers moet deur 'n proses van oriëntering en induksie gaan sodat hulle duidelik weet wat van hulle verwag word en wat die projek aan hulle kan bied.

- Dit is verkieslik dat die projek by die skole waar die stimulasieprogram aangebied word sy eie lokaal en fasiliteite het, sodat vrywillige werkers nie nodig het om elke dag al die toerusting heen en weer te dra nie.

- Dit is die leier se plig om toe te sien dat die groep as 'n eenheid funksioneer en dat subgroepering so ver as moontlik vermy word.

- Die bestuur van die projek benodig aandag.

- Die projek se funksionele hulpprosesse is in plek wat impliseer dat die doelstellings van die projek duidelik is vir al die betrokkenes. Die generiese administratiewe prosesse benodig aandag, soos dit ook uitgekom het in die vrywillige werkers se opinies omtrent die swakpunte van die projek en voorstelle wat hulle het ter verbetering. Aspekte wat hier van belang is, is onder andere die daarstel van: 'n beleid vir die projek, pligtestate vir die vrywillige werkers, oriëntering- en induksieprogramme en prosedurebeskrywings, want al die swakpunte rakende die bestuur kan terug geneem word na een van hierdie aspekte.

5.3 WYER TOEPASSING VAN DIE BEVINDINGE

- Hierdie projek behoort met die nuwe benadering van erkenning van vorige leer, poog om deur middel van uittredingskriteria vir die vrywillige werkers geleenthede te skep vir verdere opleiding.

- Opleiding behoort meer spesifiek beplan word ten opsigte van die insluit van oordraagbare vaardighede, sodat die vrywillige werkers hierdie vaardighede wat bemeester is verder kan neem na 'n nuwe werkplek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Dit sal ook van waarde wees om vir hierdie projek 'n basislyn van deelname te ontwikkel gegrond op die vyf faktore wat Rifkin *et al.* (1988) beskryf het, sodat gemeenskapsdeelname geëvalueer kan word, want dit vorm tog die basis van enige gemeenskapsprogram. Peat (1997) stel dit dat, deelname van kardinale belang is vir enige program ten einde effektief te kan funksioneer.

5.4 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

Voorstelle ter verbetering van die program moet geïmplementeer word en dan behoort die projek blootgestel te word aan evaluasienavorsing waar die fokus is op:

- Die bepaling van die effektiwiteit van die program ten einde vas te stel of die oorkoepelende doelstellings van die projek bereik is. Dit mag navorsing insluit om:

  (i) die mate van vordering by graad een en twee leerders betrokke by die projek te bepaal;

  (ii) die mate van deelname deur alle rolspelers by die projek te bepaal; en/of

  (iii) die spesifieke opleiding en onderrigmetode te evalueer en vrae te beantwoord soos: wat is die uitkomste van die projek, wie het deelgeneem en op watter wyse en wat was die koste?

- Opvolg van die program oor die langtermyn ten einde vrae te beantwoord soos: wat is die impak van die program en wat was sinvol vir die betrokkenes.

5.5 TEKORTKOMINGE VAN DIE NAVORSING

Verskeie tekortkominge is in die navorsing geïdentifiseer. Elke tekortkoming word bespreek in terme van die moontlike effek wat dit mag hê op die uitkoms van die navorsing.

- Die gebruik van die algemene riglynbenadering tydens die voer van die onderhoude mag daartoe gelei het dat nie alle belangrike onderwerpe van die projek genoegsaam gedek is nie, bv. die spesifieke take wat vrywillige werkers moes doen as deel van hulle daaglikse werk en wat hulle opinie daaroor is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- In die gedetailleerde beskrywing van die navorsingsproses, die data en die begrensing van die navorsing mag die anonimiteit van die vrywillige werkers bedreig wees, want die identiteit van die program is bekend gemaak.

- Vrywillige werkers het aan die begin van die onderhoud ingeligte toestemming gegee om deel te neem aan die navorsing, maar as gevolg van die eksploratiewe aard van die navorsing is dit nie eintlik moontlik om hulle vooraf heeltemal in te lig omtrent die omvang en diepte van die vrae nie.

- Die vrywillige werkers was voor die navorsing, almal bekend aan die navorser en dit mag hulle in 'n moeilike posisie geplaas het, want juis omdat hulle die navorser ken mag hulle verplig gevoel het om deel te neem, alhoewel hulle nie noodwendig wou nie. Indien dit die geval was, mag dit ‘n invloed gehad het op hulle opinie van die projek.

- Die navorser is bekend met die projek en dit mag wees dat aannames en afleidings gemaak is vanuit hierdie kennis en nie noodwendig deur dit wat na vore gekom het vanuit die data nie.

- Die vrywillige werkers met wie die onderhoude gevoer is, moes hul persepsies van die program weergee en hierdie persepsies is selektief en mag verwring word as gevolg van persoonlike sydighede en gevoelens jeens die program.

- 'n Beperking in die navorsing is die gebruik van een tipe bron as data-insamelingsmetode. Dit het 'n negatiewe effek op die interpretasie van die data, want daar is nie ander data om dit mee te vergelyk of in verband mee te bring nie.

- Data wat verkry word deur middel van onderhoude is onderwerp aan die betrokkenes se herroepvermoë, verhouding of reaksie teenoor die onderhoud-voerder en eie agendas, en dit kan lei tot vermindering van geldigheid en betroubaarheid van bevindinge.

- Die impak evaluasienavorsing soos toegepas in hierdie navorsing het die verdere beperking dat die vlak van veralgemening verkry uit die navorsing beperk is tot slegs hierdie spesifieke program.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Hierdie navorsing is beperk tot die persepsies van die vrywillige werkers wat deel was van die program en het nie verder gaan kyk na die uitkomste van die program op die gemeenskap en betrokkenes by die projek nie.

5.6 TEN SLOTTE

Die navorsing het gepoog om inligting te genereer vanuit die perspektiewe van persone wat deel is/of was van die program, met die doel om hierdie inligting te gebruik om die projek te verbeter. Dit is slegs 'n klein deel van die totale evaluasieproses wat nodig is ten einde uitsprake te kan maak oor die effektiwiteit en haalbaarheid van sodanige projek vir die bepaalde gemeenskap.

Deur die bevindinge van hierdie navorsing te inkorporeer by die bestaande program hoop die navorser dat dit mag bydra tot die ontwikkeling van 'n effektiewe en haalbare diens wat die gemeenskap van Ravensmead verdien. Op hierdie wyse word die akroniem waarvoor VOLCANO staan dan regtig waar:

"Volunteers of Love, Care and Neverending Objectives"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

ANC. 1994. *A National Health Plan for South Africa.* Johannesburg: African National Congress.

ANC. 1994. *The Reconstruction and Development Plan.* Johannesburg: African National Congress.

Babbie, E & Mouton J. 2001. *The Practice of Social Research.* Cape Town, South Africa: Oxford University Press.

Boone, EJ. 1995. *Developing Programmes in Adult Education.* New Jersey: Prentice Hall Inc.

Boyatzis, RE. 1998. *Transforming Qualitative Information: Thematic Analysis and Code Development.* Thousand Oaks: Sage Publications.

Brownlea, A. 1987. Participation: myths, realities, prognosis. *Social Science Medicine*, 25: 605-614.

Burnard, P. 1991. A Method of Analysing Interview Transcripts in Qualitative Research. *Nurse Education Today*, 11: 461-466.

Burns, N & Grove, SK. 1993. *The Practice of Nursing Research Conduct, Critique and Utilization.* USA: WB Saunders Company.

Carr, D. 1981. On mastering a skill. *Journal of Philosophy of Education*, 15(1): 87-96.

Creswell, JW. 1998. *Qualitative Inquiry and Research Design - Choosing among 5 Traditions.* Thousand Oaks: Sage Publications.

Creswell, JW. 1994. *Research Design: Qualitative and Quantitative Approaches.* Thousand Oaks: Sage Publications.

Denzin, N & Lincoln, Y. 1994. *Handbook on Qualitative Research.* Thousand Oaks: Sage Publications.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Poy, E & Gitlin LW. 1994. *Introduction to Research.* St. Louis: Mosby.

Feuerstein, MT. 1986. *Partners in Evaluation: Evaluating Development and Community Programmes with Participants.* London: MacMillan Education Ltd.

Fraenkel, JR & Wallen, NE. 1996. *How to Design and Evaluate Research in Education.* New York: McGraw-Hill Inc.

Gagnon, AJ. 1991. The Training and Integration of Village Health Workers. *Bulletin of PAHO 25*, 2: 127-138.

Gerber PD, Nel PS & Van Dyk, PS. 1998. *Menslike Hulpbronbestuur - 4de Uitgawe. Suid-Afrika: International Thomson Publishing Ltd.*

Gliner, JA. 1994. Reviewing Qualitative Research: Proposed Criteria for Fairness and Rigor. *The Occupational Therapy Journal of Research*, 145(2): 78-89.

Godwin, P. 1983. Training Health Workers: What needs to be taught and who should teach it. *Social Science and Medicine*, 17(22): 1819-1825.

Graham, MS. 1998. *The Evaluation of a training programme for volunteers in community-based rehabilitation for children with disabilities.* M.OT. thesis. Pretoria.

Hasselkus, BR. 1995. Beyond Ethnography: Expanding our understanding and criteria for qualitative research. *The Occupational Therapy Journal of Research,* 15(2).

Holloway, I & Wheeler, S. 1996. *Qualitative Research for Nurses.* London: Blackwell Science Ltd.

Krefting, L. 1991. Rigor in Qualitative Research. The Assessment of Trustworthiness. *American Journal of Occupational Therapy*, 45(3): 214-222.

Labuschagne, FJ & Eksteen, LC. 1993. Verklarende Afrikaanse Woordeboek, agste uitgawe. Pretoria: JL van Schaik.

Laithwaite, H, Burns, M & White A. *A Profile of Volunteers who currently work for Glasgow Associates for Mental Health.* [GAMH@colloquium.co.uk.].

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lautenschlager, J. 1994. *A Springboard to Tomorrow: Creating Volunteer Programs for Young People that Encourage the Development of Skills.* [http://www.pch.gc.ca/cp-pc/ComPartnE/Springb1.html].

Lysack, C & Krefting, L. 1991. Community-based Rehabilitation Cadres: Their Motivation for Volunteerism. *International Journal of Rehabilitation Research* , 16: 133-141.

Madan, TN. 1987. Community involvement in health policy: socio-structural and dynamic aspects of health beliefs. *Social Science Medicine*, 25: 615-620.

Marshall, C, & Rossman, GB. 1989. *Designing Qualitative Research.* London: Sage Publications.

Miles, MB, & Huberman, AM. 1994. *Qualitative Data Analysis.* 2nd Edition. London: Sage Publications.

Mouton, J. 1999. *A Practical Guide to Programme Evaluation.* Stellenbosch: Centre for Interdisciplinary Studies.

Patton, MQ. 1990. *Qualitative Evaluation and Research Methods.* London: Sage Publications.

Patton, MQ. 1994. Developmental Evaluation. *Evaluation Practice,* 15(3): 313-319.

Peat M. 1997. *Community Based Rehabilitation.* London: WB Saunders Company Ltd.

Posavac, EJ & Carey, RG. 1992. *Programme Evaluation: Methods and Case Studies.* Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Rifkin, SB, Muller, F & Bichmann, W. 1988. Primary Health Care: An Measuring Participation. *Social Science and Medicine*, 26(9): 931-940.

Rossi, PH & Freeman, HE. 1993. *Evaluation: A systematic approach.* Newbury Park, CA: Sage.

Scriven, M. 1980. *The Logic of Evaluation.* Inverness CA: Edgepress.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Slater, DA & Cohn, ES. 1991. Staff development through analysis of practice. *American Journal of Occupational Therapy,* 45(11).

Stone, L. 1992. Cultural Influences in Community Participation in Health. *Social Science and Medicine*, 35(4): 409-417.

Suvedi, M, Heinze, K & Ruonavaara, D. 1999. *How to Conduct Evaluation of Extension Programs.* ANRECS Center for evaluative studies. Department of ANR education and communications systems, Michigan State University, East Lansing.

Tesch, R. 1990. *Qualitative Research: Analysis Types and Research Tools.* New York: Falmer Press.

Weiss, CH. 1999. *New Approaches to Evaluating Community Initiatives. [http://www.aspenroundtable.org/vol 1/weiss.html}.*

Wholey, JS, Harty, HP & Newcomer, KE. 1994. *Handbook of practical program evaluation.* San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Wickham, S. 1998. Programme Evaluation Workbook (unpublished).

World Health Organization. 1988. *From Alma-Ata to the Year 2000 - Reflections at the midpoint.* Geneva.

World Health Organization Technical Report. 1991. *Study Report on Community Involvement in Health.* Geneva. 809:1-56.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE A

VOORBEELD VAN DIE VRYWARINGSVORM

VRYWARINGSVORM

TITEL VAN DIE STUDIE: _____

_____

_____

_____

_____

NAVORSER SE NAAM: _____

DOEL VAN DIE STUDIE:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Onderhoude wat met die deelnemers gevoer word sal op band geneem word. Die bande sal met niemand gedeel word behalwe die studieleier van die projek en een kollega wat gaan help met die verwerking van die inligting, maar dit en aanhalings sal anoniem geskied omdat die bande slegs genommer sal word en dit dus onmoontlik maak om die deelnemers te identifiseer. Deelnemers hoef geen vraag te antwoord as hulle nie wil nie en is vry om enige tyd die onderhoud te stop en hulself van die studie te onttrek.

Die navorser sal die bande na een jaar na afhandeling van die studie vernietig.

Hiermee gee ek _____ my toestemming om deel te neem aan die studie. Ek verstaan dat ek op enige tyd kan onttrek van die studie en dat ek nie identifiseer sal word in die navorsingsverslag nie.

Handtekening van die deelnemer: _____

Handtekening van die navorser: _____

Datum: _____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE B

REKORD VAN AFSPRAKE GEMAAK VIR DIE ONDERHOUDE

VRYWILLIGE WERKER	DATUM AFSPRAAK GEMAAK	DATUM VAN ONDERHOUD	PLEK	TYD	RESULTAAT/KOMMENTAAR
1.	22 Junie 00	28 Junie 00	K2034	10:00	Vrywillige werker daag nie op by die ooreengekome plek nie, ek wag vir 45 minute en skakel haar huis. Sy het blykbaar probleme met die taxi ondervind volgens haar suster en dié sou vir haar die boodskap gee om my terug te skakel, sodat ons 'n ander afspraak kan maak.
	6 Julie 00	10 Julie 00	K2034	9:00	Vrywillige werker kontak my uit haar eie en maak 'n afspraak vir die onderhoud.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VRYWILLIGE WERKER	DATUM AFSPRAAK GEMAAK	DATUM VAN ONDERHOUD	PLEK	TYD	RESULTAAT/KOMMENTAAR
2.	4 Julie 00	10 Julie 00	K2034	11:00	Afspraak verloop sonder enige probleme. Die onderhoud het plaasgevind in my kantoor by die departement omrede dit vakansie was en die lokaal by die skool nie beskikbaar was nie en die vrywillige werker nie gemaklik gevoel het met die idee dat ons dit by hom aan huis doen nie. Die rede wat hy aangevoer het, was dat daar nie 'n plek was waar ons ongesteurd die onderhoud kon voer nie. Ek het hom gaan oplaai, want dit het die dag gereën en dit is ongeveer 5 km wat hy sou moes stap. Ons was alleen in die lokaal en het by die tafel gesit sodat ons albei naby genoeg aan die bandopnemer kan wees. Ek het aan hom verduidelik wat die doel van die onderhoud is asook hoekom ek die bandopnemer moet gebruik. Hy het die vrywaringsvorm geteken en het geen vrae op daardie tydstip gehad nie. Die lokaal en ek is aan hom goed bekend, omdat hulle soms lesings hier ontvang het en hy was dus gemaklik met my en die situasie. Na die tyd het ek hom weer gaan aflaai by die huis en hy het aangebied om vir my van die vrywilligers wat ek nie kon opspoor nie te probeer kontak.
3.	10 Julie 00	14 Julie 00	K2034	13:30	Afspraak verloop sonder enige probleme

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VRYWILLIGE WERKER	DATUM AFSPRAAK GEMAAK	DATUM VAN ONDERHOUD	PLEK	TYD	RESULTAAT/KOMMENTAAR
4.	10 Julie 00	14 Julie 00	Amica huis	15:00	Afspraak verloop sonder enige probleme.
5.	10 Julie 00	12 Julie 00	Ravensmead gemeenskaps-sentrum	13:00	My bandopnemer breek en ek moet herskeduleer.
	12 Julie 00	17 Julie 00	Ravensmead gemeenskaps-sentrum	10:00	Afspraak vind plaas sonder probleme
6.	10 Julie 00	12 Julie 00	Ravensmead gemeenskaps-sentrum	14:30	My bandopnemer breek en ek moet herskeduleer.
	12 Julie 00	17 Julie 00	Ravensmead gemeenskaps-sentrum	11:00	Hy daag nie op nie as gevolg van werkverpligtinge.
7.	17 Julie 00	18 Julie 00	Webnerstraat Primêr	11:30	Afspraak verloop sonder enige probleme.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VRYWILLIGE WERKER	DATUM AFSPRAAK GEMAAK	DATUM VAN ONDERHOUD	PLEK	TYD	RESULTAAT/KOMMENTAAR
8.	18 Julie 00	18 Julie 00	Webnerstraat Primêr	12:30	Afspraak verloop sonder enige probleme.
9.	18 Julie 00	18 Julie 00	Webnerstraat Primêr	13:30	Afspraak verloop sonder enige probleme.
10.	18 Julie 00	19 Julie 00	Webnerstraat Primêr	11:00	Afspraak verloop sonder enige probleme. Vrywillige werker kontak my die vorige dag om te vra of sy weer mag aansluit en ek kan die afspraak met haar maak.
11.	18 Julie 00	19 Julie 00	Webnerstraat Primêr	12:00	Afspraak verloop sonder enige probleme. Vrywillige werker kontak my die vorige dag om te vra of sy weer mag aansluit en ek kan die afspraak met haar maak.
12.	10 Julie 00	19 Julie 00	Webnerstraat Primêr	13:30	Afspraak verloop sonder enige probleme.
13.	10 Julie 00	17 Julie 00	Marian singel 18	12:30	Sy is nie tuis nie en volgens haar buurvrou het sy gaan "casual". Ek laat 'n boodskap by die buurvrou dat sy my moet kontak via een van die ander vrywillige werker.
14.	21 Julie 00	24 Julie 00	Webnerstraat Primêr		Afspraak verloop sonder enige probleme
15.	21 Julie 00	27 Julie 00	Webnerstraat Primêr	11:30	Afspraak verloop sonder enige probleme
16.	21 Julie 00	27 Julie 00	Webnerstraat Primêr	13:00	Afspraak verloop sonder enige probleme

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE C

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 2 VAN 1995 SE GROEP.

WATTER WERK DOEN JY TANS? Ek is besig met sekuriteitswerk by Nampak Corrugated. EN HOE LANK IS JY AL DAAR? Die afgelope drie jaar. EN WAT BEHELS DIE WERK, WAT MOET JY DOEN, WAT IS JOU TAKE? Ek monitor kamaras, access control, sowel as veiligheid van die personeel self en uitvoer en invoer van bokse, daai is alles wat gekontroleer word, dit is basies wat ek doen. NOU Sê VIR MY WATTER SKILLS HET JY ALLES NODIG OM DAARDIE WERK TE KAN DOEN? Ek het 'n sekuriteits course/kursus gedoen maar baie van die kursusse wat deur die Arbeidsterapie vir my aangebied het soos die selfgeldingsgedrag het baie vir my gehelp en leierseienskappe, veral, die rede ek sê so, hulle het my skoons ingesit by assistant supervisor course. SO JY HET AL BEVORDERING GEKRY IN DIE DRIE JAAR, SO JY DOEN VIR JOUSELF GOED. Ja.

DIE VOLGENDE PAAR VRAE IS OMTRENT JOU EIE AGTERGROND EN ERVARINGS. DIE DOEL MET DIE VRAE IS OM MY TE HELP OM UIT TE VIND WAT JY VAN DIE PROJEK DINK. EK GAAN VIR JOU TERUGVAT, AS EK REG HET, HET JY IN 1995 BEGIN Nê? HOEVEEL JARE WAS JY BETROKKE? Nee, 1993. WAS JY NOG VAN DIE KLOMP WAT BETROKKE WAS BY DIE NASKOOLSENTRUM? Ja

HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Joe! – ek het daai jaar matriek klaar gemaak – 19 jaar. HET JY IN 1993 MATRIEK KLAAR GEMAAK . Nou moet ek gou somme maak – ek is nou 26 jaar – ja, 7 jaar gelede – ja, 19 jaar

HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM? mm... Ons jeug was eenkeer geinvite na die Fountain Christian Centre waar (*) die storie gepraat het van die nasorgsentrum en toe het ons, toe het ek maar besluit ek doen nou by the way niks nie en ek weet nie wat ek na matriek gaan doen nie en toe het ek maar aangesluit by die naskoolsentrum. So is eintlik as (*) nou nie so amper soos 'n lesing wat sy daar gegee het by die Fountain Christian Centre dan het ek nooit geweet nie. SO JY HET DIT SO VIA DIE JEUGGROEP VAN DIE KERK GEHOOR? Ja

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

WAT ONTHOU JY VAN DIE PROJEK, WAT HET JULLE GEDOEN?
Wat ons eintlik probeer het vir die kinders – gehelp met hand-oog koördinasie – ok – agterstande, kinders met agterstande, kinders wat miskien probleme het by die huis, soos kinder abuse en so, die het ons ook gehelp – toe het ons die klasse kry kon ons die kinders meer help, want ons het fisies saam met hulle op skool. Was eers die naskoolsentrum en toe het ons na die skole gegaan. Kinders het toe daar geleer en hmm.. en die Arbeidsterapiestudente het lesings gegee, kursusse aangebied oor selfstudie, nie selfstudie nie – selfgeldende gedrag, leierseienskappe, konflikhantering, kinderhantering, beplanning. AS JY NOU Sê JULLE HET KINDERS GEHELP, WAT HET JULLE GEDOEN? Ons het ok, die kinders geleer inkleur, hmm.. so lank terug. Groentetuin – ons het die kinders die verskil tussen groente geleer, die meisies het die kinders leer naaldwerk doen hmm. . speletjies het ons saam met hulle gespeel om hulle besig te hou weg van gangsterism, drugs en so, abuse, family violence en van die strate af. Ons het ook vir hulle sopkombuise aangebied, gesponsor deur die Lions Club. BAIE VAN DIT WAT JY NOU NOEM WAS NOG DEEL VAN DIE NASKOOLSENTRUM. IN DIE SKOLE WAT HET JULLE DAAR GEDOEN? By die skool het ons meer gewerk met die sub a's of soos hulle nou sê graad 1 en graad 2 , 3 en 4 leerlinge en ons het hulle soos die inkleur self, met hulle games gespeel, geleer miskien die alfabet skryf die b en d wat hulle verkeerd skryf en ook vir hulle ouervergaderinge gehad om te sien of die kind miskien presteer het, sodat die ma ook weet waar hy is in die agtermidddag, want as die kind nog nie half drie by die huis is nie dan gaan worry die ma. So ook dat die ma's die volunteers self ken, wie hulle is wat miskien hulle agtergronde is – baie is eintlik soos 'n juffrou ons gaan net diepere in, net diepere in soos die huis en so. WIE WAS NOG BETROKKE BEHALWE DIE VW? Arbeidsterapeut , hmm.. Fakulteit Geneeskunde, Lions Club en skole self.

WAT HET JOU AANGETREK NA DIE PROJEK? Ek wou nie eintlik by die naskoolsentrum self gewees het nie. (*) het meer gepraat oor drama en dans en toe het ek besluit – ek het altyd by die Sondagskool het ek altyd drama gedoen, toe besluit ek miskien kan ek woeker in die dramastorie en ok later besluit ek, ek het hoeka niks te doen deur die dag nie as ek uit die skool kom het ek niks om te doen nie – ek gaan kyk hoe werk die naskoolsentrum.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HET JY ENIGE VORIGE WERK GEDOEN VOORDAT JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Ek het geen werk gedoen nie.

WATTER STANDERD HET JY OP SKOOL BEHAAL? Matriek GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE STERKPUNTE VAN DIE PROJEK? Hmm.. sterkpunte van Volcano. Ok dit sal natuurlik wees studies, die lesings wat die arbeidsterapeut vir ons aangebied het, want ek voel self sonder die Arbeidsterapiestudente sou ons nie so ver gekom het. Ek myself het nie geweet hoe om 'n kind te hanteer nie hmm.. so nou vandag weet ek hoe is dit om my eie seuntjie te hanteer.

WAT HET JY GELEER? Hmm.. vir my staan uit leiereienskappe baie sterk uit, hmm selfgeldende gedrag baie goed – ek was altyd bang hoe sal 'n mens sê bang om te praat, senuagtig nou het mens daai selfvertroue om mense te kan konfronteer, van al die konfliksituasies wat ons so gedoen het, het baie gehelp, vir myself sowel as vir die groep. Hmm... arbeidsterpeut het vir ons amper soos huiswerk gegee, hulle het gesê right sê nou maar soos konflikhantering, dan moet ons nou in die middag 'n onse eie situasie miskien ek en (*) het miskien nou 'n stryery en dan moet ook nou miskien daai woorde wat ek sou gebruik op 'n blaai neerskryf en dan miskien nou, sê daai stryery gebeur nou en dan later dit is amper asof dit die hele tyd op my conscience bly, sodat ek teruggaaan en either konfronteer die probleem so , dit het my baie gehelp. PAS JY DIT NOU NOG TOE? Ek pas dit nou nog toe. JY HET NETNOU GEPRAAT VAN KINDERHANTERING, WAT VAN DIE KINDERHANTERING PAS JY TOE OP JOU EIE KIND? Soos hy is nog 'n bietjie klein om te lees of te skryf of daai ek kan nie nou dink nie. Dit is nie dat ek van kinders hou nie. DINK JY , JY IS DALK MEER GEDULDIG MET HOM? Ek is nou baie meer geduldig. JY WAS DIE ENIGSTE KIND Nè? Ek was die enigste kind, omdat ek nou nie maatjies gehad het nie, was ek baie by die huis gewees en hoe kan ek sê ... ek het eintlik in my dop gekruip, maar toe ek nou die projek doen, het ek nou meer van my, ek was baie stil gewees, nou praat ek baie. Ja, ek sal sê die projek het my baie gehelp om myself op te bou.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK? Swakpunte..... een sal natuurlik wees ok as daar miskien meer fondse is, want ek meen elke mens sal nie vandag 'n werk verniet doen nie om elke middag vir daai kinders te gaan leer. Nee, daar is nie eintlik swakpunte nie, dit is net eintlik die omstandighede waar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kinders self is, miskien is hy bietjie skrikkerig vir pa wat slaan, dit is al wat ek kan dink.

LAAT EK JOU VRA OMTRENT JOU GEVOELENS OMTRENT DIE PROJEK. WAT IS VAN DIE ASPEKTE WAT JY BAIE GENIET? Die speletjies wat ons saam met die kinders gespeel het, soos ek netnou ok gesê die lesings, dit het my baie opgebou, ek het nooit geweet ek sal so saam met kinders kan praat nie. SO DIT WAS VIR JOU 'N NUWE ERVARING? Dit was amper vir my uit hierdie wêreld uit so ek het nooit geweet ek sal 'n kind so kan hanteer nie.

WAT WAS VAN DIE ASPEKTE WAT JY REGTIG NIE VAN GEHOU HET NIE? Ek het baie kwaad geraak as die kinders miskien nie kom nie en jy berei vir jou 'n les voor om vir hulle aan te bied, dan is daar net twee, drietjies. EN OM SAAM MET DIE GROEP TE WERK? Hmm... ons het 'n paar probleempies gehad, maar dit is sommer daarso uitgesort.

WAT HET VOLCANO VIR JOU BETEKEN? Volcano het my baie geleer WAT HET JY GELEER? Hmm... ja ek het myself verbaas, want ek het nie geweet wat om met 'n kind aan te vang nie, ok. Daai, ek het geleer tuinmaak wat nog. By die werk probeer ek van daai wat ek geleer het soos die groepehantering, want ek is by die werk 'n groepleier, nou probeer ek daai bietjie kennis toepas in die werk. WAT VAN KONFLIKHANTERING? Konflikhantering speel 'n baie groot rol by jou werk self, want as ek nie daai geduld kon gehad het nie miskien daai drie of vier mense wat saam met , dan sou ek seker al lankal na 'n laer pos, na 'n gewone wag toe gegaan het. EN IN JOU HUWELIK? Hmm... somtyds raak ek sommer kwaad vir enige dingetjie maar dan redeneer ek myself, dan gaan ek na vroutjie toe en sê nee man, ek is jammer – wat ek nooit kon gedoen het nie. As ek kwaad is nou vir iemand, dan sou ek twee dae, drie dae kwaad bly

GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê WAS DIE STERKPUNTE VAN DIE OPLEIDING WAT JY ONTVANG HET? In die eerste plek dit wat vir my lekker gewees het. As ek sien daai kind presteer, dan voel jy amper soos ek het vir jou daar gebring. Jy is miskien 'n rolmodel vir daai kind, baie kinders dan kom hulle uit die huis, dan is hulle vuil. Dan kom hulle by ons, dan help ons hulle aan – dit was lekker – hulle het altyd gedink ons is nou die jufffroue of menere en het altyd uitgesien om ons te sien. MET DIE OPLEIDING VAN DIE

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

STUDENTE? Ja, die manier hoe hulle dit gedoen het, ok. Om 'n span te wees, groepwerk, hulle het meer gekonsentreer op groepwerk.

GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê WAS DIE SWAKPUNTE VAN DIE OPLEIDING WAT JY ONTVANG HET? Vrydagoggende se vroeg opstaan. Ek sal sê ek sou verkies het dat daar miskien 'n student heeldag saam met ons moes wees HOEKOM? Amper net so jy vergeet net wat het jy geleer, maar as hulle net daar is dan is dit amper so dat hulle re-inforce wat jy geleer het. Hulle bring dit hoe sal 'n mens sê, jy leer vandag iets en dan kom hulle net weer in met verfrissing. Ek beplan so my daaglikse werk nou, want ek het nooit eers 'n dagboek gebruik nie.

AS JY DIE MAG KON Hê OM IETS TE VERANDER AAN DIE PROJEK, WAT SAL JY ANDERS WOU DOEN? Ek sou miskien, kyk ons was mos nou vrywillige werkers gewees hmm... miskien net as ek die mag gehad het sou ek miskien finansiële steun aan VIR DIE MENSE WAT BETROKKE IS ja. NOG IETS? Toerusting – ons het destyds ons eie toerusting gemaak.

HOEKOM HET JY OPGEHOU MET VRYWILLIGE WERK? Hoekom het ek opgehou...hmm... ek sal nou maar sê die rede hoekom ek opgehou het, is omdat my ma mos afgesterf het en my pa is nou alleen by die huis, toe besluit ek ek gaan nou maar vir my 'n werk soek om aan te help by die huis.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Ja, ek dink Volcano moet voortgaan, want ek sien dan nou as ek by die huis kom dan sit miskien net heeltyd of loop in die rondte en so, of as ek by die huis kom dan slaap ek miskien, want ek het nie eers meer vir... toe ek klaargemaak het by Volcano, daarvandaan af het ek nie meer vriende nie. MIS JY DUS VOLCANO? Ek mis dit baie, net vir daai saamwees HOEKOM NOG? Soos...soos selfkennis doen jy op en die hele ding is, sal ek sê, eintlik 'n leerproses hmmm... DINK JY DIT IS IETS VIR DIE GEMEENSKAP? Dit is baie opbouend vir die gemeenskap, daai kind hy kan miskien 'n dokter wees, die volgende president of so. ENIGE IETS WAT JY NOG WIL Sê, WAT JY DINK EK MOET WEET VAN VOLCANO? Hmm... nee niks verder nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE D

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 3 VAN 1996 SE GROEP.

WATTER WERK DOEN JY TANS? Ek doen Radiografie hier by die hospitaal. HOEVEELSTE JAAR? My tweede jaar en dit is 'n drie jaar kursus. WAT BEHELS DIE WERK? Dit is maar net die neem van X-strale om te kyk wat gaan in die liggaam aan. ENIGE ANDER VAARDIGHEDE WAT JY NODIG HET OM DIE WERK TE KAN DOEN? Ag, jy moet nou maar net met die pasiënte kan werk, moet in 'n groep kan werk, met ander personeel kan werk, konflik kan hanteer en sulke goed.

HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Hmm... ek was 20. WAT HET JY GEDOEN VOOR JY AANGESLUIT HET? Dit was 'n jaar na ek uit die skool gekom het wat ek by Volcano aangesluit het. WAT HET JY IN DIE JAAR GEDOEN? Ek was eintlik op Stellenbosch, dit was net vir 'n jaar, maar ek het nie aangegaan met my kursus nie en toe het ek vrywillige werk kom doen. WATTER KURSUS HET JY GEDOEN? B.Sc.

HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM? Wel, (*) was betrokke by die groep en sy het my daarvan vertel en een keer het ek saam met haar gegaan, (*) het met my gepraat en dis soos ek betrokke geraak het.

WAT ONTHOU JY VAN DIE PROJEK BYVOORBEELD WIE WAS BETROKKE, VIR WIE WAS DIT, WAARUIT HET DIE PROJEK BESTAAN? Wel, ek weet ons het gehelp met ontwikkelingsagterstande met die kinders soos sub A, hmm... wat 'n bietjie agter geraak het en wat nie die werk kon baasraak nie en die onderwysers het nie die tyd gekry om by hulle uit te kom nie en dis waar ons in die prentjie gekom het.

WAT HET JOU AANGETREK NA DIE PROJEK? Wel, dat ek met kinders kon werk en dat ek iets vir die gemeenskap kon beteken.

HET JY ENIGE VORIGE WERK GEDOEN VOORDAT JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Nee, net tydelike werk maar nie soos vaste werk nie. WAAR WAS DIT? By Shoprite, 'n kassier. EN OP SKOOL WAS JY DEEL VAN ENIGE VERENIGINGS OF LEERLINGRAAD OF SO IETS? Nee, ek het net in die koor gesing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AS EK ELKE DAG DEEL WAS VAN DIE PROJEK WAT SOU EK GESIEN HET WAT JY DOEN? Wel, daar's dae wat ons nou moet gekyk het, soos Vrydae, wat ons voorbereiding gedoen het vir die volgende week se lesse en dan op twee dae het ons gegaan na die middag na die skool toe waar ons met die kinders gewerk het. WATTER TIPE GOED HET JULLE MET DIE HULLE GEDOEN? Ons het hulle vorms geleer en wiskundige berekenings en ja dis basies dit. WIE WAS NOG BETROKKE? Dis (*), (*) was betrokke BEHALWE JULLE VRYWILLIGE WERKERS? O, Arbeidsterapiestudente en (*).

GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê IS DIE STERKPUNTE VAN DIE PROJEK? Wel, dat ons daar was soos op 'n gereelde basis, dat ons skole toe gegaan het en dat ons elke Maandag en Woensdag die kinders kan gesien het en dat ons kon gesien het waarin hulle agter is en so en dan die program wat ons vooraf moes uitgewerk het wat om te doen met hulle, speletjies wat ons met hulle gespeel het. ENIGE IETS ANDERS? En dat ons oueraande gehad het en ons die ouers betrokke gekry het dat hulle ook geweet het wat om te doen, wat gehelp het.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK? Soos in ons geval waar ons by die skool was, het ons nie 'n klaskamer gehad nie en elke keer moes ons na 'n ander klaskamer geskuif word, dit was nogal vir my nie goed nie. HOEKOM NIE? So, sê nou jy het jou eie klaskamer, kan jy die omgewing nou interessant maak vir die kind, maar ons het elke dag na 'n ander kamer toe en dit was nie altyd skoon nie.

LAAT EK JOU VRA OMTRENT JOU GEVOELENS OMTRENT DIE PROJEK. WAT IS VAN DIE ASPEKTE WAT JY BAIE GENIET HET OMTRENT DIE PROJEK? Wel, om met die kinders self te werk, hulle was partykeers baie stout en om in groep te werk, ons vrywillige werkers het ook altyd 'n spanbousessie gehad waar ons mekaar beter leer ken het en dit was ook nogal vir my goed. WAT HET JULLE BY DIE SPANBOU GEDOEN? Ja, ons het byvoorbeeld so 'n muur en dan moes ons geklim het met 'n tou byvoorbeeld dit en dan moes ons so op 'n sement blok gestaan het en dan jou oë toegemaak het en dan geval het en dan moes hulle jou gevang het – die res van die groep. Ons het deur 'n tonnel ook beweeg dan is een van die vrywillige werkers beseer en dan moes ons vir hom so stut of so iets maak dat hy kan gedra word daarop en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

so het ons geleer om met mekaar oor die weg te kom en in 'n span te werk – dit was nogal vir my goed.

WAT IS VAN DIE ASPEKTE WAT JY REGTIG NIE VAN GEHOU HET IN DIE PROJEK NIE? Ek kan nou regtig nie aan iets dink wat my omgekrap het nie. GOED, JULLE WAS 'N KLOMP WAT SAAM IN DIE SPAN GEWERK HET, WAS DAAR NOOIT PROBLEME NIE? Ja, partykeers het ons probleme met mekaar ondervind, maar ons het dit uitgewerk. DIT IS NIE IETS WAT VIR JOU UITSTAAN AS IETS WAT NOOIT OPGELOS IS NIE . Nee, alles was opgelos.

WAT HET VOLCANO VIR JOU BETEKEN? Wel, dit het vir my baie beteken deurdat ek moes met kinders werk en ek het baie daaruit geleer en hoe om met die res van die groep te werk en selfs met die kindertjies ook . WAT VAN SPESIFIEK MET DIE KINDERS WERK , WATTER SKILLS HET JY BYGEKRY? Ek dink 'n mens moet geduldig wees met hulle, probeer om nie jou humeur te verloor nie, want hulle is maar net kinders en ja, ek sal sê om geduld te gebruik met hulle. SOU JY Sê DIT WAS VOOR JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET 'N PROBLEEM? Nee, nie eintlik nie.

DIE VOLGENDE PAAR VRAE WAT EK GAAN VRA IS MEER DAAROP GEMIK OM TE GAAN KYK NA DIE OPLEIDING WAT JULLE GEKRY HET. ONS HET NETNOU GEPRAAT OOR DIE ARBEIDSTERAPIESTUDENTE AS EK REG KAN ONTHOU HET HULLE, DINK EK 1 KEER 'N WEEK, MET JULLE SULKE OPLEIDINGSESSIES GEDOEN, KAN JY NOG ENIGSINS IETS ONTHOU VAN DAAI OPLEIDINGSESSIES? Ja, hulle het mos gepraat van konflikhantering, spanwerk ja, GOED EK GAAN DAN VIR JOU SO BIETJIE DAAR RONDOM VRA, WAT EK WIL WEET IS, WAT JOU OPINIE OMTRENT DIE TIPE VAN OPLEIDING IS OF HOE HULLE DIE OPLEIDING GEDOEN HET, OF DAAR ENIGE PROBLEME WAS. SO AS JY NOU MOET Sê GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT WAS DIE STERKPUNTE VAN DIE OPLEIDING GEWEES? Ja, dat ons met mekaar moes praat en dat hulle ons betrokke gekry het, want ons het almal gepraat, nie net sy het nie alleen gepraat nie ons het almal deel gehet daaraan. ENIGE IETS ANDERS WAT VIR JOU UITGESTAAN HET, WAT JY WEER LATER KON GEBRUIK OF WAS DAAR NIKS VIR JOU NIE? Konflikhantering sou ek sê en om selfhandhawend te wees. HOE PAS JY DIT NOU TOE, PAS JY DIT TOE? Ja, ek pas dit toe in 'n mens moet eintlik selfhandhawend wees, 'n mens kan nie net altyd ja sê vir iemand nie en om konflik te hanteer 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mens kry daagliks daarmee te doen, dan moet jy weet hoe om op te tree.

EN DIE MANIER HOE HULLE VIR JULLE DIE OPLEIDING GEGEE HET, KAN JY NOG ONTHOU HOE HULLE DIT GEGEE HET? Ja, ek onthou hulle het byvoorbeeld goed neergeskryf en dan het hulle daaroor gepraat en dan het ons ook ons insette gelewer, almal het deelgeneem.

ENIGE IETS IN TERME VAN SWAKPUNTE VAN DAAI OPLEIDING ? Ek sou nie sê daar's swakpunte nie, want dit was altyd mooi uiteengesit , hulle was altyd goed voorberei.
AS JY DIE MAG SOU Hê OM IETS TE KON VERANDER AAN DIE PROJEK, WAT SAL JY ANDERS WOU DOEN? Daar's nie eintlik iets wat ek anders sou wou hê nie, ek sou dit dieselfde wou hou. ENIGE VOORSTELLE WAT JY AAN KAN DINK HOE 'N MENS DIT NOG BETER KON MAAK? Nie regtig nie. ENIGE IETS WAT JY DALK BY DIE ANDER OPGETEL HET WAT DIT VIR HULLE MOEILIK GEMAAK HET OM BETROKKE TE BLY DIE PROJEK? Nee wat, niks nie.

HOEKOM HET JY OPGEHOU MET DIE VRYWILLIGE WERK? Want ek kan nie altyd vrywillige werk doen nie, ek moet iets anders ook doen, dit is hoekom ek opgehou het. TOE HET JY DUS OPGEHOU DIE EINDE VAN 1996. WAT HET JY TOE IN DAAI VOLGENDE JAAR GEMAAK Ek het eintlik begin met die Radiografie, maar aangesien ek nou net hierdie jaar 'n vak herhaal, is ek nog steeds besig met my kursus. IS JY NOG ENIGSINS BETROKKE BY JOU GEMEENSKAP OP 'N VRYWILLIGE BASIS? Nie op die oomblik nie.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Ek sal so dink ja, defnitief, ja, want die onderwysers kry nie tyd vir die kinders wat agter raak nie en daar is mense wat vir hulle moet help, so ek dink dit moet defnitief aangaan. ENIGE IETS ANDERS WAT JY NOG GRAAG MET MY WIL DEEL? Nee.

HET DEELNAME AAN VOLCANO ENIGE IETS AAN JOU VERANDER? Ja, soos ek reeds gesê het selfgeldendheid en om konflik te hanteer, om in 'n groep te werk, veral ek wat nou in die hospitaal werk, is dit belangrik nou om met ander mense te werk en met hulle te kommunikeer. DINK JY DIT IS IETS WAT JY NOODWENDIG BY VOLCANO GELEER HET? Ek sou sê Volcano het deel daarvan bygedra. WAAR HET JY NOG ANDERSINS BLOOTSTELLING GEKRY? Wel, op die oomblik doen ek 'n tydelike werk by die gym, ek werk met kinders, so ek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou ook sê daar. DINK JY DAT JY BEGIN WERK HET BY DIE GYM OMDAT JY ERVARING GEHAD HET VAN WERK MET KINDERS? Ja, ek sou so dink. EN AS JY NOU SELF KINDERS MOET Hê, SAL JY VAN DAAI GOED TOEPAS? Hopelik sal ek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE E

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 4 VAN 1995 SE GROEP.

WATTER WERK DOEN JY TANS? Ek is op die huidige oomblik besig met breakdance klasse nog steeds by Peace Inc. ek is ook Peace Inc se marketing assistant, ek doen al die bemarkingswerk vir Peace Inc self, dit is basies wat ek nou doen. Alles wat ek doen is nog vrywillig en ek geniet dit nog so ver. DAAR IS DUS NIEMAND WAT VIR JULLE BEFONDSING DOEN NIE? Op die huidige oomblik het ons nie befondsing nie h.. soos die dame wat nou hier was, (*), sy is van CWD, Catholic Wealth Department, ons het nou saam met hulle gekamp en hulle wil graag hê ons moet affilieer met CWD, dit is basies. NOU AS JULLE AFFILIEER BETEKEN DIT DAT JULLE SAL FONDSE KRY? Hopelik, hopelik . O.K., SO JY IS NOU AL HOEVEEL JAAR BESIG MET VRYWILLIGE DIENS? Hmm… vanaf 1992 '93. SJOE, JY IS AL LANK IN DIENS VAN RAVENSMEAD, WAT BEHELS DIE WERK WAT JY MOET DOEN HIER? Hmm.. ekke moet die dansgroepe koördineer, ek gee vir hulle styles om te oefen, daars breakdance, b-boy styles hmm.. ek moet ook sorg dat al my papierwerk van my groep SIF in orde is WAT IS SIF? Dit is my dansgroep se naam: Small Individual Formats, hmm.. onse jonge b-boy groep bestaan min of meer uit 23, 24 lede, dit is die junior en senior groep. Dan het ek ook 'n sanggroep waarby ek betrokke is, Versatile, hulle is ook by Peace Inc., dis ook vrywillig, dan het ek ook onse bemarkinggroep, The Creak, ons noem ons so, as byvoorbeeld na 'n roadshow toe gaan dan gaan ons na die parkies toe en dan speel ons saam met die kinders en so leer ons hulle hoe om 'n instrument te bespeel en hmm..hoe om jou stem reg te maak om te sing, hoe om breakdance te doen op verskillende maniere, styles, en daai is basies al en dan moet ek ook hmm.. hoe sal 'n mens sê bemarking, alles met bemarking, sponsors kry vir my dansgroep en vir Peace Inc. en dan doen ek die werk saam met my PRO, van Peace, dis nou (*). IS JY NOG AL EEN VAN DIE OU KLOMP VAN PEACE? Sê maar ek is die oudste een hierso dan is dit nou net (*) wat nou projekkoördineerder is. WATTER SKILLS HET JY NODIG OM AL DAAI KLOMP TAKE TE KAN DOEN? Hmm.. ek sal nie eintlik sê jy benodig skills om dit te doen nie, as jy jouself is dan gebeur alles maar vanself, soos ek, ek het myself gesê as kyk soos dans hmm.. jy hoef nie goed te wees om 'n ding te doen nie, ek geniet dit omdat dit is lekker vir my om seer te kry, veral die moves wat ek doen dit is eintlik, maar ek is so gewoond aan die pyn hmm.. ek dink dit al sonder om te voel, al kap my kop

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teen die grond, ek sal opstaan, ek sal lag daaroor en dan gaan ek maar net verder, so ek sal nie sê jy benodig skills nie. EN OM DIE BEMARKING TE DOEN HET JY NIE DAAR SKILLS NODIG NIE? Vir bemarking het jy 'n paar skills nodig soos jy moet weet hoe om saam met mense te kommunikeer, jy moet kan weet om sê maar iemand vra vir jou iets, hoe om hulle te antwoord , hoe om hulle te hmm.. om nie jou respek so vinnig te verloor teenoor iemand nie, as iemand nou wil praat saam met jou, moet jy weet hoe om daai persoon weer af te bring tot op 'n sekere level . so ek sal nie sê jy het eintlik baie skills nodig nie, man, as jy jouself is dan kom alles vanself.

GOED KOM ONS PRAAT 'N BIETJIE OOR VOLCANO, HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Soe, ek sal nou mooi moet onthou, 23. Dit was 1994 SO JY WAS NOG BETROKKE BY DIE NASKOOLSENTRUM. Ja.

HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM? Die eerste keer toe ek in die Kaap gekom het toe het ek gehoor van Peace Inc. self, toe was hulle nou nog nie betrokke met Volcano nie. O.K. Volcano was toe al aan die gang, maar ek nie geworry daarmee nie hmm.. maar soos die tyd aangegaan het, het ek baie hier gekom en die mense het my baie meer ingelig omtrent die verskillende programme wat hulle aanbied, toe het ek gehoor van Volcano en Tag Team en toe het ek gesien ok, ek wil by Tag Team involve wees maar dieselfde tyd ook by Volcano aangesien ons nou met kinders werk. Toe het die maatskaplike werkster, (*), toe het sy vir my gesê, nee, ek is welkom en toe het ek maar my insette begin lewer. EN HOE LANK WAS JY BETROKKE BY VOLCANO, KAN JY ONTHOU? Hmm… ek sal nie kan onthou nie, dit was nie te lank nie. WAS JY NOG DAAR TOE HULLE BY DIE SKOLE BEGIN WERK HET? Ja, SO DIT MOET SO '95 WEES.

WAT ONTHOU JY, WAT HET JULLE GEDOEN BY VOLCANO? Wat het ons gedoen by Volcano, hmm.. ons gaan uit na die skole toe hmm… by die skole gekom dan is daar 'n sekere klas leerlinge of sekere van die klaste dan moet ons vir hulle gaan probeer help skryf, en om hulle self te vind, want die kinders wat ons by die klasse gehad het, was agterstand, dis kinders wat byvoorbeeld hulle doen sekere goed wat hulle nie moet doen nie, maar omdat hulle dink dit is reg wat hulle doen, doen hulle dit maar net, maar ons moet probeer vir hulle wegtrek van daai wat hulle doen en vir hulle probeer leer sistematies by die projek self betrokke kry, soos leer hulle skryf,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teken, ons leer hulle self vind en daai is basies wat ons gedoen het . KAN JY ONTHOU WIE WAS ALMAL BETROKKE BEHALWE VRYWILLIGE WERKERS? Hmm.. daar was 'n student, (*), sy het vir ons gehelp hoe om konflikhantering te doen en hmm.. jouself, selfmotivering iets soos dit ja en verskillende dinges, hoe om iemand te evalueer as jy nou kom by hom, hoe om te praat saam met die persoon, sê maar jy voel sleg , moenie skaam wees om te praat saam met iemand daaroor nie, as jy iets slegs gedoen het, moet nie skaam wees om daaroor te praat nie of as iemand na jou toe kom en jy sien die persoon het 'n probleem hoe om daai probleem vir daai ou so maklik te maak so dan hoef jy nie uit jou way uit te gaan om hom te help nie, hy is eintlik daar om homself te help, jy probeer hom nou net help om daai sekere punt te kom.

WAT HET JOU AANGETREK NA VOLCANO? Die liefde vir die kinders, ek is baie lief vir kinders, dis net vandat ek nou van my bendebedrywighede weggekom het, het 'n jong boy, een van die skoolkinders wat ek by was, hy het vir die eerste keer omdat ek in die bendebedrywighede was, het ek altyd opgelet mense is nie lief vir 'n persoon soos ek nie, as jy 'n gangster is dan sê die mense jy is 'n gemors, so nou, ek het altyd vir myself gesê as iemand vir my sê ek is daai persoon, ek gaan dit maar aanvaar ek is daai persoon, maar toe het een van die studentjies hier een van die kinders hier vir my gesê ek is lief vir jou en daai het baie diep in my hart ingeklim en ek het 'n bietjie sleg gevoel ook omdat wat ek doen, ek het geweet wat ek doen, is verkeerd, maar net omdat die kind vir my gesê het hy is lief vir my het ek vir hom ook gesê ek is lief vir hom en van daai tyd af as die kinders hier na my toe kom dan sê hulle altyd haai (*), dan groet ek hulle en dan gee ek hulle 'n druk. WAS DIT EEN VAN DIE VOLCANO KINDERS WAT VIR JOU GESê HET HY IS LIEF VIR JOU? Ja, dit was een van hulle en toe besluit ek, ek gaan maar aan. TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET WAS JY NOG STEEDS BETROKKE BY DIE BENDES? Hmm.. toe ek begin daarmee, toe ek begin het by Volcano het ek begin basically onttrek daarvan, omdat ek het gesien ek het meer iets konstruktiefs gehad om te doen, maar van my vrinne wat nog in die bende was, het vir my gesê daai wat jy doen, is gemors man, jy word nie eers betaal daarvoor nie, kom ons gaan rob iemand vir geld of so , dan sê ek naai man julle ouens julle weet nou ek het nou baie meer responsability en as ek in die pad loop dan vind, dan sien die mense my as 'n rolmodel en nie as 'n roadmodel nie, want as ek in die pad in loop die mense sien nou net jy is daai ou, maar van ek by Volcano betrokke geraak het, het dan sien mense my dan sê die kinders: "Mammie,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar's (*), (*) gee vir my daai klas en hy leer my dit". Dan kom die ouers self na my toe, maar as die ouers self dan sien, nee, maar kyk hoe lyk die ou dan hy lyk nie vir my reg nie, dan sê ek nee, dit was ek maar ek wil graag nou wegkom van daai af en ek wil graag hê die gemeenskap moet my help om daar te kom. So ek sal maar sê ja dit is meerder die kinders vandat ek beginne lief raak het vir die kinders toe het ek my dinge beginne stop. DIT MOES NOGAL 'N GROOT OMMEKEER GEWEES HET, WAS DIT NIE VIR JOU BAIE MOEILIK NIE? Vir 'n tyd was dit vir my moeilik hmmm... ek het nooit geworry om by die huis te slaap nie, ek het by ander mense geslaap , ek het teen die mure geskryf, ek het lelik gevloek en ek het mense sommer getrap in die pad en so en gedreig, so ek sal sê dis vir my 'n groot stap, maar vandag soos ek nou hier sit, voel ek nee maar die stap was vir my die moeite werd. HET JY NOG KONTAK MET VAN JOU OU BENDELEDE, IS DAAR NOG VAN HULLE WAT 'N OMMEKEER GEMAAK HET? Daar's een ja, hy bly nou daar in Belhar, hy het my eintlik baie geinspire om weg te kom van die bende af en vandag is hy 'n pastoor. Ek gaan sit baie by hom as ek 'n paar probleme het dan gesels ek saam met hom en so. Vandat ek en (*) ook bymekaar gekom het, o.k. vir my voel dit alles wat ons basies saam gedoen het, was goed omdat toe ek vir hom ontmoet het, het ek my gangstervrinne begin los, want ek het geglo hy is my vrind, want hy was die skouer om op te huil, hy het altyd vir my gesê kyk hier daai wat jy doen is verkeerd, jy moet nie daai doen nie.

HET JY ENIGE VORIGE WERK GEDOEN VOORDAT JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? In die tyd wat ek nou met die bendebedrywighede besig was, was ek 'n sekuriteitswag en het ek my werk sommer so verloor deur middel van die goed wat ek gedoen het, want as 'n mens soos wat hulle vir my gesê het as jy iemand vang, moet jy nie eerste die persoon aanrand en so nie. Vir my was dit lekker om iemand aan te rand en ek wil nie terugkyk daarna nie, daai wat ek gedoen het, daai was nie die (*) wat die mense vandag ken nie.

WATTER STANDERD HET JY OP SKOOL BEHAAL? Ek het gegaan tot standerd agt, toe het my pa en ma destyds geskei en toe het ek nou daai tyd uit Johannesburg uit gekom om hier te kom klaar maak, maar toe ek sien my ma kry swaar toe het ek sommer besluit om die skool te los en eerder 'n werk te vat. IS JOU MA DUS OOK HIER IN RAVENSMEAD? My ma bly nou al vier jaar hier DIT MOET SEKER VIR HAAR OOK WONDERLIK WEES OM DIE NUWE (*) TE SIEN ? Ja, dit is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê WAS DIE STERK PUNTE VAN DIE PROJEK? Hmm.. om te sien hoe die kinders respond as hulle sien hier kom (*) aan, ek wonder wat gaan hy vandag met ons doen, dit is altyd net om hulle gesigsuitdrukking te sien en hier kom die mense alweer en ek moet my regmaak vir nog 'n nuwe ding, want hulle weet elke keer dat ons na die skool toe kom is dit iets nuuts.
WAT SAL JY Sê WAT WAS DIE SWAKPUNTE? Hmm.. daar was 'n paar swakpunte, ek sal nie eintlik sê dit is swakpunte nie, dit is iets, partykeer as jy hier aangekom het was jy nie lus om na die skole te gaan nie, omdat die mense wat altyd saam met jou is, party druk jou af en ander lig jou op, omdat kyk, die situasie waar ek was, ek was partykeer baie afgedruk maar partykeer lig hulle jou weer op. HOEKOM DINK JY HET HULLE VIR JOU AFGEDRUK? Ek dink omdat die situasie waarin ek was, want ek het nie geworry om by die huis te slaap nie en ek het dagga gerook WAS DIT TERWYL JY DEEL VAN DIE PROJEK WAS? Ja, hulle het altyd gesien ek moet 'n skoon mens wees en toe ek besluit om deel te wees van die projek het baie gesê ek moet nie daai ding doen nie, want dit pas nie by my way, want ek moet daar gaan staan voor kinders en sê nou hulle praat miskien nou oor 'n sekere ding dan lyk dit nou amper ek gaan skuldig voel, omdat ek weet ek doen die ding, maar ek praat nou saam jy moet nie die ding doen nie. SO DIE OORGANG MOES NOGAL MOEILIK GEWEES HET VIR JOU. Ja, om te sê van worse af weer 'n bietjie beter en beter te raak dat ek nou vandag hier op my beste is.

WAT HET VOLCANO VIR JOU BETEKEN? Ek sal sê deur middel van Volcano is dit eintlik dat ek vandag hier sit, want vandat ek by Volcano betrokke gewees het, het ek betrokke geraak by Tag Team en ek het betrokke geraak by die drama en ek het so te sê my eie groep gehad en hulle het my meer leierskap, hoe kan 'n mens sê meer leiereienskappe gegee, hoe om myself te bewys as jy in 'n situasie is, hoe om saam met iemand te praat, hoe om vir iemand nee te sê, hoe om vir iemand ja te sê, hoe om jouself te bewys. Toe ek by Volcano kom, het ek vir myself gesê dit is waar ek my gaan begin en dit is waar ek gaan eindig, so ek gaan hier by Peace wees tot en met ek eendag getroud is.

EK WIL SO 'N BIETJIE PRAAT OOR DIE MANIER HOE DIE STUDENT DIE SESSIES, WAARVAN JY NETNOU GEPRAAT HET, VIR JULLE AANGEBIED HET, WAT IS JOU OPINIE? My opinie, laat ek terug dink, as ek hier kom, laat sy my altyd lekker voel, omdat ek weet daar is altyd iemand wat na my sal luister,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omdat ek toe ek betrokke was by die bende was daar nooit mense regtig wat sal luister na 'n bendelid en so nie en vir my was dit altyd lekker om saam met haar te gesels, want een ding sy is straight forward met my. Sy het vir my gesê wat op haar mind is, en dan sal ek altyd so ge hmm.. ja.. het nou ek weet waar ek staan. Nou so as die klas aangaan en so en dan party dae sit en kyk ek so dan kyk ek die klas so deur en dan wonder ek so by self is, ek op die regte plek, want almal die mense om elkeen het iets different in homself soos kyk soos byvoorbeeld (*), sy was altyd op haar eie en daai laat nou weer vir my inspire, want ek wil soos sy wees, dan is daar iemand anders weer dan voel jy weer hoekom kan ek nie soos daai een wees nie en soos die ene ek wil graag soos hy wees, maar elkeen is iemand different op sy eie en ek het myself gevat , ok, ek is nou klaar daai persoon ek is iemand different, maar ek sal graag wil streef om soos elkeen individually te wees en ek dink die meisie wat hier was wat vir ons dit aangebied het, het my baie meer daai indruk gegee ek is nie so sleg soos ek myself dink nie, ek is die persoon wat regtig die difference kan maak daar buite, dit is net ek moet myself 'n kans gee, omdat ek nie myself 'n kans gee nie, ek het gesê man (*) jy is flop en klaar man , almal gaan jou sien as 'n flop, maar as ek myself so kyk vandag dan sal ek nie sê ek so 'n flop nie dan sou ek vir haar graag in die hande wou kry om vir haar dankie te sê, omdat sy vir my daai kans gegee het, sy het gemeen (*) jy kan 'n different mens wees jy hoef nie daai mens te wees wat jy nou is nie, jy kan jouself uitskiet en jy kan jouself bewys teenoor almal, so ek sal sê die way sy die klasse aangebied het vir my gewerk. DIT KLINK VIR MY ASOF DIT WAT VIR JOU UITGESTAAN HET WAS DIE FEIT DAT SY VIR JOU AS MENS RAAKGESIEN HET. Ja. SY HET MOEITE GEMAAK OM VIR JOU TE LEER KEN. Die way sy die les aangebied amper sy evalueer nie die hele groep saam nie elke een word individually ge-evalueer, so sy wil graag elkeen spesifiek op sy eie leer ken as sy praat saam met een dan praat saam met almal, maar as sy saam met jou alleen praat dan praat sy saam met sekere goed wat op jou pas, sy sal nie saam met praat as sy weet ek hou nie van koffie nie dan sal sy nie vir my vra of ek koffie wil hê nie, sien as sy weet ek hou van tee dan sal sy vir my dit vra , sy sal nie iets saam met jou praat waarvan jy nie hou nie, nou dit is wat vir my op my gemaklikste gevoel, dit is hoekom ek voel ek vir haar wil dankie sê, omdat sy vir my gedra het tot waar ek is.

ENIGE IETS WAT VIR JOU LAAGTEPUNTE WAS IN DIE OPLEIDING? Daar was ek sal nie sê probleme nie hm.. so ligte konflikkies so tussen groepmembers wat ontstaan het, daar is 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

paar probleme wat opgeduik het, byvoorbeeld as een laat kom hy voel nie altyd om sy beste te gee nie, hy wil voel nou down omdat hy vat dit so ek is nie op tyd nie, almal gaan nou check hy is laat, hy's laat, hy is alewig laat of so, so daar was baie daai druk omtrent almal, ek het ook baie keer mense 'n hard time gegee, omdat ek vat dit so as ek my beste gee en die een wat nou vir my wil toelaat om my beste te gee nie ek gaan kwaad raak vir hom, omdat hier staan ek op die drumpel, ek wil my beste gee maar daars die muur en die muur keer dat ek my beste kan gee, nou ek het vir myself gesê (*) loop dwarsdeur die muur en gee jou beste, maar verder aan sal ek nie sê daar was probleme nie. WAS JY EEN WAT 'N PROBLEEM GEHAD HET MET LAAT KOM EN OM VOOR TE BEREI VIR DIE PROGRAM? Daar was partykeer ja, dan is jy nie lus vir dit en so nie, nou kom die mense en sê (*) kom ons het 'n program en jy het iets anders wat jy graag wil doen, maar nou daai spesifieke tyd wat jy nou daai ding wil doen wat jy wil doen kan jy dit nie doen nie dan is daar nou altyd iemand anders wat vir jou sê kom jy weet mos jy moet doen, hoekom is jy so, jy weet mos jy moet nie so hardegat wees en so nie, dan sê kyk nou asseblief moet nie op my bors ry nie of dan raak ek kwaad, maar na daai kwaadgeit as ons klaar gestry het dan is daar altyd ene in die groep wat sê onthou (*) ons het gister gepraat van konflikhantering of ons het gepraat oor daai en daai asseblief probeer, dan moet jy sê ok, ek is jammer man ek het gemeen om vandag graag dit te gedoen het, maar ek gaan nou nie kans kry om dit te doen nie, o.k dan sê hulle miskien kom ons gee vir jou die kans om daai nou eers te doen, maar jy gaan nog steeds saam na daai skool toe. SO JULLE HET MAAR 'N BIETJIE AAN MEKAAR GESKAWE? Ja, baie.

AS JY DIE MAG SOU Hê OM IETS AAN VOLCANO TE VERANDER, WAT SAL DIT WEES WAT JY VERANDER? Hmm.. ek sal nou nie eintlik sê ja nie, ek sal ook nou nie sê nee nie. Ek sou graag my eie skole wou gehet het waar ek net Volcano projects kon doen, nie net vir die jongspan nie, maar vir mense soos die wat ongeletterd is, wat van die senior citizens, mense wat nie kan skryf nie, wil ek graag leer skryf, mense wat nie ... daars 'n klomp goed wat ek wil doen, my gedagtes staan oop vir alles, as daar 'n nuwe ding in my kop kom dan try ek om hom op wit en swart te sit dat ek nie kan vergeet van hom nie. As een mens net sê Volcano, die eerste ding wat in my kop kom is kinders, ek is lief vir kinders.

DIT IS LEKKER OM TE HOOR JY IS OPGEWONDE, HOEKOM HET JY OPGEHOU BY VOLCANO? Hmm.. ek het 'n paar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

323 huislike probleme gehad destyds en ek het net gevoel ek sal nie
324 die ding enduit maak nie, want vir my was dit baie deurmekaar,
325 cause why my pa het altyd vir my afgebring, omdat ek is die
326 oudste, maar ek is die ene wat al die probleme het, en ek het
327 altyd vir myself gesê kyk (*) as jy 'n problem het jou ouers is die
328 mense wat jou moet kan help en as jy nie 'n ouer het om na toe
329 te gaan nie, is daar iemand daar buite wat vir jou kan help met
330 daai problem en as jy daai iemand kry, sal jyself sien daai
331 persoon sal vir jou help. So daar was 'n paar family problems
332 wat ek vandag nog het soos my pa het vir my weggegooi, hy het
333 nie geworry oor my nie, nou nog hy worry nie oor my nie hmm..
334 ek was nou drie jaar was ek in Johannesburg toe het hy weer 'n
335 probleem gehad met my en so ek neem hom nie kwalik nie hy is
336 nou wel my ouer, maar omdat ek nou vandag my eie grootman
337 is, dink ek vir myself, ek moet vir myself 'n lewe bou, het ek vir
338 myself gesê jy moet aangaan ek kan nie my ouer blameer vir
339 die mens wat ek was nie ek, moet dit vir myself beter maak,
340 want ek het dit vir myself geskep. Ek het altyd vir my pa gesê:
341 "Daddy, moet nie worry nie, een van die dae dan gaan ek
342 change en die dag as ek gechange het, sal jy die eerste
343 persoon wees vir wie ek sal kom sê, al hou jy nie van my nie, al
344 like jy nie my style nie." My pa het ook die way gehad van
345 bendes en vroue, maar ek praat elke dag saam met my broers
346 en daai laat my nou soos 'n ouer voel, ek is nou die pa in die
347 huis, want my oupa is nou nie meer daar nie, nou almal in die
348 huis kyk op na my toe as ek iets verkeerds doen, hulle gaan nie
349 na my broers toe nie hulle gaan na my toe so ek is nou die
350 ouerfiguur in die huis, ek moet nou kyk dat alles reg loop. DIT
351 IS WONDERLIK, EK WEET NIE OF JY KINDERS HET NIE?
352 Ek het 'n seuntjie ja, maar hy op die oomblik, ek sal nie sê ek
353 het nie tyd vir hom of so nie, is nog altyd my bloed, ek is lief vir
354 hom, al het ek hom nog nooit gesien nie, want die meisie sy wil
355 nie hê ek moet die kind sien nie, omdat vir wat ek was en in die
356 tyd wat ek nou betrokke was by die bende het dit nou gebeur en
357 die ouers hou nie van my, omdat dit nou gebeur het en so, hulle
358 wil altyd sê, ja, maar vir die kind veral, ek het die kind een maal
359 gesien daai tyd toe ek hom gesien het toe sê die ma vir die kind
360 sommar jou pa is 'n gemors en klaar. SO HULLE KEN NOG
361 NIE DIE NUWE (*) NIE. Ek wil aan hulle net graag bewys ek is
362 nie meer daai persoon nie ek wil hê die mense in die
363 gemeenskap se oë moet oopgaan, en hulle moet my punt ook
364 raaksien, destyds ek vat my skuld wat ek destyds gedoen het,
365 ek het mense seergemaak, ek het mense se harte gebreek, ek
366 het mense beroof en ek val diep in my skuld, ek het al myself,
367 ek het al vir God om verskoning gevra en so, maar daar is nog
368 baie van die mense in Ravensmead self wat my nie kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vergewe nie, dit is hoekom ek so baie terugploeg in die gemeenskap. Ek gaan dan doen ek roadshows, ek praat saam met kinders ek doen talks saam met mense in verband met gangster bedrywighede, hoe dit is in die tronk, wat dit is om 'n gangster te wees, glo my dit is nie lekker nie, ek wil hê die mense daar buitekant moet regtig sien watter pyn ek moes deurgegaan het en watter fight ek vir myself opgesit het om van myself 'n beter mens te maak, want daar is nog baie mense in die gemeenskap wat my nog kritiseer, maar ek neem nie die mense kwalik nie, want ek weet vir 'n feit ek was daai so ek worry nie, ek is nie meer daai nie en ek wil kyk in die future, dis daai waar ek wil gaan. Ek het 'n klomp nuwe gedagtes in my en ek wil daai gedagtes nie vir myself hou nie, ek wil dit ook met die gemeenskap gee en ek hoop hulle gee vir my 'n kans.

MY LAASTE VRAAG, DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Most definitely. AS JY MOET MOTIVEER, HOEKOM, WAT DINK JY MAAK VOLCANO SO GOED DAT HY MOET VOORTGAAN? Hmm.. ek sal nie sê Volcano is goed nie, ek sal nie sê Volcano is die beste nie, vir my was Volcano excellent, want dit het vir my 'n kans gegee om myself te bewys. Ek dink Volcano sal moet meer kyk na die jongmense, want hier is baie kinders wat nie meer wil skool gaan nie. Nou op die kamp was daar 'n kind en ek vra hom om vir my iets te lees en hy kan nie en dit het my seer gemaak, want ek kan lees, al die mense kan lees, maar hy kan lees nie, hy behoort seker uit te voel. Ek sou kon help ek het standerd agt en ek het daai merit diploma vir werk met straatkinders en ek wil dit graag doen, omdat ek weet vir 'n feit ek was 'n bendelid en as een van die ander mense sien daai ou was dan 'n gangster en kyk wat doen hy vandag, ek wil my eie after school program wil ek beginne, omdat ek weet ek het skills wat ek geleer het nou wil ek dit terugploeg in my gemeenskap. Ek wil die ou mense leer skryf, want ouma kan nie altyd vir kleinboet saambring vir die pensioen nie, kleinboet gaan vir ouma rob, want hy weet ouma kan nie tel nie. Ek wil hê hulle moet self daar staan en hulle moet self kan skryf en sy moet self kan sê, right my geld is reg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE F

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 5 VAN 1994 SE GROEP.

KOM ONS BEGIN BY WAT JY TANS DOEN EN HOEKOM JY BETROKKE IS BY DIT WAT JY TANS DOEN. Op die huidige oomblik, tans is ek besig by die stad Tygerberg se departement sport en rekreasie waar ek hmm.. besig is met hmm. waar ek tans aangestel is as assistant rekreasie officer hmm.. Wat ek , my werk behels op die oomblik hmm.. dat ek baie werk met mense in die sense dat ek baie met klein kinders, met jeug en met bejaardes. En hmm.. wat ek ook daar by kan sê is hmm.. wat ek nou doen en wat ek in die verlede gedoen, het is vir my baie soort van dieselfde soos in hmm.. wat ek amper kan presies kan sê, is dat wat ek voorheen gedoen het soos bv. by Volcano en wat ek nou doen Volcano het soort van net vir my sekere riglyne gesit en wat ek nou doen is, ek gaan maar net voort op wat ek destyds gedoen het. WAT DOEN JULLE MET DIE KINDERS, JY HET NETNOU GENOEM JULLE WERK MET DIE JEUG. Op die oomblik ons doen baie rekreasie goed saam met hulle soos in ons doen baie puppet shows en dan baie tye wat ons net gewone pretterige tipe goeters met hulle moet aanbied, maar nog altyd in die sense van ons moet iets vir hulle gee om te kan huis toe vat aan die einde van die dag, nie net dat hulle kom en dit was net fun al die tyd nie, so hulle kom en het pret, maar op dieselfde wyse moet ons vir hulle iets kan gee waarmee hulle kan huis toe gaan, so dit is wat ons en wat vir my altyd snaaks is, ons kom by sekere plekke veral ons doen baie arts en crafts tipe goed, tipe rigting wat ons nou ingaan en dan kan ons altyd sien hoe dat die kind se problem dit, hy kan nie lekker dit doen of hy knip nie lekker nie en dan is dit altyd iets wat jy kan terug val tot Volcano het ons altyd dit gedoen. So dan is daar nog altyd 'n manier wat die kind gehelp kan word en as hy huis toe gaan dan kan 'n mens sien daai kind het iets gekry aan die einde van die dag en dit was vir my belangrik. EN HOE WERK DIT , IS DIT OP 'N DAAGLIKSE BASIS , HOE WERK DIE PROGRAM? Ons program op die oomblik het gegaan, gehandel nou die afgelope tyd was vakansietye dan het ons twee weekliks uitgegaan na sekere plekke, na gemeenskapsale toe, ons het gegaan na, na creches toe, na sulke tipe plekke en dan het ons op so 'n manier gegaan bv. vir 'n hele maand het ons uitgesit, ok dit is ons mobile program. Dan wat ons op daai mobile program doen vir daai heel maand dan doen ons twee programme 'n week, in daai week gaan ons bv. na twee creches toe, of na twee gemeenskapsentrums toe of so aan en dan het ons baie gekonsentreer op kinders, baie kinders dan werk ons net op kinders en dan praat ek van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders van 'n hm.. maak nie saak van watter tipe omstandighede hy kom nie, maar aan die einde van die dag praat ons van 700 –800 kinders wat ons in een saal moet besig hou. EN HOEVEEL VAN JULLE IS DIT WAT BETROKKE IS? Ons was dan , dit was ekke, dit was (*), dan het ons so twee, drie volunteers wat ons help. JOE, JY MOET NOGAL WEET WAT JY DOEN. HOE LANK IS JY NOU AL BETROKKE BY DIE SPORT EN REKREASIE? Hierdie jaar is dit my sesde jaar wat ek saam met hulle is. SO, AS EK NOU MOOI MY SOMME MAAK IS DIT VAN OMTRENT DAT JY KLAARGEMAAK HET BY VOLCANO. Ja. OK AS JY NOU KORTLIKS MOET Sê, WATTER SKILLS HET JY NODIG OM HIERDIE HUIDIGE WERK VAN JOU TE DOEN ? Die skills wat 'n mens nodig het sal ek sê en ek sal miskien alle krediet in alle eerlikheid aan Volcano gee, as dit nie vir hulle was nie, dink ek nie ek sou dit gemaak het nie, ek sou miskien ingekom het by rekreasie, maar ek dink nie ek sou so lank kon uitgehou het nie, want dit kos nogal baie van 'n mens veral omdat die kind uit verskillende agtergronde kom, die een kom uit 'n gebroke huis uit, daai een het miskien 'n single parent, daai een hy bly by 'n voog of iets soos dit en dit is dan baie belangrik om te kan daal op daai kind se level en om hom dan regtig te laat special voel op 'n sekere manier sonder dat hy voel maar ek word al weer voorgetrek op 'n manier, ek het nie dit nie of sulke tipe goeters. Dit kos nogals baie van 'n mens af om daai kind reg op te som en soos ek sê Volcano was regtig een van die goeters wat my in die tipe rigting kon gesit het. Dan as ek moet teruggaan na fermheid toe, as ek nie firm was in die eerste plek nie, sou ek dit glad nie eers kon gemaak het nie, want dan ek weet nie my baas het partykeer 'n probleem gehad met die manier hoe die dissipline toegepas is, as ek vir die kind gesê het ek is jammer, ek gaan jou uitsit en ons mag dit nie eintlik doen nie en ek sê ek gaan vir jou uitsit en ek het dit die eerste keer gesê en ek sê dit die tweede keer, dan loop jy. Ek gee nie om wie wat dink nie, ek het al sover gegaan dat ek 'n hele program gestop het en dan het ek net vir die mense gesê jammer kom ons pak op en dan sit daai kinders daar en ek gee nie om wat hulle dink of wie wat van dink nie, dan kom ons by die derde, vierde keer terug en as ek "julle wil nie hoor nie, ek pak op" dan kan jy sien – daarsy – dit is wat hulle soek . Hulle wil weet bedoel jy dit of bedoel jy dit nie. Was dit nie vir Volcano nie wat eintlik die probleem was wat ek altyd gehad het, was as ons iets nou geleer het miskien by 'n les of iets soos dit, dit was vir my nooit regtig belangrik om dit die volgende week toe te pas, dit was altyd vir my ok, met die tyd sal dit kom, maar nooit ek het gesê dit sal met tyd kom nie, maar as jy sien as jy in die situasie geplaas is wat gaan jy nou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maak dan kom al daai goeters terug. Maar die snaakste van alles is baie van die goed wat ons destyds gedoen het, het ek al beginne toepas by die werk in situasies al en dit werk. Dit het nog altyd vir my gewerk en dit is hoekom baie mense sê vir my jy of jy hou vir jou slim of jy het iets waarvan niemand weet nie.

HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO AANGSLUIT HET? Hmm.. ek moes 21 geraak het . EN DIT WAS AL , JY HET AL VAN 1993 BY DIE NASKOOL BEGIN EN JY WAS TOT 1995 BETROKKE. Ja , dit is reg. EK GAAN NOU 'N BIETJIE PERSOONLIK RAAK, MAAR VERTEL MY 'N BIETJIE WIE EN WAT WAS (*) VOOR VOLCANO? Ek as (*) tot voor ek gekom het by Volcano, by die naskoolsentrum sou ek sê was ek 'n baie teruggetrokke persoon. Ek was baie, baie teruggetrek, kompetisie was ek het glad nie eers gehou van kompetisie nie, vir my was dit net ek was 'n persoon, ek het geweet ek sou dit nooit kon maak nie. Ek was 'n dropout gewees, ek het ook geweet dit is iets wat teen my tel . HOEKOM HET JY GEDINK JY IS DROPOUT? Hmm.. omdat ek nie my skoolloopbaan voltooi het nie en ek geweet het dit is iets wat altyd vir my 'n struikelblok gaan wees in die lewe. Soos meestal al die mense wat saam met my gewees het, was matrikulante en ek het maar so by the way het ek ingekom en ek weet nie, maar daar was iets wat dit vir my baie meer ek sou miskien sê moeiliker gemaak het, maar in 'n mate ook was dit miskien ook die challenge gewees ek gaan my nie laat klop deur enige iemand nie en ek dink dit was my sterkpunt, ek het bly glo in myself. Sekere tye het dit gevoel ok ek het alweer dit nie gemaak nie, ek kan baie mooi onthou ek was altyd, ek wou altyd die een in charge gewees het en ek dink die dag het ek hmm.. dinges was nog by ons gewees, (*) en toe sien ek - (*) jy stap nie eers in (*) se skoene nie en toe het ek amper beginne rebels raak, want daar was so stadium toe van ons boys so beginne rebels raak het en ek het geweet , aan die einde van die dag maak jy nie (*) seer nie jy maak nie soos in vir (*) seer nie, aan die einde van die dag gaan dit meer oor die projek en ek dink ons het meer beginne, omdat ons die projek baie meer beginne respekteer het, was dit baie meer makliker om te beginne sien het ok, die projek ly hieronder en ons sal ons sokkies moet optrek en ek dink na dit het ek meer en meer begin glo, meer serious deur sekere goeters gaan soos assertiveness en veral watter tipe persoon jy as sulks is en toe ons onsself moet begin revisit vir wie is jy regtig, toe het ek gesien die (*) wat ek hier sien op die oomblik is 'n smokescreen alhoewel ons met die drama miskien beginne gebruik het om meer uit te bring van jouself meer om te overact, miskien baie makliker gegaan toe, maar met Volcano

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was die ding wat baie goed vir my begin het soos hoekom moes ek in die eerste plek vere gevoel het teenoor (*) of teen enige van die ander mense, hulle was wel matriek maar op 'n manier het baie van leiereienskappe beginne baie meer ontwikkel toe en ek het baie sterker geraak in so 'n mate dink ek toe ek beginne besef dat (*) daai mense het matriek en hulle het gegaan vir dit, jy het nie gegaan vir dit nie, dit was jou mistake gewees, daar is baie maniere om op te maak daarvoor. En ek dink in 'n mate het ek baie, baie goete het begin opkom en hmmm.. behalwe dat ek baie terugetrokke is, is ek 'n persoon wat baie gou kon gehuil het , daar was tye wat ek gevoel het ok tot hiertoe en nie verder nie dan het die trane nou maar weer geloop en die emotional side sou ek sê is nog altyd daar, ek kan dit baie beter kontroleer. En die ander probleem wat ek gehad het toe ek begin het met die projek was ek baie emotional binne in enige situasie in, as ek gesien het nee, maar dit is die probleem met die kind het dan het ek die mistake partykeer gemaak om daai kind eerste te stel en dan het ek vergeet dat daar nog ander kinders in die groep en ek dink daai het begin probleme maak en ek dink iemand het dit begin raaksien, een van die studente en gesê, ok jy kan emotional raak in so 'n situasie, maar gaan kry jou limits en ek dink in elke proses en in elke wat gebeur het, het ek beginne leer ok nie so nie, probeer dit so. Daar was tye waar ek baie foute gemaak het en as ek my fout gemaak het dan het ek gevoel ok maar hoe langer ek in Volcano was, kon ek die personal growth beginne sien en beginne voel en baie ander mense kon dit ook sien, want waar ek was, want ek kon bv. sit vir my voor twee, drie mense om te praat – ek kon nie, dit was net 'n onmoontlike saak en soos ek sê sit my voor 700 - 800 kinders of hoeveel mense ek glo as sulks ek het miskien nie die skill gaan aanleer of so nie, maar ek vat 'n bet niemand sal my beat met public speaking nie. As die mense opsoek hmm.. master of ceremonies, hulle weet waarnatoe om te gaan, (*) !

HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM?

Van ledig kan wees by die huis en niks nie werk nie, (*) het beginne hier by Peace met die dansery en so aan en toe het ek besluit ok, gaan kyk maar eers wat doen hulle. Toe kom ek hier aan toe sien ek maar die dans is nie regtig vir my nie, maar (*) het gesê, nee maar ek moet een middag , ek dink dit was 'n Dinsdag moet ek afkom tot hier en kom kyk wat , toe sien ek hier is die mense besig toe is dit die Ravensmead Naskoolsentrum. Toe dink ek ok wat gaan hier aan, ok hier is kinders, hulle speel buite toe, is dit nog nie heeltemal , 'n mens kon sien daar is structure, maar dit is nog nie heeltemal 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stuctured ding nie. Toe dink ek ok kom maar, ek het die eerste dag gekom , dit was toe net Dinsdae en Donderdae, toe kom ek maar die Donderdag weer en ek dink ek kan nogal gewoond raak hieraan, toe het ek soos hulle sê heeltemal 'n, hoe sal 'n mens sê die projek het my heeltemal begin insluk. Ek weet nie of dit miskien, dit is jy kom hier, jy kry jou groepie kinders ons beginne speel, ons beginne speel sokker, krieket, kyk ons hoef nie heeltemal in die kant gegaan van ok dis die kind se probleem ons beginne gaan meer in na nie, dit is net meer ek was weg van die huis af en het begin dink aan en so gegaan en agterna toe het ek baie dinges, baie beginne betrokke raak. En toe het ons begin oorgaan na Volcano toe en toe het ons nog baie lank gesukkel met die naam, ek kan met trots sê ek was een van die mense wat die naam gevestig het. Ja, toe het ons daar deurgegaan die naam is gevestig, ek glo nogal stellig baie van die mense het beginne, omdat ons miskien deel was van die kies van die naam , ek onthou dit was nog (*) se idee gewees tussen Volcano en Rescue, dit was een van twee. Toe ons kom by Volcano het ons besluit ok, dit is baie meer nie net omdat dit op die projek as sulks nie, maar dit is baie meer op ons ook gewees op volunteers en toe het ons gedink, ok dis die eenne. Daarvandaan het ons maar gegaan elke dag, toe het ons elke dag beginne bymekaar kom en daarvandaan kon 'n mens sien kyk dit is groep, daar het baie mense gekom en baie mense gegaan, maar die mense wat altyd gekom en gegaan het , mens kon altyd sien al was hulle nie lank daar nie, het hulle ietsie gekry. En daai iets wat hulle gekry het, al was dit miskien net iets wat hulle op hulle CV. kon geplaas het, maar dit wat hulle gekry het, was vir hulle dan genoeg en dan kon mens altyd agterkom nou wie is die mense wat nog nie satisfied is met wat hulle gekry het nie en kon 'n mens sê mense soos ekke, (*), (*), (*), was ook nog deel van die kon jy sien daai's die mense wat ok ons is nog nie satisfied nie miskien, omdat die werkloosheidsyfer daai tyd ook miskien 'n probleem was, en dat ons geweet het as ons hier weg gaan , gaan ons huis toe en wat gaan ons dan doen?

WAT ONTHOU JY VAN DIE PROJEK?

Daar is so baie goed ek kan baie goed onthou ons heel eerste student wat ons gehad het, (*) en wat vir my baie goed was, was met die tipe studente wat ons gekry het, daai was vir my van die highlights gewees, wat ek miskien altyd kan onthou elke student wat ons gekry het, daar was altyd iets anders wat ons by daai persoon gekry het. (*) was, miskien was sy die regte persoon waarmee die projek moes beginne, want sy was baie vriendelik, sy was partykeer het gelyk oorvriendelik en ek het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

amper beginne dink o... dis my eerste love. Dan was daar weer mense soos (*) dan kan jy weer sien o... die een is ferm, die een is weer 'n, to the book person, die een is baie admin orientated, ok ek is nie 'n persoon vir admin nie, maar dis my ideas. Dan is die een student wat ons gekry het weer altyd die opportunity gegee ok. Ek wil hê die program moet so gaan, maar gee vir my ideas dan het ons gevoel ok ons eien self die projek as sulks kom ons dit hier in al is dit 'n song wat ons ingesit het of 'n game wat ons ingewerk het, daai was vir my in effek smart gewees hoe ons altyd iets anders by 'n student geleer het en as daai student weg gaan, kon jy altyd sien, ok die mense is taamlik op hulle beplanning en daai was nogal vir my smart gewees. Ok ek was nog nie 100% up to standards dat ek admin orientated sal wees nie, maar die belangrikste is ek het beginne besef dit is my probleem, dit is 'n leemte by my en was dit nie vir die mense wat, vir die studente wat daar deeltyds was nie en daai follow-ups wat daar was, want daai was smart, want ek weet vir 'n feit eens op 'n tyd het ons gevoel daars nie eintlik 'n follow-up nie en dus hoekom die mense begin wegsak of daar het iets beginne doodgaan in die projek en toe die follow-ups beginne, kon 'n mens beginne sien ok die persoon weet wat hy gekry het en daarvolgens het ons verder gegaan . AS JY PRAAT VAN DIE FOLLOW-UPS, WAT BEDOEL JY DAARMEE? Follow-ups, kyk soos wat gebeur het, is die een student het altyd, sê ons het gedoen kleure, die volgende student het ingekom en vorms gedoen, maar dan het ons geweet gaan die regtig al daai kleure onthou en dan het die vorms terug gegaan soontoe en dan het jy gekry jou rooi sirkel of jou geel driehoek en dan het die kinders dit onmiddelik geweet en dan voel jy nou beginne maak jy impak, en dan werk dit, maar as jy nou gekry die volgende persoon kom net in ok, ons doen iets anders en dan dis totally dan different of dis iets, die kind gaan iets op die ou einde daaruit, kry maar wat dan gebeur, is wat gebeur dan met die vorige lesse? Infact, my laai is nou nog vol van vorige lesse en notas omdat ek voel nie dit gaan vir my iets wees sit dit in 'n file en sit dit weg nie soos ek weet vir 'n feit ek werk nog altyd met kinders, ek het twee van my eie kinders en ek weet een of ander tyd moet ek vir my kind gaan sê daai's rooi en ek moet dit op 'n baie makliker manier vir hom kan sê of ek moet vir hom 'n vorm kan verduidelik en dit is hoekom ek gevoel het, ek gaan al my goed vir my net so hou. Vriendskap, daai is maklik een van ons grootste goed wat ons kon gekry het, ons het nie geld gekry nie baie van ons wil dalk nie regtig daai geld gehet het nie, maar die tipe goed wat ons gekry het, daai vriendskap was as ek moet sê van my kant af baie belangrik. Ek gaan jok as ek sê ons het mekaar goed

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geken ons was dalk saam by een skool miskien, maar ons het nooit regtig mekaar gesien of geken nie, ons het verby mekaar gestap op skool totdat ons hier by Volcano beginne praat en dan sou ons agterkom was jy by (*) ja, ek was in mnr. Dit se klas en dan het 'n mens beginne besef, maar ons is so verby mekaar en dan het ons regtig beginne kliek. Dit was toe nie agterna 'n projek vriendskap nie ons, was naweke was ons saam, ons het probeer om elke oomblik van die dag wat ons kon gekry het in 'n naweek was ons saam as ons Sondae na een van die mense se huise toe kon gaan, het ons dit gedoen, daai was ook een van die baie belangrike goeters en ek dink dit het ons daai tipe team gemaak wat baie goed saam kon gewerk het, want ons het presies geweet ok as ek miskien ingekom het dan kon mense soos (*) gesien het o... (*) het nie 'n lekker dag of hy het nie 'n lekker tyd gehad by die huis nie, wat is dit? Dan kon ons met mekaar gedinges het, ons was baie open met mekaar as een 'n probleem met dit gehad het, kon een altyd gehelp het. EN HET JY NOU NOG KONTAK MET VAN DIE MENSE? Jip, ons het nog baie soos (*) se situasie is nou net 'n bietjie anderste hy werk nog baie keer nag dan kan ons nie by hom uitkom nie, maar elke oomblik wat ons kry maak ons maar dinges soos daar was 'n tyd wat ons kontak verloor het en ek dink toe (*) getrou het die aand het ons vir sy aanstaande gesê ons gaan vir (*) wegsteel, ons het hom weggevat vir hom 'n bachelors georganize alles. As ons nou mekaar sien by 'n dans of so is dit nog altyd dieselfde van hoe gaan dit met jou, hoe gaan dit met daai , die communications caps is nog altyd oop en daai is nogal vir my belangrik

VOORDAT JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET, HET JY ENIGE VORIGE WERK GEDOEN? Ja, sekuriteit. HOE LANK WAS DIT? Laat ek nou mooi dink, ek dink agt maande, en toe gooi hulle my met 'n baksteen en my knieskyf gebreek en toe besluit ek, ek is nie 'n target nie, ek bly maar by die huis. VIR HOE LANK WAS JY DUS BY DIE HUIS VOORDAT JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Kom ons maak dit omtrent so ses na sewe maande. DIE TIPE WERK IN SEKURITEIT, WATTER VAARDIGDHEDE HET JY DAAR GEKRY? Ek het gegaan vir hmm.. 'n opleidingskursus in Epping dis aangebied deur Manpower weet ek hmm... die vaardighede daarso is maar net om iemand te fisenteer en sulke tipe goeters, hoe om 'n OB boek in te vul , dit was meer 'n admin tipe ,maar dit was nie vir my nie. Dit was net nie (*) nie, glad nie.
JY HET NET ST 8, KAN JY MISKIEN VIR MY UITBREI WAT WAS JOU REDES HOEKOM WOU JY NIE VERDER GAAN NIE? Hmm.. volgens my te gou groot geraak, ek het hmm...die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderwyserleerling kwessie daai was eintlik die probleem, wat gebeur het ek en my onderwysers het begin op dieselfde level raak ons het saam begin socialize en dan kom ons in die klas en ek weet ons was gisteraand laat saam uit , en dan my sport , want ek het klubrugby gespeel en skoolrugby en as ek nie vir die skool speel nie dan is dit probleme en toe het ek besluit nee ok los maar daai, dis nie vir my nie.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE STERKPUNTE VAN VOLCANO? Die vriendskappe en dan die follow-ups wat gedoen was. Wat vir my ook iets goeds was ons was nooit soort van bv. sê ons moes universiteit toe gegaan het vir seker goeters ons moes daar 'n les of 'n ding gaan doen het, dan die opleiding wat ons as sulks gekry het, was nie soos ek gesê het die van ferm wees dan was daar iets soos assertiveness, daar is so baie soos ok my beplannig's goed, soos ek gesê, het ek is nie 'n admin iemand nie, maar ek weet vir 'n feit wat om alles te doen so wat vir my belangrik was is die skills wat ons aangeleer het is nie iets wat net vir die projek was nie, dit was vir my 'n lifetime skill. Dit is goed wat jy vir altyd sal onthou as jy dit wil onthou of as jy dit wil gebruik. En dit is hoekom al daai goed het ek op my CV neergesit, want ek voel daai iets wat mense sien dit en dan wil hulle weet het jy regtig daai gedoen. Almal soek diplomas, maar dis iets wat ek nie kan produce nie, maar ek weet vir 'n feit ek het dit, ek het die skill.. die opleiding as sulks was vir my baie meer en ek het dit daai tyd ookal gesê vir my gaan dit nie oor geld nie, want ons was al so lankal in die projek daar was tye wat ons oppurtunities gekry het om iewers te gaan werk, maar ons wou nie, want dit wat ons gekry het was vir ons te belangrik. Hmm..as ek nou by 'n sekere punt of iets kan kom wat gebeur het daai tyd was met die skill wat ons gekry het was wat vir ons belangrik was jy stap op 'n Saterdag en jy sien een van daai klonkies wat in jou groep is kom aan met sy ma en hulle hello (*) , en daar gaat my meneer of die ma kom na jou toe en sy sê vir jou dankie vir wat jy gedoen het. Ons het nooit regtig recognition gekry nie, ok daar was van die groepe wat 'n foto in die koerant gehad het ons is bly vir hulle gewees dit wys, maar net waar hoe was hulle al gevorder gewees dat hulle geweet ok ons gebruik die media, wat ons nie gedoen het nie, ons het gevoel ons gaan die impak op skool maak en klaar en dan met die oueraand ontmoet jy kind se ouer en daai's ook belangrik, want jy kom in kontak en jy hoor ok daai wat jy geobserve het, was dit heeltemal of was daar nog iets diepers aan die gaan. Daardie iemand wat kom en sê dankie vir wat jy gedoen het, daai was al genoeg gewees. HOE HET DIT JOU LAAT VOEL? Dat hmm ek maak wel 'n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

difference, daai was vir my belangrik, ek het wel 'n difference gemaak in 'n kind se lewe al is dit een al is dit twee, glo my, baie van die kinders wat op die oomblik onder rekreasie program bywoon, is die kinders vir wie ek klas gegee het by of (*) of by (*) en hulle almal kom soontoe en almal onthou my. (*) is een van ons favourites hierso en hy was by Volcano.

GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê IS DIE SWAKPUNTE? Volgens my was daar net een keer iets wat net nie vir my moes gebeur het nie of kom laat ons sê (*) het, sy was die hele een persoon wat die ding geiniated het in die begin in. Nou wat gebeur het, is toe gaan die projek al so het dit gegaan ek kon sê die mense was al afhanklik van (*) af, sy het nie meer nodig gehad om te spoonfeed nie, wat toe gebeur het (*) het nog altyd geprobeer force om sy wou altyd by wees met alles en baie van die volunteers het gevoel: ek weet wat is my dag se werk ek weet wat ek moet gaan doen, maar (*) het gevoel sy wil up to date wees en partykeer het dit gevoel sy beginne pressure die mense en dan het dit gelyk amper die volunteers gaan na die skole toe en sit agteroor of dis die indruk wat ek toe gekry het. Wat ek daarby wil sê, is die persoon wat die hele ding coordinate, kan insit, no problem, kan feedback kry, no problem, maar nie daai elke dag so wat het julle vandag gedoen, het julle jul goed vir daai in en ek dink baie van die mense hou nie daarvan om so heeltemal gepress te word nie. Die volunteers moet weet, ons weet julle kry die betaling nie, maar ons trust julle met certain responsibilities jy moet dit vat. Dit was daai en laat ek dink, niks anders.

KOM ONS KOM TERUG NA DIE OPLEIDING. GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL Sê WAS DIE STERKPUNTE VAN DIE OPLEIDING WAT JY ONTVANG HET? Ek gaan weereens sê die roleplay is iets wat vir almal gewerk het en ek glo stellig almal het dit regtig waar geniet. Want ek weet vir 'n feit moenie vir my gaan sit en dan moet ek skryf nie, ek gaan sekere van die goed gaan ek onthou, maar baie moontlik gaan ek die goed wat ek moes ge-onthou het glad nie onthou nie, so wat die roleplay gemaak het, was dit het jou so deel gemaak van die hele situasie, want jy kom net by 'n situasie wat naastenby so is dan weet jy dit is wat ek moet doen en daai was goed. EN VAN DIE ONDERWERPE, WATTER SPRING DADELIK IN JOU KOP? Die dag ek dink dit was met assertiveness en dan moet jy vir jou 'n diertjie kies watter dier dink jy is jy en dan moet jy sê hoekom OK, WAT SAL JY Sê WAS DIE SWAKPUNTE VAN DIE OPLEIDING WAT DIE STUDENTE VIR JULLE GEGEE HET?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In alle eerlikheid die opleiding as sulks ek het glad nie 'n probleem gehad nie.

AS JY DIE MAG KON Hê WAT SOU JY VERANDER AAN VOLCANO? Ok ek het dit wel gesê geld is nie belangrik nie maar anderste manier van incentive kon gee, daai was miskien nogal iets, ons het miskien ons het baie kere fleck gekry by die huis hoe kom jy, waarnatoe gaan jy, ek bedoel ek is al die oggend 8:00 weg van die huis af, partykeer voor 8:00 dan kom ek die aand watter tyd huis toe, so dis altyd by ons ouers hulle het dit nie altyd gesien soos ons dit gesien het nie, hulle het beginne agterna besef wat dit regtig vir ons kan beteken, so vir hulle was dit baie meer belangrik van jy bring niks huis toe nie so al was dit, 'n mens kon dit begin agterna sien, dit is omdat jy niks huis toe bring nie. Veral met die oueraande dan was daar altyd iets voorgesit vir die ouers, maar dan was daar altyd genoeg oor. Wat dan gebeur het, (*) hulle het altyd gesê pak vir julle in dan kon jy huis toe gaan en sodra jy inkom en die mense sien jy bring at least iets in, toe beginne dit te verander. So wat ek miskien kan sê is as 'n mens miskien weer volunteers kry soos wat ons ouderdom was, sal ek sê dit is miskien baie belangrik om die ouers te kry op 'n manier, sodat hulle kan sien ok dis waarmee my kind besig is, al is dit per brief, maar verder is daar niks wat ek wil verander nie.

HOEKOM HET JY OPGEHOU MET VRYWILLIGE WERK? Hmm.. ek sal nie sê dis omdat, vir my was dit meer 'n moet saak, omdat ek het beginne besef daar is iets in die lewe om te bereik en ek het geweet dit gaan vir my 'n harde pad wees verder vorentoe as ek moet weggaan van Volcano af en om te achieve wat ek wou geachieve het en ek is weg na rekreasie. Die rede vir rekreasie is ek werk weer met kinders en ek weet ek werk nie met kinders van die Tyger Hills en die tipe nie en ek het besef dit is nie omdat ek baie van kinders hou nie, maar omdat ek 'n community orientated persoon. Ek het bereik wat ek wou bereik het, maar nog nie heeltemal nie, die werk moet nou net permanent raak.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Definitely, rede: 'n mens kan sien dat die kinders van vandag raak is op 'n heel ander level as wat toe ek bv. 'n kind was, want toe ek 'n kind was die manier hoe ek sien die kinders vorder as bv. 'n inkleurkompetisie hou vir verskillende ouderdomsgroepe dan kan 'n mens sien die kind van 8 –9 jaar en toe ons destyds daai ouderdom was, kan jy sien die tipe kwaliteit wat hulle gee is sekere kere as jy in 'n area kom dan kan jy sien die kinders is up

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

to standard, maar in sekere areas kan jy sien o.. hiers problems, want hulle kleur heeltemal oor lyne in, kan nie eers ordentlik 'n skêr hanteer nie, al die tipe goed en dan is dit goed wat ek weet waarvoor om te kyk. Ek weet wat om dop te hou en dan weet jy ok gee vir hom iets groter om in te kleur dat hy nie voel ek doen dit lelik nie, wat jy eintlik maak, is jy probeer daai van hom toedruk, ok jy het nie eintlik 'n probleem nie man, dit is maar net omdat dit iets klein is, vat iets groter. Ons sien die problem, maar ons kan niks maak aan die problem nie, dit is hoekom ek sal sê Volcano ja, maar dit moet aangaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE G

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 7 VAN 1998 SE GROEP.

WATTER WERK HET JY GEDOEN VOORDAT JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Ek het eintlik administratiewe werk, klerk, ek het hmm.. stock control en reception, basies sekretarieël oor die jare en verskillende poste beklee. Dit het ek vir 20 jaar of meer gedoen. WAT WAS JOU LAASTE WERK? Laaste werk was ek so 'n jaar en 'n half en die een voor dit omtrent 8 jaar. Die rede hoekom ek opgehou het werk, is omdat daar eintlik nie meer werk was nie, plekke waar ek gewerk het, het toegemaak en hmmm.. toe is dit nou maar die situasie dat die ouderdom wat jy is kry jy nie meer sulke tipe werk nie en werksgeleenthede was maar baie swak. HOE LANK WAS JY BY DIE HUIS VOOR JY BY VOLCANO BEGIN HET? Amper seker 'n jaar. Ek was net by die huis – geen ander werk gedoen nie.

HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Hoe oud was ek dan toe, seker 45 – 46 jaar.

HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM? Ek het eintlik 'n advertensie gekry by iemand. Ek het 'n pakkie slap chips gekoop en toe het hulle nou my chips in die pakkie advertensieblaaitjie toegedraai. Toe ek nou by die huis kom, toe sal ek sien, wag hier is nou vir my 'n werkie. WAS DIE ADVERTENSIE IN DIE METRO BURGER? Nee, dit was 'n pamflet wat hulle self gelaat maak het wat hulle soos by die winkels gelos, dan as mense inkom, kan jy net ene neem vir jou.

WAT HET JOU AANGETREK NA DIE PROJEK? Hmm.. die feit is eintlik ek het op 'n stadium deur 'n baie finansiële krisis gegaan eintlik en ek moes werk kry en hmm.. die beste plek is maar op jou knieë en toe het ek met die Here gepraat en gesê, Here ek gaan vrywillige werk doen, so as U nou net vir die kinders kan voorsien van 'n werk, sodat daar darem iets in die huis inkom en snaaks genoeg toe kry ek dit mos nou, toe voel ek nou hier is my werk nou, wat die Here my gestuur het nou en ek het toe gegaan en hmm.. dit het nie vir my in die begin lekker gelyk of was nie lekker daar nie. Ek het nie lekker aangepas en so nie, maar omdat ek geweet het ek moet uithou toe het ek uitgehou. Die Maandag het ek begin by Volcano en die Dinsdag het die Here werk gegee vir die kinders you know en ek moet toe mos nou my kant toe nou vol staan, dit is eintlik waarom ek nog vandag hier is. WAT HET JOU GEPLA TOE JY AANGESLUIT HET? Ek kan nou nie lekker dinges nie, ek wil nou nie van anner mense nou maak. Ek dink die mense wat daar was, hulle het hoe sou ek sê nie sommer nuwe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mense aanvaar nie. Dit was amper asof iets is waarvoor hulle bang voor is, amper asof jy hulle plek gaan kom oorneem of iets soos dit. WAS DIT JONGER MENSE OF MENSE VAN JOU OUDERDOM? Daar was jonger mense en mense van my ouderdomsgroep ook.

AS EK ELKE DAG DEEL WAS VAN DIE PROJEK, WAT SOU EK GESIEN HET WAT JY DOEN? Hmm.. wel ons doen mos nou 'n vrywillige diens, maar ons gee, help eintlik die skoolkind graad 1 en 2-kind met ekstra skoolles om die kind aan te help, want die juffrou identifiseer die kind wat probleme het in die klas wat nou bietjie stadiger is as die ander groep en dan werk ons per skool met so 20 tot 21 kinders in groepe en ons kry opleiding van die Universiteit van Stellenbosch wat 'n arbeidsterapiestudent vir ons die opleiding gee hoe om met die kind te werk en wat om met die kind te doen. Alles word basies vir ons gegee, ons moet dit net gaan oorgee aan die kind en dit is nie dat ons sukkel nie, die enigste rede hoekom ons miskien sukkel, is omdat ons nie genoeg mannekrag het nie, maar dit is eintlik vir my iets goed en die kinders aanvaar dit goed en ek dink dit is iets wat regtig waar gehou moet word.

WATTER STANDERD HET JY OP SKOOL BEHAAL? Ek het standerd 8 behaal.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE STERKPUNTE VAN DIE PROJEK? Ek kan eintlik dink ek dit gaan seker basies daarom die – die top management - dink ek is nogals hmm.. ek moet dit nou vir juffrou sê, maar ek moet dink, ek erken as dit ook nie vir juffrou is nie, was nie, die dryfkrag ek dink dit is basies waar die sterkpunt is. HOEKOM? Want u is die mense wat die program aan die gang hou en ek moet sê die manier waarop u met ons handle né, en die studente ook – dit is goed, dit doen jou in jouself goed, jy voel jy is 'n mens, jy voel jy sluit iewers in en … die omgee – dit voel ek. Ek voel ook dat as hmm.. want kyk as 'n mens nou besig is met 'n ding, ek sou sê dat die mense van bo gee nie om nie en jy sien hulle is nou maar net daar jy moet maar net die ding doen en dan kry jy ook later daai gevoel van ag te duiwel met hierdie mense man, jy weet dan sal 'n mens nie so pligsgetrou wees nie, maar as jy sien dat die mense wat agter die storie sit die pligsgetroue mense is, dan steek dit jou eintlik aan. Dit wat ons ook fisies met die kinders doen is 'n goeie ding, ek sou nogals dink amper die tyd is 'n bietjie te min wat ons met hulle het, want ek voel as 'n mens nou vir vier dae nou maar net die een kind kan sien – you know – dan sal dit baie beter gaan, maar nou omdat ons hom 2 dae van die week sien, nou is daai speling tussenin en dit gee nou nogals so dat as jy begin werk het aan iets. nou kom die kind nou net om daai begrip te kry nou sien ons hom nou weer nie môre nie nou voel dit sommer so jy wil

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hom sommer saam met my vat, want nou kom die volgende dag, nou sien ons hom eers die dag daarna nou moet hy basies baie kere weer van oor af begin om daai begrip weer vas te lê en die tyd is net eenvoudig baie min. SIEN JY VORDERING? Hmm in party van die kinders sien ek vordering ja, maar dan is daar die probleemkind, daar is kinders wat werklik waar die probleem het en vir daai kinders is hierdie uur hopeloos te min.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK? In die begin het groei my bietjie gepla, die feit dat ons nie mense kon werf nie en mense kon bly hou nie, die vrywillige werkers en so, maar op die huidige oomblik is ek baie gelukkig met hoe die toestand nou is, want die klomp mense wat ons nou het, nou moet ons net vertrou dat dit nou so sal gaan en dat ons sal verder groei, want dit is eintlik basies die ding, as daar nie vrywillige werkers is nie, is hierdie projek maar net niks werd nie – so ek dink daar moet definitief gesien word na die vrywillige werker en miskien die rede hoekom hulle miskien nie bly nie of wat 'n mens miskien iets kan doen daaraan om hulle meer pligsgetrou te maak of so. HOEKOM BLY JY? Myne is mos 'n gebedsaak en tot dusver het die Here my wonderlik deurgedra hier in Volcano, ek moet sê ek voel dan nou so goed ek het dan nou my dogter wat nie meer wil skoolgaan nie, sy is nou standerd 8 gedruip, toe wil sy nie meer skoolgaan nie en sy is vreeslik rebels en ... ek het toe gebid ook en ek sien dat die Here my gewys Volcano toe met daai kind, vat vir haar saam met jou, onder jou vlerk en trek vir haar daarin en sy het wonderlik verander. Sy is heeltemal 'n ander kind, baie pligsgetrou in die huis en gehoorsaam en die tipe van goed, want soos ek sê hier doen ons sessies saam met die student. Die student leer vir ons baie en ons leer baie aan onsself soos selfkonsep en konflikhantering en die tipe van goed en dit help vir jou in jou persoonlike lewe, help dit vir jou verskriklik baie, want 'n ding wat jy gister nie geweet het nie, weet jy nou vandag sommer nou om dit beter te hanteer. WAT STAAN VIR JOU UIT, WAT PAS JY TOE? Feitlik alles, want soos hmm.. die arbeidsterapeut het vanoggend net weer vir ons gesê dat sy is besig om aan iets te werk om vir ons amper soos 'n kursus te gee van hoe om met die kind te werk en tipe van goed nou so, toe gaan my hart weer so oop, want ek is so lus vir leer ek weet nie ek het so 'n lus, ek wil nog weet en ek wil nog leer toe voel ek, ai jene dit is nou net wat ons nou nodig ook het dit, sal baie goed wees nou. Eintlik in die jare kry jy nou – kyk nou soos konflikhantering het ek seker nou al 5 keer gedoen, maar elke keer as ek hom doen dan geniet ek dit weer van oor af – you know – dit issie iets wat nie sommer net by jou vassit nie, jy 'n mens vergeet mos maar die dinge, maar somtyds kan jy, kan jy, darem terugdink, o ja, dit het ons mos so gemaak daar. ENIGE IETS VAN DIT WAT JY TOEPAS? Definitief. Soos ek gesê het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

saam met selfkonsep – ek was nie 'n mens wat kon gepraat het nie, en kyk hoe praat ek nou aanmekaar, ek was skaam in myself ingetrokke, ek het ook nie maklik aangesluit in 'n groep of so nie of met ander mense gedeel en so nie, maar dit het alles so te sê verbeter en soos konflikhantering, ek kan ook erken ek is verkeerd, jammer ek is verkeerd en ek kan myself beheer en ek kan probleme beter oplos en ek weet nou hoe om 'n situasie te hanteer as daar nou 'n situasie is dat ek nie sommer net iemand gaan invlieg en die tipe van goed nie. Ja, ek het baie geleer, ek het baie toegepas, even in my persoonlike lewe by jou kinders, kan jy ook , dat jy nie sommer net 'n kind klap gaan gee of somtyds het jy mos daai aggressiewe houding en nou dit het ek regtig afgeleer. Ek kan mooi met my kinders gaan praat of ek kan hom net vat aan die hand, net styf hou en vir hom met kyk in die oë en net vir hom sê, gaan jy luister, streng optree en klaar en nie aggressief nie – die tipe van ding. HET JOU KINDERS ENIGE KOMMENTAAR OP JOU VERANDERING? In die eerste jaar, o het hulle verskriklik gesien die verandering in hul ma, want as hulle hoor nou as ons die oueraande of so het nou, nou vra hulle mos nou uit – elkeen kry mos nou 'n taak om te doen – nou vra hulle wat moet Mammie doen, toe sê ek nee, ek moet die bedankings doen – o! Mammie nou hoe gaan Mammie dit doen en dan sê ek nee, my kind, ek is mos nou 'n anner mens.

GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê WAS DIE STERKPUNTE VAN DIE OPLEIDING WAT JY ONTVANG HET?
Die sterkpunte van hoe hulle dit doen hmm.. eitlik kan 'n mens sien dat hulle opgeleide persone is, dat hulle ook opgelei was of opgelei is om dit te kan doen, dis nie sommer enige een wat dit vir jou kom gee nie, aanbied nie, dit kan 'n mens sien en hulle sit verskriklik baie moeite daarin om dit vir ons te laat dat ons dit kan goed ontvang en dat ons dit kan verstaan.

GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê WAS DIE SWAKPUNTE VAN DIE OPLEIDING WAT JY ONTVANG HET?
Eintlik, eintlik kan ek nie sê van swak punte nie, want alles gaan maar net om groei – you know – as daar swak punte is dan word hy sommer aangespreek en dan maak ons iets daarvan om dit uit die weg te ruim. JULLE MOET BAIE KEER ANTWOORDE GEE, PRAAT IN DIE GROEP, HOE VOEL JY DAAROOR? As 'n mens begin dan en jy is nie gewoond aan die tipe van goed nie, kyk baie mens dan, dan pla dit vir jou. Kyk jy is mos nou nie gewoond om miskien nou sommer so voor almal te praat nie en dit nie en (*) ondervind dit ook nou dat sy nou hou nie van daai nie of hou nie van daai nie en tog omdat daar nou die vorige, ek sal nou sê omdat 2 of 3 is wat aangaan met dit, nou word jy gemotiveer om ook maar net aan te gaan – you know – en dit, die enigste somtyds ek weet nie is dat jy miskien nie goed gou genoeg kan dink wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nou nie of so nou nie, maar ek meen dit gebeur maar oral en ek dink dit is goed, want dit help jou om te groei.

AS JY DIE MAG SOU KON Hê OM IETS TE VERANDER AAN DIE PROJEK, WAT SAL JY ANDERS WOU DOEN? Ek kan regtig nie nou daar sê nie, miskien is dit die finansies ding, aan die finansies sal ek miskien die ding anderste werk. Ek weet nou nie hoeveel geld, watse geld daar is of so nie, maar ek voel dat ek sal wil hê dat met soos ek gesê het as ons miskien elke dag die graad ene kan sien en elke die graad 2 kan sien en hmm.. hoe kan ek nou sê meer doen dalk, kan ons meer doen. IN WATTER SIN? Soos in soos ek nou sê kyk as ons nou elke kind elke dag kan sien, nè, dan moet ons nou natuurlik meer mense nodig het, of moet langer werk. Of ons kan nou ook nie sê 'n groter lokaal of miskien nou altwee groepe saam kan vat nie, maar ek sal nogals dink – definitief – ek weer ook nou nie dalk is ek nou laf, maar daai een dag tussenin wat jy nou nie die kind sien nie, ek dink daai dag breek alles weer af, ek is nou jammer, maar ek dink dit breek alles weer af, want volgens soos ek nou by die een kind wat ek nou mee werk, daai kind was hoeka by pre-school, maar hy kan nog nie eers sy naam skryf nie en ek het nou beginne werk om spesifiek net met hom sal ek nou maar sê, die ander kinders gaan nou aan en nou sit ek heeltyd by hom. Dan is die uur om nè, dat het ons miskien basies net een blad gedoen waar hy net syfertjies geskryf het van 1 tot 5 en ek meen, kyk waar staan die jaar al en...en... nou voel ek so as ek dalk begin het van die begin van die jaar af, is ek seker ek sou daai kind voor einde van die jaar deurgekom het. Verstaan u? Daai tipe van ding. Nou voel ek so, nou is dit 'n waste because nou is die kind, die jaar is om, die kind het dit nou nie gemaak nie, hy bly nou agter in graad 1, hy kom miskien nou nie weer terug na Volcano toe nie, omdat daar mos nou ander kinders is, nuwe kinders kom met die behoefte wat nou weer moet aankom. So, ek voel amper die enduit storie, kan ek amper voel is ons nie heeltemal....heeltemal achieve wat 'n mens moet achieve nie, amper so maar ek voel dat kinders wat daar is in die klas wat miskien nie daai aandag nodig het nie soveel soos daai kind nie, daai kind gaan miskien nooit agterbly nie, hy is bietjie agter vir die ander, maar nie so ver agter soos hierdie ene nie. Hierdie een se kanse om voort te gaan is baie min, maar die ander een sin is groter, nou ek voel ons moet nou meer doen om hom ook daar te kry. NOG IETS? Soos ek nou dink soos aan werkskepping, you know, kyk soos ek sit ook nou hier, maar ons het ook mos elkeen onse behoeftes wat in voorsien moet word en.... Dat daar miskien soos in poste geskep word miskien vir iemand. Ek sal dink miskien as daar 'n administratiewe pos dat ek dalk miskien nou voorkeur kan kry, you know. Ek raak mos nou ouer, ek raak mos nou nie jonger nie, wat gaan ek nou die heeltyd doen, ek bedoel maar nou, maar soos ek nou vir myself voel, is daar nie ander weg nie, ek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voel ek wil hier by Volcano wees, dit gaan ek nou maar doen tot ek nou nie meer iets kan doen of so nie, maar ongelukkig wat ek maar net kan sê, is dit dat 'n mens maar gedurig uitkyk en uitluister, omdat jy mos ook maar jou menslike behoeftes het.
DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Most definitely moet hy voortgaan – definitief moet hy voortgaan – dit is die ding wat ek vir u sê daar is baie kinders wat warmte nodig het, wat liefde nodig het, wat dit nie eintlik kry somtyds nie en meeste van die mense hier by Volcano kom met ek wil nie myself nou voorpraat nie – maar is 'n mens wat baie lief is vir kinders en veral as jy nou sien 'n kind het 'n bietjie dan voel jy sommer om hom te druk of so, want dit is ook wat gebeur en 'n mens vind dat die kinders sommer na jou toe gehardloop kom, hulle kan partykeers nie eers wag vir jou nie. Van hulle sê sommer vir jou Mammie, you know en dit voel so lekker, jy voel so jy het iets gedoen darem vandag. ENIGE IETS WAT JY NOG WIL Sê? Ek sal dink Volcano is iets goede en dat dit kan voortgaan en dat ons kan uitbrei soos na ander skole toe en soos die behoefte aangaan, want kyk soos as hulle nou die pre-schools het by die skole sal dit miskien later van tyd... hoe sal ek sê dat die kind dit nie meer gaan nodig het om vir Volcano nie, want baie kinders kan dit bekostig om in die pre-school te wees, maar dan kom dit nou weer daarop neer dat die behoeftige kind wat eintlik dit kan altyd nodig het en daarom dat ek voel dat Volcano se voortbestaan eintlik aanhou, want daar's baie kinders wat regtig – hier's van die kinders wat nou al gevorder het na graad 3 toe you know, maar dit is mos nou die kind wat een jaar druip en die volgende jaar oorgeplaas word, so daai kind het nog miskien nog nooit werklik geslaag nie, you know, hy sukkel dwarsdeur. Dus hoekom ek voel ons miskien as ons nou soos in van groei praat dat ons miskien verder kan gaan met daai kind, you know, tot in graad 3 toe kan kyk, ons kan miskien met minder kinders werk en die wat nou die kans het dat hy nou goed vorentoe gaan, want kyk onderwysers het nie die kans om individueel met 'n kind te werk nie, die onderwysers skryf daardie kind af. Ek het dit al ge-ondervind al, ek het al vir 'n onderwyser gesê, ja, omdat my kind nou nie verstaan nie, nou kan jy nie vir haar wys nie, want jy kan nie die hele klas laat wag op haar nie so nevermind haar nou en dit is die klas van antwoorde wat die onderwyser nou vir jou gee, die klas is te groot en hy kan nie sy tyd mors op kinders wat , hy kan nie sy tyd spandeer op daardie kind soos vroeër nie. En dit is waar Volcano inkom om daardie kind daai ekstra tyd te gee. Wat ek vind, is dat kinders op verskillende vlakke swak is en as nou die lesse aanbied en dan bied ons miskien nou vir 'n kind 'n les aan vandag en dit is waarom ek ook nou voel, nou bied ons vandag vir die kind 'n les aan wat hy, wat sy sterkpunt is, nou bied ons weer môre iets aan wat weer sy sterkpunt is, nou kom ons nooit basies by sy swakpunt uit nie. Daars baie kinders wat in die klas insit, dan wonder ek hoekom het die juffrou dan nou vir hom hier gesit, want

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

288 ek voel die kind het nie Volcano nodig nie, want ek weet wat ons
289 nou die kind hier leer, gaan nou nie vir hom help nie, dan het die
290 juffrou miskien die kind daar vir 'n ander rede, want dit is miskien
291 iets waaraan ons kan werk om uit te gaan vinne individueel wat
292 elke kind se swakpunt is. Dalk kan ons iets daaraan doen om hulle
293 in groepe op te verdeel en vir hulle verskillende werke te gee en
294 so.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE H

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 8 VAN 1999 SE GROEP.

WATTER WERK HET JY GEDOEN VOORDAT JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Ek was voorheen maar meesteal administratiewe werk wat natuurlik gepaard gaan met die liasering, faks hmm... uitstuur en ontvang van fakse en dit was meestal maar administratief gepaard en HOEVEEL JAAR? Dit was vir om en by 4 tot 5 jaar en dan het ek so in die gemeenskap bietjie gehelp en dan het ek na dit was dit maar nou soos wat hulle sê die hmm.. , waar hulle die 3 tot 6 maande projekte aan die gang het, dan het ek maar altyd daar ook uitgehelp – dit is ook administratief gepaard en nou vir die afgelope jaar en half voor ek nou, ek nou by Volcano betrek het, het ek in 'n klerefabriek, was ek 'n examiner. Ek weet nie wat die Afrikaanse woord daar is nie en dit het ons gedoen daar, dit is soos hulle nou sê Jack of all trades. WAT WAS DIE GEMEENSKAPSWERK WAT JY GEDOEN HET? Die gemeenskap was soos daar by die oues van dae wat ons die bejaarde het waar hulle soos hmm.. kosvoorsienig vir hulle en miskien pakkies opmaak, watter funksie hulle ookal het. En dan soos die voorbereiding van die kos vir die volgende dag wat ons nou natuurlik voorberei het en dit is basies al. HET JY DIT GEDOEN SAAM MET JOU ANDER VOLDAG WERK? Nee, dit was na dit in die af tye. HOEKOM HET JY BY JOU LAASTE WERK WEGGEGAAN? Ja, dit was eintlik hmm.. die fabriek het gelikwideer en toe moes ons ook nou maar oppak en ons kon toe nou niks anders doen nie, maar sedertdien het ons nog niks eintlik van hulle gehoor nie of hoe ver hulle nou gekom het met die likwidasie, want ons het onse geld gekry, maar net 'n gedeelte daarvan – die res moet ons nog kry, maar ons het mannekragvoordele gehad, dat ons kan die werkloosheidsversekering kry daar is voorsiening gemaak vir ons.

HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET?
O, ek was 33.

HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM? Dit was ook maar net deur die koerant, deur die nuusblad wat ons natuurlik Donderdae, die Metro Burger en dit het my eintlik so om en by 'n week gevat, want ek moes nou, ek sê toe nou vir my suster: "Jong, dit is iets wat ek wil doen." Sy sê toe vir my: "Het jy die advertensie gesien?" en ek sê: "Ja, ek het die advertensie deurgegaan." Maar dit is al, nogal wat ek wil doen en sy vra vir my wat is dit en ek sê

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nee, meer in die gemeenskap en dan wil ek altyd maatskap gedoen het, maar ons was nie eintlik bevoorreg om onse studies nou in daai rigting te kan gaan neem nie. En toe sê ek vir haar wag, man, ek gaan net gou bel. Toe het ek nou vir juffrou (*) in die hande gekry, eerste vir juffrou (*) gebel, maar die lyn was toe heeltyd beset, maar toe ek nou vir juffrou (*) in die hande kry toe het ek nou net vir haar so sy het nou vir my breed so – kort inligting gegee en vir my nou gesê watter tyd ek nou die volgende dag daar wees. Toe sê ek, ek sal probeer, maar dit het by my gebly, by my gespook ek kon net nie afskeid neem van die feit dat ek nou gehoor het en hoe kan 'n mens sê ek was so, ek het net gevoel, nee man, ek moet die plek moet ek uitkom en toe het sy vir my gesê om en by waar dit is. En juffrou (*) sal nou die spesifieke dag hier wees by die skool en dit is nou hoe ek hier beland het, deur nuuskierigheid en deur die feit dat dit eintlik vir my , dit het sommer vir my die oomblik wat ek dit gelees het, het dit sommer vir my getref, want dit is eintlik wat ek wou gehad het, net om met kinders, sy het nou vir my so bietjie inligting gegee dat dit nou vir kinders gaan en net vir 'n sekere uur en dat , want ek het nog vir haar gevra of daar miskien enige inkomste of so is gepaard gaan. Toe het sy nou vir my gesê , ja, daar is 'n vergoedinkie wat hulle natuurlik vir ons gee, toe sê ek goed, maar dit is in die haak, ek sal dan hier wees, want sy het toe nou vir my gesê ek moet deurkom, maar ek het toe nou nie , ek was nie in daai dag wat ek nou toe moes gegaan het diakonale dienste toe, was ek nou die voorbereid nou vir dit nie. Toe dink ek goed man, maak dit liewer dan vir die skool, want almal gaan mos nou hier bymekaar kom. Toe sê sy vir my, nee, ek toe bel ek vir haar die dag weer na dit toe vra sy vir my maar was ek dan nou nie gister, die vorige dag daar nie. Toe sê ek vir haar nee, toe sê sy vir my nee goed dan, gaan dan liewers by die skool, want sy het al 'n paar van die spanne ge-onderhoud en die beste is maar dat ek maar hier by (*) moet , sy het nou vir my die adres gegee. Toe sê ek nee, ek weet min of meer waar die plek is en hoe ek nou hier gaan uitkom en dit is eintlik hoe ek nou hier gekom het.

WAT HET JOU AANGETREK NA DIE PROJEK ? Dit was eintlik 'n soort van wegkom hoe kan 'n mens nou sê hmm…, omdat ek so 'n private mens was hmm.. wou ek nou hoe kan 'n mens sê eintlik amper asof ek nou half in my dop gekruip was en ek het daai spesifieke tyd, het ek deur 'n moeilike krisis gegaan in my lewe en ek wou net uitkom, miskien dit was wat my so opkikker in die toestand waarin ek was en dit het my sommer onmiddelik toe ek die advertensie lees, toe is dit nou net my idee om 'n bietjie uit te kom en dan te meng met miskien kinders, miskien dit sal my van my negatiwiteit sal dit miskien aflê. Dit wat ek nou gevoel het en net om miskien vir iemand iets te kan beteken, dit was eintlik my doel wat ek nou eintlik hier is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

WATTER STANDERD HET JY OP SKOOL BEHAAL? Ek het my matriek die laaste. ENIGE ANDER NA-SKOOLSE OPLEIDING? Dit was meeste net deur hmm... deur die mannekrag het vir ons rekenaaropleiding verskaf daai tyd toe het ek ook deel geneem aan die kursus wat hulle aangebied het. Dit was nog hier in Boston House in Bellville, daar het hulle vir ons voorsiening gemaak om vir ons meer inligting in verband met die rekenaar. Daar was 'n iemand wat toesig gehou het en een wat die program aangebied het.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE STERKPUNTE VAN DIE PROJEK? Ek sou sê die spanpoging, dit is vir my die .... En natuurlik die programme wat uitgewerk word vir die kinders, die aktiwiteite dit is eintlik die belangrikste , daarvolgens kan ons nou sien wat is die kind se tekortkominge en hoe ons daarmee kan werk om dit te bevorder. So in die geval waar hy dan swak is dat ons miskien vir hom kan help met die probleem adresseer, maar dit is die kind se probleem – die kind het 'n probleem met syfers, probleem met die identifiseer van sekere items of aktiwiteite of so aan en ja dit is basies maar net die programme wat ons aanbied, die aktiwiteite wat ons vir hulle aanbied en...VIR JOU AS PERSOON? Ja, as persoon sal ek sê dit gee my meer positiwiteit, hoe kan ek sê positief hmm.. benadering tot die saak dat so in die geval waar iemand hmm... miskien buitekant die publiek miskien, vir my moet raadpleeg en vir my vra maar hoe is die situasie daar dan kan ek miskien meer inligting vir die persoon verskaf en hmm.. in die geval waar die persoon miskien kom met 'n probleem as sulks wat die kind betref hmm... dink ek, ek is in staat om dan vir hierdie persoon dan te kan help of om vir hom meer inligting te kan gee hoe om die saak te benader wat die kind natuurlik aan betref. So as hy byvoorbeeld sê goed ek ondervind dit by my kind , dit is eintlik 'n probleem dan dink ek enige een sal dan bevoeg wees om daardie persoon reg te help en vir hom te kan sê hoe kan hy hmm.. die regte metode wat hy kan gebruik om die kind aan te help.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK? Op die oomblik is dit nou eintlik omdat ons ook natuurlik finansiële probleme het, is die vervoer eintlik 'n bietjie , dit is eintlik 'n bietjie afbreking, want om van punt A na punt B te gaan is 'n bietjie baie moeilik, alhoewel die hmm... hoe kan 'n mens nou sê, soos hulle sê die gees is gewillig maar die vlees is teenstrydig met dit en dit is eintlik wat dit , wat dit 'n bietjie , nie dat dit 'n negatiwiteit is nie, maar dit is omdat ons graag hier wil wees sal ons alles probeer al moet ons ook geld gaan leen. Dit is eintlik onse norm of onse... die belangrikheid net om hier te kan wees. JA. JULLE KOM VAN VER AF. Ja, ons kom van baie ver af

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en dis eintlik twee vervoer, tipe van vervoer wat ons moet gebruik om hier te kom en dan is daar nog 'n stapafstand ook. WAT LAAT VIR JOU ELKE OGGEND OPSTAAN OM HIERNATOE TE KOM? Seker maar die kinders se gesig, dit spook by 'n mens en om eerlik waar te sê ek het vanoggend opgestaan toe dink ek, o, ek voel nou so swak, maar dit is net iets wat 'n mens net nie kan af, dit is net daai om iets vir iemand te kan beteken, dit is eintlik die belangrikste wat nou vir my nou aanhelp, want hmm... as ek kyk na my hmm... finansiële situasie dan dink ek: ag, wat al moet ek ook nou maar stap om tot hier te kom, of al moet ek nou vroeër stap om nou hier te kom, ek gaan hier kom.

GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê WAS DIE STERKPUNTE VAN DIE OPLEIDING WAT JY ONTVANG HET? Ja, want dit is eintlik soos hulle nou sê 'n sideline iets nè, wat 'n mens dan self by die huis kan toepas deur miskien fondsinsameling of enige iets wat daar benodig word in die huis en dit help dit eintlik baie aan, want kyk soos die materiaalverf wat ons gedoen het, ons het nog nie so ver gekom met die glasverf nie, maar dit is 'n groot hulp ook vir ons. Want deur die kreatiwiteitsprogram wat aangebied word, kan ons as te ware , ons leer baie daaruit, want dit kan dan vir ons in die loop van die toekoms miskien meer kan ons dan as ons dan miskien van werk verander of enige iets wat dan inkom dan kan ons dit dan nou net toepas, miskien as 'n tuisnywerheid of so iets en ek dink dit het opslae gewek by ons. EN DIE GROEPE OP 'N WOENSDAG, DIE VERRYKINGSGROEPE? Ja, die verrykingsgroepe was baie... dit het basies nou net gegaan oor ons as persoon en hoe ons konflik kon hanteer en dit was eintlik baie.....baie interessant vir myself, want hmm... dit is somtyds moeilik om 'n mens self te... hoe kan 'n mens sê te express né en daar kan jy nou sê wat nou, hoe jou gevoel is en wat, hoe jy wil hê mense moet vir jou aankyk of miskien nou deur die, maar die belangrikste wat ek nou gesien het uit, uit die groep wat ons geleer het, is eintlik die eerlikheid wat 'n mens moet het teenoor die groep self, want dit is alleenlik om eerlik te wees dat die ander kan sien, nee maar hierdie vroutjie is op haar kop of so iets. Maar nee dit was baie interessant, juffrou (*). JULLE HET BAIE INLIGTING GEKRY BY DIE STUDENTE. WAS ALLES OU NUUS OF WAS DAAR GOED WAT NUUT BYGEKOM HET? Nee, daar was baie goed wat nuut was, want kyk ons het dit nou maar net so gevat dat dit 'n gewone les is wat aangebied word ons het nie die arbeidsterapie kant, hoe kan 'n mens sê die arbeidsontwikkeling van die... ons het nie daai hmm.. geken nie en nou weet ons dat ons moet ook kyk hoe die kind miskien die potlood hanteer, hoe die kind sy lyne trek, al daai fyn motoriese aktiwiteite wat ons, wat ons nou gedinges het wat ons nou eintlik opgelet het. Kyk, want vir ons was dit nou maar net ons het aanvaar, nee, maar ons gaan nou net les gee en dit is nou alles

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waaroor dalk afhaal, maar toe het ons nou uitgevind, nee, maar dit gaan nou eintlik in meer in detail die kinders deur op te let hoe hulle skryf en hoe hulle natuurlik vorder. IS DAAR ENIGE IETS WAT JY VIR MY WIL Sê OMTRENT DIE MANIER HOE DIE VERRYKINGSGROEPE VIR JULLE AANGEBIED IS? Ek dink hmm... hulle het dit goed van hulle taak gekwyt om vir ons oor te dra, want dit is amper ek kry net die gevoel hulle is vertroud met dit wat hulle doen. So dit was nie eintlik iets wat hulle probeer aan... hoe kan ek nou sê aansit in die sin dat dit is iets wat hulle nie van ken nie, hulle het kennis van dit, want as ek nou kan luister dan is dit seker maar deel van hulle opleiding ook. Maar ek moet sê hulle het goed van hulle taak gekwyt, want ek het nogal baie geleer, want gewoonlik as 'n mens 'n , kyk na 'n artikel of selfs 'n mooi rok wat jy gekoop het en as 'n mens mooi kyk na die rok dan is hy nie eintlik so hoe kan 'n mens sê sy verfwerk self, as 'n mens kyk na die materiaal self, daar is altyd 'n dingetjie wat uit is. Toe ek nou hier by die fabriek gewerk het, toe het hulle die lap die rokke die met amper die verf so op en toe sien ek nee, maar hier het iemand per ongeluk 'n stukkie van die verf laat val, nou seker met die , kyk hy is mos natuurlik nou op die tafel getape en dan word dit vasgebind en so en dan word geteken wat die motief ookal mag wees. So dit was nogal interessant.

AS JY DIE MAG SOU KON Hê OM IETS TE VERANDER AAN DIE PROJEK, WAT SAL JY ANDERS WOU DOEN? Hmm..ek sou sê net om die hmm....die norm wat die mense se indruk dat dit 'n hmmm....aanpassingsklas of dat die kinders kom vir aanpassingsklas dat daar eintlik fout is met die kind hmmm... net om daai hmm.. stigma of so uit te skakel. hmm... ek dink nie hulle moet die naam verander nie maar net om te , hoe kan 'n mens sê hmm..wat ek eintlik wil sê is ons sal moet werk aan die beeld wat uitgedra word. IS DIT AL WAT JY SOU WOU VERANDER? Ja, vervoer ja, dit is eintlik meer hulp in daai verband ook kan kry, want dit is eintlik nogal 'n probleem op die oomblik.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Ja, Volcano kan nog voortgaan sommer nog vir tien, twintig jaar. HOEKOM DINK JY SO? As ek kyk na die hmmm...ek sal nogals voorstel dat hulle nogal 'n bietjie meer moet uitbrei, want selfs in die omgewing waar ons ook is, want ek dink daai kinders het Volcano eintlik baie dringend nodig en hmm.. die kinders raak later so stout dat hulle, jy weet nie eintlik nou hoe om vir hulle adresseer nie. Baie van hulle is spelerig of hulle weet nie waarheen hulle oppad is nie en ek nogals as nogal kan uitbrei na verskillende areas kan dit nogal baie help miskien is dit ook deel van Volcano se vooruitgang

NOG ENIGE IETS WAT JY WIL Hê EK MOET WEET OMTRENT JOU OPINIE VAN VOLCANO? My persoonlike opinie is ,Volcano

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

239 hmm…hmmm.. is eintlik soort van ‘n stap wat ek moet , die feit dat
240 ek , ek het nou meer selfversekerdheid, ek is nou meer positief hoe
241 kan ‘n mens nou sê meer positief hmm.. ek sien nou baie meer
242 goed in ‘n positiewe lig en Volcano het eintlik vir my, was eintlik vir
243 my like ‘n , hoe kan ‘n mens nou sê ‘n soort van ‘n toevlug. Nie
244 toevlug in die sin dat ek sou wegkruip en so nie, maar Volcano het
245 eintlik vir my baie beteken, want in die tyd van lewe waar dit so
246 donker was, het ek altyd hier gekom dan het ek gehuil , dan kom
247 ek hier sommer met ‘n positiewe uitkyk, ek altyd vir myself gesê
248 hier's nog iets wat vir my belangrik is, hier's nog kinders wat ek nog
249 kan iets voor beteken en hmm.. dit was eintlik wat my vasgehou
250 het , nie die feit dat ek my geloof ‘n bietjie moes laat wankel of so
251 nie, maar ek het meer begin te glo dat enige iets is moontlik, want
252 as ons kyk die Here spesialiseer uitsluitlik op die onmoontlike en dit
253 is wat ek geleer het by Volcano en kyk ons het nou al baie goeters
254 wat nou al in die vooruitgaan is of wat nou nog op ons wag en dit is
255 nou iets wat ek nou kan sê, ek sal altyd met die gedagte sit, al vra
256 hulle ook nou vir my by die huis wat doen jy nou eintlik, dan sê ek,
257 nee, daai is my bietjie, hoe kan ek sê, my plekkie in die son.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE I

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 9 VAN 1995 SE GROEP.

VYF JAAR TERUG WIL EK DAREM EERS HOOR WAT DOEN JY TANS? Ons is nou tans besig by die skool, ons is besig met pre-primêre onderwys nadat ek in 1996 begin het by Volcanoprojek self en uit die projek het dit gegroei dat ons begin het met die pre-primêre klasse. SO JY IS MET ANDER WOORDE VANAF 1996 NOU AL HIER? Ja.

JOE, DIT IS 'N LANG TYD NOGAL Né, WAT BEHELS JOU TAKE AS JY NOU Sê JULLE IS BESIG MET PRE-PRIMêR, WAT BEHELS DIT? Dit is om die kinders voor te berei vir graad een, om vir hulle daai ekstra woema vir skool te gee en vir hulle die basis te leer van pre-primêr. GOED WAT IS DIE TIPE VAN GOED WAT JULLE VIR HULLE LEER? HMM... vorms herkenning, getalle – om te tel, kleure, liggaamsdele te herken, te verf en te knip en te plak , om hulle spiere sterker te maak vir graad een. GOED EN WIE HELP VIR JULLE MET DIE KLAS SE UITWERK ? Die skool self met dit wat ons nodig kry, word ons gehelp deur die skool en ... IS DAAR 'N GRAAD EEN JUFFROU WAT VIR JULLE DIE KLASSE UITWERK OF BESLUIT JULLE SELF? In die begin toe ons hier begin het, was hier 'n mev. (*) wat hier vir ons uitgehelp het, maar sy is al van 1998 af weg van die skool af en van daai tyd af is ons nou al op ons eie. DIT IS SEKER OOK 'N PROGRAM WAT AANGAAN EN JULLE HET NOU AL DIE ONDERVINDING OM TE WEET WAT WERK EN WAT WERK NIE Ja.

HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO BEGIN HET? Ek was agtien jaar oud toe ek klaar gematrikuleer het en (*) vir my gekontak het. DIT WAS IN 1994 JA, WANT JY HET DIE VOLGANDE JAAR BEGIN. In 1995, die eerste week van die jaar het (*) vir my gekontak en vir my gevra of ek belangstel om met kinders te werk .

GOED, SO JY HET GEEN VORIGE WERK GEDOEN VOORDAT JY BY VOLCANO BEGIN HET NIE. Nee, so vars van die skoolbanke af. HET JULLE SKOOL VIR JULLE GELEENTHEDE GESKEP SOOS BYVOORBEELD DEBAT OF SPORT OF KULTUUR, DAAI TIPE VAN AKTIWITEITE. Sport ja, HET JY DAARAAN DEELGENEEM? Nee, op laerskool het ek netbal gespeel, op hoërskool net een keer deelgeneem aan die skoolatletiek EN GOED SOOS LEERLINGRAAD EN SULKE KLAS VAN GOED? Nee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GOED, HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM ? (*) het vir my gekontak en sy het vir my gevra of ek sal belangstel om met kinders te werk , kinders wat agterstande het om vir hulle te stimuleer en om die waarheid te sê was ek van kleinstyd af lief vir kinders. En ek het maar net probeer en miskien sal ek inpas in die program, maar ek moet nogals sê ek was stil en teruggetrokke, maar hulle het dit uit my uitgebring.

WAT ONTHOU JY NOG VAN DIE PROJEK, WAT HET JULLE GEDOEN. Ons het baie gedoen, as 'n groepie die eerste week was ons nog onbekend vir mekaar gewees en dit het snaaks gevoel en maar, veral die seuns van hulle kant af het hulle ons meer tuis laat voel in Amicahuis self en (*) het baie gedoen om ons, om vir ons 'n goeie spanbouwerk te doen en sy het ons op baie uitstappies geneem, ek kan onthou sy het ons eendag geneem, ek dink dit was in Bellville het sy ons geneem, om jou trust in jou span op te bou. EN WAT HET JULLE MET DIE KINDERS GEDOEN? Ons het uitgegaan na die skole toe veral na (*) en (*) en (*) dan het ons in die middae so vir 'n uur met die kinders gewerk wat die onderwysers self uitgekies het wat 'n agterstand het en wat sukkel om by te pas by die res van die klas en ons het aktiwiteite gedoen wat vir die kinders gelyk het of dit 'n speletjie was, maar op die ou end weet ons ons het vir hulle iets geleer. WAT DINK JY HET JY VIR HULLE GELEER? Deur die aktiwiteite het ons vir hulle geleer vorms, om te tel, jou kleure uit te ken, jou liggaamsdele te herken. Maar op die einde van die dag het die onderwysers wel saamgestem dat die projek was 'n sukses, want teen die einde van die jaar het die ouentjies wat ons gehad het bygepas al by die res van die klas en kon hulle die volgende standerd aanpak, ok

Sê GOU VIR MY WAT HET JOU AANGETREK NA DIE PROJEK TOE? Meer die kinders, my hart het baie getrek na die kinders, omdat ek hulle graag wou gehelp het en ek kon gesien het daar was baie van die ouentjies, hulle was minder bevoorreg, hulle het uit swaar huisomstandighede gekom en as ons in die middae by die skool aangekom het dan kon 'n mens sien die glimlaggie die is daar, hulle wil vir ons daar hê, hulle wag eintlik vir ons om te kom en dit het my meer getrek na die projek toe om die kindertjies uit te help, want mens kon sien hulle kom uit baie slegte situasies uit.

GOED AS EK REG HET , JY MOET MY NOU REG HELP , JY HET MATRIEK OP SKOOL GEMAAK. Ja. EN HET JY ENIGE NASKOOL OPLEIDING GEKRY, BEHALWE DIT WAT JY BY VOLCANO GEKRY HET? Nee, ons het mos amper iets soos

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die binnehuiskursus met die juffrou gedoen om die pre-primêre kursus aan te pak DIT WAS VOOR JULLE NOU HIER BY DIE PRE-PRIMêR BEGIN HET Né, GOED HOE LANK WAS DAAI KURSUS? Januarie het ons hier gekom en Aprilmaand het ons begin met ons eie klas EN HOE HET JULLE TE HORE GEKOM VAN DIE WERK, HOE HET DIT GEKOM DAT JULLE NOU PRE-PRIMêR DOEN. Ek het vir (*) , (*) het een dag in die vergadering gesê dat elkeen van ons moet sit en dink om onsself 'n werksgeleentheid te skep en die volgende dag het ek na (*) toe gegaan en ek het vir haar gevra, dink sy nie ek, hoe voel sy daaroor as ek met speelgroepies kan begin in die parkies en ek en (*) het by die woonstelle en by die lane opgegaan huis tot huis navorsing gedoen vir ouentjies wat die spesifieke ouderdom was wat by die huis sit, wat die ouers niks het om met die kinders te doen nie, dan kan ons 'n halfuur met die kinders by die parkie gewerk het. Maar toe het ons hier by die skool briewe kom aanvra wat die prinsipale dink van die projek wat ons nou vir 'n jaar hier aangehou het, toe het mnr. (*) wat onse vorige skoolhoof was, toe het hy voorgestel dat hmm.. hulle het net een pre-primêre klas en destyds was dit eintlik 'n vereiste dat hulle twee moes gehad het en toe het hy vir my gevra ek moes teruggaan na (*) toe en ons moet oorweeg of ons kan dink of ons nie kan begin met 'n pre-primêre klas by die skool, hulle sal vir ons klasse aanbied om die pre-primêre klasse aan te pak. WAS VAN DIE OPLEIDING OOREENSTEMMEND VAN DIT WAT JULLE BY VOLCANO GEDOEN HET OF GLAD NIE? Nee, dit was meer hoe om met 'n groter groep te werk .

GOED, GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê WAS DIE STERKPUNTE VAN VOLCANO? Ek was 'n baie stil, nie te baie teruggetrokke nie, maar ek was daai tipe meisie wat as jy met my kom praat, sal ek maar so skramsweg terug antwoord gee, maar Volcano die het regtig waar, die projek self, dit wat (*) aangebied het vir ons, die arbeidsterapeute wat uitgekom het, hulle het vir ons geleer van om selfgeldend te wees, om jou sê te sê as dit moet sê, nie om dinge te aanvaar as mense dit vir jou sê nie, maar om te voel as jy verskil en die verskil uit te bring, jou opinie moet jy op die tafel lê, jy moet nooit toelaat dat mense bo-op jou trap nie en daar het baie dinge gebeur met Volcano soos konflik tussen mekaar en baie van die arbeidsterapeute het vir ons gesê ons moet sê wat op onse hart lê. Soms het dit seer gemaak om dit uit te bring, want soms het dit kras uitgekom, maar dit het ook die span sterker gemaak, want ons het dan vir mekaar gesê hoe ons voel of ons gelukkig is daaroor of nie. En tydbeplanning. GEBRUIK JY

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

NOG STEEDS VAN DAAI GOED WAT JULLE GELEER HET? Ja.. ek moet, en een ding waarvan ek ook gehou het, (*) het baie vir ons gedoen, (*) het vir ons 'n noodhulpkursus gereël, vir ons 'n Xhosa kursus gereël en sy het vir ons vir (*) gereël, die sielkundige. EN WAT HET (*) MET JULLE GEDOEN? Hy het altyd in die middae as stressed-up van die skole gekom het, as ons daar uit die kamer gestap het dan, as ek van Amica house af gestap het dan het, dan kon ek gevoel het, maar dit wat ek nou op my skouers gehad het: het ek nogals so bietjie afgepak, ek voel ligter, ek voel beter. Ek wou altyd gehad het hy moet vir my hipnotize, maar hy wou nie.

GOED, GEBASEER OP JOU ERVARING WAT SAL JY Sê WAS DIE SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK? Daar was nie. Nee, ek weet nie ons het genoeg hulpmiddels gehad , ons het genoeg opleiding gekry , ons het als verniet gekry en dit was oorgenoeg gewees daar's geen kommentaar te lewer oor iets wat vir my gehinder het nie, want als wat ons gekry het, was uit goeie hande uit . Dit het my nie eers gepla dat dit wat ek doen vrywillig is en dat ek nie 'n salaris ontvang het destyds nie, alhoewel daar was konflik by onse huis ja, my ma verstaan my oudste broer het gesê ek kan gaan werk soek, hoekom moet ek vrywillig werk, maar dit het my nie gepla nie, omdat ek dit uit my hart gedoen het. Ek het dit gedoen vir die kinders en ek het ook agterna my seëninge so ontvang, so ek was glad nie gepla dat ek moes 8:00 by Amica house moes gewees het tot die middag 3:00 – 4:00 en om te werk en uit te gaan na die kinders sonder om 'n salaris aan die einde van die maand te ontvang nie, dit het my glad nie gepla nie. Die hele ervaring het vir my 'n sterker mens gemaak en vandag kan ons, ons het destyds gewerk met 'n groepie van vyf tot tien kinders, vandag kan ek met veertig kinders werk en aan die einde van die dag voel ek goed, want ek kan almal hanteer. En wanneer my hart so spring, is wanneer ek vir hulle op die mat het en ek vra hulle nou 'n klomp vrae en ek kan sien wat ek vir jou geleer het , het daar vasgesteek daar is ietsie wat agtergebly het wat jy onthou het. Wat vir my oorweldigend goed laat voel, net om te dink ek kan die kindertjies help.

EK WIL JOU NOU SPESIFIEK VRA OOR DIE OPLEIDING WAT JULLE GEKRY HET BY DIE ARBEIDSTERAPIESTUDENTE. WAS DAAR ENIGE IETS WAT VIR JOU UITSTAAN IN DIE WYSE HOE HULLE VIR JULLE DIE KLASSE AANGEBIED HET? Wat positief was, is dat as ons blaaie gekry het dan was daar altyd sulke grootse griekse woorde dan het ons altyd vir mekaar onderlangs

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dopgehou, want ons verstaan nie, maar die manier hoe hulle dit vir ons aangebied het, hoe hulle dit vir ons kleiner opgebreek het, dan het ons aan die einde van die dag dit altyd verstaan. En hulle het vir ons vooraf afgerolde blaaie gegee wat ons huis toe kon geneem het en weer kon deurgelees het, so daar was niks negatiefs van hulle kant af nie en dit was nie net: ek is 'n arbeidsterapeutstudent en jy is 'n vrywillige werker en jy is onder my nie, hulle het ons so behandel, agterna het ons soos vriende gevoel.

EN SWAK PUNTE IN DIE OPLEIDING? Glad nie, ons het altyd trane gestort as die studente moes teruggaan.

AS EK VIR JOU Sê JY HET DIE MAG OM ENIGE IETS TE VERANDER AAN VOLCANO SOOS WAT JY DIT ONTHOU, WAT SAL JY VERANDER? Om die waarheid te sê is daar niks wat ek anders sou wou gehad het destyds nie.

HOEKOM HET JY OPGEHOU MET VRYWILLIGE WERK? Toe het ons mos in 1996 begin met die pre-primêre klasse, maar ons was nog steeds deel van die globale groep, Peace Inc., en dit het net so geraak dat ons op eie kon aangaan en (*) het ook gegaan en nou staan ons op ons eie voete en dit wat ons geleer het, kan ons aanpas.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Definitief, definitief, want ek ondervind dit self ek het ook ouentjies in my klas wat 'n mens kan sien die kinders kom uit 'n huisomstandigheid waar dit lyk asof hulle frustrasies tussen die maatjies nou uithaal, jy kan self sien wanneer 'n kind inkleur en hy swart gebruik en ek vra 'n bietjie vrae, kan ek sien hy kom uit 'n baie rowwe area uit en hier was twee ouentjies wat ek opgestuur het na Volcano toe en ek kan sien daar is 'n groot verbetering.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE J

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 10 VAN 1996 SE GROEP.

EK WIL Hê ONS MOET BEGIN GESELS OOR WAT JY TANS DOEN. Op die oomblik is ek maar net nou by die huis besig om my kleintjie op te pas en so aan en ledig te sit by die huis. EN VIR HOE LANK IS DIT NOU AL? Van die end van verlede jaar af. HOE OUD IS JOU KLEINTJIE NOU? Sy is nou vyf maande. SO SY IS EERS AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR GEBORE. Ja, Januariemaand.

GOED AS ONS NOU TERUG DINK, HET JY IN 1996 BEGIN BY VOLCANO, HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO BEGIN HET? Laat ek gou dink, ek was omtrent 21.

HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM? Ek was een keer by 'n ouervergadering wat Volcano gehou het en toe het ek gesien waarmee hulle besig is, een van die ouers daar in die plek wat ons saam genooi het en toe het ek gesien waarmee is hulle besig. En toe agterna het ek iemand wat toe nou ook betrokke is by Volcano gevra waaroor dit nou gaan en so aan en hulle het vir my verduidelik en wat ek gehoor het, het ek van gehou.

AS JY NOU TERUG DINK NA 1996, JY WAS NOU VAN '96 TOT '99 BETROKKE. WAT ONTHOU JY VAN VOLCANO, WAT HET JULLE GEDOEN, WIE WAS DIE MENSE WAT BETROKKE WAS? Wat ek nou kan onthou, was dit nou die tyd van (*) hulle, (*), (*) hulle groepie en vir my was dit, vir my was Volcano daardie tyd baie anders gewees as nou, want seker omdat baie van die spanne wat daar gewees het meestal jonk gewees het, so jonk van gees en hoe kan ek nou sê hmm.. almal wat ons gedoen het, was almal was vir dit en so en niemand het uitgesit en so nie. Volcano was vir my hoe kan ek nou sê, lewendiger gewees seker omdat dit nou jong mense gewees het. WAT ONTHOU JY DAARVAN, WAT WAS VIR JOU LEKKER? Alles was vir my lekker gewees, soos in die socials wat ons gedoen het, aangesien dit nou vrywillig wat ons dit gedoen het, maar dit wat ons uit dit uitgekry het dit was baie lekker gewees, dit wat ons geleer het, maar veral die socials, want ons het niks uitgegee nou, want 'n mens het nie eintlik gevoel dat jy vrywillige werk doen nie, want ons het iets uitgeleer daaruit en ons het vir ons geniet . HET JY ENIGSINS MENSE GEKEN VOOR JY BY DIE PROJEK BEGIN HET? Vir (*) het ek mos nou geken en ons het nou so te sê van kleins af

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

47 het ons saam groot geword en so aan. SO JY WAS DAREM
48 NIE HEELTEMAL VREEMD NIE. Hmm.. WAS JY VINNIG
49 DEEL VAN DIE GROEP? Ek sal nie sê te vinnig nie, want ek
50 was 'n baie stillerige persoon gewees en hmm.. ja, maar
51 agterna het ek die lede wat daar gewees het, hulle het hoe kan
52 ek nou sê, gou gekommunikeer en so aan so, ek het gou geleer
53
54 WAT HET JOU BY DAARDIE OUERAAND TOE JY NOU
55 GEHOOR HET VAN DIE PROJEK, AANGETREK NA DIE
56 PROJEK? Hmm.. net vir die feit dat iets kon gedoen het vir die
57 kind wat hulp nodig gehet het, ek het nou gesien hoe hulle die
58 kind geniet, hom in dit wat hy doen en so aan en dit het vir my
59 baie uitgestaan is, as 'n mens vir iemand iets doen dan moet jy
60 sien daai persoon waardeer dit en dan voel dit vir jou na iets
61 goeds.
62
63 VOOR JY NOU BY VOLCANO BEGIN WERK HET, HET JY
64 ENIGE VORIGE WERK GEDOEN? Nee, net mos vir 'n tyd het
65 ek mos gewerk by 'n plek wat ons ook so te sê vrywillige gewerk
66 gedoen het, omdat ek mos nou geld kry en toe het hulle vir my
67 gesê ek moet daar gaan werk om 'n mens moet besig wees,
68 hulle wil nie hê 'n mens moet so ledig by die huis sit nie en toe
69 het ek daar gaan werk vir 'n tydjie, maar dit was nie eintlik vir my
70 gewees nie. WAAR WAS DIT? Dit was by Chris Steytler in
71 Stikland daar gewees en want die mense wat daar gewees het,
72 is ook nou gestremde mense en so aan, maar vir my het dit nie
73 eintlik gevoel ek pas in nie, want baie van hulle het miskien
74 epileptiese aanvalle gekry en so aan en vir my was dit nie lekker
75 nie. WATSE TIPE WERK MOES JY DAAR DOEN? Ons het
76 soos verpakkings gedoen en soos goed wat uitgegaan het na
77 fabrieke toe en winkels toe en dan moes ons dit verpak het in
78 pakkies in en miskien in 'n pak van ses of so of ons moes
79 goeters soos die gordynhakies afgeweeg het en dit wat ons
80 gedoen het, daar is ook 'n produksielyn, want 'n sekere bedrag
81 moes ons uitgedoen het op 'n dag. So dit was redelik die werk
82 wat ons daar gedoen het, kan ek sê was vir 'n normale persoon,
83 want vir daai werk ek dink jy moet salaris verdien en so, maar
84 omdat ons nou die ongeskiktheid gekry het, was dit nou amper
85 so dan moet jy dit nou maar net gedoen het. EN VIR HOE
86 LANK WAS JY DAAR? Ek was nie te lank daar nie, ek was
87 seker net vir 'n maand of twee maande daar gewees en toe voel
88 ek, ek sal dit nie hou daar nie. SO HOE OUD WAS JY TOE ?
89 ek was so 20, 21 EN VOOR DIT, WANT WATTER STANDERD
90 HET JY OP SKOOL BEHAAL? Ek het standerd ses
91 klaargemaak EN DIT WAS OMTRENT IN WATTER JAAR,
92 WANT JY HET DIE ONGELUK GEHAD IN STANDERD 4. Ek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was 12 toe ek die ongeluk gehad het . OK, SO JY HET STANDERD SES, SO IN WATTER JAAR WAS DIT OMTRENT? Dit was seker hier as ek nie verkeerd is nie '94. EK WIL EINTLIK UITVIND HOE LANK JY BY DIE HUIS WAS VANDAT JY KLAAR GEMAAK HET MET DIE SKOOL TOTDAT JY BY CSI BEGIN HET Dit was omtrent twee jaar. ENIGE ANDER WERKE WAT JY GEDOEN HET? Nee, niks nie. EN BY DIE HUIS, ENIGE TAKE BY DIE HUIS? Hmm.. ag, net skottelgoed was en skoon te maak en so EN BETROKKE IN DIE GEMEESKAP OF WAS JY MAAR NET BY JOU HUIS? Ek was maar net by die huis en dan nou Sondags het ek nou Sondagskool gehou. WAS JY EEN VAN DIE SONDAGSKOOL JUFFROUENS OF WAS JY 'N HULP? Ek was een van die juffrouens. SO WATTER SKILLS HET JY DAAR OPGETEL? Ek sal sê dit gaan basies ook meer oor die kind en so hoe om die kind te hanteer en so aan, EN HOE GROOT WAS DIE GROEPIE WAT JY MEE BETROKKE WAS? Dit was eintlik 'n veld Sondagskool, ons het nie presies elke Sondag dieselfde bedrag kinders gehet nie, hulle het gekom en gegaan soos dit hulle, maar kan maar sê 'n groep van 20.

AS EK NOU NIKS GEWEET HET VAN VOLCANO NIE EN EK VRA VIR JOU AS EK NOU EEN DAG SAAM MET JOU KOM, WAT SOU EK GESIEN HET, WAT DOEN JULLE? Ok dat ons mos nou met die kind werk en dat ons, dat ons die kind wat 'n bietjie agter is, help met sy lesse en so aan. Ja, basies. WAT HET JULLE MET HULLE SPESIFIEK GEDOEN? Ons het meestal met hulle lesse wat die student mos nou opgestel het en dan het ons met hulle gedoen om vir hulle te leer – die goed wat ons meestal moes oorgegaan het, was oor kleure en getalle en hmm.. ja, kleure en getalle en dan nou vorms ja. NOG IETS WAT JULLE DEUR DIE DAG MOES DOEN, WATTER ANDER TAKE HET JULLE GEHAD? Ons het soos Woensdae het ons mos nou die verrykingsgroepe gehad, daar het ons nou eintlik geleer oor self en dan het ons onse lesse voorberei en wat ons moet doen vir die next dag.

GOED, GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE STERKPUNTE VAN DIE PROJEK? Soos vir my was dit nou in die begin, was ek 'n baie stil persoon gewees, ek het nie sommer gepraat nie en so aan nie, maar toe ek by Volcano kom aansluit het, het dit nou net van my 'n sterker mens gemaak en ek kon ook as ek ontevrede gewees het oor iets, kon ek ook gepraat het en so aan en dit het van my hoe kan ek nou sê meer, wat ek nou nie geweet het wat in my skuil nie het vorendag gekom. So, ek sal sê hmm.. Volcano is nie net goed

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir die kind nie, maar self ook goed vir die persoon wat vrywillige werk doen. NOG ANDER, AS EK JOU REG VERSTAAN, VOEL JY DAAR HET BY JOU GROEI PLAASGEVIND, HOE SIEN DIE MENSE BY JOU HUIS DIT, BYVOORBEELD JOU AUNTIE? Sy sal nie eintlik voor my praat nie, maar soos sy die laaste keer met (*) gepraat het by die oueraand, toe het sy ook genoem vir (*) hmm… soos ek ook nou gesê het dat ek baie stil gewees het en ek sou nie sommer gemeng het mense nie, maar dit het nou uitgekom van my en ek praat nou baie sê sy.
WAT ERVAAR JY AS DIE SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK? Hmm.. laat ek nou sien, swakpunte, nie wat ek nou aan kan, ok miskien nou net hoe sal ek nou sê, miskien by die skole swak is, is somtyds die lokale en so wat elke tyd in 'n ander lokaal is en somtyds is dit ook dit wat vir jou sommer van plek af maak en dat jy sommer nou kom by die plek en nou vind jy uit dat jy weer na 'n ander lokaal moet gaan, want jy word nou so gewoond aan iets en dan as dit nou wegval en so, dan is dit nou wat vir jou mismoedig maak somtyds. NOG ENIGE IETS ANDERSTE. Miskien sal ek ook sê dat somtyds soos die vrywilliges, 'n mens raak gewoond aan mekaar nou en nou is dit miskien nou dat daai persoon weggaan of julle twee het nou lekker saam gewerk en nou moet die persoon miskien weggaan en dan hmm.. daar was nou 'n lekker verhouding met julle gewees en nou moet daar weer iemand anders kom of jy ly skade, want daai persoon kan nou nie alleen aangaan nie met die groep en so aan nie, maar as dit nou julle twee saamwerk, is dit oraait. En veral ook self in die geval van die student ook selfs wat jy kan sê 'n mens raak gewoond aan hulle en nou by die tyd dat jy nou te gewoond is, is dit tyd dat hulle moet weggaan en dan moet jy nou weer 'n nuwe student ontmoet en jy moet nou eers weer haar gewoontes gewoond raak en so aan.

AS EK JOU VRA OMTRENT JOU GEVOELENS OMTRENT DIE PROJEK, WAT WAS VIR JOU REGTIG LEKKER? Om nou met die kind te werk, om elke dag die kind se gesig te sien is net hoe kan ek nou sê, somtyds en dan voel 'n mens nou as jy van die huis af kom jy het 'n probleempie gehad by die huis, maar as jy nou kom of jy kom mos nou eers by Volcano nou aan, nou kom jy by die volunteers en so aan daai gevoel dat hulle wat daar is, die spanbou is lekker en dan vergeet jy al weer van jou probleem en as jy nou na die skool toe gaan en met die kinders werk, is ook 'n baie lekker gevoel.

WAS DAAR IETS WAT NIE VIR JOU LEKKER WAS NIE? Van die take nou ENIGE IETS BY VOLCANO O.. miskien die donasiesvraery, dit was nie vir my so of wat miskien is dit nog

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

iets wat ek moet leer nou, 'n punt wat ek nog moet aanleer hmm… wat nog moet groei, want ek is nie 'n persoon wat hou van sommer nie, miskien sal ek nou sien ek sukkel, dan sal ek either probeer om dit op my eie uit of so aan, nou daai was nou vir my nie so baie lekker takie gewees nie. NOG ENIGE IETS? Ek sal nie eintlik sê daar was nog goed wat soos wat take betref wat nou nie lekker was nie, alles was vir my oriaat.

GOED, HET VOLCANO VIR JOU IETS BETEKEN? Soos ek gesê het, het Volcano vir my baie beteken hmm.. want soos die dinge wat ek geleer het en so aan en hmm.. omdat somtyds was ek maar net ledig by die huis gewees en dit het vir my rerig iets baie beteken soos somtyds nou as ek by die huis maar net sit en dan, soos die huistake as dit klaar is dan sit 'n mens nou maar net en dan sal ek sê dit het vir my baie beteken. KAN JY MISKIEN SO BIETJIE UITBREI, JY HET NOU GESê DIT HET VIR JOU BETEKEN IN DIE SIN DAT JY MEER BEGIN PRAAT HET, JY HET ANDER MENSE LEER KEN, JY WAS DEEL VAN 'N GROEP, JY HET LEKKER MET DIE KINDERS GEWERK , NOG IETS ? Wat ook vir my uitstaan, is kyk nou die feit dat die student wat altyd kom, of soos juf. (*) ook nou, daars somtyds probleme soos nou wat ek het en so aan en dan jy sal sommer nou voel om te praat en so aan wat ek nou nie sommer by die huis as ek 'n probleem het sommer met hulle praat nie, maar soos ek nou sê met die student en juf. (*), ek sal altyd gevoel het om as ek nou iets gehad het soos 'n geraamte in die kas om daaroor te praat, want ek weet dit sal nou nie uitgaan, uitlek en so aan nie. SO JY VOEL JY HET SO 'N BIETJIE ONDERSTEUNING OOK GEKRY? Ja

GOED EK WIL NOG 'N PAAR VRAE VRA, WANT DIE EEN BELANGRIKE DING WAAROP EK NOU WIL FOKUS IS DIE OPLEIDING WAT JULLE GEKRY HET, EK WIL SPESIFIEK WEET OOR WAT JOU OPINIE IS OMTRENT DIE MANIER WAAROP DIE STUDENT DIE OPLEIDING MET JULLE GEDOEN HET. Die student het dit baie duidelik, hoe kan ek nou sê gedoen en so aan, sy het dit stap vir stap gedoen en aan die einde van die dag het jy verstaan waaroor dit gaan en mens kan dit dan gaan toepas en so dit was baie duidelik gewees. WAT HET JY GEHOU VAN HAAR MANIER AS JY Sê STAP VIR STAP EN DUIDELIK, WAS DAAR SEKERE MANIERE VAN HOE HULLE DIT OORGEDRA HET? Ja, sy het byvoorbeeld baie prakties gedoen, nie net dit afgepraat en so aan nie, sy het dit baie prakties gedoen en dit is wat dit baie lekker gemaak het en byvoorbeeld daar was altyd sketse en goed wat sy gegee

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het. Jy hoor dit nie net nie, maar jy kan dit sien ook en agterna kan jy teruggaan om weer daaroor te gaan.

ENIGE IETS WAT VIR JOU SWAK WAS OMTRENT DIE OPLEIDING? Nie wat ek nou aan kan dink nie, daar was nie eintlik iets wat jy nou kan sê wat swak was nie, want alles was altyd goed georganiseerd en so aan.

AS EK NOU VIR JOU Sê JY HET DIE MAG OM IETS AAN VOLCANO TE VERANDER, WAT SAL JY GRAAG WIL VERANDER? ENIGE IETS, WAT IS JOU DROOM VIR VOLCANO? My droom vir Volcano sal miskien wees dat Volcano op sy eie in sy eie plekkie is, ok soos nou is ons by die skool nou maar soos by Amica house was ons nou lekker op onse eie en dit was amper soos 'n huisie en miskien sal dit nou my, vir my lekker wees as Volcano nou sy eie plekkie het, want daar was nou baie kere dat ons nou miskien nou goed gehet het om te doen dan kon ons nou lekker buite in die sontjie gesit het om dit te doen, maar 'n mens kan dit nie nou eintlik hier doen nie, want 'n skool is die kinders is mos daar. En miskien nou ons loop nou en so aan miskien die kere as dit baie reën en so miskien dat Volcano op 'n later stadium sy eie vervoer kan hê, sal dit ook lekker wees. NOG IETS? Ok soos miskien nou op die oomblik is dit oraait so, maar in die verlede het Volcano mos by die Civic dit sal miskien nou nie uitwerk nie, maar soos dit vir my voel, dink ek dat dit ook miskien sou lekker gewees het weer op so manier nou en nie uitgaan na die skole toe nie, maar die kinders kom Civic toe. Dis basies al waaraan ek kan dink.

HOEKOM HET JY OPGEHOU MET VRYWILLIGE WERK? Dit was mos nou toe ek die babatjie gekry het dat ek mos nou opgehou en moontlik sou ek al terug gekom het, maar daar was nou niemand waar ek nou die kind gehet nie, my auntie is nou daar, maar sy het ook maar haar besige dae en so, so ek kan nou nie vir haar opsaal met haar nie. HOEKOM WIL JY TERUGKOM? O, daars so baie, die eerste is dat ek nou baie net ledig by die huis is en somtyds wat vir my terugtrek as ek somtyds die kindertjies langs die pad kry wat by Volcano gewees het en as ek nou “hallo, Juffrou”, en so aan en dan voel ek net daai begeerte kom weer terug na my toe en hmm.. so vir my is dit net ek soos ek sê daai kindertjies jy raak later so lief vir hulle, omdat jy vir hulle iets doen en so aan iets beteken of dit is wat nou eintlik vir my nou terugroep.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Ek dink Volcano moet voortgaan, want dit beteken dit is iets goeds, dis nie dat dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

276 nou iets is wat nou nie werk nie, so ek dink dit moet voortgaan
277 net ter wille van die kind en so wat nou bietjie sukkel en so.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE K

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 11 VAN 1998 SE GROEP.

EK WIL EERS WEET VOOR ONS PRAAT OOR VOLCANO WATTER WERK JY TANS DOEN? Ek is tans by die huis hmm. Ek het nie nou eintlik iets wat ek doen by die huis nie en ek is maar ledig by die huis, net die kinders wat ek na omsien. EN HOEVEEL KINDERS HET JY NOU? Ek het nou drie kinders. HULLE IS SEKER OOK AL 'N HANDVOL, WANT HOE OUD IS HULLE NOU AL? Een is tien jaar oud en die enetjie is ses en die ander enetjie is nou 'n jaar en vyf maande oud. HULLE IS DAREM LEKKER UITMEKAAR UIT. DIE OUDSTE TWEE IS DAREM VAN DIE HAND AF AL. Ja. IS HULLE NOU IN DIE SKOOL? Ja. IN WATTER SKOOL IS HULLE? Hulle gaan by (*) skool. WATTER SKILLS HET JY NODIG OM 'N MA TE WEES, WAT DOEN JY MET JOU KINDERS? Ek moet vir hulle skoon hou, wasgoed was, kos gee, bad en huis skoonmaak. So. bedags is ek alleen by die huis dan moet ek huis skoonmaak, dan moet ek die enetjie by die skool gaan haal eenuur en as sy huis toe kom dan moet ek nou na omsien, dan gaan ek en die klein enetjie nou vir haar haal en as hulle by die huis kom, dan is my dag ook vol. JA-NEE, EK GLO JOU GOED.

HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Ek was .....25, nee 26 .

HOE HET JY VAN VOLCANO GEHOOR? Ek het.. was dit nou in die koerant, nee, dit was nie die koerant nie – ek het by die biblioteek , die dag toe gaan ek om by die biblioteek, toe was dit daar opgeplak, toe het ek gelees van, toe het ek besluit ek gaan nou maar, want ek doen tog niks by die huis nie en die kinders, toe het ek nog net die twee kinders gehad en die kinders gaan skool toe en ek sit maar ledig elke dag by die huis. EN TOE HET JY BESLUIT. Ja SO JY HET EEN VAN DAAI PAMFLETTE WAT ONS UITGEGEE HET GESIEN. Ja.

AS JY NOU TERUGDINK NA 1998, WAT ONTHOU JY VAN DIE PROJEK? Ek onthou van die tyd dat ek die kinders by die skool was, dit vir lekker gewees om met die kindertjies te werk en ek het uitgesien elke dag daarna om skool toe te gaan om met die kinders te werk. SO DIE WERK MET DIE KINDERS STAAN VIR JOU UIT.

TOE JY NOU DAARDIE PAMFLET TEEN DIE BORD GELEES HET, WAT HET JOU LAAT BESLUIT DIT IS IETS WAT JY KAN

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DOEN, WANT DAAR IS TOG BAIE ANDER VRYWILLIGE WERK WAT 'N MENS OOK KAN DOEN, WAT HET JOU LAAT DINK DIT IS IETS WAT JY OOK KAN DOEN? Ek het gedink dit iets wat ek kan doen, omdat ek baie lief is vir kinders, ek hou van kinders en ek het daarna uitgesien om met kinders te werk, toe hulle nou vir my verduidelik daar waaroor dit gaan, toe dink ek, ek sal dit kan doen, want ek is lief vir kinders SO DIT WAS HOOFSAAKLIK DIE FEIT DAT JULLE MET KINDERS WERK WAT VIR JOU BELANGRIK WAS.

VOORDAT JY NOU MA GEWORD HET, HET JY ENIGE VORIGE WERK GEDOEN VANDAT JY DIE SKOOL VERLAAT HET? Ja, WAAR WAS DIT? Ek het in 'n fabriek gewerk, met die hangers gewerk, daar het ek gewerk . EN WAT WAS JOU WERK DAAR, WAT MOES JY DOEN? Ons het hangers gemaak, die hooks ingesit en dan het ons die hangers getrim en so en dan in bokse gepak en dan het dit weggegaan na ander fabrieke toe IS DIT NOU DIE HOUTHANGERS? Nee, dit is plastiek EN VIR HOE LANK WAS JY DAAR? Ek het vir drie jaar daar gewerk. EN HOEKOM HET JY OPGEHOU? Toe ek die dag getrou het, toe wil my man nou nie dat ek nou verder daar werk nie en toe was ek nou vir die tyd by die huis.

WATTER STANDERD HET JY OP SKOOL BEHAAL? Ek is standerd nege uit die skool uit EN HET JY TOE DIREK DAARNA BY DIE FABRIEK BEGIN WERK? Ja.

AS EK NOU NIKS GEWEET HET VAN DIE PROGRAM NIE EN EK VRA VIR JOU WAT DOEN JULLE HEELDAG BY DIE PROJEK, WAT SAL JY VIR MY Sê? Eerste het ons bymekaar gekom en daar het ons bespreek wat ons vir die dag gaan doen en die take wat ons by die skool gedoen het, was om die kinders te leer kleure uitken, en syfers uitken, want baie van die kinders ken dit nie. En vorms uitken – dus wat ons die kinders mee gehelp het. NOG IETS WAT JULLE GEDOEN HET OP DIE DAG? Die lesse wat ons by die Volcano student gekry, het dit is ook iets om na uit te gesien
het .

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL Sê, IS DIE STERKPUNTE VAN DIE PROJEK? Die sterkpunte is om die kinders te help, om met kinders te werk en hulle te help en om iets vir die gemeenskap te beteken. EN VIR JOUSELF, WAT VIR JOUSELF? Ek het baie daaruit geleer, want in die eerste plek was ek 'n bietjie skaam toe ek daar gekom het om te praat en so, maar toe ek nou vir (*) hulle leer ken het toe voel ek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sommer tuis en die eerste keer toe ek daar kom, het hulle my baie laat tuis voel en na daai het ek ook toe maar, want ek hou van gesels en praat, maar ek kan nie sommer die eerste keer, as jy nie 'n persoon ken dan voel 'n mens maar jy kan nie lekker kommunikeer nie, maar na daai die tweede, derde dag toe voel ek sommer tuis en ek het gepraat en gesels en tot vandag toe. JULLE HET MEKAAR GLAD NIE GEKEN VOOR DIE TYD NIE EN DIT LYK VIR MY JULLE HET HOU NOG KONTAK. Ja

GOED, WAT WAS VIR JOU SWAK PUNTE VAN DIE PROJEK? Swak punte hmm.. die oggende as ons so bymekaar gekom het, dan ek wil nou nie spesifiek name noem nie, dan het party en as ons nou so baie grappies maak en daai, dan het party in die groep nou nie daarvan gehou nie dat ons moet grappies maak nie en ek is 'n persoon ek hou van lag en gesels en grappies maak, maar nou is daar miskien persone in die groep wat nie daarvan hou nie en dan het dit, dan het ek ook nie party dae lekker gevoel nie, want nou sien ek die persoon hou nie van die dinge wat ons miskien nou oor grappies maak en so nie – dis maar al. SO DAAR WAS MAAR SO BIETJIE WRYWING? Ja HOE HET DIT JOU GEPLA? Ja, dit het my nie lekker laat voel nie maar ok ek het my nou so aangepas by hulle en HET JY PARTYKEER MISKIEN GEVOEL OM NIE TE KOM NIE? Nee, ek het elke dag uitgesien om te kom, ek sal ook nie, ok elke persoon is maar 'n persoon op sy eie en 'n mens kan nie as net deur dit by die huis bly nie, want ek het gevoel dat ek is deel van die groep, so ek sal my deel sal ek moet bydra.

WAT WAS VIR JOU BAIE LEKKER BY DIE PROJEK? Hmm.. dit was lekker vir my om met die kinders te werk, lekker vir my om elke oggend te kom en dan met (*) hulle te gesels en te kommunikeer en as ek 'n probleempie of iets wat by die huis gebeur, dan hoef ek nie te kom kwaad sit nie, want hulle het sommer vir my die dag lekker gemaak en as ek dink aan die kinders dan dink ek die probleem is alles vergete. Sê GOU VIR MY, EK GAAN NOU TERUG TOE JY BY DIE HUIS WAS VANDAT JY NOU WEG IS VAN DIE PLEK WAAR JULLE HANGERS GEMAAK HET, WAS JY ENIGSINS BETROKKE IN DIE GEMEENSKAP OF WAS JY NET BY DIE HUIS? Ek was net by die huis gewees. NIE BEHOORT AAN GROEPE OF SONDAGSKOOL GEGEE OF SO IETS NIE Nee, ek het vir 'n jaar kinderbond gehou by die kerk, nou dit is elke Dinsdag kom die kinders bymekaar dan het ons elkeen, ons was 'n hele paar dan het ons groepies, dan het ons elkeen 'n groepie kinders gevat en dan het ons gewerk met die kinders, Bybelwerk gegee Dinsdae , ek het dit net so vir drie maande gedoen. EN

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VRIENDE HET JY 'N GROOT VRIENDEKRING GEHAD? Ja, HET VRIENDE BY JOU KOM KUIER OF HET JY HULLE MAAR NET BY DIE KERK GESIEN? Nee, ek het gaan kuier by hulle en hulle by my.
WAT IS DIT WAT VIR JOU GLAD NIE LEKKER WAS BY DIE PROJEK NIE? Iets wat nou vir my uitstaan as glad nie lekker nie is dan, is dit nou in die vergaderings as ons moet praat, want ek het nooit gehou om in 'n vergadering te praat nie, maar ek het ook maar hier kom leer om wat dit is om in 'n vergadering jou opinie te lug en ek het nooit daarvan gehou nie, maar nou kan ek dit darem al doen. HOEKOM HET JY NIE DAARVAN GEHOU NIE? Omdat ek het nie ek het gevoel dat ek , ek het altyd so gevoel dit wat ek wil sê, sal ek maar vir myself hou, maar hier het ek baie geleer as jy 'n probleem het miskien in die groep en so, dan moet jy daaroor praat en jy moet dit nie net vir jouself hou nie. WAS JY MAAR VAN NATURE SO 'N MENS GEWEES AS JY BY DIE HUIS, JY EN JOU MAN NOU VASGESIT HET DAN HET JY OOK MAAR STIL GEBLY? Baie kere het jy maar gevoel jy moet ook, maar jou mond hou maar nou is ek nie meer so nie, as ek 'n probleempie het, dan praat ek daaroor. EN HOE VAT HY DIT? Hy is 'n baie, hoe kan ek nou sê, as ek nou 'n probleem het en ek praat met hom, sal hy luister maar sommige tye praat ons daaroor en sommige tye dan worry hy nie daaroor nie, dan sê hy net vir my ja en so.

WAT HET VOLCANO VIR JOU BETEKEN? HET DIT VIR JOU IETS BETEKEN? Ja, dit het vir my baie beteken, ek het geleer hoe om te kommunikeer, en hoe om, hoe sal ek nou sê, dit het vir my geleer dat ek ook iets vir die gemeenskap beteken, want soos ek voorheen het ek mos nie sulke werk gedoen nie en dit was altyd vir my lekker om te hoor die kinders sê vir my hallo mev. En so toe voel ek so geëerd en ek het baie geleer. PERSOONLIK NOG IETS, WAT IS DIE BAIE? Vir my persoonlik soos ek gesê het, ek kon nie gekommunikeer het nie met ander mense nie, nou soos ek nou voel vandag het dit vir my eintlik gehelp om te kommunikeer met mense en as ek 'n probleempie het dan kan ek vrylik praat daaroor, want dit word nie na die een na die ander vertel nie. Daai persoon hou dit net vir homself en so aan. DIT KLINK VIR MY OF DIE GROOT DING GEGAAN HET DAT JY MEER VERTROUE IN JOUSELF HET EN DAT JY NOU KAN PRAAT. Ja.

KOM ONS GAAN KYK GOU NA DIE OPLEIDING WAT JULLE ONTVANG HET BY DIE STUDENT, KAN JY NOG VAN DIE ONDERWERPE ONTHOU? Ja, soos konflikhantering en al wat ons nou baie oor gepraat het, was die konflik ding wat sy vrae

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevra het en dan moes ons die vrae beantwoord en so aan. JULLE HET OOK , JY MOET MY REG HELP, GEPRAAT OOR BEPLANNING. Ja, EN SELFGELDENDE GEDRAG? NOU IS ONS BY. AS JY NOU VIR MY MOET Sê WAT HET VIR JOU UITGESTAAN IN DIE MANIER HOE HULLE DIE KLASSE VIR JULLE AANGEBIED HET? Ja, die hmm.. die manier hoe hulle dit nou vir ons aangebied het , hulle het dit altyd, hoe kan ek nou sê, op sketse vir ons aangebied en vir ons vrae gevra dan het ons die vrae beantwoord en dit wat ons nou nie geweet het nie, hulle vir ons weer oor verduidelik, so ons het eintlik baie daaruit geleer en jy kon dit in jou huis self gaan toepas dit wat jy daar geleer het of met jou kinders kan jy dit ook doen, so ek het baie daaruit geleer. KAN JY AAN IETS SPESIFIEKS DINK WAT JY TOEGEPAS HET? Ja, veral die konflik as daar, ek het geleer as iemand vir jou iets sê wat miskien vir jou seer maak en so dan moet jy nie, of jy wil vir 'n persoon iets sê dan kan jy dit either op 'n mooi manier vir daai persoon sê, partykeers is dit so dan sê party mense hulle gee nie eintlik om hulle vir jou sê nie wat al maak die ding jou seer, maar hulle gee nie om nie. Maar hier het ek nou weer geleer as jy vir 'n persoon iets wil sê dan kan jy dit op 'n mooi manier sê, nie so op 'n rowwe manier sê nie, want baie keer dink die persoon nie dat hy jou kan seer maak nie.

WAS DAAR ENIGE IETS IN DIE OPLEIDING WAT DIE STUDENTE VIR JULLE GEGEE HET WAT VIR JOU NIE SO GOED GELOOP HET NIE? Nee, dit wat hulle vir ons geleer het, het hulle altyd baie mooi uitgebeeld dat ons dit kan verstaan en ons het dit altyd op skrif opgeneem dat as jy dit miskien vergeet, kan jy altyd weer daarna kyk.

AS JY DIE MAG SOU KON Hê OM IETS TE VERANDER AAN DIE PROJEK, WAT SAL JY ANDERS WOU DOEN? Hmm.. dit wat ek sou wou verander, is net dat ons 'n plekkie moet hê van ons eie soos nou hier by die skool, ek kan nou nie sê ons is 'n steuring of so nie, maar ek voel dat ons net op ons eie is, ons eie plekkie hê soos daar by Amica – daar was ons alleen en ons het lekker saamgewerk en so, maar ek voel nie ons moet by die skool wees nie. WAT SAL JY NOG WIL VERANDER? Ek sal ook verander die dat ons na die skole toe moet loop, in die somer is dit nog oraait, maar in die winter voel 'n mens nie om so te loop nie en jy reën nat en dit is koud en of hulle nie vir ons 'n vervoertjie kan reël nie.

HOEKOM HET JY OPGEHOU MET VRYWILLIGE WERK BY DIE PROJEK? Want ek was swanger, maar ek het toe gevoel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om nie meer te werk toe ek uitvind ek is swanger. HOEKOM WIL JY NOU WEER TERUGKOM? Omdat ek ledig is by die huis en omdat ek daarna uitsien om met die kinders te werk en ek voel net nie meer om by die huis te sit nie, want elke dag moet jy net dieselfde tipe dinge doen by die huis en ek voel om 'n bietjie uit die huis te kom en ook my deel weer te gee aan die gemeenskap.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Ja, dit moet voortgaan ja , want dit is 'n goeie doel vir die mense en vir ons wat niks doen nie om 'n bietjie te werk met die kinders en ek voel net dit moet voortgaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE L

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 12 VAN 1999 SE GROEP.

WATTER WERK HET JY GEDOEN VOOR JY BY VOLCANO BEGIN HET? Wel, voor ek by Volcano gekom het , het ek nou hmm... was ek eintlik een en twintig jaar in die onderwys gewees. Dit was nou eintlik my eerste werk en dit het ek nou gedoen tot sê September 1996, was ek nou voltyds in die onderwys gewees. VIR WATTER STANDERD HET JY ONDERWYS GEGEE? Dit was hmm graad twee het ek sê plus minus negentien jaar van die een en twintig jaar gehad en dan het ek nou 'n jaar graad een gehad, dit was nou 'n juffroutjie wat op bevallingsverlof was en toe kon hulle nou nie 'n geskikte persoon vir haar pos kry nie, toe was ek nou vir die jaar nou in haar betrekking gewees. En dan het ek nou so 'n bietjie die ander jaar, het ek nou sê graad vier gehad, maar die meeste van my tyd, die tyd by die skool het ek nou graad twee onderrig. JY HET IN SEPTEMBER 1996 KLAARGEMAAK BY DIE SKOOL EN IN SEPTEMBER 1999 BY VOLCANO BEGIN, WAT HET JY IN DIE TUSSENTYD GEDOEN? Ek het eintlik niks veel in die tussentyd gedoen nie, maar net so by die huis gewees , dit was die tyd dat ons by ma kom bly het, juis wat haar gesondheid nie so goed was nie en wat sy gevoel het nou iemand moet nou daar by haar wees en toe het ons, ons het op daardie stadium in Kraaifontein gebly, maar toe het ons nou onse huis verkoop en toe het ons nou by haar kom bly . So, ek het eintlik niks in die tussentyd gedoen , ek meen wat werk betref nou nie. HET JY AL DIE JARE BY DIESELFDE SKOOL GEWERK? Ja, ons het begin as 'n skool, dit was eers hm.. ook net so 'n opslaan soos hierdie gebou en die asbes gebou eintlik en ek het daar begin en ons was seker so plus minus vyf, ses jaar daar, toe het hulle nou die nuwe skool op dieselfde perseel gebou en toe het ons nou maar net oorgegaan , so ek was nou basies vir die een en twintig jaar by dieselfde skool betrokke. HET HULLE NOG NOOIT VIR JOU GENADER OM TE KOM AFLOS? Hulle het al so vir my gevra waar is ek, hulle het verlede keer maar toe op daardie stadium, ek kon 'n betrekking gekry het by 'n skool in Belhar ook, dit was nou 'n Engelsmedium skool toe was ek nou al op daardie stadium by Volcano betrokke en maar dit was eintlik maar net vir 'n kwartaal gewees, toe sê ek vir hulle nee, ek sal maar nie, ek sal maar aanbly by Volcano.

HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Seker so drie en veertig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM? Dit is juis die ding, ek het nooit, ek was al die tyd in die omgewing, maar ek het nog nooit gehoor van Vocano nie, ek meen daar was nooit gesels daaroor alhoewel ons hmm.. met (*) se mense in aanraking was, veral wat die sport betref, maar ek het nooit gehoor van Volcano nie, dit was maar in die strooikoerantjie wat ons gekry het wat ek nou die advertensie gesien het vir die vrywilligers, in die Metro Burger. En dit was eintlik nou maar daardeur dat ek van Volcano te hore gekom het, maar ek het nog nooit voorheen gehoor mense praat daarvan of alhoewel ek nou in die omgewing gewerk het, ja.

WAT HET JOU AANGETREK NA DIE PROJEK TOE JY NOU DIE ADVERTENSIE IN DIE KOERANT GELEES HET? Seker maar nog altyd die kinders. Daai voeling wat 'n mens by die onderwys gehad het, dit is seker maar die hoofdoel gewees. Ek was op daardie stadium baie vervelig gewees by die huis. Ek was gewoond soggens opstaan en klaarmaak en skool toe gaan en die helfte van my dag het ek maar met kinders deurgebring by die skool en so dit was seker maar nog altyd die daai trek na die skoolkinders, die skool toe.

EK NEEM AAN DAT JY MATRIEK GEMAAK HET, ENIGE NASKOOLSE OPLEIDING VERDER? Ja, ons het destyds toe ons begin het, moes ons eintlik net twee jaar doen en dan het ek toe ek al in die onderwys was, het ek nou my derde jaar verder, terwyl ek nou al onderwys gegee het , het ek nou die derde jaar gaan doen. Dit was eintlik buitemuurse kursus wat ek gedoen het. DEUR WATTER KOLLEGE? Dit was by Bellville Opleidingskollege ENIGE PLANNE VIR DIE TOEKOMS OM NOG VERDER TE SWOT? Ek het nou nie so daaraan gedink nie, miskien sal ek nog dink daaroor, want ek voel ook nog ek is nog redelik jonk ek kan nog iets doen, maar ek het hmm... al so gedagte daaraan gegee, maar nog nie finaal besluit nie.

AS EK ELKE DAG DEEL IS VAN DIE PROJEK, WAT SAL EK SIEN DAT JY DOEN? Is dit nou van ons die oggend kom of, ons program sê nou vir daaglikse program begin nou gewoonlik so 11:00, somtyds 'n paar minute oor elf en gewoonlik op 'n Maandag het ons nou adminvergadering waar die sake miskien van die week bespreek word, as daar probleme is word dit bespreek. En dan het ons nou elke dag waar ons dan kom ons nou natuurlik van Maandag tot Donderdag kom ons nou elke dag elfuur in en hmm... en dan is daar tye wat ons miskien, waar ons miskien voorbereiding doen, want kyk ons is besig met

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die stimulasielesse vir die leerlinge en met die probleme nou en dan sal ons nou die lesse bespreek, daar word insette gegee, vrae word gevra en somtyds is daar sekere apparaat wat ons nou moet maak om by die lesse aangepas te word en hmm... en dan sê so half een vertrek ons nou van die skool af, want ons is by drie skole betrokke (*), (*), (*), vertrek ons nou na die verskillende skole toe waar ons nou, ekself is nou by (*) betrokke en hmm.. waar ons nou hierdie stimulasielesse kom aanbied, dit is nou van een uur tot twee uur en dit is basies nou maar soos onse dag verloop. As ons nou die volgende oggend weer inkom dan word die vorige dag se lesse nou bespreek, dit word geëvalueer en elkeen gee nou weer sy idees en dan werk ons nou weer rondom almal se probleme as daar nou enige probleme is en so nou.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE STERKPUNTE VAN DIE PROJEK? Ek sal vir eerstens sê is die hulp wat die program aan die minderbevoorregte kinders bring, want ek meen met my ervaring wat ek nou al vir sê vir een en twintig jaar in die onderwys, was dit altyd vir ons 'n probleem gewees die kinders wat daardie probleme het, daai agterstand het, daar ek meen baie se ouers kan nie bekostig om vir hulle daai ekstra hulp te kry nie. Ons klasse was so oorvol ons kon self as onderwysers kon nie vir daai kinders, behalwe as ons bereid is om miskien na middag 'n halfuur of so aan 'n kind te bestee en ek sal nogal sê baie van die kinders gaan swaar deur 'n laerskool, die primêre skoolloopbaan, daar is nie daardie ekstra hulp nie en ek vind nogal die program is nogals iets goed, want ek dink dit gaan die kinders beter voorberei vir hulle, ek meen vir hulle, jare vorentoe. Eintlik gaan dit vir hulle, al gaan dit nie op die stadium miskien , want nou al die jaar is nou al blykbaar gaan nou al na driekwart van die jaar toe, miskien nou vir hulle iets, maar miskien volgende jaar of die jaar daarna gaan dit vir hulle definitief iets beteken, want daar is regtig baie probleme, die onderwysers nie tyd het voor om aan te spreek nie. Ek self het ondervind, want kyk ek het self met graad twee's gewerk, dan was daar van hulle wat probleme gehad het dan het ek baie keer nie geweet wat die oorsaak daarvan is nie en weet ook die kind begin aan die verkeerde kant van die boek te skrywe, jy raas met daai kind, want jy weet self nie. Want self soos ek het nou al soveel jare onderwys gewees, maar daar is ook baie probleme wat ek nou eers ontdek wat die oorsaak eintlik, dan dink 'n mens jene, as jy dit nou daai tyd geweet het dan sou jy nou beter die kind kan benader het, maar ons weet nie hoekom doen die kind dit so of so nie , maar daar is tog ek meen 'n rede daarvoor, wat ons nou nie die opleiding voor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehad het nie, hoekom dit is nie en ek dink nogal dis iets goed, want nou kan ek ook sien hoekom doen die kind dit, hoekom skryf hy so , hoekom draai hy sy blaai as hy skryf en so wat ek nooit geweet het nie. Daar is ook dinge wat ek nou agter gekom het, wat ek eers nou ontdek en as ek moontlik soos by 'n skool kom dan sal ek beter miskien nou daai kinders kan benader, want ek sal nou of miskien nou vir daai onderwysers miskien raad kan gee en sê probeer dit of dat en so, waar ek dit nou miskien nie die verlede nou kon gedoen het nie. NOG ENIGE IETS WAT VIR JOU STERKPUNTE IS? Wat ek nog kan sê is hmm... is sterkpunte, is eintlik waar die kind nou hier is die kind nou eintlik maar in 'n klein groepie, so hy kan nou eintlik meer aandag kry, dit is ook iets goeds en dit is mos nou waar 'n mens eintlik praat van die individuele aandag en dan soos die lesse wat aangebied word. Goed, daar was vir ons van die student se kant af gevra om insette te gee en so, maar ek dink self soos die lesse wat voorberei word dat dit nogal baie goed is, vir die kind van 'n groot hulp is die stimulasielesse wat nou voorberei word en self soos die studente sit verskriklik baie in, ek het dit agtergekom wat nogal vir my en hulle luister na raad, hulle sal nie net aanvaar dit wat hulle doen is reg of wat hulle sê is reg nie. Hulle neem nogal elkeen se opinie in ag, neem hulle.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK? Is seker maar die manier hoe die mense, miskien het dit nou baie verbeter, maar in die begin soos hulle gekom en gegaan het, so daardie traak-my-nie-agtige houding en soos ek in die verlede ook gesê het, dit het altyd gelyk ek voel nie om my mening te lug nie, of te sê kan ons nie dit doen of daai nie, want soos ek gehoor het was daar al mense wat gesê het hulle het nie nog lus om soos ekstra apparate te maak nie of hulle het nie nog lus om dit te doen nie, nou waar ek nou weer daaraan gewoond is en dit het 'n mens nogal 'n bietjie terug gesit in die begin en toe was ek bly soos toe wat die studente nou met ons die verrykingsprogramme gehou het, toe het ek gevoel , toe lyk dit die mense begin ook te besef dit is nie dat 'n mens nou probeer om snaaks te wees of om vir hulle ekstra werk te wil gee of so nie, dat dit tog in belang van die kind is en toe het ek nou bietjie, ek het altyd gepraat daaroor dan sê ek dan laat dit jou eintlik so negatief voel so ontmoedig voel, want baie oggende dink jy, ag wat, is dit nou die moeite werd om te gaan of ek kan maar net so goed los of laat hulle nou maar aangaan soos hulle nou op hulle manier voorheen, miskien voel hulle om nog altyd op daardie manier aan te gaan en maar soos ek sê, is daar ook nog die punt ek weet nou nie wanneer Volcano miskien nou gaan uitbrei of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verder uitbrei na ander gebiede toe nie en miskien is dit die dat ons nou so moet ver reis, want dit is nou onkostes aan en nie net dit nie, dit vat baie van kyk, want soos ons nou kom, moet ons soggens al vroeg uit die huis uit gaan, jy moet 'n bus vat , jy moet 'n taxi kry en almal die tipe dinge wat 'n mens het dan voel jy ook as dit miskien uitgebrei kan word, miskien na 'n skool na ons waar ons ook miskien een taxi of een bus kan vat tot daar of selfs kan stap tot daar dan sal dit 'n mens miskien ook meer aanspoor of so. Maar eintlik is daar nie veel negatiewe punte wat ek nou al so ver opgemerk het nie , is net nou dat ons so 'n probleem gehad het elke keer het daar het ek ook nou gevoel ek nie dat 'n mens op iemand neerkom of wat nie, maar toe het ek ook gesê vir (*) soos ons nou middae huis toe stap, dan sê ek, ai, vandag was daar nou weer 'n probleem van dat die blaaie weer nie afgerol nie, 'n mens voel so jy mors eintlik jou tyd om te kom. En dan sê ons nou vir, ek sal nou maar (*) se naam noem, vir haar (*) die werkblaaie was nou nie, die juffrou was nou so besig vandag dan sê ek, (*) ek verstaan, want ek was ook by 'n skool en daai mense het baie werk om te doen, hulle het die skool se admin werk wat hulle moet doen en almal die, nou kom ons die oggend hier dan is hier nie blaaie afgerol nie , dan sê die juffrou, nee, die student of (*) het nooit die voorbeelde nou vir haar gebring nie en dan sê sy nou nee, maar sy .... Maar dan lyk dit half of sy onseker is, het ek dit nou gegee of het ek nou nie, toe het ek ook nou gesê 'n mens voel so jy mors jou tyd, want ons het ookal twee dae hier gekom dan is hier niks vir ons afgerol nie of so nie dan moet ek nou maar weer terug gaan na die ou blaaie toe dan moet ek nou maar kyk wat daar is wat nou naastenby is vir die, dan moet ek nou maar so vir drie of vier die oefening gee en vir 'n ander groepie 'n ander oefening gee net om vir hulle aan die gang te hou en dan sê ons ook, en dan sê ek altyd vir (*) – hulle, nee man hmmm...kyk soos (*) en (*) en (*) wat met ons saamgewerk het, ons kan vir hulle gesê het 'n ding dan maar, dit lyk as 'n mens vir haar 'n ding sê dan sê sy ja maar sy doen net die teenoorgestelde. Toe sê ek vir (*) nee, ek gaan nou niks mee sê nie, ons gaan nou maar stilbly dan sê (*) ook nee, ek voel ook nie meer om te praat nie, ons los nou maar net so, toe dink ek ag, dan gaan 'n mens huis toe en jy dink nee 'n mens kan dit nie nou weer net so los nie ,want dan gaan dinge ook nie regkom nie en toe het dit nou al al 'n paar maal hier so gegaan dan gee sy nou soos ons nou kom na die skool toe , dan gee sy nou vir ons die voorbeeld van die dag se lesse, nou is die juffrou miskien nou besig dan moet die, dan sê ek nou goed ons sal maar aangaan met die les dan sal ek nou maar vir haar kans gee om dit nou maar vir ons af te rol, nou dit is alles daai klein

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dingetjies wat 'n mens somtyds, goed 'n mens verstaan een of twee keer miskien, maar nou nie aanmekaar nie. Dan sê ons nou die sewentiende toe die skole begin het, was ons mos nou nie hier nie met die dat ons nou onder die indruk was ons begin die agtiende, toe het ek nou vir (*) gevra wat het hulle nou die vorige dag gedoen, toe sê sy dit was ook nou weer 'n probleem, want toe is daar nou ook nie goed afgerol nie, toe sê die juffrou hmmm... juffrou (*) nou vreeslik omgekrap gewees want sy sê toe hulle moet nou sê die student of (*) moet nou die blaaie maar soos voorheen vir haar 'n dag of twee voor die tyd gee om vir haar tyd te gee om dit af te rol. Toe ek nou die Dinsdag toe nou kom, toe gaan ek nou na haar om verskoning te vra en so en gesê ons gaan nou maar probeer dat (*) nou vir haar die goed nou voor die tyd gee, toe het sy darem nou Donderdag nou vir ons nou vandag se werk gegee om af te laat rol. Nou sien nou Donderdag het ons dit gebring en toe het sy kans om Donderdag dit klaar af te rol, nou is dit klaar vir vandag. Toe sê ek vir (*) 'n mens voel so dan kom jy hier, soos (*) ook sê toe hulle verlede week Donderdag toe hulle daar kom, toe is daar ook nie afrolwerk vir hulle nie, sy sê en toe het die hoof of die onderhoof ook maar nou afgerol en tien voor twee kom hulle daar aan met die blaaie, toe kon hulle mos nou eintlik niks uitrig nie.

LAAT EK JOU VRA OMTRENT JOU GEVOELENS OMTRENT DIE PROJEK. WAT IS VAN DIE ASPEKTE WAT JY BAIE GENIET OMTRENT DIE PROJEK, WAT IS VIR JOU LEKKER? Vir my is dit lekker om ek meen die mense waarmee jy saamwerk en almal is nou bereid om hulle samewerking te gee , ek praat nou spesifiek van die vrywillige werkers , hulle is almal behulpsaam en ek nogal agtergekom soos die tyd nou daar was miskien in die begin 'n bietjie waar die een miskien nou kyk wat jou houding is, hoe tree jy op en daai tipe ding,maar soos die tyd aangegaan het , het ek nogal gevoel dat hmm... almal begin nou hulle houding te verander, hulle raak meer spontaan en hulle is vra makliker vrae en so, want kyk ek het op 'n stadium self vir hulle gesê, kyk dit is nie 'n probleem kyk soos (*) en die wat nou laaste bygekom het, toe sê kyk, soos ons het nou al die ondervinding en so en dit is nie 'n probleem nie en sy sal vir my enige tyd kom vra hoe doen 'n mens dit, het ek dit reg gedoen of wat die geval ook al is? Maar ek vind dit nogal lekker net die samewerking, ja. Die gees wat onder die span is. Maar ek voel nogal ons kan nogal uitbrei, aangesien ons nou so 'n groot groep is, want ons is nou eintlik meer in mekaar se voete, want dit is nou somtyds sommer nou vier by een skool, ja, so ek voel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nogal ‘n mens moet daaraan dink om miskien ‘n bietjie wyer te gaan.

WAT IS VAN DIE ASPEKTE WAT JY REGTIG NIKS VAN HOU NIE? Ek weet nie of daar iets is wat nie vir my lekker is nie. Miskien is dit net die vroeg opstaan of die ver stap soggens, ek gee nie om vir middae nie, kyk, want dan gee jy mos nie om hoe laat jy by die huis kom nie, maar soos ek sê nou middae ook dit is nou vir ons nou regtigwaar plus minus ‘n halfuur wat ons moet stap vir ‘n bus of so. NOU AS JULLE IN DIE OGGEND ELFUUR HIER MOET WEES, HOE LAAT MOET JULLE BY DIE HUIS WEGTREK? Ek gaan partykeer so twintig voor tien gaan ek al uit die huis uit al. Jy moet omtrent so uur, uur en half voor elf uur weggaan. EN AS DIT ReëN SEKER NOG VROEëR? Ja, dan moet ons vroeër stap. Die busse is almal ‘n uur uitmekaar uit en as jy die een bus mis dan beteken dit jy moet ‘n hele uur weer wag vir ‘n volgende bus of so nie moet ek nou weer stap hmm… seker ook omtrent twintig, vyf en twintig minute vanwaar ek ‘n taxi kan kry. Die taxi’s kom glad nie daar by ons verby nie.

HET VOLCANO VIR JOU IETS BETEKEN? OF WAT DOEN JY NOU WAT JY NIE VOOR JOU DEELNAME AAN DIE PROJEK GEDOEN OF VAN GEWEET HET NIE? Seker die feit, daar is baie, soos ek sê 'n mens het nogal baie geleer en selfs daar in jou onmiddelike omgewing daar waar jy woon dink ek nogal is daar baie keer mense wat kom kla oor hulle kinders of mense wat kom kla oor dit of dat, dink ek behalwe vir die feit dat ons met die kind werk, is daar ook miskien iets wat ek aan 'n groot mens wat 'n probleem het, kan oordra en veral soos ons nou leer gewerk het met konflikhantering en daardie tipe dinge. Soos baie mense wat na jou toe kom, ek praat nou van volwasse mense nou vir hulle van my kant af sê probeer dit of doen dit of moenie dit doen nie of so, so ek dink nogal daar is iets wat 'n mens saam jou huis toe ook neem, behalwe die feit dat jy nou hier met die kind werk.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê WAS DIE STERKPUNTE VAN DIE OPLEIDING WAT JY ONTVANG HET? Ek het nou die dag toe gesels ons onder mekaar, toe sê ek vir (*), dit is nogal vir my nou so treffend want daar is altyd van elke student wat nou gekom het, het daar nou regtig iets agter gebly, want ek sê daar is altyd iets waarnatoe ons terug kan verwys. Wat vir my nogal uitgestaan het, is die feit dat (*) was baie jonk, maar sy het altyd op haar punt gestaan, sy het, sy het haar punt gemaak, haar merk gemaak as sy gevoel het al

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is ek soveel ouer as sy, sy het daardie respek gehad maar sy het daardie probleem aangespreek, want sy was nie bang om te sê, dan sal sy miskien ook sê (*) of (*) verskoon my, as ek nou verkeerd is, maar ek voel so en so. En sy het altyd vir my, dit was nogal treffend vir so 'n jong persoon dat sy so op haar punt gestaan het, as sy gevoel het sy moes jou aanspreek oor iets, het sy dit gedoen, sy het dit nie maar net laat verby gaan nie, dit was nogal iets wat ek nou by haar geadmireer het. En dan ook die feit dat sy ook nooit sommer iets net uit haar eie sou doen nie, sy sal altyd kom vra het, onse opinie dink julle dit is reg wat ek doen of dink julle, of sy sal nou vir my gebruik het wat miskien nou ouer is of so dan sal sy nou sê soos sy en (*) het bv. baie vasgesit en verskil eintlik en dan sal nou vir my vra of ek voel sy moet haar nou aanspreek. Daarom sê ek altyd, sy dit is by haar waar die mense beginne daai respek kry het dat ons kom hier nie, net om ons eie ding te doen nie, ek meen hier is ook dissipline , daar is sekere reëls waar ons by moet hou en so, dit is nie maar net 'n plek waar ons by kan kom en gaan soos ons wil nie of maak soos ons wil nie, bv. as ek nou vandag sê ek het nie lus om klas te gee nie dan moet dit maar net so aanvaar word en dan as ons oorgaan na die verrykingsklasse het (*) nou weer 'n hele ander persoonlikheid, maar soos ek (*) altyd gesels as ons nou die lang pad so afstap dan gesels ons maar so, dan sê ons sy haarself is so 'n nederige mens en sy het ook nou vir ons baie kom leer om miskien nou eerlik oor ons gevoelens te wees en so, want ek sê dit is gewoonlik die dinge wat die probleme veroorsaak. So ek dink ons het nogal verskriklik baie by hulle geleer, alhoewel hulle jonger as ons was, maar hulle sê mos mens is nooit oud om te leer nie, jy kan weer iets anders, hulle het dalk weer iets by ons geleer. MET DIE MANIER HOE HULLE DIE GROEPE AANGEBIED HET, WAS DAAR ENIGE PROBLEME? Nee, daar was mense wat gevoel het dit het so gelyk sy herhaal elke keer van dit en dit, maar as so verder jy gaan, dan besef 'n mens ook jy gaan altyd maar weer terug na die een toe, want die een vloei mos maar uit die ander een uit en so. ENIGE IETS WAT JY TOEPAS VAN DIT WAT JY GELEER HET? In jou eie lewe kan dit toepas, ek verstaan eintlik nou mekaar beter soos sekere optredes van miskien my kind se kant af, of van die man se kant af, nee ek dink nogal jy kan dit in jou eie lewe toepas.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL Sê WAS DIE SWAKPUNTE VAN DIE OPLEIDING GEWEES? Wat ek nogal opgelet het nou nie by die student soseer nie, miskien by die laaste, hmm.. soos ek gesê het (*) was vir my 'n baie sterk persoon dan het ek agter gekom, selfs nou met (*) dat daar vir

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

368 die vw's, nou goed ek voel ook elke een is individu, hy het sy eie
369 persoonlikheid en so, maar dan voel ek ook 'n mens moet
370 partykeer mense sê of jy moet soos 'n opdrag gee, want ek het
371 nogal agtergekom dat toe ons begin het, kan ek onthou ons het
372 looitjies getrek om te besluit, ek gaan nou na hierdie skool.
373 Moenie vir nuwe mense vra waar hulle wil gaan werk nie sê
374 hulle. Ek voel 'n mens moet eintlik so te sê daardie op jou punt
375 kan staan, jy moet vir mense kan sê, goed dit is nou die mense
376 wat by daai skool is of jy doen dit of jy doen dat.
377
378 AS JY DIE MAG HET HET OM IETS TE KAN VERANDER AAN
379 DIE PROJEK, WAT SAL JY ANDERS DOEN? Kyk ons het mos
380 nou besluit ons gaan elkeen van 11:00 tot 14:00 werk, kyk dit is
381 ook miskien nou iets dat mense nou sommer eers half twaalf
382 aangestap kom of voor twaalf wat ek nie voel wat reg is , want
383 ek sê gewoonlik ons wat van ver af kom, is gewoonlik elke
384 oggend betyds, ons is vroeg daar, maar somtyds sal 'n mens
385 miskien 'n paar minute na elf kom, maar nooit so laat dat die
386 dag nou al so ver gevorder is. As 'n mens by 'n ander plek werk
387 en jy begin 8:00 te werk dan moet jy mos 8:00 daar wees. 'n
388 Mens moet besef, jy het 'n plig daar ook, dit is nie net sommer
389 iets wat hmm..soos ek netnou gesê, jy kan dink jy kom en gaan
390 soos jy wil nie. As jy dit gaan toelaat dan kom al meer mense
391 laat. Net die uitbreiding ja, ek voel ons is nou al, die mense wat
392 nou hier is of hulle dalk 'n tydjie saam met Volcano sal wees, so
393 ek voel nogal as ons miskien 'n bietjie kan skuif.
394
395 HOE LANK SIEN JY NOG JOUSELF BY DIE PROJEK? Sjoe,
396 dit is 'n moeilike vraag, maar laat ek dit so stel soos dit nou
397 staan, sal ek dit nie in die nabye toekoms los nie.
398
399 DINK JY VOLCANO MOET AANGAAN? Ja, ek dink so, want
400 dit is nogal iets, want soos ek sê, ek het nogal baie ondervinding
401 in die onderwys en ek kan regtig sien dat wat hulle doen die
402 kind kan net baat daarby. Miskien moet ons meer
403 ouerbetrokkenheid kry, want ons sien en hoor maar min van die
404 ouers. As 'n mens miskien 'n bietjie meer sê soos publikasie
405 aan die projek kan gee soos ek nou sê ek was in hierdie
406 omgewing en ek self was nie eers bewus van die projek wat aan
407 die gang is nie. En toe ons nou gesluit het die dag gaan ons
408 Parow toe, toe loop ek van my oudkollegas raak en toe het ons
409 nou so bietjie gesels, toe het hulle uitgevra wat doen ek en so
410 en hulle weet ook nie eers van die projek nie. HOE SAL JY DIE
411 MENSE BEWUS MAAK? Miskien begin met briewe na die
412 skole stuur.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE M

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 14 VAN 1995 SE GROEP.

WAT DOEN JY HUIDIGLIK? Ek is mos nou huidiglik hier by (*) besig met pre-primêre klasse waarvoor ek twee jaar opleiding gekry het van 'n kwalifiseerde juffrou, so ek is van 8:00 tot 13:00 hier besig. WANNEER HET JY DUS HIER BEGIN WERK? 1996. SO, AS EK DIT DAN REG HET, IS DIT NET NADAT JY KLAARGEMAAK HET BY VOLCANO. Ja. NOU HOE HET JY DIE WERK , VAN DIE WERK GEHOOR OF HIER BETROKKE GERAAK? Ek was mos eintlik 'n volunteer gewees toe het ek en (*) oorspronklik 'n speelklassie sou kom aanbied by die skool, toe het die hoof, dit was nog mnr. (*) daai tyd, toe het hy eintlik vir ons gesê hoekom begin ons nie met pre-primêre klasse nie. Toe het ons sommer dadelik ingespring. SO DIT WAS EINTLIK 'N WONDERLIKE GELEENTHEID WAT HY VIR JULLE GEGEE HET EN JY IS NOG HEEL GELUKKIG IN DIT WAT JY DOEN? Hmm.. nie 100% nie, maar ja. SO AS JY NOU IETS ANDERSTE KAN DOEN, WAT SAL DIT WEES? Ek wil mos nog altyd by SAL ingekom het en ek was mos soos ek gesê laas aanvaar, maar omdat hulle my so onkant betrap het en dit het my nog nie daai tyd geslaan dat ek is nou aanvaar nie, eintlik nie aanvaar nie, hulle het my gebel vir 'n interview in Johburg in en hmm.. in daai tyd in was ek mos nou besig hier en ek het vir my ma gesê en Ma het gesê, nee, jy gaan nie, toe het ek dit nou maar gelos en die man het my 'n hele week gebel en toe vra ek hom, is ek nou aanvaar of hoe werk dit nou, toe sê hy mos nou nee, ek moet nou eers gaan vir die interview in Johannesburg en van daar af, maar my kanse is goed. Ek kan myself nou nog skop dat ek nee gesê. JY WIL DEFINITIEF IN SAL INGAAN, JY HET NIE DALK DIE BEHOEFTE OM JOU IN DIE ONDERWYS TE BEKWAAM NIE? Ek het laas met die hoof gepraat, omdat ons mos nou die professionele opleiding het nie, ons het wel opleiding gekry deur 'n gekwalifiseerde juffrou, maar dit is mos nou nie soos wat jy sou gaan studeer nie. En toe sê hy vir my daar word 'n klas aangebied, hy het die plek en alles nog genoem, maar daar is glo 'n groep wat klaar begin het en so ek en (*) hoop om in die loop van die jaar nog te beginne. Jy kry jou diploma en alles daai nou. JA, DIT SAL EINTLIK GOED WEES, WANT AS JY VAN WERK VERANDER, KAN HIERDIE TYDPERK EINTLIK VIR JOU VERLORE WEES, WANT JY HET NIE DIE KWALIFIKASIE NIE. Dis waar, ja.

GOED, KOM ONS DINK 'N BIETJIE TERUG AAN DIE VOLCANODAE, HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AANGESLUIT HET? Ek was 18 – 19 AS EK NOU VIR JOU REG HET , HET JY MATRIEK KLAARGEMAAK IN 1994. Ja HOE HET JY VAN VOLCANO GEHOOR? Ek dink (*) het vir ons briewe gepos, sy het natuurlik name gekry by die skool van matrikulante wat by die huis is en so. Ek het 'n brief deur die pos gekry en toe het ek mos nou, ek het nie dadelik gegaan nie, ek het nou maar gehoor en so en ek dink dit was by onse huis sy het gebel of iets soos dit en toe gaan loer ek maar en dit wat ek gesien het, het ek van gehou.

WAT HET JOU AANGETREK NA DIE PROJEK? Ek is mos baie oor kinders, ek is verskriklik lief vir kinders, toe dink ek wag, dit is my eerste jaar na matriek en ek weet nog nie wat ek wil doen nie, so ek gaan nou die jaar rus en dan gaan ek nou dit 'n probeerslag gee. Maar dit was mainly die kinders gewees.

WAT ONTHOU JY VAN DIE PROJEK, WAT HET JULLE GEDOEN? Ons het mos baie klasse, lesse sal ek nou maar sê hmm.. groepsessies het ons baie gehou en konflikhantering, daai is basies wat ek die meeste kan onthou. HOEKOM STAAN DIT VIR JOU UIT? Vandat ek en (*) saamwerk in soort van groep in, was daar al baie tye waar daar tussen ons twee so bietjie wrywing was en dan het ek maar net gerewind en gedink wat het ek daai jare gedoen en geleer hoe om dit te hanteer en omdat sy dit ook mos gedoen het, het dit ons 'n baie gehelp. EN WAT HET JULLE MET DIE KINDERS GEDOEN? Ons was 'n stuk van 8 dink ek dan was ons opverdeel tussen twee of drie skole en ek was hier by (*) gewees en dan het daar 'n arbeidsterapiestudent ingekom en dan het sy mos nou vir ons lesse gegee. Ek weet nie hoe werk dit nou nie, maar daai tyd was dit deur middel van speel en dan het ons gedoen soos byvoorbeeld vorms. Ons het die kinders eintlik gereed gemaak, dit was die kinders wat agterstande gehad het .

HET JY ENIGE ANDER WERK GEDOEN VOORDAT JY BY VOLCANO BEGIN HET? Ek het baie casual werk gedoen, ek casual al vandat ek standerd 8 is, ek hou nie daarvan om by die huis te sit nie. Ek veral waitressing gedoen en gewerk by Shoprite, maar ek het nie daarvan gehou, dit is nie vir my nie en om op 'n till te sit – nee dankie! Daar kom baie mense, maar dit is mos nou nie dieselfde as waitresseing nie, want daar het jy lekker gemingle, want ek hou van met mense werk.

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT SAL JY Sê IS DIE STERKPUNTE VAN VOLCANO? Ek dink die groepsessies was vir my baie iets wat ons almal nogals baie by geleer het. En die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

feit dat dit voluntary work was eintlik, het my ma eerste gesê voluntary work? Kyk daai tyd wil jy mos geld verdien en so, maar dit het nie in my pad gestaan nie, ek het nog altyd gegaan en dit was vir my lekker gewees. Dit was eintlik lekker om in die oggend op te staan en jy weet jy gaan nou 'n groep mense sien wat jy nou van hou en jy gaan lekker praat en so aan. Dit was seker maar wat vir my uitgestaan het.

WAT WAS VIR JOU SWAKPUNTE? Ek dink nie daar was eintlik gewees nie NIKS WAT VIR JOU OOIT GEPLA HET NIE? As daar goed was, was dit seker maar net tussen ons gewees wat daardie tyd al opgelos is. Die ander volunteers het baie keer gekla oor die skool wat nie hulle deel doen nie, maar ek kan nie kla van die skool waar ek was nie, die goed was altyd afgerol en die klas reg.

AS EK VIR JOU VRA OMTRENT JOU GEVOELENS OMTRENT DIE PROJEK, WAT IS DIE ASPEKTE WAT JY REGTIG GENIET HET OMTRENT DIE PROJEK? Afgesien van die kinders se groepsessies. Ek is maar iemand, ek hou van praat, ek hou van kommunikeer en gesels in 'n groep, dit is nou afgesien van die kinders. Ja, dit was baie lekker gewees, daar was mos tye wat ons baie uit ook gegaan het , ek weet nou nie watse sessies dit was nie, maar ons het gegaan, dit is 'n plek in Bellville weet ek en dan is ons in verskillende groepe in gewees en dan is verskillende tipe goed gedoen, hulle stuur jou af in 'n tonnel, en... O.K. DAAI SPANBOU spanbou sessies! Daar's dit, sulke goed was baie lekker gewees.

AS JY NOU TERUG DINK, WAT WAS VIR JOU SLEG? Ek kan regtig niks sê nie.

ONS HET NETNOU GEPRAAT OOR DIE SESSIES WAT DIE STUDENT MET JULLE GEDOEN HET OOR BYVOORBEELD KONFLIKHANTERING, SO EK WIL Hê ONS MOET 'N BIETJIE DAAROOR DINK EN KYK, DINK 'N BIETJIE TERUG OOR DIE MANIER HOE HULLE DAARDIE OPLEIDING GEDOEN HET. IS DAAR ENIGE IETS IN DIE MANIER HOE HULLE DIT AANGEBIED HET WAT VIR JOU GOED WAS? Ek dink hulle het dit redelik goed aangebied, ek... dit is 'n bietjie baie lank terug, daar is niks wat hulle nou nie, hulle het elke dag interessant gemaak en ons het altyd geweet as ons by die skole kom, wat ons moet doen.

EN ENIGE IETS WAT JOU OPGEVAL HET WAT NIE VIR JOU LEKKER WAS WAT HULLE VIR JULLE LAAT DOEN HET? AS

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

EK VIR JOU SO BIETJIE KAN HELP, HULLE HET BAIE GEBRUIK GEMAAK VAN ROLSPEL WAT JULLE SITUASIES MOES UITBEELD OF HULLE HET DIT MET MINDMAPS GEDOEN, DIE ONDERWERP EN DAN MOES JULLE SELF DIE MINDMAPS TREK. Ek kan nie nou lekker onthou nie. NEE, DIT IS ALLES REG.
AS EK NOU VIR JOU Sê, JY HET DIE MAG OM IETS TE VERANDER AAN DIE PROJEK SOOS HY GELOOP HET IN 1995, WAT SAL JY ANDERS DOEN? Ek dink daar is nogals baie wat 'n mens kan verander in Volcano in. Baie van die arbeidsterapeute of studente het altyd as hulle nou die lessies vir ons uitsit, was daar 'n hele paar keer wat jy nie geweet het wat om te doen nie, al het hulle verduidelik, maar ek dink van hulle moet dit duideliker uitbeeld. NOG IETS WAT JY WOU VERANDER? Nee

HOEKOM HET JY OPGEHOU MET VRYWILLIGE WERK? Ek het mos nie net opgehou nie, ek sou aangegaan het, maar toe word ek mos nou die werk by die skool aangebied en as dit van my afgehang het, sou ek nie aangegaan het nie 'n jaar was genoeg vir my. In die toekoms sal ek enige tyd weer voluntary werk doen, maar miskien vir 'n korter tydperk.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Definitief, dit help baie vir ons, dit help baie vir die ander onderwysers IN WATTER OPSIG? Hier is baie kinders in die klasse wat jy nou kan sien wat agterstande het en hulle het mos nou al twee uit my klas uit en twee uit (*) se klas uit en jy kan nogals sien daai kinders vorder, so ek dink dit moet definitief aangaan, nie net vir nou, nie maar vir altyd.

ENIGE IETS WAT JY DALK WIL Sê, OF VIR MY WIL VRA? Nee, dit is al wat ek wil sê.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE N

TRANSKRIPSIE VAN ONDERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 15 VAN 1998 SE GROEP.

EK WIL EERS BEGIN DEUR TE VRA, VANDAT JY MATRIEK GESKRYF HET TOTDAT JY BY VOLCANO BEGIN HET, WAT HET IN JOU LEWE GEBEUR?
Ek het my regsmatriek deur N Tech gedoen en ek wou regte gaan studeer, maar ongelukkig het ek 'n seuntjie gekry en ek het, toe het dit heeltemal my planne deurmekaar gegooi en ek moes toe maar nou wag tot hy nou maar min of meer groot genoeg is om aan te gaan om te kyk wat ek in toekoms gaan doen en.... Toe het ek vir (*) ge-ontmoet. Toe ons Ravensmead toe kom, toe ontmoet ek vir (*), want ek kom eintlik van Kraaifontein af en sy het my vertel van Volcano van die vrywillige diens en dit is hoe ek die een oggend, die volgende oggend saam met haar Volcano toe gekom het.

AS ONS NET GOU IN TERME VAN JARE PRAAT, WATTER JAAR HET JY JOU REGSMATRIEK VOLTOOI? 1995. TOE WAS JOU KIND NOU KLEIN EN WANNEER HET JULLE NOU RAVENSMEAD TOE GETREK ? Ons was, dink ek , hy was drie toe ons Ravensmead toe getrek het , ja, want dit is nou my tweede jaar dat ek in Ravensmead is nou. SO DIT IS 1998 EN JA DIT IS NET MOOI TOE JY OOK BEGIN HET BY VOLCANO, WANNEER HET JY SKOOL VERLAAT? Ek het die skool gelos toe ek standerd nege klaarmaak, want toe was ek alreeds swanger en ek het nie gevoel om op die skoolbanke te sit nie en dit was goedkoper om deur die pos te swot.

SO AS EK REG HET , HET JY NOOIT ANDER FORMELE WERK GEDOEN NIE Nè. Nee. TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET, WAS JY OMTRENT DUS SO 22 JAAR OUD. JY HET NETNOU GESê (*) HET VIR JOU VERTEL VAN VOLCANO, NOU WAT HET SY VIR JOU VERTEL? Sy het nie baie gesê nie, sy het net gekom een middag en vir my gevra, stel ek nie belang om vrywillige diens te doen nie en ek het nie eers twee keer gedink of gevra in terme van geld nie, want vrywillige diens is mos maar jy doen dit uit liefde uit en toe het ek nou maar net begin en gaan luister die volgende dag waaroor gaan dit.

EN WAT HET VIR JOU AANGETREK NA DIE PROJEK TOE JY NOU KOM LUISTER HET. Daai is nou iets anders, ek het belanggestel in regte, ek wou regte gaan studeer as my seuntjie sê nou maar vyf of ses is, soos wat hy nou volgende jaar skool

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toe gaan dan wou ek gaan studeer het, maar nou het die vrywillige diens my heel iets anders gewys, dit het my gewys hoe lekker dit is om met kinders te werk, nou voel ek nie meer dieselfde soos wat ek gevoel het om regte te gaan studeer nie, ek voel eerder om sulke tipe werk te doen, want daaruit kry 'n mens baie meer. WAT KRY JY DAARUIT? Wel, dit laat my, nee, ek sal nie sê dit laat my goed voel ,mand iets te gaan beteken. SO DAAI ERKENNIG VAN DIE KINDERS IS NOGAL VIR JOU BELANGRIK. Ja, om dit vir hulle te kan doen, want hulle het dit baie nodig, kyk ek het dit mos al baie gesien baie van hulle se huislike omstandighede en goed veroorsaak dat hulle nie daai, hoe kan ek sê, nie daai aandag kry vir hulle skoolwerk of daai stimulering kry vir hulle skoolwerk nie en wat ons nou vir hulle gee nie.

AS EK NOU VIR JOU Sê EK IS NIE ELKE DAG DEEL VAN DIE PROJEK NIE EN EK WEET NIKS VAN VOLCANO AF NIE EN EK Sê VERDUIDELIK GOU VIR MY WAT DOEN JULLE, WAT SAL JY VIR MY ANTWOORD? Ek sal sê ons doen wat die ma's nie by die huis met die kinders doen nie, ons kyk eintlik na die probleme, nie net op skoolvlak van hulle nie, maar sal maar sê hulle geestelike probleme, hulle probleme wat hulle by die huis het, kom dan uit in die skool en dan kan 'n mens sien daar is miskien 'n drankprobleem of sulke dinge, die kind is senuweeagtig, hy kan nie lekker konsentreer op sy werk nie en ons help hulle om… nie so bang te wees nie en dis hoekom ons hulle nie slaan of verskree of daai tipe ding doen nie. Jy moet mooi met hulle werk, want die omstandighede waaruit hulle kom, is nogal nie so wonderlik nie. En dan is daar ook nou weer kinders wat by Volcano is wat meer, wat nie sulke groot probleme het nie, hulle probleme gaan meer daarom dat hulle 'n bietjies te veel speel dat hulle nie daai dissipline het om stil te sit en daai tipe van ding maar ons help hulle weer daarmee ook, maar dit vat nogal baie om dit te doen, maar dit is wat ons doen by Volcano om vir hulle mooi te leer, sodat hulle hul gewone skoolwerk ook kan doen. Dit is die stil sit, die dissipline om mooi vir hulle te verduidelik waaroor gaan dit, hoekom moet hulle skrywe, want sommige tye dan sê hulle sommer hulle het nie lus nie, ons wil nie skrywe nie, juffrou, of hulle kruip op die grond rond, hulle wil nie hulle aandag gee nie, dan moet jy hulle, hoe kan ek sê, hulle aandag so trek met die speletjie, sodat hulle kan stil sit wat die onderwyser nie gewoonlik doen nie, want sy skel of skree vir hulle sit stil en daai tipe van ding en dit doen ons nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

GEBASEER OP JOU ERVARING, WAT IS DIE STERK PUNTE VAN DIE PROJEK? Daar is nie vir my eintlik, Volcano het heeltemal verander. Toe ek daar gekom het, was .. het ek ook uit gevoel, want die wat reeds daar gewees het, het so 'n ander attitude gehad, maar ... hulle was heeltemal anders amper, hulle het alleen gekliek en die geldstorie , toe ons daar kom, toe was dit maar 'n geldstorie en.. ek het my nou nie daaraan gesteur nie, want dit is nie hoekom ek gekom het nie, ek het gekom om met die kinders te werk, om iets vir die kinders te beteken en dit gaan mos nou nie om myself nie en as ek nou moet sê, sal ek sê dit is nou weer besig om te gebeur en dit lyk vir my elke jaar gebeur dit dat die mense wat die goed aan die gesit het, val uit, so ek kan nie nou eintlik 'n opinie gee van Volcano nie, want ek was nie die afgelope maande hier nie, maar toe ek dit gelos het, was dit nog heeltemal reg. Maar ek dink vir die nuwelinge is dit nie so lekker verduidelik waaroor gaan Volcano nie, vir ons is dit mos nou baie mooi verduidelik waaroor gaan dit, dit was nie vir ons 'n geldstorie nie ons het nie, 'n klomp dinge kom verwag nie ons het net gekom om te gee. SO JY DINK DIE GELD HET NOGAL 'N GROOT INVLOED OP WIE 'N MENS TREK EN HULLE GESINDHEID, NOG ENIGE IETS BEHALWE DIE GELD WAT VIR JOU UITSTAAN? Ek weet nie, die afsonderingheid, die kliekery dit is nou wat van lankal af aankom, dit moet 'n gesamentlike groep wees dit moet nie 'n afbakening van sekere goed wees nie, kyk ons was 'n klomp daar gewees, ons het daai socials elke Vrydag gehad en dan het almal bymekaar gekom, jonk en oud, dit maak nie saak of dit nou is dat ons moet sê auntie of oom, maar ons het almal lekker met mekaar gekliek en gesels en vergeet van die ouderdomsverskil en dit is wat hier ook is, kyk die jonges, die wat nou jonger as ek is, hulle voel weer hulle hoort bymekaar, daai groepie voel weer hulle hoort bymekaar en nou kan 'n mens mos nie lekker saamwerk nie HOEKOM DINK JY GEBEUR DIT DAT HULLE SULKE GROEPE MAAK? Dit is min of meer hoe sal 'n mens sê hoe hulle na die skole toe gaan, as die drie miskien vandag saam by 'n skool is en dan bly hulle die drie so bymekaar en dan is dit mos dat hulle mekaar mos nou baie beter verstaan as wat die res nou vir hulle verstaan SO HULLE KEN MEKAAR BETER. Ja , toe ek daar gekom het, was dit een jonge moes elke dag ingedeel by 'n verskillende grootmens, sodat ons met mekaar kon gesels EN DINK JY DIT HET GOED GEWERK? Ja, dit het nogal goed gewerk, op daai manier het ons mekaar verstaan

GEBASEER OP JOU ERVARING IS DAAR ENIGE SWAKPUNTE, EK DINK DIE GOED WAT JY NOU GENOEM

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HET SIEN JY MEER NEGATIEF AS WAT JY DIT POSITIEF SIEN Nê? Ja NOG ENIGE IETS WAT JY AAN DINK WAT JOU NOG PLA? Wel, Volcano moes eintlik nou al in die jaar 2000 al uitgebrei het al na ander skole toe, na ander gebiede toe, want dit is nog altyd net hier waar dit begin het, dit kom dan nou nie verder nie, so daar moet een groot probleem wees wat ons nou net hier hou. UIT JOU ERVARING, WAT DINK JY IS DIT? As ek nou moet sê makeer ons mense wat rêrig vrywillige werk wil doen, nie mense wat 'n werk soek en geld wil verdien nie, want as jy 'n werk wil hê, moet jy gaan vir 'n gewone werk en as jy kom vir vrywillige diens dan kom jy nie vir geld nie. VERSTAAN EK JOU REG AS EK NOU SOU Sê ONS DOEN DIT SONDER ENIGE VERGOEDING, DINK JY DIT SAL WERK? Ja, ek dink so as die regte mense, daar is mense wat so voel kyk (*) voel dieselfde, ek voel die dieselfde, dit gaan nie oor die geld nie, want as ek 'n werk wil hê, ek is nog jonk, as ek 'n werk wil hê, sal ek gaan om vir my 'n werk te gaan soek, maar ek voel nie om te werk nie, daarom dink ek dit is nie so goed om die jongmense te vat nie eerder mense wat al reeds gewerk het, miskien afbetaal is by hulle werk, wat miskien 'n bietjie ouer is, maar nie te oud nie om dit te doen, want hulle sal dit doen vir sonder geld, hulle sal dit doen sonder om enige iets te verwag, jongmense wil mos nou altyd werk om geld te verdien en om vir hulle klomp klere te koop en al daai, hulle moet nog planne maak vir die toekoms. SO HULLE GEBRUIK DIT VIR 'N ANDER REDE. Ja, 'n maklike uitkoms as ek nou so kan sê, werk is mos nou maar skaars .

LAAT EK JOU VRA OMTRENT JOU GEVOELENS OMTRENT DIE PROJEK. WAT WAS VIR JOU LEKKER OM TE DOEN? Hmm... alles was lekker. In die begin het dit vir my gevoel of, heel in die begin het dit gevoel of, ek het nie eers meer gevoel om op 'n Maandag na die vergadering toe te kom nie, want die vergadering was so 'n klomp nonsens wat hulle oor gepraat het en die attitude was nie reg lekker nie en dit het vir my gevoel ek kan maar net kom as die les voorberei word en skool toe gaan en die res kan maar gaan. Ek sal maar sê dit gaan oor kinders dit gaan net oor die les wat ek kan gee vir die kinders om vir hulle iets te beteken, en dan die socials wat ons gehad het, dit het nogal baie gehelp op 'n Vrydag. Daai het nou nogal gehelp om spanbou te bou. EN HET DIT GEHELP OM VIR JOU IN TE KRY BY DIE GROEP WAT SULKE KLIEKS GEMAAK HET? Ja, ons het ons sommer ingedruk daar. SO JY DINK DIE SOCIALS HET NOU NOGAL GEHELP. Ja, die socials het baie gehelp, want dan kon ons lekker gemaklik sit en gesels en grappe maak en so en dan verstaan mens mekaar baie beter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SO, AS EK VIR JOU REG VERSTAAN, WAS DIE WERK MET DIE KINDERS EN DAN DIE SOCIALS DIE TWEE GOED WAT VIR JOU UITGESTAAN HET AS DIE LEKKER GOED. En hmm…dan was die stimulasie en. Wat die student aangebied het, was baie goed. WAS DIT DIE VERRYKINGSGROEPE? Die verrykingsgroepe en al daai tipe van goed wat ons moes gedoen het, was, dit was baie goed,want as ek nou miskien by die huis is en ek voel ek wil iets doen dan kan ek nogal daardie dinge wat sy my geleer het, kan ek nogal gebruik. Maar ek vergeet net sommige tye daai lesse wat sy ons gegee het te gebruik in my eie lewe en dan raak ek onnodig kwaad dan weet ek nie eers waarvoor nie, daai nogals iets ek het nog altyd al my bladsye en as ek so sit dan lees ek dit, want dit is nogals iets om nie weg te gooi nie WAT IS DIT NOU BYVOORBEELD, SOOS WAT? Jong, daai konflikhantering en al daai goed gebruik 'n mens oor die algemeen in jou lewe, maar as 'n mens dit nie stap vir stap doen nie, dan is dit later 'n groot ding in plaas van 'n klein dingetjie. EN AS JY PRAAT DAT JY DALK PARTYKEER GOED HET WAT JY KAN DOEN WAARNA VERWYS JY DAN? Oe,… ons het dan al kerse gemaak, gipsvorms gemaak, ons het al alles gedoen, ons het fotorame gemaak, ons het…kaartjies gemaak, ons het 'n klomp goed gemaak. EN DIT IS GOED WAT JY NOU WEER DOEN OF KAN GEBRUIK. Ja, ek kan dit weer gebruik as miskien vir iemand 'n geskenkie wil gee. WAT IS DIE ASPEKTE WAARVAN JY REGTIG NIKS GEHOU HET NIE? Ons het baie kere nie mekaar reg verstaan nie en dan was die een miskien te bang om vir die ander een te sê hoe hy voel . HET DIT BAIE VOORGEKOM? Hmm.. dit het nogal baie voorgekom, want almal is mos nou verskillende mense, dit is nog altyd so, maar dit is seker maar so by enige werk .

EK WIL JOU NOU SPESIFIEK VRA OOR DIE VERRYKINGSGROEPE, JY HET NETNOU GEPRAAT OOR KONFLIKHANTERING EN EK WIL VIR JOU VRA AS JY NOU DINK AAN DAAI GROEPE WAT DIE STUDENTE VIR JULLE AANGEBIED HET, WAT WAS VIR JOU , WAT HET DIT VIR JOU GOED GEMAAK? Wel, as ons soos konflikhantering, dit het ons geleer as ons miskien na skool of voor ons skool toe gaan, dan het ons daaroor gepraat en dan het ons gevoel, dan het ons eerlik gewees en vir mekaar gesê hoe jy voel, maar op 'n mooi manier, sodat almal verstaan. Niemand het na daai sessie, was kwaad vir mekaar nie. So, ek sal sê dit was nogal rerig iets wat ons kon gebruik het .

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

EN Sê VIR MY DIE MANIER HOE HULLE DIT VIR JULLE GELEER HET, IS DAAR ENIGE IETS WAT DAAR VIR JOU UITSTAAN POSITIEF OF NEGATIEF? Ek sou nie sê een iets staan uit nie, ek sou sê alles was belangrik wat ons geleer het . EN HOE HULLE DIT GEDOEN HET? EK WEET JULLE MOES BAIE KEER IN GROEPE OF TWEE-TWEE SAAMWERK. Ja... en nie soos nou, ons het dit gedoen miskien vandag of môre of hoe kan ek nou sê hierdie kwartaal gedoen, terwyl die een student daar is en voor sy weggaan het ons dit weer gedoen, sodat ons dit kan onthou. Sy het altyd gesôre dat, laat ek sien (*) het gekom in die verskriklike onenigheid tussen ons en sy het vir ons daai konflikhantering aan die begin gegee om te doen en om te praat oor hoe ons voel en om vir mekaar te sê wat ons pla en almal daai dinge en voor sy weggegaan het die week het sy dit weer gedoen om te kyk of dit heeltemal reg is en dit is wat nie hier gebeur nie, dinge het baie verander vandat ons oorgetrek het. En die nuwe mense wat nou bygekom het, hulle, hoe kan ek sê, dinge word nie vir hulle gegee soos wat dit vir ons gegee is nie, ons het baie meer daaruit gekry as wat hulle daaruit kry. WAT DINK JY HET JULLE MEER GEKRY WAT HULLE NOU NIE KRY NIE? Sal sê ons het in die oggende ingekom, vroeër ingekom in elke geval – 10:00 was ons al daar en soos hulle kan nou weer nie, 11:00 is nou weer 'n gepaste tyd vir hulle, want hulle moet van ver af kom en daai tipe van ding en ons het baie dinge gedoen. En as ons gevoel het ons wou in die agtermiddag, as ons terugkom van die skool af weer terugkom dan het ons weer terug gegaan en gaan gesels. SO WAT IS VIR JOU DIE GROOTSTE PROBLEEM MET DIE OORSKUIF SKOOL TOE? Die tyd, die skooltyd, alles moet volgens skooltyd gedoen word voordat hulle die hekke toesluit. Maar daar was mos nou nie so iets nie, as ons miskien plakkate en so moes gemaak het vir die skool miskien vir môre, dan het ons nie die volgende oggend gekom en dit kom doen nie dan het ons van die skool af gekom en dit gaan doen daar. EN WAT HET JULLE DAARUIT GEKRY? Baie, dan het ons baie lekker met mekaar gesels dan het jy ook tyd gehad om sosiaal met mekaar te verkeer. SO, JY MIS EINTLIK DAARDIE SOSIALE TYD WAT JULLE GEHAD HET NA SKOOL, WANT DIT IS NIE NOU MOONTLIK NIE. Nie net die socials nie, maar toe het 'n mens baie meer tyd om 'n ding te doen , kyk in 'n oggend is daar nie so baie tyd om jou goed agter mekaar te kry nie en anders moet jy dit huis toe neem en by die huis het jy ook 'n klomp dinge wat jy moet doen en dan kry jy nie tyd nie.

IN TERME VAN DIE OPLEIDING WAT DIE STUDENTE VIR JULLE GEGEE, HET WAT WAS DIE SWAKPUNTE? Nee, daar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was nie eintlik swak punte nie. Alles was goed, hulle het hulself eintlik goed van taak gekwyt. Hulle doen nogal baie, want hulle kom na 'n groep wat hulle van g'n kant af ken nie en dan moet hulle nou vir hulle kom aanpas by 'n klomp vroumense, so dit verg nogal baie van hulle.

AS EK NOU VIR JOU Sê JY HET DIE MAG OM IETS TE VERANDER AAN VOLCANO, WAT SAL JY VERANDER? Hmm.. wat sal ek nou aan Volcano verander? Ek sal net baie graag wil hê Volcano moet uitbrei, want daar's ander kinders wat dit ook nodig het , want dit bly nou net hier en dit gaan nêrens nie, dit is al wat ek wil hê moet gebeur. JY HET NET NOU 'N KLOMP ANDER GOED GENOEM bv.. AMICA HUIS WAS LEKKER, SOU JY WEER WOU TERUGTREK? Ek dink so, die skool dit is ok nou by die skool, maar dan moet 'n mens jou weer aanpas by die skool, terwyl Volcano mos 'n projek op sy eie is, 'n besigheid op sy eie en 'n mens kan mos nou nie meer die tye buig soos dit jou pas. Ek dink net die student – een iets moet ons nog bysit , sy het dit nou laaste gedoen en dit is om vir ons te vertel waaroor gaan arbeidsterapie rêrig, want ons gaan gee daai les want ons het nou al daai stukkie geleer al, maar om vir ons 'n groter insig te gee in wat ons eintlik doen, want ek het ook nie geweet wat is arbeidsterapie voordat ek hiernatoe gekom het nie. SO DIT IS NOGAL BELANGRIK, WANT JULLE WERK ONDER ONS VLEUEL, WAS JY NOG BY IN DIE BEGIN VAN DIE JAAR TOE (*) HIEROOR GEPRAAT HET. Nee toe was ek al op en af hospitaal toe en almal daai tipe dinge. OK, WANT EK DINK DIT WAS NOGAL 'N BEHOEFTE EN DIT HET VREESLIK SIN GEMAAK VIR DIE MENSE TOE HULLE, WANT ONS KYK MOS NOU OP 'N ANDER MANIER AS WAT DIE JUFFROU KYK NA DIE LESSE. JA, DIT IS 'n BAIE GOEIE VOORSTEL. SO ONS MOET DALK VIR DIE NUWES OOK NET WEER HEELTEMAL ORIëNTEER OF OP 'N GEREELDE BASIS VAN HOEKOM DOEN JULLE WAT JULLE DOEN. Om liewer dat die student dan vir ons 'n les voorberei vir ons en konflikhantering en daai tipe van ding eers 'n bietjie agtertoe te skuiwe en vir ons altyd 'n lessie by te gee, hoe kan ek sê, 'n groter verduideliking oor dit wat ons miskien vir die week met die kind gaan doen en waaroor dit eintlik gaan en waarvoor jy eintlik moet kyk net om jou mind so 'n bietjie te verfris. VAN JULLE MOET KYK HOE DIE KIND DIE POTLOOD VASHOU - HOEKOM MOET 'N MENS NOU DAARVOOR KYK? En wat dit jou nou eintlik kan vertel as die kind dit nou op daai manier doen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOEKOM HET JY OPGEHOU MET VRYWILLIGE WERK? Ek het nie opgehou nie, die baba het gekom. Ek het besluit ek kom Maandag alweer terug.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Volcano is 'n baie goeie iets ek wil hê Volcano moet uitbrei, want dit is wat die minder bevoorregte kinders nodig het, want hulle kom nie by die tipe dinge uit nie .

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE O

TRANSKRIPSIE VAN ODERHOUD MET VRYWILLIGE WERKER NOMMER 16 VAN 1999 SE GROEP.

WATTER STANDERD HET JY OP SKOOL BEHAAL? Ek het op skool behaal standerd 9 en ek het aandskool gedoen EN WANNEER WAS DIT? Dit was in hmm.. 1984 EN DAARNA TERWYL JY AANDSKOOL GEDOEN HET, HET JY GEWERK? Ek het gewerk, ek het gewerk by 'n klerefabriek, ek het in die stoor gewerk en terwyl ek dit gedoen het, het ek hmm.. rekenaarlesse gedoen en agterna toe het die werk toegemaak en toe word ek indiens geneem by Florida Clothing en daar het ek gewerk vir 15 jaar, ek het in die kantoor gewerk, ek het by die ontvangs gewerk, ek het met die salarisse gewerk. EN HET JY WEER DAAR DIE REKENAAR GEBRUIK? Ja, ons het op 'n spesifieke pakket wat net vir die fabriek uitgesit is en ons het daarop gewerk op die rekenaar EN DIE VORIGE REKENAARKURSUS WAT JY GEDOEN HET, WAS DIT OP WOORDVERWERKING? Ja, net woordverwerking en terwyl ek nou by Florida gewerk het, het ek weer intussen 'n nuwe rekenaaropleiding gedoen en dit was ook weer woordverwerking en dit was Windows en MsDos en hmmm.. Lotus. AS EK JOU REG VERSTAAN WAS DIE TIPE WERK WAT JY GEDOEN HET MEER IN DIE KLERKLIKE. Ja, dis reg dit was meer in die klerklike en dan het ek ook intussen Avroy Shlain gewerk, daar het ek ook 'n kursus gevolg en voltooi en dis nou vir skoonheidsmiddels en so aan, ek was 'n konsultant en het gesigte gedoen en so aan. EN HOEKOM HET JY OPGEHOU DAARMEE? Hmm.. ek het dit geniet, ek het dit baie geniet, maar na 'n tyd en dis nie altyd dat die mense vir jou baie goed betaal nie en aan die einde van die dag is ek verantwoordelik daarvoor en omdat ek nie gewerk het nie, kon ek nie geld inbetaal as op die einde van die dag dan eis Avroy Shlain dit van jou af as persoon, so ek kon nou nie inbetaal en so nie en dit is nie altyd dat die mense vir jou betaal nie. Ek het later gevoel dit raak 'n probleem, want aan die einde van die dag kan ek dit nie inbetaal nie en dan staan ek verantwoordelik daarvoor. SO JY HET DIE VAARDIGHEDE. ONS KAN NOU MAAR KOM SIT VIR 'N MOOIMAAKSESSIE. O, ons kan dit doen. EN DIE WERK HOEKOM HET JY OPGEHOU OM TE WERK? Hulle het toegemaak. EN HET HULLE ENIGSINS VIR JULLE VERGOED VIR DIE FEIT DAT HULLE TOEGEMAAK HET? Glad nie, ons was glad nie op 'n skema nie, ons het maar net ons gewone wat jy moet kry gekry, maar daar was nie pensioen en al daai dinge nie, so. EN MEDIES? Ja, ons het medies gehad EN ENIGSINS WEER BEGIN UITKYK VIR

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ANDER WERKE? Ja, ek het uitgekyk maar Moeder het intussen siek geraak en omdat ek nog die enigste meisie in die huis is en ek is die oudste, moes ek nou maar vir haar instaan.
GOED, AS ONS DAN BEGIN KYK NA VOLCANO, EN EK GAAN VIR JOU 'N PERSOONLIKE VRAAG VRA, HOE OUD WAS JY TOE JY BY VOLCANO AANGESLUIT HET? Ek was 38

HOE HET JY VAN VOLCANO TE HORE GEKOM? Ek het in die koerant gesien, in die Metro Burger, ek was middag by die huis en ek kyk toe maar net weer vir 'n werk en ek kyk en ek sien hulle soek vrywilligers en ek dink ek sal nogal like om dit te doen, want op skool het ek altyd geniet om met die klas te wees en omdat ek, kyk ek blaas nou nie my eie beuel nie, maar ek was altyd baie goed in my tale en ek het dit altyd verskriklik geniet as die inspekteur daar gewees het, dan roep die skoolhoof nou net vir my en dan moet ek nou gaan en dan praat ons nou mondeling en hy praat nou met my soos ons nou praat en ek het altyd die beste punte gehad en so, ek het dit altyd geniet in die klas en dan vra my onderwyser vir my, jy wys daar vir die klas op die bord, o.. ek het dit altyd so geniet , ek sou so graag 'n onderwyser wou word en toe ek dit sien, toe dink ek, ek gee nie om dat dit vrywillig is nie, ek is nou maar net by die huis en ek wil graag iets doen, want nou sit jy by die huis en jy sit en dink nou en jy doen eintlik niks. En ek is glad nie spyt dat ek gekom het nie. JY HET NOOIT GEDINK OM VERDER TE GAAN LEER IN DIE TALERIGTING NIE? Ek kon nie op daai stip gaan nie, want hmm.. my vader is vroeg oorlede en my ma moes toe alleen werk vir ons en dit het net nooit gewerk nie.

GOED, WAT HET JOU AANGETREK NA DIE PROJEK? Ek het gedink dit is ook 'n manier vir my om nuwe vriende te maak, ek is, ek sal sê ek is 'n introvert en ek het nie baie vriende nie, want ek maak nie maklik vriende nie, miskien is dit maar my houding, ek het nie baie vriende nie, maar die vriende wat ek het, is baie goeie vriende wat ek al jare het al. En hmm.. ek het hier gekom en ek het vriende ontmoet en behalwe die feit dat ek hou van om kinders te werk het ek nuwe vriende ontmoet, so ek, dit is deel van die rede en om 'n bietjie uit die huis uit te kom.
VOOR JY BY VOLCANO BEGIN HET, WAS JY ENIGSINS OP 'N ANDER MANIER BETROKKE BY JOU GEMEENSKAP? Hmm.. nee, ...ek was wel Sondagskoolonderwyseres vir twee jaar.

AS EK NOU VIR JOU SOU VRA, GEBASEER OP JOU ERVARING VAN VOLCANO , WAT SAL JY Sê IS DIE

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

STERKPUNTE VAN VOLCANO? Hmm... sterkpunte is hulle is baie hmm.. ek hou van die feit dat hulle elke oggend 'n sekere tyd het wat hulle begin. 'n Sterkpunt is ook dat hulle hmm.. die skole kan assisteer met die kinders hmm.. ook die feit dat elke oggend wat ons kom, het ons iemand wat saam met ons sit en vir ons vra wat is dit wat ons die vorige dag gedoen het, wat het met die les gebeur – dit is sistematies – ek hou van dit. Ek hou daarvan, dit wys vir jou die werk wat jy gedoen het gaan nie net in die wind in nie, iemand kom môreoggend en vra, reg wat het met die les gebeur. Ek sal byvoorbeeld sê dit is die kinders wat die probleme het en dan sal die leier van ons nou sal sê ons moet dit doen of dat doen. En daardie feit is hulle baie georganiseerd en ek hou daarvan. En as ons uitgaan die dag en terugkom en daar's is altyd terugvoer, so as jy nie weet nie sal die volgende een vir jou sê, maar hoekom probeer jy nie so of so nie, so daar is altyd positiewe terugvoer en ek dink daar is heelwat taamlike dinge wat ek kan sê, maar dit kan nie nou by my opkom nie. AS IETS JOU LATER BYVAL KAN JY MAAR Sê.

KOM ONS KOM BY DIE SWAKPUNTE, UIT JOU ERVARING WAT SAL JY Sê, IS DIE SWAKPUNTE VAN DIE PROJEK? Hmm.. die swakpunte, ek kan nou seker baie eerlik wees. JA NATUURLIK. Die swakpunte is dat op die huidige oomblik het ons baie jong mense in Volcano en hmm.. die jongmense vorm hulle groepie en natuurlik ons wat nou ouer is, ons vorm onse groep. Ons sit almal saam in 'n groep, maar ek weet nou nie of hulle sal fluister onder mekaar en dit pla eintlik vir my want ek weet nie hoekom fluister hulle nie en dit pla vir my en dit veroorsaak, dit ontwrig eintlik vir jou, dit veroorsaak hoekom fluister hulle, hoekom lag hulle, is daar iets verkeerd, ek meen dit is nie mooi nie en ek dink nie dit is goeie maniere nie. En daar is altyd konflik, want hulle is die nuwe mense en ons is nou al natuurlik die oueres en hmm.. hulle soos die persoon wat nou voor ons is, sê nou die leier hmm.. kom hulle en ons is nou daar en nou sal sy nou vra vir hulle dalk, sy sal vir hulle vra, wil jy na die skool toe gaan, wil jy dit doen, wil jy dat doen, natuurlik hulle gaan sê nee, dit het gebeur, hulle sê hulle is nou gevra na watter skool toe wil jy gaan, nou sê hulle, hulle wil hier wees en ek voel net ons was nie gevra nie, ons is 'n bakkie gegee en ons moes getrek het en ons moes dit vat. Ek voel aan die einde van die dag was ek gesê kyk hier, jy gaan (*) toe en ek het dit aanvaar en nou kom hulle en hulle word nou net gevra waar wil hulle wees en hulle sê sommer reguit. Nou dink ek by myself, hoekom word hulle gevra en ek is nie gevra nie en hulle sê net reguit nee, en ek kan nie nee sê nie, as hulle vir my iets vra dan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

139 doen ek dit, want ek voel, dit is wat gekom het om te doen en
140 daar is altyd 'n iets en daars ook die ding van die vervoer. In die
141 oggende vat ek die taxi nou van my huis af tot in Haltweg, dan
142 vat ek die taxi, dan kom ek tot hieronder en dan loop ek verder,
143 ek gee maar R2, 50 uit per dag en in die middag loop ek huis
144 toe, so ek gee omtrent R10,00 uit per week. Ek voel nie dit is 'n
145 probleem dat my geld dinges nie maar soms en ek was mos
146 nou by die hospitaal en my niereprobleem dit veroorsaak dat my
147 voet swel, net die regtervoet en as hy swel dan kan ek nie ver
148 loop nie en dan die lopery tot by (*) elke dag, ek loop van die
149 huis af tot by Haltweg en tot hier en dan loop ek weer op na (*)
150 en weer terug tot hier en van hier tot by die huis, dit is baie loop,
151 ek kom oor drie by die huis van hier af. En in die winter dit reën
152 verskriklik en ek voel net daar is die wat die keuse het en ek
153 voel net dit is daar waar die probleem inkom. En ek voel die
154 leier van ons moet eie inisiatief neem, ek voel nie sy moet vra
155 nie, ek voel sy moet sê, reg jy en jy julle gaan daarna toe. En
156 ek voel ons is te veel in 'n klas ook, ek voel ons is al drie in 'n
157 klas en omdat ons in een lokaal is, almal skree hard en dit
158 veroorsaak ontwrigting, want (*) skree daar uit haar keel uit vir
159 haar kinders en haar kinders kyk om terwyl ek vir my kinders
160 praat en dit veroorsaak 'n hele ontwrigting, natuurlik kan ons nie
161 drie lokale hê nie, ek verstaan dit, maar omdat ons die klas
162 gedeel het, is dit nou wat dit veroorsaak het, so ek dink die feit
163 dat ons meer mense gaan inneem, dit is nou te sê as ons nie
164 gaan uitbrei nie, gaan ons te veel mense wees. DIE REDE VIR
165 DIE OPDEEL IN DIE KLEINER GROEP WAS MOS EINTLIK
166 OM MINDER KINDERS TE Hê WAARAAN JY MOET AANDAG
167 GEE, DINK JY DIE KINDERS BAAT DAARBY? Die kinders
168 baat daarby, want ek het opgelet nou dat ons opgedeel is, kan
169 jy eintlik die kind sien wat sukkel en ek kan eintlik sien die kind
170 wat sukkel en daar is kinders wat ek nooit geweet het wat
171 sukkel nie tot ek nou persoonlik sien hulle is nege in die klas,
172 nou kan ek sien wat hulle doen en dit is kinders wat ek nooit
173 geweet het wat probleme het nie, want hy is maar altyd die kind
174 wat opspring, hy doen dit en dat en dan kom jy by sy werk en
175 dan sien jy haai hy kan nie dit doen en dat doen nie, so daar is
176 heelparty kinders wat ek al gesien het deur middel van die
177 opdeel van die klas. AS EK NOU VIR JOU MOET
178 ONDERBREEK EN EK VERSTAAN JOU REG, DAN VOEL JY
179 OOK IN TERME VAN DIE LEIERSKAP MOET SY STERKER
180 OORKOM AS DIE LEIER, SY MOET NIE NOODWENDIG
181 MENSE SE. Nee, ek sê nie sy moet nie hulle opinie vra nie, ek
182 voel net sy moet meer inisiatief aan die dag lê deur te sê, want
183 aan die dag van die dag as sy vir hulle so gaan behandel en sy
184 behandel vir ons so, dan voel ek net hoekom word hulle dan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nou so behandel en ek so, nou ek verstaan sy voel natuurlik sy kan op ons staatmaak en goed sy kan op my staatmaak ek sal wat sy vir my nou vra, dan doen ek dit nou, maar ek weet nie of dit is omdat hulle miskien nuut is dat hulle nou om dalk vir hulle aan te haal nie, miskien is dit die rede, ek weet nie. Maar ek voel net ek moet dieselfde gebehandel word soos hulle, want hulle moet dieselfde behandel word soos ek. Want ek sit soms in die klas en dan kom die een in en dan begin hy sommer sy hare te kam en die ene beginne te lees 'n boek en ek voel dis nie reg nie, ek het eendag sommer vir een van hulle aangespreek, maar jy kan mos sien sy is besig hoe kan jy dan 'n boek lees en dit veroorsaak groot ontwrigting, want ek voel ek moes dit nie gesê het nie, sy moes dit gesê het. En ons kom nou al vir 'n week, twee weke in elke oggend en niemand praat 'n woord nie en daar is so 'n tense, so ek weet nie wat dit is nie, daar is so stilte en ek kan voel daar is iets verkeerd, ek kan voel en ek voel nie baie hmm.. ek voel nie meer lekker, ek voel tot op die punt waar ek voel ek lus nie om te kom nie en dit was nooit voorheen so nie, ek het dit geniet om te kom, maar nou begin dit voel dis nie vir my nie en dit was nie voorheen so nie. HET JULLE AL PROBEER PRAAT MET HAAR? Ons het, ons het, sy vra soms onse opinie en dan sê ons vir haar, maar ek dink voor sy vir ons vra, is haar mind al opgemaak al, dan het sy al besluit wat sy gaan doen en.. dit is nou al twee of drie kere al. Ons moet nou maar stil bly dit raak al swakker. MAAR DIE UITEINDE VAN STIL BLY IS DAT JY RAAK AL MEER GEDEMOTIVEER EN OP DIE OU END VERLOOR ONS, EN DIE PROJEK VERLOOR AL DIE PAD. IETS SAL DAAR GEDOEN MOET WORD. Dit is amper, hoe sal ek nou sê of daar 'n faksie van twee kante is, een groep is nou aan die kant en die een groep is aan daai kant en ek hou nie daarvan nie.

DIT LYK VIR MY OF DAAR 'N PROBLEEM IS EN DIE NUWE STUDENT? Nee, ek vind vir haar ok, sy is net baie stil en sy kan dit ook aanvoel die tensegeit, want ek kan dit aanvoel. Toe hulle hier aangekom het, het ek nogal van hulle gehou want hulle is almal ok, maar toe sien ek hulle begin 'n hmm.. hulle drie is vriende en hulle drie praat nou dit en dit en ons praat nou van dit en dit en ons kan nou nie almal van dieselfde dinge praat nie, so hulle is dit en nou onttrek hulle eenkant toe en hulle sit nou net by daai hoekie van die tafel en ons sit op die hoekie van die tafel. Die student het gister daar gesit en gesê sy wil graag oriëntering hê en kan ons nie 'n social hou nie, niemand gee antwoord vir haar nie en ek dink nie dit was baie mooi nie ek het nie gehou daarvan nie, toe ek sommer vir hulle julle kan mos antwoord gee, want ek weet sy voel natuurlik nie lekker daaroor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie,want sy dink nou sy is die probleem en ek weet hoe voel sy en niemand antwoord nou nie, toe sê ek sy vra vir die social, maar ek kan nie Vrydag social nie, want ek het planne Vrydag maar ons kan dit volgende Vrydag hou, wat dink jy daarvan, nee maar dit is goed. Nou vra sy vir hulle, maar niemand antwoord nie en ek voel nie dit is reg nie. NEE, EN DIT IS OOK NIE GOEIE MANIERE NIE. Dis reg, nou praat (*) en (*) nou lag hulle en ek het gesien sy het dit opgelet en dit is nie mooi nie, want dit is sleg, dit is lelik en toe vra sy nou toe vra ek nou, ek kon sien sy lyk ongemaklik, toe vra ek nou, gaan julle nie nou vir haar 'n antwoord gee nie? Wat stel julle voor? Almal kyk mekaar aan toe weet ek nie.

O.K. KOM ONS VAT DIT TERUG, WANT EK DINK ONS DWAAL SO 'N BIETJIE VAN DIE SPOOR AF, NIE DAT EK DINK DAT DIE INLIGTING NIE BELANGRIK IS NIE, EK IS BLY DAT JY DIT EERLIK VIR MY Sê. GOED KOM ONS PRAAT 'N BIETJIE OOR JOU GEVOELENS EN DAN WIL EK Hê JY MOET VIR MY Sê WAT IN DIE PROJEK WAS VIR JOU LEKKER. O, daar is baie dinge wat lekker is, ek het gehou van die verrykingsgroep – dit was goed ek het baie daarvan gehou, want ek het baie geleer, ek het baie dinge omtrent myself geleer, ek het geleer ek kan vriende maak met ander mense, en ek het ook geleer om selfgeldend op te tree, ek het ook geleer om konflik te vermy dus hoekom ek in die oggende kom en ek gaan nie nog iets sê, ander tyd sou ek gesê het vir wat lag julle, maar ek doen dit nie meer nie, ek gaan nie dat dit vir my pla nie en hmm.. dit is vir my lekker om met die kinders te werk , ek het lekker nuwe vriende gemaak en ek het ook gehou van die kreatiewe groep wat dinge gedoen het. Ek kon nie deelneem daaraan nie, want ek kon nie so vroeg by die skool wees nie, maar ek dink dit is ook baie positief, omdat dit leer vir jou 'n vaardigheid aan wat jy nie andersins sou kon gedoen het nie, ek het nooit geweet hoe maak 'n mens kerse nie en hulle het vir my verduidelik en ek was mos nou nie by die groep nie, maar hulle het vir my gesê en dit klink baie interessant. Daar het die student gister gevra is daar enige een wat iets wil leer, maar natuurlik niemand gee antwoord nie. Maar dit is baie goeie dinge van die groep, dit is iets wat ek kan sê en hulle is ook goed georganiseerd met die skole, as jy skole toe gaan hulle weet, die skole weet daai's die lokaal en daai's die kinders en die onderwysers wat betrokke is by die kinders kom na jou toe en sê ook vir jou as daar 'n probleem is, stuur hulle maar hulle name en ek vind dit baie goed, want daar was gister weer van die onderwysers by my wat gesê het, is daar 'n probleem met my kinders, juffrou? Toe sê ek ja, daar is een mannetjie, stuur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar net sy naam, juffrou, ek sal met hom afreken en ek vind dit baie lekker en by Volcano – onse leierskap is ok, en so haak en tak, maar sy leer ook maar seker nou, jy kan ook nou nie alles verwag. Ons geniet die studente verskriklik baie dit is een van die hoogtepunte, ons geniet vir hulle verskriklik baie, want hulle is so lieflik en ok, hulle is te lieflik, ons het gister nog van hulle gepraat en gesê o.. hulle is te wonderlik. Ons kan net goed van hulle praat, (*), (*), ons het nou nie vir (*) so goed geken nie, want toe ons hier kom, toe gaan sy mos weer amper weg, maar lieflik, ons het gister gepraat van hulle, ons kan net goed praat.

BO EN BEHALWE DIE GOED WAT JY NOU AL GENOEM HET IS DAAR NOG GOED WAT NIE VIR JOU LEKKER IS NIE? Die feit dat die leier nie 'n besluit kan maak nie, as ek haar nou vra sê sy ek weet nie, ek voel sy moet vir my kan sê, nee dit is so of ja, dit is so, ek voel net sy moet nie vir my sê ek weet nie en ek gaan nou iets sê, daai aand toe ons die ouervergadering gehad het, toe die feit dat sy nie wou hmm.. die leiding neem nie dat sy vir my gesê het ek moet die vergadering open, wil ek nie sê wat Volcano oor is nie en ek het nie gehou daarvan nie, want ek het gevoel sy is die arbeidsterapeut en dis wat ek eintlik kon onthou het (*) dit gedoen verlede maand en juf. (*) het dit gedoen, hoekom moet dit nou op ons val om te doen, ok en ek voel sy kan dit ook vir ons gee om te doen, maar ek voel dit is haar eerste keer en sy moet haar mos self ook bekendstel en ek voel daar het sy al reeds vir my gewys dat haar leierskap is nie wat dit moet wees nie en toe wys sy al reeds nou al vir ons almal, want aan die einde van die dag het almal dit gesê. Aan die einde van die dag het sy vir my as persoon gewys haar leierskap is nie wat dit moet wees nie, want dit is 'n klomp mense en nou het sy gevoel o.. jene nou, miskien kan sy nie voor mense praat nie, maar om vir ons te wys sy is 'n leier, ek voel moes sy dit gedoen het, daar gaan staan het en daar voor gesê het ek is .....en ek is die arbeidsterapeut en dit is waaroor Volcano gaan en so en daardie ding het nommer een al reeds vir my gewys sy gaan nie 'n baie goeie leier wees nie, want daar kan sy dan nie haar besluit maak nie. Ok, ek weet sy moet eintlik delegeer ook, verstaan dit, maar somtyds voel jy net hoekom moet ons dit doen en sy doen dit ook nie, miskien sien ons al die tyd die student het dit gedoen of ek onthou die studente, ek praat nou nie van een spesifiek nie, almal van hulle het in die oggende gesit met 'n boek en dan skryf hulle (*) en dan reg (*) het gesê daar is probleme met die vorms en wat gaan ons doen om dit aan te spreek, dit is wat ons gedoen het elke oggend as die student gekom het, dit is van 11:00 tot 12:00 dan het ons iets gedoen dan het die student gesê reg agterna

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gaan ons nou dit doen of dat doen en dit was vir my baie mooi georganiseerd gewees en ons het geweet wat om te doen, maar nou nie in die oggende doen ons niks nie en as kom by die vergaderings een keer 'n week, onse notule van onse vergadering is net so kort, nou ek weet nie of daar nie punte is vir die vergadering nie, maar ons het nog nooit 'n vergadering van tien minute gehou nie, nie so ver ek weet nie en ek voel sy kan mos terugkom na die ander en mos kyk waaroor dit gegaan het al die tyd en hmm.. die gedagte van die week was nie meer op gewees nie, daar was nie meer die klas se skoonmaak nie, kyk al daai was mos vir ons uitgesit en verlede week toe ons begin, toe vra sy nou is daar enige iets vir die agenda, toe sê ek die gedagte van die week en die klas skoonmaak en dit was al wat op die agenda was en toe het ek nou gesê van die vrywaringsvorms en dis al, nou ek verstaan nie hoekom dit so is nie, jy weet as ons 'n vergadering gehou het, was ons 12:00, ons was baie gelukkig as ons 12:00 klaar gewees het. Sy het Maandagoggend by die vergadering toe sien ek nou sy sê (*) open vir ons, sy het nie meer gevra nie, ek het dit opgelet, want ek het gehou van daai idee dat sy dit doen.

GOED KOM ONS PRAAT 'N BIETJIE OOR IETS ANDERS, WAT HET VOLCANO VIR JOU BETEKEN? Dit het vir my beteken dat ek met kinders kan verkeer deur die dag en weer kinders kan sien, wat hulle dink en wat hulle doen, dit het vir my meer geleer ook oor hoe om kinders te hanteer en wat om te doen wat ek voorheen net sou geskel het, nou weet ek wat om te doen en wat om te sê, en Volcano beteken ook vir my dat ek meer dinge weet, so as dit so is en ek kan môre 'n ander werk kry, dan weet ek, ek kan dit hanteer, ek is meer vaardigheid daarin en ek voel ken baie meer as wat ek geken het 'n jaar terug. Ek ken meer omtrent myself ook. WAT HET JY OMTRENT JOUSELF GELEER? Ek het omtrent myself geleer dat ek hmm.. moet nie altyd so vinnig wees en so haastig wees nie, ek het geleer dat ek selfgeldend kan optree by die huis, ek hoef nie altyd 'n antwoord te hê op alles nie, ek het altyd 'n antwoord gehad op alles en dat ek ander mense beter verstaan. JY HET NET NOU OOK GESê DIT WAS VIR JOU MOEILIK OM VRIENDE TE MAAK, MAAR JY HET HEELTEMAL OP JOU EIE GEKOM. AS EK VIR JULLE KYK DAN LYK DIT VIR MY ASOF JY NOGAL 'N REDELIKE VRIENDEKRING OPGEBOU HET. Ja, ek het, want ek het nou vriende wat na my huis toe kom en dit is iets wat ek nooit toegelaat het nie, ek wou nooit hê dat vriende te na aan my kom nie en ek het uitgevind ek kan dit toelaat en ek het vriende en dit is iets baie positiefs.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

JY HET NET NOU GESê EEN VAN DIE STERKPUNTE WAS DIE STUDENTE. AS ONS NOU PRAAT OOR DIE VERRYKINGSGROEPE, WAT WAS DIT WAT VIR JOU UITGESTAAN HET IN DIE MANIER HOE HULLE DIT AANGEBIED HET? Die sterkpunte was definitief waar ons self betrokke was, as ons amper iets soos... rolspel – dit was vir my baie, baie interessant, want ek het myself gesien in daai rolspel in was dit nou ek of was dit nou (*) of enige een, maar dan het ek gedink, haai daai is ek - haai en tree ek nou regtig so op en is dit soos 'n ander persoon vir my sien en dit was vir my goed en dit het ek baie geniet, die rolspel. Die wat vertel het van konflik, dit was ook baie goed, want daar was altyd voorbeelde om te sê, dis wat gebeur het en dan dink ek ook, haai, dis nogal waar of so.

ENIGE IETS WAT JY SOU VOORSTEL HULLE ANDERSTE MOET DOEN WAT DALK NIE VIR JOU SO GOED GEWERK HET NIE? Die studente? Hmm... ek voel dat hulle hmm... in die verrykingsgroep meer rolspel doen, ek hou daarvan, ons meer betrokke maak, want ek voel dan kan jy vir jouself sien en dan besef jy en dan gaan dit meer in, want as dit lees op die bord is dit asof ek op die skool is en ek gaan onthou ja, konflik en maniere van dinge doen en so, ek gaan dit onthou, maar dit sal nie bly soos rolspel gaan bly nie.

AS EK VIR JOU Sê JY HET DIE MAG OM ENIGE IETS TE VERANDER, WAT SAL DIT WEES? Ek sou die mense verander, ek sou die lede verander, ek voel dat miskien sou ek 'n bietjie meer volwasse mense en ek sou as ek die leier was, sou ek nou as ek gesien het hulle groepeer saam en hulle groepeer saam dan sal ek hulle uitskuif, ek sou hulle nie in 'n groepie saam sit nie, want dit is waar die kwaad borrel. Want een groepie sien ek is saam hier en daai is nou daar saam en nou hier borrel die kwaad en nou môreoggend is hulle by mekaar en dis waar die probleem lê. WAT NOG? En natuurlik nou in die oggende as ons bymekaar kom weer soos dit voorheen was, ek voel ons moet iets doen van 11:00 tot 13:00, nie stil sit, ek verstaan dat jy 'n koppietjie tee drink, maar ek voel jy kan jou tee drink en besig wees met iets, dit is nie nodig dat jy net rondsit nie. En dan sal ek as ek aan Volcano verander sal ek maak dat die skole 'n bietjie nader aan my huis is, dis maar al.

DINK JY VOLCANO MOET VOORTGAAN? Definitief, ek dink Volcano doen baie goeie werk, die kinders het dit regtig nodig, baie van die kinders het dit regtig nodig en hulle is so ywerig,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

glo my, ek het al baie gevoel ek gaan nie meer terug nie dan dink ek foeitog, daai kindertjies kyk so uit vir jou, ek weet verlede kwartaal toe ek nou in die hospitaal was, toe sê die kinders, haai, waar is onse juffrou ons mis vir haar, het sy weggegaan van ons af? Toe dink ek foeitog, hier ek gedink om hulle te los en dit is mos nie reg nie en hmm.. ja ek dink hulle doen wonderlike werk. Ek dink Volcano is baie goed, want die kinders baat by dit, jy kan sien aan hulle werk en jy kan sien hulle probeer ook om vir jou te wys.

IS DAAR NOG ENIGE IETS WAT JY DINK EK MOET WEET WAT EK NIE VIR JOU GEVRA HET? Nee ek dink dit is dit. Niks verder nie.